

643 89162

U.F.S. BIBLIOTHEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300001320203

Universiteit Vrystaat

**'N VERBONDGEFUNDEERDE PARADIGMA VIR DIE
PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE EGPAAR MET
FERTILITEITSUITDAGINGS**

deur

Lyzette Hoffman

Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die Fakulteit Teologie

aan die Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof J Janse van Rensburg

Mede-promotor: Prof DC Groenewald

BLOEMFONTEIN

MEI 2002

DANKBETUIGINGS

By die voltooiing van hierdie proefskrif die volgende dankbetuigings:

Proffesore J Janse van Rensburg en DC Groenewald vir waardevolle studieleiding.

Die volgende persone wat meegewerk het in die navorsingsprojek:

- Reproductiewe Sorg Eenheid Bloemfontein, kontak persoon prof. PH Wessels
- Reproductiewe Sorg Eenheid Tygerberg, kontak persoon prof. T Kruger
- Dr J Pentz, Femina Kliniek, Pretoria
- Dr TJ de Villiers, Mediclinic Panorama , Parrow

Die familie se ondersteuning en bystand.

My eggenoot, Matthiam, se aanmoediging en tegniese hulp.

Soli Deo Gloria

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: VERTREKPUNTE	12
1 INLEIDING	12
2 NAVORSINGSPROBLEEM	13
3 HIPOTESE	13
4 METODOLOGIE	13
4.1 Paradigmatiese posisionering	13
4.1.1 Diakoniologiese metodologie	13
4.1.2 Postmoderne paradigma	15
4.1.3 Doel van 'n paradigma	18
4.2 Literatuurstudie	19
4.2.1 Die Woord as vertrekpunt	19
4.2.2 Bronne uit verskeie vakgebiede	19
4.3 Empirie	19
4.4 Basisteorie en praktykteorie	20
4.5 Metateorie	21
5 SKEDULERING	22
6 SAMEVATTING	22
 HOOFSTUK 2: FERTILITEITSUITDAGINGS	 23
1 INLEIDING	23
2 WAT BEHELS FERTILITEITSUITDAGINGS?	23
3 BYBELSE PERSPEKTIEF	24
3.1 Seksualiteit in die Bybel	24
3.2 Kinderloosheid in die Bybel	25
4 DIE BELEWENIS EN BEHOEFTE VAN PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS	30
4.1 Biologiese faset	30
4.2 Psigologiese faset	31
4.2.1 Psigologiese reaksies	31
4.2.2 Fertiliteitsuitdagings as krisis	31
4.2.3 Fertiliteitsuitdagings as verlies	35
4.2.4 Fertiliteitsuitdagings as rouproses	37
4.2.5 Fertiliteitsuitdagings en vroue	39
4.2.6 Fertiliteitsuitdagings en mans	39
4.2.7 Impak van fertiliteitsuitdagings	40

4.3	Sosiale faset	40
4.3.1	Verhoudings	40
4.3.2	Huweliksverhouding	41
4.3.3	Seksuele verhouding	43
4.3.4	Kommunikasie in verhoudings	44
4.4	Etiese- en religieuse faset	44
4.4.1	Negatiewe emosies in verhouding met die Here	44
4.4.2	Krisis ervaring in geloofslewe	46
4.4.3	Aspekte van geloofslewe	46
4.4.4	Etiese vraagstukke	48
5	BEHANDELINGSMETODES	48
5.1	Verloop van behandeling	48
5.2	Ovulasie-induksie	50
5.3	Kunsmatige inseminasie	50
5.4	In vitro-bevrugting	51
5.5	Mikromanipulasie	51
5.6	Elektro-ejakulasie	51
5.7	Ginekologiese mikrochirurgie	51
5.8	Laserbehandeling	51
5.9	Skenkerprogram	51
5.10	Surrogaatmoederskap	52
5.11	Kloning	52
6	ENKELE WETLIKE ASPEKTE	52
6.1	Wetlike status van embrio's en fetusse	52
6.2	Wetlike status van kinders	52
6.3	Wetlike reëling rakende fertiliteitsbehandeling	53
7	MOONTLIKE RESULTATE VIR PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS	53
7.1	Suksesvolle swangerskap	53
7.2	Onsuksesvolle swangerskap	53
7.3	Onsuksesvolle behandelingsiklus	54
7.4	Aanneming	54
7.5	Kindervrye huwelik	54
8	ENKELE SAKE WAT AANDAG MOET KRY IN PASTORAAT	55
8.1	Groeiende verhouding met God	55
8.1.1	Behoeftes tydens verskillende fases	55

8.1.2	Nuwe fasette in verhouding met die Here	56
8.1.3	Geloofsbegeleiding	57
8.2	Groeiende huweliksverhouding	58
8.2.1	Emosies in die huwelik	58
8.2.2	Seksuele faset	59
8.2.3	Ontwikkeling van vaardighede	60
8.3	Neem van besluite rakende fertiliteitsuitdaging	61
8.4	Aanpassing by nuwe situasie (met kinders/kindervry)	62
9	GEVOLGTREKKING	64

HOOFSTUK 3: BESTAANDE MODELLE VIR GEBRUIK IN DIE BEGELEIDING VAN EGPAAR MET FERTILITEITSUITDAGINGS

1	INLEIDING	66
2	MODELLE VIR GEBRUIK TYDENS BEGELEIDING VAN PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS	67
2.1	Psigologiese modelle	67
2.2	Teologiese modelle	68
2.3	Evaluering	70
3	MIKPUNTE VIR BERADING AAN PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS	72
3.1	Stimulering van groei	72
3.2	Verloop van fertiliteitsuitdaging	73
3.3	Evaluering	75
4	TAKE VAN BERADER TYDENS BEGELEIDING	76
4.1	Verskeie take	76
4.2	Evaluering	77
5	TEGNIEKE WAT GEBRUIK WORD TYDENS BERADING	78
5.1	Verskeie tegnieke	78
5.2	Evaluering	79
6	TEMAS TYDENS BERADING AANGESPREEK	80
6.1	Biologiese faset	80
6.2	Psigologiese faset	82
6.2.1	Hantering van emosies	82
6.2.2	Beplanning met oog op volgende fases van fertiliteitsuitdaging	83
6.2.3	Krisis hantering	84
6.2.4	Rou en verlies	85

6.2.5	Beskuldigings, energie en oorgawe	86
6.3	Sosiale faset	87
6.3.1	Verhoudings en teologiese antropologie	87
6.3.2	Die Christelike Gemeenskap	89
6.4	Eties-religieuse faset	90
6.4.1	Etiese vrae	90
6.4.2	Verhouding met die Here	91
6.4.3	Godskonsepte	92
6.5	Evaluering	93
7	SAMEVATTING	94
HOOFSTUK 4: VERBOND EN PARADIGMAVORMING		95
1	INLEIDING	95
2	WAT WORD BEDOEL MET DIE TERM "VERBOND"?	95
2.1	Eksegeties en hermeneuties beskou	95
2.2	Dogmaties en histories beskou	98
2.2.1	Definisies	98
2.2.2	Ontstaan en voortbestaan van verbond	98
2.2.3	God en mens in die verbond	100
2.2.4	Die nuwe verbond	101
2.2.5	Beloftes en eise	102
2.2.6	Fasette van die verbondsverhouding	103
2.2.7	Ander teoloë se benutting van die verbond	104
2.3	Sentripitale en sentrifugale aspekte van die verbond	110
2.4	Betekenis van die verbond vir pastoraat	112
2.4.1	Bydrae tot pastoraat	112
2.4.2	Sleuteltemas in verbondsgeskiedenis	113
2.4.3	Rol van pastor	113
2.4.4	Mikpunte vir pastoraat	114
2.4.5	Fasette van verbondsverhouding	115
2.4.6	Doelwitte in die gelowige se lewe	116
3	KATEGORIALE KEUSEMOONTLIKHEDE VIR BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE	117
3.1	Bipolariteit	117
3.2	Verandering	119
3.3	Kommunikasie	120
3.4	Koinonia	121
3.5	Eskatologie	122

4	ANDER BELANGRIKE ELEMENTE IN 'N PASTORALE MODEL	124
4.1	Raad van God	124
4.2	Godsbegrip	124
4.3	Koninkryk	125
4.4	Sleutelmag	126
4.5	Soteriologie	127
4.6	Pneumatologie	128
4.7	Promissieologie	129
4.8	Antropologie	131
4.8.1	Unieke aard van die mens	131
4.8.2	Identiteit van die mens	133
4.8.3	Mens as beelddraer van God	135
4.8.4	Mens as sondaar	136
4.8.5	Mens as geslagtelike wese	137
4.8.6	Mens as verhoudingswese	137
4.8.7	Mens as toekomswese	139
4.9	Etiek	139
4.10	Kerugma en verandering	142
5	PRAKTYKTEORETIESE AANGELEENTHEDE	143
5.1	Hermeneutiese pastoraat	143
5.2	Pastorale verhouding na analogie van verbond	145
5.2.1	Aard van pastorale ontmoeting	145
5.2.2	Eienskappe van God in pastorale verhouding	146
5.2.3	Verbondmakende fase in pastoraat	148
5.3	Rituele grense	149
5.4	Oordrag	150
5.5	Sakramente	152
6	SAMEVATTING	154

HOOFSTUK 5: EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE BEHOEFTE VAN DIE EGPAAR MET FERTILITEITSUITDAGINGS 156

1	INLEIDING	156
2	DIE PLEK VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK	156
2.1	Empiriese benadering in die teologie	156
2.2	Aannames vir navorsing	157
2.3	Metodologie	159

2.4	Navorsingshipotese	159
2.5	Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing	160
3	IDENTIFISERING VAN NAVORSINGSPOPULASIE	161
3.1	Steekproef-tipe en populasie	161
3.2	Steekproefraamwerk	162
3.3	Ewekansigheid en vrywillige deelname	163
4	EMPIRIËSE INSTRUMENT	164
4.1	Samestelling van empiriese instrument	164
4.2	Raamwerk van vraelys	164
4.2.1	Doel van vraelys	164
4.2.2	Biografiese inligting	165
4.2.3	Verduidelikende terme	165
4.2.4	Spesifieke elemente vir ondersoek met die oog op 'n verbondsmatige perspektief	166
4.2.5	Vergelykende vrae	168
5	RESULTATE VAN EMPIRIËSE ONDERSOEK	169
5.1	Biografiese gegewens	169
5.1.1	Samestelling van die groep	169
5.1.2	Verband tussen geslag en invloed op huwelik	172
5.1.3	Verband tussen hoeveelheid besoeke aan kliniek en gesindheid jeens behandelingsmetodes	173
5.2	Aspekte van die belewenis van gelowiges binne hul verbondsverhouding met die Here	174
5.2.1	Die betekenis van 'n verbondsverhouding met die Here	174
5.2.2	Effek van geloofsverhouding op gemoedstoestand	174
5.2.3	Rol van Bybelstudie en gebed in hul lewe	174
5.3	Die belewenis van die Verbondsgod	175
5.4	Ondersteuning aan gelowiges binne die verbondsgemeenskap	178
5.5	Invloed van fertiliteitsuitdaging op huweliksverhouding	180
5.5.1	Huweliksgroei	181
5.5.2	Spanning en kommunikasie	183
5.5.3	Seksuele verhouding	184
5.5.4	Verband tussen geslag en belewenis van invloed van fertiliteitsuitdaging op huwelik	185
5.5.5	Pastoraat	186
5.6	Etiese vraagstukke	186
5.7	Inhoud van die konsep "ouerskap"	189
5.8	Teodisee vraagstuk en sinbeleving	190
5.8.1	God as "die Wonderwerker"	191

5.8.2	God as “die Een met die Antwoorde”	191
5.8.3	“Wonderwerker” of “Antwoordgewer”?	192
6	BEHOEFTE VAN PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS	193
6.1	Behoeftes wat beleef word in hul verhouding met God	193
6.1.1	Bybelstudie en gebed	194
6.1.2	Daaglikse wandel met God	195
6.1.3	Denke oor God	195
6.1.4	Verbondsbeleving	197
6.2	Behoeftes in hul verhouding met hul eggenoot	198
6.2.1	Seksuele faset	198
6.2.2	Kommunikasie	198
6.2.3	Spanning	199
6.3	Behoeftes in hul verhouding met medegelowiges	199
6.3.1	Ondersteuning	199
6.3.2	Kleingroepe	200
7	ENKELE MERKERS VIR PASTORALE ONDERSTEUNING VANUIT ‘N VERBONDGEFUNDEERDE PARADIGMA	201
7.1	Verbond en bipolariteit	201
7.2	Verbond en die Raad van God	202
7.3	Verbond, kerugma en verandering	203
7.4	Verbond en koinonia	204
7.5	Verbond en mensbeeld	205
7.6	Verbond en etiek	205
8	SAMEVATTING	206
HOOFSTUK 6: DIE VERBOND AS PARADIGMA – MERKERS VIR GEBRUIK IN PASTORALE BEGELEIDING		208
1	INLEIDING	208
2	BELANGRIKE ELEMENTE IN ‘N VERBONDGEFUNDEERDE PARADIGMA	208
2.1	Godsbegrip	211
2.2	Antropologie	211
2.3	Verbondsgemeenskap	212
2.4	Verbondskommunikator	213
2.4.1	Begroning van pastor se werksaamhede	213
2.4.2	Die pastor en oordrag	213
2.4.3	Die pastor en taalgebruik	214
2.4.4	Die pastor as interpreteerder	215

3	HERMENEUTIESE MODUS	216
3.1	Die verbond en die verhaal	216
3.2	Die verbond en die interpretasie van die verhaal	219
3.2.1	Godsbegrip	223
3.2.2	Antropologie	228
3.2.3	Verbondsgemeenskap	235
3.2.4	Verbondskommunikator	238
3.3	Die verbond en die herskryf van die verhaal	240
3.3.1	Promissioterapie as tegniek in die herskryf van die lewensverhaal	242
3.3.2	Bybelstudie en gebed as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal	245
3.3.3	Rituele as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal	245
3.3.4	Simboliek as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal	246
3.3.5	Liturgie as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal	246
3.3.6	Sakramente as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal	247
3.4	Verbondstuiskoms as motivering vir herskryf van lewensverhaal	247
4	GEVALLESTUDIES	249
4.1	Agtergrond	249
4.2	Interpretering van lewensverhaal	250
4.3	Herskryf van lewensverhaal	253
5	SAMEVATTING	256

BYLAAG A: VRAELYS AAN PASIËNTE VAN DIE REPRODUKTIEWE SORG EENHEID	258
BIBLIOGRAFIE	266
SAMEVATTING VAN BEVINDINGE	278
ABSTRACT	279

TABELLE

Tabel 3. 1 Psigologiese modelle vir infertiliteitsberading.....	68
Tabel 3. 2 Verskeie beskrywings vir verloop van fertiliteitsuitdaging.....	74
Tabel 5. 1 Biografiese gegewens van ondersoekgroep.....	170
Tabel 5. 2 Effek van geloofsverhouding op respondente se gemoedstoestand.....	174
Tabel 5. 3 Respondente se belewenis van God	177
Tabel 5. 4 Belewenis van die rol van medegelowiges in respondente se lewe.....	179
Tabel 5. 5 Vergelyking tussen ervaring met medegelowiges en behoeftes van respondente	180
Tabel 5. 6 Effek van fertiliteitsuitdaging op die huwelik	182
Tabel 5. 7 Etiese vraagstukke*	187
Tabel 5. 8 Vergelyking tussen respondente se behoeftes en fasette van die verbond.....	207

Tabel 6. 1 Verbondswoordeskate.....	216
Tabel 6. 2 Verbondsverhale en herhalende temas	218
Tabel 6. 3 Vrae vir verbondsmatige interpretiering van lewensverhaal	223
Tabel 6.4 Vrae vir verbondsmatige herskryf van lewensverhaal.....	242

DIAGRAMME

Diagram 5. 1 Biografiese gegewens van steekproef.....	171
Diagram 6. 1 Aspekte van die verbond van belang in pastoraat.....	210
Diagram 6. 2 Verbondstemas as sleutel in verhaal analise.....	221

HOOFSTUK 1: VERTREKPUNTE

1 INLEIDING

Hoe reageer 'n predikant wanneer mense in 'n geloofskrisis beland omdat hulle nie kan kinders hê nie? Huweliksprobleme wat ontstaan as gevolg van kinderloosheid, of 'n lidmaat wat leiding wil hê in die neem van 'n besluit rondom fertiliteitsbehandeling – wat staan 'n leraar te doen? Die sosiale wetenskappe het reeds aan baie aspekte rakende kinderlose egpare aandag gegee. Daar is egter nie resente omvattende teologiese leiding in die pastorale hantering van die kinderlose egpaar se nood nie.

Verskillende terme word gebruik in die verwysing na hierdie persone. Terme wat gebruik word, sluit in: kinderlose egpare (Muller 1993), infertiele- of infertiliteitsegpare (De Bruyn 1994), egpare met fertiliteitsprobleme (Read 1995). In hierdie studie word gekies vir die term: egpare met fertiliteitsuitdagings. In die eerste plek is die egpaar meer as hulle probleem. Die egpaar het verskillende talente, belangstellings, suksesse en teleurstellings, baie meer as net die feit dat hulle sukkel om kinders van hul eie te hê.

Tweedens moet hul omstandighede gesien word as 'n uitdaging eerder as 'n probleem. Louw (1994:45) verwys in die verband van siekte na hierdie saak. Siekte kan een van twee reaksies tot gevolg hê: dit kan 'n persoon lam lê of dit kan 'n uitdaging word om te groei. In die lig hiervan word die term “fertiliteitsuitdaging” in hierdie studie gebruik. Verder word gepraat van egpare, omdat die huwelik die beginpunt van die gesin is. Die Here het bepaal dat kinders binne 'n huwelik verwek moet word (vergelyk in die verband onder andere Gen 1:28, regulering van seksualiteit in die Ou Testament en riglyne vir ouers en kinders in die Nuwe Testament). Daarom word in hierdie studie uitgegaan van die standpunt dat persone met fertiliteitsuitdagings verwys na egpare.

2 NAVORSINGSPROBLEEM

Uit 'n literatuurlys van 104 bronne het 73 aandag gegee aan die psigologiese aspekte van kinderloosheid. Rakende religieuse aspekte is daar 31 bronne gevind. Slegs agt van hierdie bronne het aandag gegee aan die poimeniek, vanuit verskillende verwysingsraamwerke. Die navorser het die vermoede dat hierdie verskillende verwysingsraamwerke nog nie die problematiek van die persoon met fertiliteitsuitdagings genoegsaam aanspreek nie.

Die antwoord in die soeke na 'n sinvolle paradigma vir die pastorale begeleiding van die persoon met fertiliteitsuitdagings lê moontlik in die teologiese konteks van die verbond. Die verbond word nog nie genoegsaam in bestaande teorieë in verband met pastorale begeleiding van hierdie persone verdiskonteer word nie. Daarom moet ondersoek ingestel word na die bydrae wat gelewer kan word deur uit te gaan van 'n verbondgefundeerde paradigma.

3 HIPOTESE

Die vermoede is dat die fundering van 'n pastorale paradigma in die verbond 'n groot bydrae in die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings sal kan lewer. Die hipotese, wat ondersoek word, is as volg: *Die persoon met fertiliteitsuitdagings kan pastoraal meer sinvol en omvattend vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma begelei word.*

4 METODOLOGIE

4.1 Paradigmatiese posisionering

4.1.1 Diakoniologiese metodologie

Daar bestaan 'n paradigmatiese verskil tussen 'n prakties-teologiese metodologie en 'n diakoniologiese metodologie. Die navorser kies vir die diakoniologiese metodologie. Kuyper (1909:468 e.v.) gebruik die term “diakoniologie” vir die vakgebied wat handel

met die praktiese teologie. Met hierdie term wil hy dit duidelik maak dat dit om 'n teologiese dissipline gaan – die wetenskaplike bestudering van die geopenbaarde wil van God. Die Woord van God is die vertrekpunt van die diakoniologiese perspektief.

Die Woord van God as vertrekpunt in die diakoniologiese metodologie beteken veel meer as die aanhaal van relevante verse om 'n saak te stel. 'n Vertrekpunt vanuit die Woord van God beteken dat breë beginsels, soos dit neerslag in die Skrif gevind het, bestudeer en toegepas word in die vakgebied wat handel oor die diens van die kerk (vergelyk onder andere Heyns en Jonker 1977:297 e.v.).

Kennis van die mens en sy wêreld, die sosiale handelingswetenskappe en die kommunikasieproses, kan benut word, maar steeds as teoloog (Jonker 1981:37). Daar kan ook gebruik gemaak word van empiriese navorsing. Vanuit 'n diakoniologiese perspektief word kennis uit ander meta-teorieë benut (Janse van Rensburg 2000:77), maar die vertrekpunt bly steeds die Woord van God.

Die diakoniologiese perspektief gaan van die standpunt uit dat Jesus Christus, as Hoof van sy kerk, in sy Koninklike, Priesterlike en Profetiese ampte in die kern van alle praktiese kerklike aktiwiteit staan (Janse van Rensburg 2000:78). Die ampte soos deur Christus gegee, help om die Woord in al sy vorms te bedien sodat Christus se teenwoordigheid daarin beleef word.

Binne 'n diakoniologiese metodologie kan pastoraat onder andere beskryf word as daad van sorg wat vanuit God se trou en beloftes beweeg (vergelyk Louw 1998:2), en as sielsorg wat 'n taak van die teologie is (Trimp 1981:11). 'n Diakoniologiese metodologie maak dit moontlik dat die praktiese teologie steeds teologie in die pregnante sin van die woord bly (Jonker 1981:37).

Soos reeds aangetoon kies die navorser vir die Diakoniologiese epistemologie. Vanuit die teologiese uitgangspunt van die Diakoniologie kan gevra word na pastorale riglyne vir die begeleiding van die persoon met fertiliteitsuitdagings. Vanuit so 'n benadering sal

ook baie aandag aan die rol van die verbond as paradigma in pastorale begeleiding gegee kan word.

4.1.2 Postmoderne paradigma

Daar het die afgelope paar jaar 'n paradigmaverskuiwing plaasgevind met verrykende gevolge, ook vir die teologie. Hierdie verskuiwing verwys na die verandering van 'n moderne- na 'n postmoderne paradigma. Die verandering speel in op die vorming van teorieë rakende byvoorbeeld pastoraat, etiek, en eksegeese. Daarom moet kortliks aandag gegee word aan die postmoderne paradigma. Die invloed daarvan moet besef word. Daar moet ook gelet word op die wyse waarop hierdie paradigma kan inspeel op die formulering van 'n paradigma vir pastorale begeleiding.

Postmodernisme kan baie moeilik gedefinieer word. Postmodernisme wil juis weg beweeg van vasgelegde betekenisse en strukture en dit maak 'n definisie daarvan problematies. Daar is wel 'n paar kenmerke wat by eksponente van hierdie paradigma gevind word. Eerstens is hulle almal aggressiewe verwerpers van modernisme. Dan is daar ook 'n paar ander terme en begrippe waarmee hulle werk, waarna vervolgens kortliks verwys gaan word (vergelyk Janse van Rensburg 2000: 6-12).

- ◆ Die outeur/subjek is dood. Die verstaan van die teks se betekenis het nie iets te doen met die outeur se oorspronklike bedoeling nie. Die teks het weggebreek van die outeur (Ricoeur 1995:219). Dit is 'n voortdurende proses om die betekenis van die teks vas te stel. Daar kan dus nie net een ware betekenis gekoppel word aan 'n teks nie. Verder is daar ook nie so iets soos oorkoepelende verhale ("grand narratives") waarbinne universele waarhede vir alle tye gevind kan word nie. Die lewe kan nie vasgevang word in vaste definisies nie. Postmodernisme is skepties teenoor meta-narratiewe (Lyotard 1984:xxiv).
- ◆ Die waarheid het altyd te doen met 'n bepaalde konteks. Die waarheid kan daarom van konteks na konteks verander. Die postmodernisme vra vir pluraliteit in die verstaan van dinge en dat daar meer verdraagsaamheid sal wees in die benadering tot

verskille (Degenaar 1996:7). In die lig hiervan kan daar nie meer 'n eenheids-gedagte wees nie. Daar is nie net een definisie, een verklaring vir 'n saak/gebeure nie. In die postmoderne paradigma bestaan daar nie eksklusiewe godsdienstige waarhede nie (Du Toit 1996:32). So byvoorbeeld kan die Christendom nie daarop aanspraak maak dat Jesus Christus die enigste Verlosser is nie.

- ♦ Ander terme wat gebruik word is “metafisika” en “metafoor” (Gasché 1985:166-167). Met metafisika word bedoel die teks agter die teks, die storie agter die storie, die wye verskeidenheid van moontlike betekenisse van woorde. 'n Metafoor word verstaan as 'n voertuig om te soek na die diepere betekenisse van die teks. Dekonstruksie is nog 'n belangrike begrip in die postmoderne paradigma.
- ♦ Dekonstruksie verwys daarna dat die teks gesien moet word vanuit die perspektief van taal en nie van die rasonale nie. Die betekenis van woorde verander voortdurend (Pippin 1991:161). Elke woord verwys na die volgende en word gedefinieer deur wat volg. Daarom moet dekonstruksie plaasvind om die betekenis van die teks vas te stel. Relativisme speel 'n belangrike rol. Daar is geen waarheid nie. Geen sisteem of norm is absoluut nie.

Telkens word gesien dat die filosofie van taal 'n belangrike rol speel in die postmoderne paradigma. Taal is eintlik 'n metafoor vir die lewe. In hierdie konteks kan al die sieninge rondom taal en betekenis verstaan word. Die teks van die lewe verander gedurig en moet geïnterpreteer word. Volgens hierdie paradigma is die lewe 'n voortdurende hermeneutiese proses. Deur middel van taal word godsdienstige ervarings uitgedruk en daarom speel taal 'n belangrike rol (Ricoeur 1995:218).

Die impak van hierdie paradigma op die teologie en veral die pastoraat kan nie misgekyk word nie. Binne die postmoderne paradigma kan daar byvoorbeeld nie een objektiewe waarheid aan 'n persoon voorgehou word nie. So kan byvoorbeeld nie verwys word na Jesus as die Enigste Verlosser van sonde en skuld nie. Daar kan ook nie etiese riglyne voorgeskryf word waarvolgens mense hul lewe moet inrig nie. Verder kan gelowiges

elkeen binne hulle eie konteks na 'n teksgedeelte uit die Bybel gaan kyk en dit interpreteer soos dit vir hulle betekenis sal hê.

Janse van Rensburg (2000:48) wys die “ironie” van die postmodernisme uit wanneer dit in sy eie slaggate verval: “Thus we will never really be saying what we mean, we will not have to mean what we say and we will not need to worry about telling the truth because there is no truth, only a metaphysics of truth, a story behind a story, a multiplicity of meanings.”

'n Paradigma wat Skrifgefundeerd wil wees, is nie te rym met die postmoderne paradigma nie. Daarom staan die keuse vir 'n verbondgefundeerde paradigma vir pastorale begeleiding lynreg teenoor 'n postmoderne paradigma. Daar word gewerk vanuit die “grand narrative” van die verbond. Daar word gevra na die oorspronklike bedoeling van die outeur in die weergee van die verbondsgeskiedenis. Hierdie oorspronklike bedoeling word dan geïnterpreteer en toegepas met die oog op die moderne gelowige se omstandighede. Aan gelowiges word riglyne gebied wat hulle kan begelei in die neem van keuses en in die hantering van hul omstandighede. Dit vind langs die weg van 'n wederkerige gesprek binne 'n inter-subjetiewe relasie plaas.

Postmoderne kritiek op die moderne paradigma moet egter in ag geneem word (Janse van Rensburg 2000:36). Dit is waar dat die oordrewe klem op die rasonale en die sogenaamde onfeilbaarheid van wetenskaplike bewyse onaanvaarbaar is. Binne hierdie moderne paradigma het predikante maklik gepraat en gepreek asof hulle alles van God weet. Morele waardes is onsimpatiek en onbybels toegepas. In die daarstel van 'n paradigma vir pastorale begeleiding kan hierdie postmoderne kritiek in ag geneem word. Dit beteken egter nie dat die postmoderne paradigma dan gevolg word nie.

Sekere postmoderne strategieë kan ook sinvol aangewend word in die pastoraat (Janse van Rensburg 2000:37). Hierdie strategieë is nie die uitsluitlike besit van die postmoderne paradigma nie en kan ook binne 'n ander paradigma met vrug gebruik word.

So byvoorbeeld kan gebruik gemaak word van die narratief in die pastorale begeleiding van die egpaar met fertiliteitsuitdagings, maar dan binne die paradigma van die verbond.

4.1.3 Doel van 'n paradigma

'n Paradigma bepaal 'n persoon se oortuigings en perspektiewe op die lewe en die wêreld. Dit vorm die vertrekpunt van waar 'n persoon dink en optree. (Ouweneel 1994:1-24) Hierdie bepaalde studie wil aandag gee aan die vorming van 'n spesifieke paradigma met die oog op pastorale sorg. In die lig van die vier funksies wat Kuhn (1970:10) aan 'n paradigma toeken, beteken die keuse vir 'n bepaalde paradigma in hierdie navorsing die volgende:

- ♦ Die navorser verbind haarself tot 'n bepaalde teorie rakende pastorale sorg.
- ♦ Die navorser gebruik 'n bepaalde metodologie, naamlik die diakoniologiese metodologie.
- ♦ Die navorser verbind haarself tot bepaalde voorveronderstellings en aannames. Die navorser werk met voorveronderstellings en aannames rakende die gesag van die Skrif as Woord van God asook die bruikbaarheid van byvoorbeeld die menswetenskappe in die lig van God se Woord.
- ♦ Die navorser maak verdere afleidings en aannames in die lig van die voorgestelde paradigma met die oog op die toepassing daarvan in die pastorale sorg. Daar word veral in hoofstukke vier en ses verder ingegaan op afleidings en aannames in die lig van die verbond as paradigmatische vertrekpunt vir pastoraat.

Die strukturerings van 'n paradigma met die oog op 'n bepaalde pastorale model kan help met die bepaling van die tersaaklike feite, die passing van feite en teorie en die artikulasie van die teorie. In die soeke na 'n paradigma moet egter in ag geneem word dat daar 'n netwerk van verbintenisse gekoppel is aan 'n paradigma (Rossouw 1992a:233): die teoreties-konseptuele verbintenisse; die metodologies-tegniese verbintenisse en die ontologiese verbintenisse. In hoofstuk 4 sal aandag geskenk word aan die aanvaarding van die korrektheid van teorieë rakende die verbond en pastoraat (teoreties-konseptueel)

en die kriteria wat hanteer gaan word in die opstel van die paradigma (metodologies-tegnies). In hoofstuk 5 sal die aard van die navorsingsobjek (ontologies) aandag geniet.

4.2 Literatuurstudie

4.2.1 Die Woord as vertrekpunt

Die diakoniologiese metodologie behels dat die Woord van God geraadpleeg word ten einde die beginsels vas te stel waarmee 'n basistoerie vir die hantering van persone met fertiliteitsuitdagings vasgelê kan word. In die vraag na 'n geskikte paradigma vir die pastorale versorging van hierdie persone, word na beginsels in die Skrif gesoek omdat die Bybel nie as teksboek vir pastoraat gebruik word nie.

4.2.2 Bronne uit verskeie vakgebiede

'n Bronnestudie word gebruik om vanuit die bevindinge uit die natuur- en menswetenskappe meer bewus te word van die spesifieke behoeftes van persone met fertiliteitsuitdagings. Hoewel sommige van die bronne lank gelede gepubliseer is, kon met groot vrug daarvan gebruik gemaak word, aangesien dit bruikbare beginsels neergelê het. Met die oog op die totale veld van persone met fertiliteitsuitdagings is bronne uit die psigologie, dogmatologie en pastoraat bestudeer. Daar word ook kortliks na mediese- en juridiese bronne verwys om die uitdaging vanuit daardie perspektiewe te beskou.

4.3 Empirie

In aansluiting by die literatuurstudie is 'n empiriese navorsingsprojek aangepak om meer te wete te kom rakende hierdie persone se godsdienstige belewenis asook hulle kennis en ondervinding met betrekking tot hul verbondsverhouding met God. In hierdie ondersoek is die invloed van die fertiliteitsuitdaging op hul huwelik en hul godsdiensbeleving ook nagegaan. 'n Empiriese ondersoek kan help om die teologie toe te spits op lewensvraagstukke, sodat die teologie meer lewensgetrou kan wees (Louw 1993b:67).

4.4 Basisteorie en praktykteorie

‘n Basisteorie, verwys na ‘n bepaalde teologiese perspektief en uitgangspunt van waaruit pastoraat as ‘n teologiese wetenskap bedryf word. In ‘n basisteorie gaan dit om gesistematiseerde teologiese kennis oor die verhouding God-mens wat die pastorale aangeleentheid van hulpverlening, sorg en troos raak. (Louw 1997:28). ‘n Teologiese basisteorie moet ‘n pastor help om helderheid te verkry oor die eiesoortige aard van pastorale hulpverlening en oor die pastor se pastorale identiteit (Louw 1997:4). ‘n Basisteorie dien verder as kriterium vir die ordening van empiriese materiaal. Dit kan die bedieningseffektiwiteit van die pastor verhoog. Vanuit die basisteorie kan gegewens beredeneer en bespreek word.

Hierdie studie werk vanuit die verbond as basisteorie. Pastorale begeleiding word vanuit die teologiese perspektief van die verbond ondersoek en beskryf. In hoofstuk vier word aandag gegee aan verskillende aspekte van die verbond as basisteorie. Aan die hand van hierdie basisteorie kan die pastor helderheid verkry oor die wyse waarop pastorale hulpverlening aan die hand van die verbond daar sal uitsien. Verder bied die verbond as basisteorie duidelikheid oor die rol van die pastor as verbondskommunikator (Janse van Rensburg 1996:155). Gegewens soos verkry vanuit die empiriese ondersoek, word in hoofstuk vyf met verwysing na die verbond beredeneer en bespreek.

‘n Basisteorie word gerig op ‘n bepaalde praktykteorie. Aan die hand van die vertrekpunte wat gestel is in die basisteorie, en met in ag neming van die metateoretiese aspekte, word ‘n model voorgestel wat gebruik kan word in die pastoraat. Hierdie model is die wyse waarop die basisteoretiese vertrekpunte prakties toegepas word binne ‘n pastorale situasie. Louw (1997) ontwerp byvoorbeeld ‘n gespreksmodel vir die pastorale praktyk, Clinebell (1984) gee riglyne hoe om geestelike heelheid te fasiliteer en Adams (1970) stel stappe voor waarvolgens probleme op ‘n noutetiese wyse opgelos kan word.

Aan die einde van hierdie studie rakende die verbond as basisteorie, word ‘n praktykteorie voorgestel vir die pastorale begeleiding van persone met

fertiliteitsuitdagings. In hierdie praktykteorie word aandag gegee aan sake soos geloofs- en huweliksgroei, die neem van besluite en die verwerking van uitdagings op hierdie persone se pad.

4.5 Metateorie

‘n Diakoniologiese perspektief maak dit moontlik om ook ander dissiplines te benut in die soeke na antwoorde op pastorale nood. In die lig hiervan word in die betrokke studie van die volgende metateorieë se kennis benut:

- ♦ Medies
- ♦ Psigologie
- ♦ Sosiologie
- ♦ Juridies

Vanuit genoemde terreine kan ‘n meer volledige raamwerk verkry word van die belewenisse van die persoon met fertiliteitsuitdagings. Die mediese terrein bied byvoorbeeld insig in die biologiese problematiek van fertiliteitsuitdagings. Hieruit word ook duidelik voor watter etiese kwessies persone te staan kan kom weens beskikbare mediese behandelings. Die psigologiese terreinwerp weer lig op die hanteringsmeganismes wat persone met fertiliteitsuitdagings gebruik. Daar kan ook riglyne vir pastoraat vanuit die psigologiese terrein binne ‘n Bybelse perspektief toegepas word.

Kennis vanuit die sosiologiese terrein maak dit moontlik om ‘n sinvolle navorsingsprojek vir persone met fertiliteitsuitdagings te ontwerp. Die juridiese terrein aan die ander kant gee onder andere duidelikheid rakende die wetlike aspekte van ouerskap, die regsposisie van die ongeborene en die geborene asook rakende eienaarskap van menslike weefsel. ‘n Bybelse perspektief te same met teorieë op hierdie terreine, maak dit moontlik om sinvol pastoraal betrokke te raak by die nood van die persoon met fertiliteitsuitdagings.

5 SKEDULERING

Nadat die vertrekpunte van die studie in hierdie hoofstuk verduidelik is, word die verskillende fasette van infertiliteit en die gepaardgaande behoeftes van persone daardeur geraak in hoofstuk 2 geskets. Vervolgens word daar 'n oorsig gegee van enkele vorige modelle wat in die begeleiding van egpare met fertiliteitsuitdagings benut is (hoofstuk 3). Hoofstuk 5 bespreek die empiriese navorsing wat gedoen is onder hierdie egpare. In die lig van wat 'n verbondsmatige vertrekpunt behels (hoofstuk 4) en die behoeftes van die egpaar met fertiliteitsuitdagings wat duidelik geword het in die empiriese studie (hoofstuk 5) word oorgegaan tot 'n praktykteorie in hoofstuk 6. Enkele merkers wat binne 'n verbondsmatige konteks gebruik kan word om egpare met fertiliteitsuitdagings pastoraal te begelei, word uitgelig en bespreek.

6 SAMEVATTING

Die verbond as paradigma vir pastorale begeleiding toon baie potensiaal. Daar sal voortgegaan word om eerstens in die volgende hoofstukke te kyk na die behoeftes van persone met fertiliteitsuitdagings. Voorts sal gekyk word na die spesifieke bydraes van 'n verbondgefundeerde paradigma om uiteindelik af te sluit met 'n praktykteorie vir die pastorale begeleiding van egpare met fertiliteitsuitdagings

HOOFSTUK 2: FERTILITEITSUITDAGINGS

1 INLEIDING

Fertiliteitsuitdagings stel bepaalde eise aan persone wat daardeur geraak word. Infertiliteit is 'n probleem wat reeds in die Bybelse tye voorgekom het. Daar sal oorsigtelik verwys word na die Bybelse getuienis oor infertiliteit. In hierdie hoofstuk word veral aandag gegee aan die belewenisse en behoeftes van hierdie persone, soos bevind in resente navorsing. Ter wille van groter begrip vir die totale infertiliteitservaring word ook kortliks verwys na behandelingsmetodes en moontlike uitkomste daarvan. Met die oog op pastoraat aan persone met sulke uitdagings, kan 'n paar riglyne geïdentifiseer word wat later gebruik kan word in die uitwerk van 'n praktykteorie vir die pastorale versorging van egpare met fertiliteitsuitdagings.

2 WAT BEHELS FERTILITEITSUITDAGINGS?

'n Probleem met fertiliteit word gewoonlik aanvaar indien die vrou na 'n jaar van gereelde onbeskermde gemeenskap, nog nie swanger is nie (Engel 1996:220). Infertiliteit verwys egter nie net na die onvermoë om swanger te word nie, maar ook die onvermoë om 'n swangerskap vir die volle termyn te behou. Volgens navorsing ondervind 10-15% van alle egpare probleme om kinders van hul eie te hê (Anderson 1987:1). 'n Verdere 10% van mense het minder kinders as wat hulle graag sou wou hê.

'n Derde van alle onvrugbaarheid is te wyte aan probleme by die vrou, 'n derde aan probleme by die man en die res te wyte aan die onverenigbaarheid van die paar (Engel 1996:220, Devor 1994:356). Laasgenoemde beteken indien die man of vrou 'n ander eggenoot gehad het, hulle waarskynlik kinders kon hê. Verder wys Engel daarop dat 25% van egpare met fertiliteitsuitdagings konsipieer nadat hulle mediese raad ingewin het. 'n Verdere 30% reageer positief op toepaslike behandeling.

3 BYBELSE PERSPEKTIEF

3.1 Seksualiteit in die Bybel

Belangrike merkers rakende seksualiteit en ouerskap word gevind in die skeppingsverhaal. Man en vrou vorm as paar 'n eenheid. Daar is gelykheid in hierdie eenheid. Tribble (1978:104) wys op die interessante aspek dat ouers nie deel is van God se kreatiewe aktiwiteit nie. Die rolle van ouers is byvoegsels tot die verhaal van die skepping van man en vrou. Seksualiteit maak dit wel moontlik om ma of pa te wees, maar die ouerbeeld is ondergeskik aan en afhanklik van die seksuele beeld.

In Gen 2:24 word verwys na die man se beweging na eenheid met sy vrou. Hierdie eenheid vereis eers 'n verwydering of weg beweeg van sy ouers. Die samekoms van twee teenoorgesteldes skep 'n nuwe eenheid. Hierdie vereniging word nie gekenmerk deur prokreatiewe mikpunte nie. Kinders word nie eers genoem nie (Tribble 1978:104). Eenwording tussen man en vrou het dus volgens die bepaalde teksgedeelte nie in die eerste plek die verwekking van kinders ten doel nie. In die Ou Testament word seksualiteit nie net toegelaat of verduur nie, maar ook aangemoedig (Frymer-Kenski 1989:92).

Die Ou Testament sien seksualiteit as 'n integrale deel van die mens se bestaan (Theron 2002:7). Die skeppingsverhaal begin met die een vlees van die mens wat uit die aarde gevorm is. Die verhaal sluit af met die skepping van twee seksuele wesens uit die mens wat uit die grond gevorm is – man en vrou. Uit een kom twee – uit heelheid kom differensiasie. Hierdie differensiasie herstel weer na heelheid wanneer man en vrou een word. So het Eros ontstaan (Tribble 1978:104). Die vreugde en mooiheid wat in die skepping asook in die verhouding tussen man en vrou opgesluit lê, word egter verbreek deur ongehoorsaamheid in die tuin van Eden.

Die Boek Hooglied speel egter ook in 'n tuin af. Hooglied begin en eindig met die vreugde in die eenwording tussen man en vrou. Die poësie in Hooglied herontdek weer die liefde wat “been van my been en vlees van my vlees” is (Tribble 1978:144).

Hooglied ontvou in vyf groot bewegings: 1:2-2:7; 2:8-3:5; 3:6-5:8; 5:9-8:4; 8:5-14. Sikliese patrone wat in hierdie bewegings sigbaar is, herinner aan sikliese ontwerpe in Gen 2. Man en vrou het in die tuin van Eden die eerste keer een geword. Nou in 'n ander tuin, beskryf twee geliefdes die vreugdes van hul seksualiteit in die boek Hooglied (Trible 1978:153).

Die Nuwe Testament sluit by die Ou Testament aan wanneer dit die seksuele op sigself as goed en reg sien, maar dan binne die parameters van die huwelik (Van Zyl 2002:3). Verder wys Van Zyl ook op 'n belangrike aspek wat in die Nuwe Testament bygevoeg word, naamlik dat die beoefening van seksualiteit nie noodsaaklik is om as vervulde mens te leef nie. Seksualiteit kan ook ondergeskik gestel word aan 'n groter saak, soos die koninkryk van God (Van Zyl 2002:19).

3.2 Kinderloosheid in die Bybel

Reeds in die Bybel word geles van mense met fertiliteitsprobleme. Van die bekendstes is Sara die vrou van Abraham (Gen 16:1) en Hanna die vrou van Elkana (1 Sam 1:2). Probleme om kinders te verwek het 'n invloed gehad op die betrokke egpaar en veral op die vrou. Dit was egter ook 'n saak wat die hele gemeenskap geraak het. Om geboorte te skenk het 'n sosiale funksie vervul. Kinders was die skakel tussen die hede en die beloofde bestemming in die toekoms (Vergin 1981:8).

Talle tekste in die Bybel toon die belangrikheid van kinders aan. In die wysheidspalms word een van die seëninge van die regverdige man aangetoon in terme van kinders wat sy vrou vir hom sal skenk. (Vergelyk byvoorbeeld Ps 128:3.) Die Leviraathuwelik toon ook die belangrikheid om kinders te verwek (Deut 25:5 e.v.). Hiervolgens moet 'n man met sy broer se vrou trou en namens sy broer by haar kinders verwek, indien sy broer gesterf het voordat hulle kinders gehad het.

Swangerskap en die ontwikkeling van die fetus is toegeskryf aan God se werk (vergelyk byvoorbeeld Psalm 139). Net Jahwe kan die moederskoot open of sluit. Soms word

kinderloosheid gekoppel aan straf op sonde. Nadat Migal Dawid veroordeel het omdat hy voor die ark gedans het, het sy nooit kinders gehad nie (2 Sam 6:20-23). Hosea 9:11-12 koppel ook onvrugbaarheid aan die volk se sondes, veral afgodery. Daar is egter ook ander onvrugbare vroue waar daar geen klaarblyklike rede vir hul onvrugbaarheid is nie. Vergelyk Ragel (Gen 30:1), Lea wat vir 'n ruk nie kinders gehad het nie (Gen 29:25c), Hanna (1 Sam 1:2) en die vrou van Manoag (Rigters 13:2).

In die Bybel is dit duidelik dat die moederskoot (uterus) van die vrou aan God behoort (Trible 1978:34). Hy bring lewe tot stand in die moederskoot, Hy vorm die persoon in die moederskoot, Hy bepaal reeds die persoon se bestemming in die moederskoot (vergelyk byvoorbeeld Ps 139). Die wortel van die woord, naamlik "rh" speel in die tradisie van Israel 'n belangrike rol as metafoor vir Bybelse geloof. Daar is 'n semantiese beweging van die moederskoot van vrou tot die deernisvolle bemoeienis van God (Trible 1978:56).

Die woord "rh" en sy verbuigings verwys op 'n beskrywende manier na begrippe van liefde en medelye. Verhoef (1982:232) toon aan dat net soos die "moederskoot" die ongebore kindjie omvat, beskerm en voed en vir die geboorte voorberei, so is "raham" die aanduiding van 'n gesindheid om iemand te omring met 'n sfeer van liefde en begrip. Verder wys Verhoef (1982:233) ook daarop dat hierdie woorde hul diepste sin en betekenis in God vind.

Die verwekking en geboorte van 'n kind het in die Ou Testament 'n metafoor geword vir God se kreatiewe sorg, liefde en teenwoordigheid by sy volk (Vergin 1981:16). In Psalm 22:9-11 gee die Psalmdigter uiting hieraan. Dit dien as metafoor vir God se beskerming vir die volk. (Vergelyk byvoorbeeld Jes 44:2 e.v. en Jes 46:3-4.) Verder word die geboorte van kinders ook as metafoor gebruik om God se absolute soewereiniteit uit te beeld. Vergelyk byvoorbeeld Jes 45:10-11.

Droefheid oor die wat nie verwek is nie en droefheid oor die dooies word in die Skrif nou aan mekaar verbind (Vergin 1981:20). In die antieke tye sou die onvrugbare vrou enig

iets doen om swanger te word. Ragel wou liefdesappels hê om swanger te word (Gen 30:14). Hanna (1 Sam 1:11) en Manoag se vrou (Rigter 13:2) maak geloftes aan die Here om swanger te word. 'n Ander gebruik was om die vrou se slavin aan te bied aan haar man. Die slavin se kinders word dan gereken as daardie vrou se kinders. Sara bied vir Hagar aan Abraham (Gen 16:2). Ragel het Bilha aangebied aan Jakob (Gen 30:3)

Die Ou Testament berig dat bewustelike en onbewustelike seksuele oortredings swangerskap of lewende geboortes kon verhoed (Vergin 1981:23). Daar was geen swangerskappe in koning Abimeleg se huishouding terwyl Sara in sy paleis was (Gen 20:17). Die straf vir seksuele oortredings was die dood. Kinderloosheid was egter soos 'n doodstraf (Vergin 1981:24). Miskrame, droogtes en ander groot rampe word gekoppel aan die volk se ongehoorsaamheid aan die verbond (Vergin 1981:25). Voortplanting word as 'n goddelike geskenk beskou (Theron 2002:6).

Binne die Ou Testamentiese konteks dra vroue die blaam vir hul onvermoë om swanger te word. Die Hebreeuse woord wat gewoonlik gebruik word om die skande van die onvrugbare vrou aan te toon, het 'n wye betekenis (Vergin 1981:26). Dit verwys nie primêr na 'n persoonlike skande nie, maar na 'n sosiale posisie. Die term verwys na 'n skande wat 'n mens aangedoen is wat 'n mens moet verduur, of jy dit verdien of nie. Verder vorm die volgende belewenisse ook deel van dit wat beskryf word met die Hebreeuse woord "herpah": vernedering, ware skande, frustrasie, bitterheid, teleurstelling, belewenis van onbeskorftheid.

Onvrugbare vroue in die Ou Testament wat wel swanger geword het, vertel dat hul persoonlike vernedering verander het in groot vreugde. Juis hulle onvrugbaarheid het die moontlikheid geskep vir Goddelike ingrype en genade. In die Ou Testament word fertiliteit en infertiliteit kragtige beelde van God se liefde, sorg en onderhouding, of van Sy oordeel (Vergin 1981:27).

Die vroeë Christendom het twee gedagtestrome gehuisves rakende die huwelik en familie. Die gedagtestroom wat dominant geword het in die Westerse kultuur, is die

waardering van die gesin as die basiese eenheid van Christus se liggaam. Die ander gedagtestroom in die vroeë Christendom het egter geëis dat 'n mens jouself moet gee vir 'n lewe van gebed en sosiale diens. Die eise van die familie moet afgelê word (Vergin 1981:29).

In 'n tyd waarin die verwekking van kinders baie belangrik geag is, is dit opmerklik dat geen getuienis gegee word van die genesing van 'n infertiele vrou deur Jesus nie (Vergin 1981:30). Martha en Maria by wie Jesus en sy dissipels gereeld oorgebly het, word nooit aangemoedig om te trou nie. Indien hulle getroud was word hulle mans nooit genoem nie. Jesus se leerstellings het die dominante siening van daardie dae oor die huwelik en die gesin uitgedaag (Vergin 1981:30). Jesus openbaar 'n positiewe gesindheid oor die familie, maar dit staan alles binne die Koninkryk en die eise van dissipelskap. Witherington (1990: 104) wys trouens daarop dat Jesus vrouens in die eerste plek tot dissipel roep. Dan volg die vrou se rol as vrou en moeder.

Paulus was oortuig dat die einde van die tyd op hande was (1Kor 7:26). Daarom is daar volgens hom geen rede om te trou en kinders voort te bring nie. Slegs ongetroudes kan hulself ten volle aan die Koninkryk wy (1 Kor 7:32). Paulus sien die huwelik se doel nie om kinders te verwek nie, maar om die persone te beskerm teen seksuele immoraliteit (1 Kor 7:2). Die vrou moet vervulling vind in haar man, eerder as in haar kinders. Net so moet die man sy vervulling vind in sy vrou, eerder as in hulle kinders (Von Allmen 1963:68). Paulus wys egter verder ook daarop dat betekenis en vervulling in die Here gevind moet word.

Die verhaal van Tekla en Paulus is opgeneem in die apokriewe boek "Die handeling van Paulus". Volgens hierdie verhaal het die jong vrou Tekla onder die indruk van Paulus se leerstellings gekom. Sy het op troue gestaan met ene Tamiris. Nadat sy Paulus hoor praat het oor 'n maagdelike lewe gewy aan die Here, het sy besluit om nie meer te trou nie. Sy word twee keer ter dood veroordeel omdat sy nie wil trou nie, maar word elke keer wonderbaarlik gered van die doodstraf. Sy begin saam met Paulus reis en kry by hom die opdrag om God se Woord te verkondig. Dit is onduidelik of hierdie verhaal

gebaseer is op die werklike lewe van 'n Christenvrou. Selfs indien hierdie verhaal net 'n legende is, toon dit die vroeë Christelike gemeenskap se waardering vir 'n maagdelike lewe wat gewy is aan Christus.

Sommige van die vroeë Christene het 'n geestelike huwelik aangegaan. Hiervolgens het hulle saam gebly onder een dak, maar soos broer en suster (Clark 1979:162). 'n Geestelik huwelik het persone dus in staat gestel om die maagdelike lewe te leef, maar sonder dat hulle die gevare loop van 'n eensame lewe blootgestel aan die elemente van die natuur. Hulle het die doel van die huwelik nie verstaan as net om kinders te verwek nie.

Chrisostomos was oortuig dat kinders nie die primêre rede is waarom God die huwelik ingestel het nie. Kinders was 'n gevolg van die sondeval om mense te vertroos vir hulle verlies aan onsterflikheid (Clark 1979:9). Christene het die hoop op die opstanding in Jesus Christus. Daarom behoort Christene nie meer hierdie troos van kinders nodig te hê nie. Die huwelik en die gesin word sodoende geneutraliseer as die primêre bron van 'n persoon se identiteit (Vergin 1981:38). 'n Persoon se identiteit lê in meer as 'n huwelik en die vermoë om kinders te verwek.

Een van die selfopgelegde take van die hedendaagse kerk is om die instelling van die gesin te versterk. Enkellopendes of persone wat nie kinders kan hê nie, kan dus maklik uitgesluit voel uit die geloofsgemeenskap (De Bruyn 1994:17). Die hedendaagse klem in gemeentes op die gesin en die belangrikheid van kinders, verteenwoordig egter nie die enigste Christelike benadering tot hierdie sake nie (Vergin 1981:29). Die getuienis in die voorgaande paragrawe dui daarop dat daar in die vroeë kerk ook 'n waardering was vir 'n lewe sonder 'n huwelik en kinders.

Kinderloosheid is meer as 'n mediese toestand. Alle fasette van die egpaar se lewe word daardeur geraak. Vervolgens sal kortliks aangetoon word hoe sommige van hierdie fasette geraak word.

4 DIE BELEWENIS EN BEHOEFTE VAN PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS

4.1 Biologiese faset

Daar is 'n paar mites rondom infertiliteit wat die uitdaging moeiliker maak vir die egpaar. Een daarvan is byvoorbeeld dat fertiliteitsprobleme deur psigologiese probleme veroorsaak word (Devor 1994:356). Mense sal dan aan 'n egpaar sê om maar net minder gespanne te wees en alles sal regkom. In die mediese ondersoek na die oorsaak van fertiliteitsuitdagings, word egter in 90% van gevalle 'n biologiese oorsaak gevind. Die man en vrou kan dit beleef dat hul biologiese geslagsbasis as 't ware bevraagteken word. (Devor 1994:355). Is ek werklik man of vrou as my liggaam nie die funksies van man of vrou kan vervul deur kinders voort te bring nie? Dit raak die belewenis van hul identiteit as mens.

Daar is seksuele versteurings wat met infertiliteit verband kan hou (Van Breda 1988:16):

- ♦ Verlies aan libido.
- ♦ Inhibisie van orgasme.
- ♦ Erektiele disfunksie (Brown 1984).
- ♦ Ejakulerende disfunksie (Mazor 1984).
- ♦ Vaginisme.

Ander biologiese faktore sluit in: endometriose, anovulasie, beserings en siektes opgedoen.

Mense wat andersins gesond is en op die oog af niks makeer nie, moet nou gereeld 'n dokter gaan sien en verskeie toetse ondergaan. Aspekte rakende hul biologiese funksionering wat altyd privaat was, moet bespreek word met 'n buitestander. In die behandeling lê die klem dikwels baie sterk op die biologiese faset van die probleem – ovulasie word nagegaan, semenmonsters word ontleed, temperature word geneem. Die egpaar kan ook self baie fokus op hierdie faset, maar uit die volgende paragrawe sal dit duidelik wees dat ook die ander fasette aandag moet geniet.

4.2 Psigologiese faset

4.2.1 Psigologiese reaksies

Kinderloosheid het definitiewe mediese- en psigologiese fasette, anders as die meeste ander mediese diagnoses (De Bruyn 1994:9). Nadat egpare gediagnoseer is, ervaar hulle dikwels depressie. Die depressie word veral veroorsaak deur 'n gevoel van verlies (De Bruyn 1994:11). Sommige persone sal slegs by geleentheid episodes van depressie beleef, byvoorbeeld nadat hulle die uitslae van mediese toetse gekry het. Ander sal op 'n meer gereelde basis depressie beleef tydens die duur van hul infertiliteitservaring.

Woede, skuldgevoelens en spanning kom ook voor (De Bruyn 1994:13). Egpare kan vir hulself die vraag afvra: "Het ek iewers in die verlede iets verkeerd gedoen dat ek nou met fertiliteitsprobleme gestraf word?" (Mahlstead 1985:340) Hierdie gevoelens kan op verskillende tye deur die egpare beleef word. Dit kan ook op verskillende maniere deur die eggenotes hanteer word.

4.2.2 Fertiliteitsuitdagings as krisis

Infertiliteit het primêr te doen met 'n situasionele krisis aangesien dit wentel om die abnormale en onverwagse verlies van 'n belangrike lewensdoelwit (Vergin 1981:94). Dit kan egter ook 'n ontwikkelingskrisis word indien die persoon se "generatiewe behoeftes" nie bevredig word nie (Vergin 1981:94). Erikson (1959:97) verwys na die belangrikheid van "generatiewe" vir die ontwikkeling van 'n gesonde geïntegreerde, volwasse persoonlikheid. "Generatiewe" verwys na die behoefte om 'n volgende geslag te vestig en te lei. Indien hierdie behoefte aan generatiewe nie uitgeleef word nie, word geregreseer na 'n obsessiewe behoefte aan pseudo intimiteit en die blywende gevoel van stagnasie en interpersoonlike verarming.

'n Emosionele krisis vind plaas wanneer 'n persoon se normale probleemoplossingsgedrag geblokkeer word of oneffektief is (Vergin 1981:92). Beide situasionele en ontwikkelingskrisisse veroorsaak 'n tydperk van intense emosionele disekwilibrium. Hierdie tydperk gaan gepaard met verhoogde ang en spanning, onaangename emosies en

disorganisasie van die normale funksionering (Vergin 1981:95). Die egpaar met fertiliteitsuitdagings is baie kwesbaar in 'n krisis. Hulle het weinig emosionele bronne om mekaar te ondersteun. Verder is hulle baie sensitief vir ander mense se werklike of veronderstelde onaangeraaktheid deur hul situasie (Vergin 1981:95).

Daar is 'n paar aanduidings wat dit duidelik maak wanneer 'n persoon of gesinsisteem nie infertiliteit konstruktief hanteer nie (Vergin 1981:97):

- ◆ Ontkenning dat hulle infertiliteit 'n mediese probleem is.
- ◆ Weiering om mediese hulp of berading te soek of te aanvaar.
- ◆ Die onvermoë om negatiewe emosies uit te druk of te oorkom.
- ◆ Onvermoë om die aard van hulle reaksie op infertiliteit te ondersoek.
- ◆ Onvermoë om alternatiewe te ondersoek.
- ◆ Projekteer op andere die verantwoordelikheid vir die oorsaak of genesing van infertiliteit.
- ◆ Draai weg van familie en vriende.

'n Persoon wat 'n stresvolle ervaring het, gebruik twee sentrale prosesse om die ervaring te verwerk: kognitiewe evaluering en bepaalde hanteringsmeganismes (Lazarus & Folkman 1984). Tydens die primêre evaluering vra 'n persoon vir homself die vraag af: "Wat is op die spel in hierdie situasie?" Toegepas op persone met fertiliteitsprobleme beteken dit byvoorbeeld: "Hoe raak my fertiliteitsprobleem my lewensdoelwitte, my selfwaarde?" Persone wat infertiliteit sien as iets met 'n hoë potensiaal om skadelik te wees, of as iets met min potensiaal om 'n positiewe bydrae in hul lewe te maak, sal veral angs ervaar.

Tydens die sekondêre fase van evaluering vra die persoon: "Wat, indien enige iets, kan ek aan die situasie doen?" 'n Persoon wat 'n bedreiging evalueer as iets wat onveranderbaar of onbeheerbaar is, vind dit moeilik om aan te pas by sulke omstandighede (Folkman et al 1986 & Taylor et al 1984). Die evaluering wat 'n persoon met fertiliteitsprobleme van die situasie maak, sal sy/haar psigologiese aanpassing by die omstandighede beïnvloed (Stanton 1991:89).

Meganismes wat gebruik kan word om stresvolle ervarings te hanteer, sluit in: probleemoplossende hanteringsmeganismes en meganismes om die emosies te hanteer. Beide hierdie hanteringsmeganismes kan deur persone met fertiliteitsprobleme gebruik word (Stanton 1991:90). Dit blyk dat mans wat poog om die situasie te hanteer deur middel van konfrontering, die meeste angs ervaar. Hierteenoor is dit vroue wat die situasie wil hanteer deur die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die probleem, wat die meeste angs ervaar.

'n Fertiliteitsuitdaging word aanvanklik meer as 'n bedreiging ervaar, en mettertyd as 'n verlies (Lazarus & Folkman 1984). Persone wat te staan kom voor 'n bedreiging, maak bepaalde kognitiewe aanpassings. In 'n studie is bevind dat sekere kognitiewe aanpassings meer effektief vir egpare met fertiliteitsuitdagings is as ander (Tennen et al 1991:124 e.v.). Een wyse van kognitiewe aanpassing is om 'n positiewe ingesteldheid te hê (Scheier & Carver 1985).

Positiewe ingesteldheid as kognitiewe aanpassing verwys na 'n algemene verwagting van positiewe uitkomst. Dit kan gewoonlik goed gebruik word in die geval van 'n kroniese stressor. Tog is dit anders in die geval van persone met fertiliteitsprobleme. Op die lang duur sal so 'n kognitiewe aanpassing waarskynlik groter angs veroorsaak by persone met fertiliteitsprobleme. Veral wanneer die persone tot die besef kom dat hul probleem permanent van aard is.

'n Ander kognitiewe aanpassing wat persone kan maak, is om 'n interpreterende evaluering te maak. Byvoorbeeld as 'n persoon 'n antwoord kry op die vraag: "Hoekom gebeur dit met my?", maak dit hulle aanpassing by die omstandighede makliker. Dit blyk egter uit navorsing (Tennen et al 1991:127) dat egpare met fertiliteitsprobleme, wat nie 'n antwoord op hierdie vraag het, nie verhoogde angs beleef as gevolg daarvan nie.

Hierdie bevinding het weereens te doen met die unieke fasette van die bedreiging van infertiliteit. Daar het nog nie iets spesifieks gebeur nie, die persone is nog in afwagting

om te sien of hulle fertiliteitsprobleem aangespreek kan word. Persone wat egter tot die besef gekom het dat hulle probleem meer permanent van aard is, sal waarskynlik groter angs beleef indien hul nie 'n antwoord op hierdie vraag kry nie.

Persone wat die ervaring het dat hulle beheer kan uitoefen onder bepaalde omstandighede, hanteer hul omstandighede beter as persone wat nie daardie ervaring het nie (Bandura 1982). In 'n studie gedoen onder vroue wat in vitro behandeling ondergaan het, is bevind dat hulle tog 'n redelike mate van beheer ervaar. Hulle voel in beheer van die mediese behandeling en hul emosies. Hulle voel egter minder in beheer van die moontlikheid om swanger te word (Campbell et al 1991:148). Vroue wat gevoel het dat hulle 'n verskil kan maak in hul mediese behandeling, het minder depressie ervaar.

Ook vroue wat in beheer gevoel het van hul negatiewe emosies het minder depressie ervaar. Hierdie gevoel van beheer oor negatiewe emosies het egter nie 'n invloed gehad op hul algemene gevoel van tevredenheid met hul lewe nie. Die ervaring dat hulle in beheer is, het dit vir hierdie vroue makliker gemaak om aan te pas by hul omstandighede. Dit blyk dat verlengde behandelings nie noodwendig vir persone al meer 'n gevoel van beheerverlies gee nie.

Die betekenis wat aan onbeheerbare omstandighede gegee kan word, handel oor drie aspekte (Thompson 1981): Indien die omstandighede ervaar word as hanteerbaar, indien dit uiteindelik 'n bepaalde mikpunt van die individu gaan bereik, en indien dit ervaar word as beplande omstandighede, word die omstandighede as minder angsvol ervaar. 'n Studie deur Campbell (1991:152) het aangetoon dat vroue wat In Vitro- behandeling ondergaan die stres van die behandeling redelik goed hanteer. Dit sluit aan by die bevindinge van Thompson (1981) rakende die betekenis van onbeheerbare omstandighede waarna vroër in die paragraaf verwys is.

Daar is egter potensiële negatiewe gevolge in hierdie ervaring van beheer oor hul omstandighede. In omstandighede waar 'n persoon nie beheer kan uitoefen nie,

bemoeilik dit juis aanpassing by die omstandighede indien die persoon onder die indruk verkeer dat hulle wel beheer uitoefen (Wortman & Brehm 1975). Indien dit uiteindelik blyk dat hulle nie werklik beheer het oor hul fertiliteitsprobleem nie, kan dit 'n baie negatiewe ervaring vir die persone wees.

4.2.3 Fertiliteitsuitdagings as verlies

Fertiliteitsuitdagings het tot gevolg dat die betrokke persone die verlies moet verwerk. Volgens Mahlstead is daar 8 kategorieë van verlies (1985:336 e.v.). Sommige situasies bring mee dat persone een of twee van hierdie kategorieë van verlies ervaar. Egpare met fertiliteitsuitdagings ervaar egter al agt kategorieë. Die aard en omvang van die verliese wat die egpaar beleef, maak dit vergelykbaar met traumatiese ervarings soos dood en egskeiding (De Bruyn 1994:12).

- ◆ Verlies van 'n verhouding

Weens die impak van fertiliteitsuitdagings op die huweliksverhouding, kan die beëindiging van die huwelik 'n onuitgesproke vrees of 'n realiteit vir die egpaar wees. Dit wat hul huweliksverhouding gekenmerk het voordat hulle bewus geword het van die fertiliteitsuitdaging, kan nou begin verander weens die spanning van die nuwe uitdaging. Hoe hulle hul verhouding uitgeleef het voordat hulle bewus geword het van die betrokke uitdaging, vra nuwe aanpassings. Dit kan die gevoel wek dat hulle besig is om iets in hul verhouding met mekaar te verloor.

- ◆ Verlies van gesondheid

Die egpaar het waarskynlik nie voorheen aan hulself gedink as mense met 'n gesondheidsprobleem nie. Fertiliteitsprobleme is gewoonlik nie uiterlik sigbaar nie. Nou moet hierdie "gesonde mense" gereeld 'n dokter gaan sien. Die persoon verloor iets van die beeld wat hy/sy oor hulself gehad het as 'n gesonde persoon.

♦ Verlies van status

Ouerskap is een van die vinnigste maniere om status te verkry in die samelewing. Volgens Muller (1993:346) word 'n gebrek aan vrugbaarheid en ouerskap gesien as 'n vorm van sosiale ongeskiktheid. Die egpaar kan dit beleef dat hulle iets van hul status as volwaardige lede van die samelewing in die oë van die samelewing verloor het.

♦ Verlies aan eiewaarde

Die fertiliteitsuitdaging bring die betrokkenes daartoe om te erken dat daar iewers iets fout is. Dit is 'n baie negatiewe ervaring om te erken dat iets fout is. Die persone verloor hul gevoel van eiewaarde.

♦ Sekuriteitsverlies

Die persone kan die vrees begin koester dat hul probleme by die werk kan ondervind indien hulle gereeld by fertiliteitsbehandelingsprogramme moet inskakel. Bevordering kan in die gedrang kom. So ook kan 'n persoon nie sondermeer verhuis ter wille van werksmoontlikhede terwyl hulle besig is met behandeling nie. Dit kan die reëlins rakende die behandeling bemoeilik. Die finansiële las van die behandeling kan 'n verdere gevoel van sekuriteitsverlies bring indien die mediese fonds nie daarvoor voorsiening maak nie.

♦ Verlies van selfversekerdheid

Terwyl 'n egpaar besig is met fertiliteitsbehandeling kan dit voel asof ander mense dit so maklik regkry om kinders van hul eie te hê. Soms is die egpaar nog steeds na vele behandelingssiklusse nie suksesvol nie. Die gevoel van selfversekerdheid waarmee hulle hierdie uitdaging aangepak het, kan mettertyd vervaag. Voorheen het hulle moontlik reeds ander doelwitte in hul lewe bereik, maar hierdie doelwit bly hulle ontwyk.

♦ Verlies van hoop

Indien behandeling nie suksesvol is nie, kan 'n egpaar ook begin om hoop te verloor - hoop in hulself, in die mediese wetenskap, hoop in God. Hierdie siklus van hoop en hoop verloor, herhaal homself tydens elke siklus van die vrou – elke maand is daar die hoop dat iets sal gebeur, telkens kan die hoop weer verloor word wanneer behandeling nie suksesvol was nie.

♦ Verlies van iets of iemand met groot simboliese waarde

Die verwekking van 'n eie kindjie het groot simboliese waarde vir die egpaar. Indien dit begin blyk dat hierdie kindjie nie so maklik deel van hulle lewe gaan word soos hulle verwag het nie, of moontlik nooit deel van hul lewe gaan word nie, ervaar die egpaar dit as 'n groot verlies. Die kindjie sou simbool wees van iets wat hul saam as egpaar bereik het, iemand wat hul name en ideale kan voortsit.

4.2.4 Fertiliteitsuitdagings as rouproses

Die verwerking van fertiliteitsuitdagings word dikwels beskryf as 'n rouproses (Daniluk 1991:317, Devor 1994:356). “Infertiliteit is soos 'n dood, 'n dood waarvoor daar geen rituele is nie en weinige openbare erkenning.” (Daniluk 1991:318) Reaksies op infertiliteit toon parallelle met die aanpassings by dood en die sterwensproses, soos uiteengesit deur Kübler-Ross (1969). Dit kan vorder van aanvanklike gevoelens van skok en ontkenning, tot die verskillende grade van isolasie, woede, skuldgevoelens, onwaardigheid, depressie en rou. Tog is daar ook fasette wat die rouproses in hierdie egpare se geval anders maak as by die gewone rouproses (Devor 1994:356).

Hierdie verlies is nie sigbaar nie. Dikwels het die egpaar al in hul gedagtes geboorte gegee aan 'n kind, en met mekaar gesels hoe die kind gaan lyk en name uitgedink. Hulle het dalk al grappies gemaak hoe hulle gaan optree as ouers. Nadat hulle gehoor het hulle het fertiliteitsprobleme, of hulle sal dalk nooit kinders hê nie, het hulle nie 'n werklike

baba verloor nie. Dit is 'n verlies wat nie so sigbaar is nie, maar wat tog ook baie pynlik is.

Infertiliteit is iets waaroor mense nie eintlik praat nie. Daarom sal 'n egpaar dit dikwels nie met familie en vriende bespreek nie. Tog bly die verlies 'n werklikheid en dit veroorsaak gevoelens van isolasie en alleenheid. Dit maak die rouproseses pynliker. Verder is infertiliteit nie net 'n primêre verlies nie. Dit lei ook tot sekondêre verliese. Daar sal nie kleinkinders wees nie, daar is die verlies aan identiteit rakende 'n persoon se seksualiteit, daar kan die verlies van geloof wees.

Wat die rouproseses ook moeilik maak is dat dit nie 'n duidelike begin of einde het nie. Elke maand is daar die moontlikheid dat hulle kan swanger word, elke maand moet hulle weer van voor af hoop en wag. Na hoeveel behandelings besluit 'n egpaar om op te hou? Hoe lank moet hulle aanhou hoop en bid? Dit maak dit moeilik om te begin rou, dit word dan maklik 'n kroniese rouproses wat nie 'n einde kry nie.

Die twee eggenotes kan ook die rouproseses verskillend beleef en verskillend benader. Dikwels verbaliseer die vrou haar gevoelens, en die man neem 'n ondersteunende of swygsame rol in (Devor 1994:357). Dit kan die vrou laat voel dat haar man nie haar gevoelens deel nie. Verder kan die egpaar op verskillende tye besluite neem. Die een eggenoot is dalk gereed om behandeling te staak, maar die ander wil dit nog nie doen nie.

Die gevoel van beheerverlies en mislukking is ook iets wat hierdie rouproseses anders maak. Voorheen het hulle moontlik al hul ander doelwitte bereik in byvoorbeeld die werk, of met 'n stokperdjie. Nou ervaar hulle egter dat hulle nie beheer het oor hierdie doelwit van hulle om kinders te hê nie. Hulle het nie beheer oor hulle eie liggaam nie. Dit is baie moeilik vir mense om te ervaar dat hulle beheer verloor het oor 'n sekere deel van hulle lewe. Hulle beleef dat selfs hul beste pogings nie sukses waarborg nie.

'n Verdere ervaring van fertiliteitsuitdagings, is dat dit 'n persoon bewus maak van hulle eie sterflikheid. (Devor 1994:355) Kinders verteenwoordig dikwels vir mense hulle verbintenis met die toekoms. Hulle familienaam leef voort, iets van hulle eienskappe (of

familie se eienskappe) leef voort. Iemand kan na die persoon se dood aangaan met dit waarmee hulle besig was. Nou word daardie moontlikheid egter afgeskaal of afgesny.

4.2.5 Fertiliteitsuitdagings en vroue

Infertiele vroue-pasiënte is meer angstig en emosioneel-reaktief en het verhoogde sensitiwiteit teenoor fisiese verandering van hul liggame of simptome (Dennerstein & Morse 1985). Ook Mazor (1984) rapporteer 'n preokkupasie met enige liggaamlike verandering by hierdie pasiënte.

Die literatuur beskryf veral drie tipes persoonlikhede vir die psigogene (geen mediese verklaring word gevind vir probleem) infertiele vrou (De Watterville 1957, Seward et al 1965 & Christie 1980):

- ♦ Afhanklike, emosioneel-onvolwasse vrou

Hierdie vrou vrees die las van moederskap waarvoor sy nie opgewasse voel nie.

- ♦ Erge verwarring in terme van eie seksuele identiteit

Hierdie vrou aanvaar nie haar eie vroulikheid nie.

- ♦ Die "moederlike" vrou

Hierdie vrou het 'n verhouding met haar man wat analoog is aan 'n oorbetrokke ma/seun verhouding.

Navorsing het teenstrydige getuienis gevind op die vraag na die psigiese verskil tussen fertiele en infertiele vroue. Uiteindelik kom Christie (1980:235) tot die gevolgtrekking dat infertiele vroue moontlik in sekere opsigte verskil van vroue wat biologiese- en psigososiale volwassenheid bereik het, maar tog verskil infertiele vroue nie op enige konstante, deurlopende wyse van fertiele vroue in die algemeen nie.

4.2.6 Fertiliteitsuitdagings en mans

Aangesien die man slegs in ongeveer 30 – 40% van gevalle verantwoordelik is vir die probleem van infertilititeit (Leader et al 1984; Alperstein & Furman 1987), is daar nog nie so baie navorsing gedoen oor die psigologiese faktore by die infertiele man, as oor die vrou nie. Rutledge (1979) gee wel 'n beskrywing van die psigogene (geen mediese

verklaring vir probleem) infertiele man. Onder andere het hierdie mans 'n geskiedenis van voedingsprobleme, fisiese siektes, oorbeskerming en 'n onbetrokke of oorbetrokke vader. Hul verhouding met vrouens is dikwels soortgelyk aan 'n ma/seun verhouding.

Mans beskou die opvoedingsproses as 'n voltydse loopbaan vir hul vroue. Moederskap het vir hul 'n hoë status en is 'n bevredigende beroep. Indien infertiliteit ter sprake kom, voel die man dat hy misluk het ten opsigte van huweliksverwagtinge. Hy het sy vrou haar loopbaan en status ontnem (Owens 1982). Uiteindelik het kinderloosheid dieselfde gevolge vir beide mans en vroue: dit belemmer hul potensiaal tot emosionele nabyheid en bring onvoltooide identifisering mee (Kraft et al 1980).

4.2.7 Impak van fertiliteitsuitdagings

Persone met fertiliteitsuitdagings kom by 'n punt waar hul eie motiewe om ouers te word, ondersoek word (Clark et al 1991:167). In hierdie ondersoek sal die persone waarskynlik ook hul persoonlike oortuigings, houdings en waardes oor die gesin, en wat nodig is vir persoonlike- en huweliksvervulling, oordink. In hierdie proses kan die persone vir hulself verskillende moontlike toekomsscenarios voorstel (Taylor & Schneider 1989) en inligting soek rakende verskillende ouerskap-moontlikhede.

Dit is duidelik dat daar stres en pyn gepaardgaan met die beleving en behandeling van infertiliteit. Hierdie ervarings neem egter nie noodwendig af of verdwyn oor die langtermyn nie (Jacobs 1995:75). Die probleem van infertiliteit is iets wat die individu (moontlik) vir die res van sy/haar lewe beïnvloed (Zoldbrod 1993).

4.3 Sosiale faset

4.3.1 Verhoudings

Ouerskap is 'n groot lewensdoelwit vir die meeste mans en vrouens (Daniluk 1988:982). Dit is 'n belangrike ontwikkelingsfase. Kinderloosheid het sosiale isolasie en alleenheid tot gevolg (Mahlstead 1985:343). Verhoudings met alle mense in hul lewe word

beïnvloed: die verhouding met familie wat wil weet wanneer kom daar kinders, die verhouding met vriende wat reeds kinders het, die verhoudinge binne 'n gemeente waar gesinsaktiwiteite beplan word.

Ook hierdie ander persone ervaar die verlies wat die egpaar beleef, hoewel op ander maniere. Daar is byvoorbeeld die verlies aan kleinkinders/niggies/nefies en maatjies vir hul vriende se kinders. Die egpaar moet leer hoe om hierdie situasies te hanteer aangesien hulle konstant tussen mense beweeg. Vermy hulle sosiale geleenthede waar een van die eerste vrae kan wees: "En hoeveel kinders het julle?" Hoe hanteer hulle vriende en familie se vrae en ongevraagde raad?

Familie en vriende word ervaar as mense wat nie die ondersteunende funksies kan vervul wat die egpaar verlang nie (Lalos et al 1985). In 'n ondersoek gedoen deur Abbey (1991:81) is bevind dat egpare met fertiliteitsprobleme meer geneig was om hul probleem met familie en vriende te bespreek, as met ander persone met fertiliteitsprobleme. Tog het gesprekke met ander persone wat ook fertiliteitsprobleme het, vir hulle meer beteken. Vroue het hierdie sosiale interaksie oor die algemeen meer positief beleef as mans.

4.3.2 Huweliksverhouding

Die verhouding wat natuurlik die meeste geraak word deur die uitdaging van fertiliteit, is die huweliksverhouding. Die konsep van die huwelik word bedreig deur die onvermoë om kinders in die wêreld te bring (Van Breda 1988:14). Die huweliksverhouding word verswak deur hierdie bedreiging. Dit verhoog ook die onvermoë van die egpaar om ambivalente gevoelens eerlik te kommunikeer (Kraft et al., 1980). Selfs al word net een van die huweliksmaats gediagnoseer met 'n fertiliteitsprobleem, is dit nogtans 'n krisis vir beide huweliksmaats (Van Breda 1988:14).

Daar kan al meer spanning in die huwelik ontstaan. Een persoon kan heimlik as die "skuldige" ervaar word. Die uitdaging van 'n persoon se fertiliteit kan baie woede veroorsaak. Die gevaar bestaan dat hierdie woede op die eggenoot oorgeplaas kan word.

Dit is makliker vir 'n egpaar om op te hou om met mekaar te empatiseer en eerder te onttrek. Elke eggenoot gaan deur 'n rouproses omdat hul hul identiteit verloor het. Dit maak dit baie moeilik om mekaar te ondersteun. (Devor 1994:358)

Wanneer een van die eggenotes 'n gediagnoseerde probleem het, kan die ander eggenote voel dat hulle daardie eggenoot wil spaar. Hulle wil dan nie hul eie frustrasie en hartseer met die betrokke maat deel nie. (Spring 1988:96) Die eggenotes moet leer om oor pynlike onderwerpe met mekaar te kommunikeer, hoe om hul seksualiteit uit te leef, hoe om belangrike besluite (byvoorbeeld rakende verskillende tipes behandeling of aanneming) saam te neem (Devor 1994:355) Die uitdagings van fertiliteit kan dus hoë eise aan 'n huwelik stel.

Weens die aard van fertiliteitsbehandeling word die vrou meer daarby betrek as die man. Die man is nie noodwendig altyd so direk betrokke by die behandeling nie. Dit kan daartoe lei dat die man uitgesluit voel. Daar moet teen gewaak word dat die man nie uitgesluit word in die neem van besluite nie, want dit kan die begeerte om homself te onttrek of te isoleer, versterk. (Read 1995:116)

Mans en vroue verstaan oor die algemeen die begrip "ondersteuning" op verskillende maniere (Read 1995:117). Die uitleef van ondersteuning word dikwels deur die geslag van die persoon bepaal. Mans is oor die algemeen van mening dat ondersteuning beteken om sterk te wees ter wille van jou maat. Dit beteken dat hulle nie hul eie seer en ontsteltenis wys nie. Vroue kla dat hulle nie ondersteuning op hierdie manier beleef nie. Hulle wil eerder hê dat hul maat hul gevoelens met hulle moet deel. Dit sal die vrou laat voel dat sy nie alleen is in hierdie ervaring nie.

Vroue wil gewoonlik die situasie verwerk deur baie daarvoor te praat met hul eggenoot. Mans, aan die ander kant probeer hul pyn hanteer deur dit vir hulself te hou en op hul vrou te konsentreer. Dit kan tot gevolg hê dat die vrou al meer wil praat en reaksie wil hê van haar man, maar die man onttrek al meer. (Stanton 1991:91) Navorsing het ook getoon dat mans gewoonlik net hul vrou in hul vertrouwe neem, terwyl vroue 'n paar

mense het waar hulle ondersteuning gaan seek. Vroue kan as gevolg hiervan 'n ekstra las dra omdat hulle die enigste persoon is wat sosiale ondersteuning aan hul maat gee. (Abbey et al 1991:81)

4.3.3 Seksuele verhouding

Daar is seksuele versteurings wat met infertiliteit verband kan hou (Van Breda 1988:16). Seksuele versteurings kan reeds deur die egpaar ervaar word voordat hulle begin met fertiliteitsbehandeling. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die infertiliteitsondersoeke en -behandeling opsigself psigologiese probleme mag veroorsaak wat later tot seksuele disfunksie kan aanleiding gee (Mahlstead 1985; Walker 1978). In 'n ondersoek is bevind dat 71% van die infertiele vroue van mening was dat die mediese behandeling en ondersoeke hulle seksuele genot ervaring negatief beïnvloed het (Dennerstein & Morse 1985a).

Baie egpare gaan deur 'n tyd wat hulle probeer om gemeenskap te hê "op die regte tyd". Dit kan egter 'n negatiewe effek hê op die egpaar se seksuele lewe. Soms kan die een persoon voel sy/haar maat stel net belang in die eiersel of sperm wat hy/sy kan voorsien. Seksuele aktiwiteit word dan 'n wedywering om mag en beheer (Read 1995:106).

Egpare met fertiliteitsprobleme het drie soorte seksuele belewenisse: seks uit liefde, seks vir voortplanting en seks vir die dokter (Taymor 1978). Onder sulke omstandighede word "prestasie" belangrik, eerder as nabyheid, liefde of begeerte. Gevoelens soos skuld, skaamte en woede kom dan voor. Daar is 'n wedywering om beheer in 'n situasie wat buite beheer voel – wie kan bewys dat hul die graagste 'n kind wil hê, wie kan ervaar dat hulle nog steeds geliefd is, ongeag hul fertiliteitsstatus (Read 1995:106).

Persone met fertiliteitsprobleme begin dikwels wonder of hul kennis van seks en seksuele tegnieke voldoende is. Die man en/of vrou ervaar soms die onsekerheid of hulle nog vir mekaar op seksuele gebied aantreklik is (Van Zyl 1988:31). Die selfbeeld van die man

en die vrou word in die proses benadeel. Mans beskryf seksuele gemeenskap as “leë skote” (Seibel & Taymor 1982). Vroue beskryf soms hulself as leeg of hol van binne.

4.3.4 Kommunikasie in verhoudings

Daar is vroeër in hierdie afdeling verwys na die vrou se behoefte om oor hul omstandighede te praat. Dit is dikwels vir vroue ‘n belangrike hanteringsmeganisme. Dit kan ‘n sinvolle wyse wees om die impak van die omstandighede te verwerk. Wat egter in gedagte gehou moet word, is dat dit dikwels juis nie die man se keuse is vir die hantering van die uitdaging nie. Sy hanteringsmeganisme is juis om te onttrek en dit vir homself uit te werk. Hoe meer die vrou ‘n behoefte het om hieroor te kommunikeer, hoe meer kan dit die man aanspoor om hom te onttrek. Dit kan hul kommunikasiepatroon in ‘n negatiewe kringloop laat beland.

Die gevoel kan ontstaan dat hul maat nie regtig luister nie of dat niks regtig verander nadat hulle daaroor gepraat het nie (Read 1995:125). Argumente draai om dieselfde punte (byvoorbeeld: “Jy ondersteun my nie genoeg.....” “Jy probeer nie hard genoeg saamwerk.....”) en ontlok elke keer dieselfde reaksie, sonder dat by ‘n oplossing gekom word. Egpare moet dikwels gehelp word om hul emosies te herken en duideliker aan hul maat te kommunikeer. Hulle kommunikeer ook nie duidelik genoeg wat hulle van hul maat verwag en hoe hulle wil hê hul maat moet hulle ondersteun nie. (Read 1995:128)

4.4 Etiese- en religieuse faset

4.4.1 Negatiewe emosies in verhouding met die Here

‘n Gelowige egpaar se verhouding met die Here word ook beïnvloed wanneer hulle hoor dat hulle fertiliteitsprobleme het. Persone betrokke by fertiliteitsbehandeling beleef hul verhouding met die Here anders as mense wat nie fertiliteitsprobleme het nie. Egpare wat reeds langer betrokke is by fertiliteitsbehandeling beleef hierdie andersheid klaarblyklik nog meer as egpare wat pas begin inskakel het by ‘n behandelingsprogram (De Bruyn 1994:27). Die meerderheid van die egpare in die studie gedoen deur De

Bruyn (1994) het aangetoon dat geloofsbegeleiding 'n deel behoort te vorm van hul behandelingsprogram.

Vervreemding van God word ervaar deur persone met fertiliteitsuitdagings (Anthonissen 1989:268). Die meerderheid van die pasiënte in Anthonissen (1989) se studie het 'n deterministiese beeld van God. God het alles beplan en dit is nodeloos om dit teen te staan. God het Sy eie redes vir alles wat gebeur. Hy weet die beste. Hulle beleef hul infertiliteit as 'n lot wat God vir hulle beplan het.

Sommige sien hul fertiliteitsprobleem as 'n straf van God vir vorige oortredings – byvoorbeeld voorhuwelikse seksuele verhoudings of egskeidings. Sommige persone kan nie dink aan 'n spesifieke sonde waarvoor hulle gestraf word nie, maar hulle bly soek na iets wat hulle dalk verkeerd gedoen het. (Anthonissen 1989:270)

Vervreemding van God manifesteer in 'n rebellie teen Hom, met gepaardgaande woede en vrae oor Sy wil. Sommige sien infertiliteit as 'n toets. Hul geloof in God word getoets deur hulle infertiliteit. Die Here wil toets hoe sterk is hulle geloof in Hom, daarom het Hy hierdie omstandighede op hulle pad gestuur. (Anthonissen 1989:270)

Tydens die behandelingsfase verloor mense dikwels hul vertroue in God (Anthonissen 1989:270). God word vir hulle 'n Deus Absconditus. Baie mense bely dat een of albei van die eggenote begin wegdryf van God in 'n tyd van onsuksesvolle behandeling. Hulle verloor belangstelling daarin om kerk toe te gaan, te bid of Bybel te lees. Dit word gevolg deur 'n tyd van verwarring. Hulle verstaan nie God se wil nie.

Hoe langer die behandeling voortduur, hoe meer kan dit tot ongeduld met God lei. Hoewel hulle al meer besef hoe afhanklik hulle van die Here is, begin hulle ongeduldig voel. Hulle bly bid en glo, maar dit lyk nie asof God hulle antwoord nie. Soms swaai die pendulum tussen getroue, nougesette godsdiensoefening en verlies in belangstelling in hierdie dinge. Die predikant word tydens hierdie fase as vreemdeling

ervaar - iemand wat nie regtig verstaan waardeur hulle gaan nie. (Anthonissen 1989:271)

4.4.2 Krisis ervaring in geloofslewe

Die krisis tydens die diagnostiese fase lei tot 'n krisis in die persone se verhouding met God. (Anthonissen 1989:287). Wanneer 'n persoon 'n krisis beleef, kan die persoon nie anders as om religieuse sake te hanteer nie. Die kwessies wat hanteer moet word in 'n krisis gaan immers oor sake wat 'n mens moet oplos alvorens 'n vervulde lewe gelei kan word. (Stone 1970:15)

Die identiteitskrisis waardeur persone met fertiliteitsuitdagings gaan, het 'n direkte invloed op hul religieuse lewe (Anthonissen 1989:288). Al die ervarings van betekenisloosheid, gevoel van verlies in lewensdoel en stigmatisering tydens die diagnostiese fase, lei tot 'n geloofskrisis. Volgens Menning (1977:68) soek egpare nie soseer na swangerskap as wat hulle soek na 'n antwoord nie. Hulle kan die spanning hanteer as hulle net die rede daarvoor weet.

Al die emosies wat ervaar word tydens die krisis van infertiliteit naamlik skok, ontkenning, isolasie, woede, aggressie, skuld en onderhandeling, word ook ervaar in die verhouding met God. Die egpaar met fertiliteitsuitdagings vind dit ook moeilik om aanvaar te word in die geloofsgemeenskap. Die geloofsgemeenskap is ingestel op huwelike en kinders. Die vrou word voorgestel in haar rol as moeder. Die egpaar vind dit nie baie terapeuties om by so 'n gemeenskap in te skakel nie. (Anthonissen 1989:288)

4.4.3 Aspekte van geloofslewe

In 'n studie gedoen deur Rossouw (1992b:89) het 85% van die persone in die ondersoek aangetoon dat infertiliteit hulle geloof negatief beïnvloed het. Die belangrikste geloofsaspekte wat hierdie studie uitgewys het, is as volg:

- ♦ Geloofsvrae: Hoekom laat die Here dit toe? Hoekom ons?

- ◆ Probleme om te bid.
- ◆ Hantering van teleurstelling.
- ◆ Opstand teen God.
- ◆ Negatiewe ervarings met predikante en ander lidmate.
- ◆ Die ervaring dat hulle probeer om met God te onderhandel.
- ◆ Beleving van straf.

Hierdie negatiewe godsdienstige belewenisse is deel van die rouproses wat deurgewerk moet word.

Spring (1988:95) noem ook ander vrae wat egpare met fertiliteitsuitdagings vra: Aangesien ons geleer het dat kinders 'n geskenk van God is, en ons ontvang nie die geskenk nie, vra 'n mens jouself: Word ek gestraf? Sou ek 'n slegte ouer gewees het? As God nie vir my 'n kind gaan gee nie, hoekom neem Hy nie die behoefte weg nie? Het ek nie genoeg geloof nie? Kan ek met God onderhandel?

Rossouw se studie het verder bevind dat baie mense kan getuig dat hul geloof hul juis deur al die krisisse van hul uitdaging kon dra (1992b:80). Hoewel daar by hierdie persone episodes van erge twyfel, opstand en religieuse neerslagtigheid was, het daar later weer positiewe groei gekom. Die positiewe sake rakende hul geloofsbeleving was as volg geïdentifiseer:

- ◆ Die positiewe plek van gebed in die daaglikse lewe.
- ◆ Die geloofsverwagting dat God tog sal verhoor.
- ◆ Die beleving van groei nader aan die Here.
- ◆ Die troos wat die bestudering van die Woord bring.
- ◆ Die gesamentlike gebed en geloofsverwagting.
- ◆ Die insien van Goddelike humor – Die Here flous my so af en toe deur my menstruasie te laat wegbly!

Die meerderheid van die persone (65%) het later geloofsgroei beleef, hoewel daar aanvanklik negatiewe belewenisse rakende hul godsdiens was.

Uit Rossouw se studie blyk dit verder dat religieuse oriëntasie en –belewing sterk verband hou met sinbelewing (1992b:78). Die deurwerk van geloofsvrae sal ‘n belangrike bydrae lewer tot egpare se effektiewe sinbelewing. Die vraag na die sin en betekenis van infertiliteit word by gelowige egpare slegs deurbreek as daar ook op religieuse vlak berusting en aanvaarding kom.

4.4.4 Etiese vraagstukke

Aangesien daar verskillende behandelingsmetodes moontlik is, word die egpaar soms voor etiese vraagstukke gebring: Kan ek as christen toestemming gee vir al die behandelingsmetodes? Het God toegelaat dat al die behandelingsmetodes ontwikkel, en kan ek daarom van enige daarvan gebruik maak? Egpare word gekonfronteer met masturbasie, bevriesing van embryo’s, donor inseminasie, surrogaatmoederskap en kloning.

Daar bestaan dikwels verwarring oor die verhouding tussen God se wil en mediese behandeling. Dit is vir baie persone moeilik om die behandeling met hulle geloof te integreer (Anthonissen 1989:269). Aan die een kant is daar God se wil wat ‘n mens kinderloos laat wees. Aan die ander kant is daar die ontwikkeling op die mediese terrein. Sommige sien die oplossing vir hierdie paradoks in die uitkoms van die behandeling: wat dan gebeur sal wys wat die wil van God is. Daar bestaan weinig duidelike dog simpatieke leiding in hierdie verband. In hoofstuk vyf van hierdie studie word verdere aandag gegee aan die religieuse aspek wanneer die empiriese navorsingsresultate van hierdie studie bespreek word.

5 BEHANDELINGSMETODES

5.1 Verloop van behandeling

Egpare wat bewus word daarvan dat hulle moontlik ‘n probleem kan hê om kinders te kry, gaan meld by hulle algemene praktisyn aan. Die praktisyn kan hulle dan na ‘n ginekoloog en uroloog verwys vir evaluering. Sommige egpare bly onder behandeling van hul ginekoloog, ander skakel in by ‘n kliniek wat spesialiseer in reprodktiewe sorg.

Nadat bepaal is wat die oorsaak van die fertiliteitsprobleem is, word verskillende behandelingsmoontlikhede bespreek. Vir die doel van die behandelings word onder andere sonar ondersoek en 'n laparoskopie op die vrou gedoen, bloedtoetse geneem en 'n ontleding gedoen van die man se spermselle. Die behandeling word sterk gekoppel aan die menstruele siklus van die vrou en dit bepaal hoe en wanneer die volgende stap in die behandeling plaasvind. Egpare wat inskakel by 'n behandelingsprogram kan ondervind dat hulle hele beplanning wentel om bepaalde dae binne hierdie siklus.

Die vrou moet soms vir twee tot vyf dae oorbly vir behandeling en die man moet ook beskikbaar wees vir 'n dag of twee. Die behandeling kan soms ongemaklik of selfs pynlik wees. Verder sal die behandeling heelwat geld kos wat nie noodwendig deur 'n mediese fonds gedra word nie, tensy die persoon 'n duurder opsie op die mediese fonds uitgeoefen het. Met inagneming van die oorsaak van die fertiliteitsprobleem, kan bepaalde behandelingsmetodes toegepas word. Die vordering met mediese tegnieke het tot die gevolg dat sommige egpare wat voorheen glad nie gehelp kon word nie, wel tans met sukses behandel kan word.

Met die oog op berading is dit baie nuttig om die verskillende fases waarna Anthonissen (1994:410) verwys, in ag te neem.

- ♦ Die *beginfase* is die tyd wanneer die egpaar begin vermoed dat daar 'n probleem is. Die krisis rondom ouerskap begin bepaalde vorme en reaksiepatrone aanneem. Die oorgrote meerderheid van egpare geniet nie gedurende hierdie tye ondersteuning van die kerk of hul predikant nie. In hierdie fase sukkel persone om hul infertiliteitsbeleving in verband te bring met hul godsdiens.
- ♦ Die *mediese fase* verwys na daardie tydstip wat die egpaar mediese hulp gaan opsoek. Daar is baie mediese vrae, maar daar begin ook godsdienstig-etiese vraagstukke na vore tree. Hierna is reeds verwys onder paragraaf 2.4
- ♦ Tydens die *kliniese fase* vind intensiewe mediese ondersoeke plaas. Behandeling kan ook begin, gepaardgaande met 'n verskeidenheid van intense emosionele ervarings.

Dit is 'n fase van vervreemding. Vervreemding gaan om die verlies van 'n verhouding wat as goed en wenslik beskou is. Daar is vervreemding van naasbestaandes, eggenoot en ook vervreemding van God.

- ◆ In die *diagnostiese fase* word 'n mediese diagnose gemaak oor die moontlikheid van kinders. Om te hoor dat dit onmoontlik sal wees om kinders te hê, is 'n krisiserfaring wat die totale leefruimte van die egpaar omspan. Hier kom ook ervarings van sinloosheid ter sprake.
- ◆ Die *besluitnemingsfase* verteenwoordig die laaste fase waardeur 'n egpaar gaan. Indien hulle self geen kinders kan hê nie, bly drie moontlikhede oor: aanneming, donor-inseminasie of om kindervry te bly.

Vervolgens word enkele van die behandelingsmoontlikhede na aanleiding van 'n inligtingsbrosjyre van die Reproductiewe Sorg Eenheid aan die UOVS kortliks bespreek. Dit gee persone wat betrokke is by egpare met fertiliteitsuitdagings 'n beter aanvoeling wat hierdie persone alles kan beleef.

5.2 Ovulasie-induksie

Pille of inspuitings word toegedien om die eierstokke tot ovulasie te stimuleer. Indien die egpaar gaan deelneem aan die kunsmatige inseminasie program sal hierdie metode ook gebruik word om follikels te verkry. Follikelaspirasie met die oog op kunsmatige inseminasie word tydens 'n laparoskopie uitgevoer of met behulp van 'n sonarmasjien en 'n spesiale naald wat aan die sonarkop gekoppel is.

5.3 Kunsmatige inseminasie

Die spermselle van die eggenoot word met behulp van 'n dun plastiekbuis deur die baarmoedernek tot binne die uterus geplaas. Van hier kan bevrugting verder soos normaal plaasvind indien alles suksesvol verloop.

5.4 In vitro-bevrugting

Die eiersel en die spermsel word in die laboratorium saamgevoeg. Nadat die embrio begin het om te verdeel, word dit teruggeplaas in die uterus.

5.5 Mikromanipulasie

In sommige gevalle kan 'n enkele sperm in die oösiet gespuit word onder 'n spesiale mikroskoop. Die embrio word dan terug geplaas in die baarmoeder.

5.6 Elektro-ejakulasie

In gevalle van byvoorbeeld 'n rugmurgbesering kan sperms met behulp van 'n elektriese ejakuleerder bekom word.

5.7 Ginekologiese mikrochirurgie

'n Operasiemikroskoop en delikate mikrochirurgiese instrumente word gebruik om byvoorbeeld die Fallopiusbuise van die vrou te herstel, om sodoende swangerskap moontlik te maak.

5.8 Laserbehandeling

Hierdie behandelingsmetode word gebruik om byvoorbeeld sekere tipes buisvergroeiings te herstel om sodoende swangerskap moontlik te maak.

5.9 Skenkerprogram

By egpare waar daar 'n onoorkomelike manlike probleem is, kan so 'n program gebruik word. Dit behels kunsmatige inseminasie met skenkersperms, of in vitro-bevrugting met skenkersperms.

5.10 Surrogaatmoederskap

In die geval van 'n vrou wat nie 'n swangerskap kan deurgaang nie, word in vitro-bevrugting gedoen en die embrio teruggeplaas in die uterus van 'n ander vrou wat geskik en bereid is om die swangerskap deur te gaan.

5.11 Kloning

'n Kloon verwys na 'n groep selle of organismes wat aseksueel uit 'n enkele sel of organisme ontwikkel het (Van Elfen 1993:320). Hoewel die tegniek tot dusver slegs op diere toegepas is, is dit in beginsel moontlik dat mense by wyse van die kloning van hul eie genetiese materiaal, 'n nageslag op hierdie manier kan verkry.

6 ENKELE WETLIKE ASPEKTE

6.1 Wetlike status van embrio's en fetusse

Na aanleiding van verskillende debatte kom Slabbert (1994:253) tot die gevolgtrekking dat daar geen duidelike afsnypunt is waar gesê kan word die regsbestaan van die embrio en fetus werklik begin nie. Du Toit (1991:26) wys egter daarop dat 'n sekere waarde nie net tydens sekere periodes van 'n persoon se lewe aan hom/haar toegeken kan word nie. Volgens hierdie redenasie kan daar dus nie net waarde geheg word aan lewe na geboorte nie, maar ook aan die embrio en fetus.

6.2 Wetlike status van kinders

'n Kind word as binne-egtelik beskou indien sy natuurlike ouers ten tye van sy verwekking of swangerskap of geboorte geldig met mekaar getroud was (Oosthuizen 1994:151). Die wet (Suid-Afrika, 1987) bepaal verder dat 'n kind gebore uit kunsmatige bevrugting, met die toestemming van beide man en vrou, beskou word as 'n wettige kind van daardie vrou en haar eggenoot. Dit geld selfs indien die gameet of gamete wat vir behandeling gebruik is, van 'n ander persoon afkomstig is.

6.3 Wetlike reëling rakende fertiliteitsbehandeling

Die wet (Suid-Afrika, 1983) bepaal dat kunsmatige bevrugting en embrio-oorplasing slegs deur geneeshere of persone onder hulle toesig uitgevoer mag word. Ingevolge regulasie 8 (1) van hierdie wet moet die kunsmatige bevrugting met die toestemming van die eggenoot geskied. Oosthuizen (1994:150) wys daarop dat daar 'n plig op die geneesheer rus om die partye ten volle in te lig oor die moontlike implikasies en risiko's wat kunsmatige bevrugting inhou.

7 MOONTLIKE RESULTATE VIR PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS

7.1 Suksesvolle swangerskap

Indien die egpaar gelukkig is, word die vrou swanger na afloop van die behandeling. Dit is die nuus waarop daar in spanning gewag word na elke behandelingssiklus. Sommige egpare reageer vinnig op die behandeling. Ander egpare moet etlike behandelingssiklusse deurgaen voordat die vrou swanger is. 'n Suksesvolle swangerskap verwys na die suksesvolle afloop van die hele swangerskap en die uiteindelijke geboorte van 'n lewende baba.

Binne elke normale siklus het 'n vrou 25% kans om swanger te word. Volgens die statistieke van een van die reprodutiewe sorgenhede wat deelgeneem het aan die navorsing, is daar 'n 34% moontlikheid vir 'n vrou om in 'n siklus met behulp van gameetoordrag swanger te word en die swangerskap te behou. In vitro-bevrugting bied 'n 19% moontlikheid om swanger te word en die swangerskap te behou.

7.2 Onsuksesvolle swangerskap

Soms kry 'n egpaar die nuus dat die behandeling suksesvol was, die swangerskaptoets is positief. Die swangerskap word egter soms nie behou nie en 'n miskraam vind plaas. Dit is 'n baie traumatiese ervaring vir 'n egpaar om deur te gaan. Eers die spanning oor

die behandeling en die wag vir die resultate daarvan. Dan die goeie nuus dat die vrou swanger is, maar na 'n paar dae of weke verloor sy die swangerskap.

7.3 Onsuksesvolle behandelingsiklus

Dit gebeur ook dat 'n egpaar deur 'n behandelingssiklus, of etlike behandelingssiklusse gaan, sonder om ooit die goeie nuus te kry dat die vrou swanger is. Onsuksesvolle behandelingssiklusse kan baie negatief inwerk op die egpaar. Die egpaar kan onder druk voel vanweë die koste verbonde aan die behandeling. Dit kan 'n onsuksesvolle behandelingssiklus nog meer van 'n teleurstelling maak vir die egpaar. Hulle kan na 'n tyd moed verloor en wonder hoe lank moet hulle aangaan met behandeling. Sommige egpare voel daar kan altyd nog 'n keer probeer word. Ander voel dit is 'n teken dat hulle moet berus in hulle omstandighede.

7.4 Aanneming

Nadat 'n egpaar die nuus gekry het dat hulle nooit kinders van hul eie sal hê nie, bestaan die moontlikheid nog vir aanneming. Die prosedure neem egter soms baie lank. Die hoeveelheid babas wat beskikbaar is vir aanneming verminder. Aborsie is een van die redes vir die daling in beskikbare babas om aan te neem.

7.5 Kindervrye huwelik

'n Ander opsie wat 'n onvrugbare egpaar kan oorweeg, is om vir 'n kindervrye lewenstyl te kies. Muller (1993:346) verwys daarna dat ouerskap en vrugbaarheid 'n prominente deel vorm van die rolverwagting van getroudes in die westerse samelewing. 'n Gebrek daaraan word as 'n vorm van sosiale ongeskiktheid gesien.

Die tradisionele vrugbaarheidsnorme is dat alle getroude pare kinders behoort te hê en dat alle getroude pare kinders wil hê. In die lig hiervan is die kindervrye alternatief vir sommige egpare, en ook vir 'n deel van die samelewing, vreemd. Hierdie lewensstylkeuse open egter 'n klomp ander moontlikhede: besondere bydraes in hulle

beroep, ondersteuning van en vrywillige werk in welsynsorganisasies of betrokkenheid by kerklike aktiwiteite, om maar 'n paar te noem. Daar sal in meer besonderhede aan hierdie sake aandag gegee word in die hoofstuk rakende die praktykteorie.

8 ENKELE SAKE WAT AANDAG MOET KRY IN PASTORAAT

8.1 Groeiende verhouding met God

8.1.1 Behoeftes tydens verskillende fases

In die lig van die religieuse belewenis van persone met fertiliteitsuitdagings, blyk dit dat een van die groot behoeftes is na 'n groeiende verhouding met God. 'n Getransformeerde geloof is volgens Devor (1994:355) een van die belangrike uitkomste van pastoraat aan hierdie persone. Dit is juis in hierdie proses waar die pastor, onder leiding van die Heilige Gees, 'n onvervangbare rol sal speel.

Paragraaf 4.4 het van die vrae aangehaal waarmee die persoon met fertiliteitsuitdagings gekonfronteer word. In die pastoraat sal aandag gegee moet word aan die gesamentlike vind van sinvolle antwoorde op hierdie vrae. Die verskillende fases waarin 'n egpaar hul kan bevind, sal telkens ander godsdienstige behoeftes na vore bring wat aangespreek moet word. Tydens die mediese- en kliniese fases sal daar waarskynlik meer behoefte daaraan wees dat oor etiese vrae riglyne gegee word. Die verband tussen God se wil vir hulle lewe en wat die mediese wetenskap moontlik maak, sal indringend bespreek moet word.

Tydens die kliniese fase kan 'n vervreemding ten opsigte van God ervaar word. Hieraan moet aandag gegee word sodat die persone weer bewus kan word van God se sorgsame liefde vir hulle. Volgens Anthonissen (1994:411) kan sommige persone God in hierdie fase beleef as sou Hy hulle wilskrag geleidelik wil breek. Die egpaar moet begelei word om bewus te wees van God se wil vir hulle lewe. In hierdie fase kan ook aandag gegee word aan moontlike skuldgevoelens. Soms beleef egpare die ervaring as 'n straf vir een of ander sonde.

Die diagnostiese fase kan 'n groot krisis vir die egpaar bring, veral indien daar nie 'n kindjie in die vooruitsig sal wees nie. Hierdie krisis kan juis meer sinvol hanteer word vanuit 'n groeiende geloofsverhouding met die Here. Ook die finale besluitnemingsfase sal baie makliker hanteer word indien die egpaar in hul verhouding met die Here gegroei het.

Anthonissen (1989:268) het bevind dat die meeste van die persone in die groep 'n deterministiese Godsbeeld gebruik. Hieraan sal baie aandag gegee moet word. Indien die persone 'n groeiende verhouding met God wil beleef, moet hulle begelei word in die vorming van 'n Bybelse Godsbeeld. Daar kan nie regtig vordering gemaak word in hul verhouding met God as die persone met 'n eensydige Godsbeeld werk nie.

8.1.2 Nuwe fasette in verhouding met die Here

Al die emosionele aspekte rakende hul fertiliteitsuitdaging sal makliker verwerk kan word vanuit 'n groeiende geloofsverhouding. Die verwerking van byvoorbeeld angs, neerslagtigheid en die rouproses sal meer sinvol en omvattend binne 'n geloofsraamwerk kan plaasvind. Verder wys De Bruyn (1994:130 e.v.) daarop dat kreatiewe waardes, ervaringswaardes en houdingswaardes juis te vind is in geloof. Hierdie waardes is almal ten nouste verbonde aan sinbeleving. Waar geloofsgroei plaasvind, sal dus ook 'n groeiende sinbeleving gesien kan word.

Die uitdagings van fertiliteit bied 'n uitdaging aan persone se geloof. Die uitdaging kan mense se geloof in God laat wankel. Die uitdaging kan egter juis benut word om hulle te begelei tot 'n ontdekking van nuwe fasette van hulle verhouding met God, om te ontdek Wie hulle nog altyd gedink het God is en Wie die Bybel sê Hy is. Hulle kan leer om al meer God se wil te verstaan en te beleef wat gemeenskap met God regtig beteken.

Verder kan hulle begelei word om hulle roeping in hierdie uitdaging raak te sien. Dit alles kan daartoe lei dat die fertiliteitsuitdaging hulle geloof in nuwe dimensies inlei en dat hulle op nuwe maniere leer om God te beleef. Begeleiding ten opsigte van hierdie

saak sal 'n invloed hê op die res van hulle belewenis van die fertiliteitsuitdaging asook in die jare daarna.

8.1.3 Geloofsbegeleiding

Geloofsbegeleiding sal 'n belangrike rol speel in die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. Trouens, dit behoort 'n belangrike deel uit te maak van die totale behandeling van die egpaar. Daar kan besin word op welke wyse hierdie geloofsbegeleiding moet plaasvind. 'n Opgeleide pastor kan egpare tydens persoonlike afsprake ontmoet, behoeftes bepaal en begeleidend optree. Daar kan ook oorweging geskenk word aan 'n ondersteuningsgroep bestaande uit egpare wat besig is met fertiliteitsbehandeling. Dit kan van groot terapeutiese waarde vir 'n egpaar wees om by so 'n Christelike ondersteuningsgroep in te skakel. Hoofstuk vyf bespreek ook die empiriese bevindinge rakende hierdie saak.

In 'n studie gedoen deur De Bruyn (1994:31) het die respondente aangedui dat tydens geloofsbegeleiding aan die volgende sake aandag geskenk moet word:

- ◆ Aanvaarding van die omstandighede en die uitkoms daarvan
- ◆ Verstaan van die Bybel se siening oor onvrugbaarheid
- ◆ Hoe om 'n mens se geloof positief te hou
- ◆ Hantering van emosies en spanning
- ◆ God se plan vir 'n persoon se lewe

Die egpaar moet inskakel by hul gemeente. Hul plaaslike geloofsgemeenskap moet ook 'n plek van geestelike groei en ondersteuning wees. Dit blyk egter dat egpare met fertiliteitsuitdagings dit nie altyd so ervaar nie (Anthonissen 1989:288). Die persone sal begeleiding nodig hê om hul medegelowiges se reaksies te hanteer. Hulle moet ook toegerus word om weer hul medegelowiges toe te rus hoe om hierdie uitdaging te benader. 'n Sensitiwiteit moet gekweek word by gemeentes vir die behoeftes van egpare met fertiliteitsuitdagings.

Geloofsbegeleiding verwys uiteindelik na die begeleiding van die persoon met fertiliteitsuitdaging tot geloofsvolwassenheid. Die gelowige se kennis en vertroue moet toeneem. "Kennis van God en Sy wil vir my lewe, en vertroue in Hom wat my lewe in Sy hand hou. Dit behels 'n verdieping, 'n verinniging van my kontak met God, 'n toenemende raaksien van die 'Groter Prentjie'. Vir die infertiliteitsegpaar, soos vir alle gelowiges, sal geloofsgroei dus baie beteken." (De Bruyn 1994:104)

Vanuit die omvattendheid van 'n verbondgefundeerde paradigma sal die persone effektief begelei kan word in die verdieping van hul verhouding met die Verbondsgod. Later in die studie sal aangetoon word watter groot bydrae pastorale begeleiding vanuit hierdie perspektief juis op hierdie terrein kan lewer.

8.2 Groeiende huweliksverhouding

8.2.1 Emosies in die huwelik

Fertiliteitsuitdagings raak 'n egpaar in die intiemste deel van hul verhouding. Salzer (1986:63-64) wys daarop dat die effek van infertiliteit op egpare wissel, maar dit is onwaarskynlik dat spanning op die verhouding vermy kan word. Die egpaar moet begelei word om te midde van hul uitdaging 'n groeiende huweliksverhouding te hê. Die berading wat in hierdie tydstop gegee word, sal nie net in hierdie tyd vir hulle baie kan beteken nie. Dit sal ook tydens die res van hulle huwelikslewe 'n groot verskil kan maak.

Weens die aard van fertiliteitsbehandeling is die vrou dikwels meer intensief betrokke by die behandelingsprogram as haar man. Dit skep die gevaar dat die man homself kan onttrek. Daar moet dus seker gemaak word dat die man betrek word in die pastorale versorging van die egpaar. Die stimulering van 'n groeiende huweliksverhouding is nie die uitsluitlike verantwoordelikheid van die vrou nie. Beide man en vrou het 'n gesamentlike verantwoordelikheid. Die gesamentlike funksionering van die eggenotes moet beklemtoon word in pastoraat, aangesien die gevaar bestaan dat

fertiliteitsbehandeling die fokus slegs laat val op die vrou en hoe sy reageer op die behandeling.

In die pastoraat kan aandag gegee word aan die verbalisering van *emosies*, die eerlike oordra van my belewenis aan my eggenoot. Die verwerking van woede en teleurstelling en hoe eggenotes mekaar hierin kan bystaan, sal ook baie bydrae tot huweliksgroei. Die egpaar kan begelei word om mekaar te lei tot die ontdekking van hulle identiteit as man en vrou. Wie is sy as vrou, al kan sy moontlik nie kinders hê nie. Wie is hy as man, al kan hy moontlik nie kinders verwek nie. Die egpaar kan begelei word om mekaar as mense te waardeer, los van hul vermoë om kinders te verwek al dan nie.

Daar is reeds daarna verwys in paragraaf 2.3 dat mans en vroue die begrip “ondersteuning” verskillend interpreteer. Die pastoraat sal aandag moet gee aan hierdie saak. Man en vrou moet bewus wees daarvan indien hulle ondersteuning op verskillende maniere interpreteer. Elkeen moet aan sy/haar maat uitspel hoe hulle graag ondersteun wil word in die verwerking van hierdie uitdaging.

Intimiteit binne die huwelik moet aandag geniet in die pastoraat. Intimiteit het met veel meer te doen as met fisiese intimiteit. Die egpaar moet gelei word om hul nabyheid aan mekaar nog steeds te beleef. Hulle moet gemaklik voel met mekaar se emosies, openlik kan kommunikeer. Die mediese ingrype moet nie hulle gevoel van intimiteit, die nabyheid aan mekaar, verwing nie.

8.2.2 Seksuele faset

Daar sal ook aandag geskenk moet word aan die egpaar se seksuele verhouding. Dit moet 'n belangrike bousteen van enige huwelik vorm. Dit is juis hierdie deel van die verhouding wat dikwels die meeste onder die spanning van fertiliteitsbehandeling kan begin ly. Read (1995:104) stel voor dat die volgende vrae in hierdie verband aan die egpaar gevra kan word:

- ◆ Hoe het u fertiliteitsprobleme u verhouding, insluitende u seksuele verhouding, beïnvloed?
- ◆ Het enige iets in u seksuele verhouding verander sedert u aktief probeer om swanger te word?

Die seksuele faset van 'n huweliksverhouding is 'n onderwerp wat nie altyd die nodige aandag kry nie. Daar word nie altyd duidelike leiding vanuit veral kerklike terrein oor hierdie onderwerp gegee nie. Die egpaar kan dalk juis behoefte hê om toegerus te word rakende die Bybelse siening van seksualiteit. Dit is 'n geleentheid wat die pastor kan benut om sekere mites oor die seksuele en voortplanting die nek in te slaan. Verder is dit veral belangrik om aan hierdie faset aandag te gee omdat dit ook 'n belangrike rol speel in die res van hul huweliksverhouding nadat hulle fertiliteitsuitdaging agter die rug is.

8.2.3 Ontwikkeling van vaardighede

Die egpaar kan begelei word om hul vaardighede rakende kommunikasie en konflikhantering te slyp. Die egpaar moet leer om meer tyd te spandeer in hul kommunikasie met mekaar. Dit kan veral moeilik wees te midde van hul inskakeling by fertiliteitsbehandeling. Hulle moet gemotiveer word om hul lewenspatroon van elke dag aan te pas om hiervoor tyd te maak. Hulle kan toegerus word met kommunikasievaardighede om hulle kommunikasie met mekaar meer effektief te maak. Die egpaar se konflikhanteringsvaardighede moet ook meer effektief gemaak word. Die positiewe hantering van konflik kan dan bydra tot die groei in hul huwelik.

'n Belangrike saak waaraan ook aandag gegee moet word, is die vaardigheid om saam besluite te kan neem. Soms is die eggenotes op verskillende tye gereed om 'n bepaalde besluit te neem. Hulle moet byvoorbeeld saam kan besluit oor die duur van die behandeling en watter tipe behandeling hulle voor kans sien. Sal een van hulle die skenkerprogram oorweeg, sal een van hulle meer geredelik toestem tot aanneming? Die

egpaar kan baie sinvol vanuit 'n geloofsraamwerk begelei word in die neem van sulke besluite.

Die vermoede bestaan dat 'n verbondgefundeerde paradigma 'n belangrike bydrae in die begeleiding ten opsigte van huweliksgroei sal maak. Daar sal byvoorbeeld aandag gegee kan word aan die lewenstyl van verbondsmense en hoe dit toegepas kan word in die huwelik. Die huwelik is 'n verbondsluiting in die teenwoordigheid van die Verbondsgod (vergelyk Louw 1993:19). Die verbintenis tussen man en vrou in die huwelik kry dus 'n triologiese karakter. Die Verbondsgod is deel van hulle huweliksverhouding. Dit skep kragtige moontlikhede vir huweliksgroei.

8.3 Neem van besluite rakende fertiliteitsuitdaging

Daar is reeds in die vorige paragraaf kortliks na hierdie saak verwys. Die persoon met fertiliteitsuitdagings word gekonfronteer met sake waaroor hy of sy voorheen nie nodig gehad het om 'n standpunt in te neem nie. Dit is ook nie sake waaroor mense in die algemeen riglyne vanuit preke, Bybelstudiegroepe en Christelike boeke kry nie. Dit raak hul standpunt oor byvoorbeeld die bevriësing van embrio's, gebruikmaking van skenkersaad, surrogaatmoederskap en so meer. 'n Egpaar het duidelike dog simpatieke leiding nodig in hierdie verband. 'n Pastor kan hulle begelei om vanuit hul verhouding met die Here bepaalde keuses te maak. Hulle moet gemaklik voel oor hul keuse en dit ook kan kommunikeer aan ander mense wat graag wil hoor. Dit kan juis 'n mooi getuïenisgeleentheid wees.

Die egpaar kan ook leiding nodig hê om te besluit tot wanneer hulle voortgaan met behandeling. Op watter stadium moet hulle nog volhard en aanhou bid en werk aan die uitdaging? Op watter stadium weet hulle dit is die wil van die Here dat hulle nie kinders van hul eie gaan hê nie? Indien hulle behandeling wel suksesvol was, is dit die Here se wil dat hulle nog kinders moet hê?

Soms kan die mediese wetenskap ouerskap moontlik maak en die vraag is of ek as christen daarvan gebruik kan maak. Op watter stadium aanvaar 'n persoon die fertiliteitsuitdaging as iets waarmee hulle moet saamleef, ten spyte daarvan dat die mediese wetenskap tegnieke moontlik maak, maar wat 'n persoon as Christen egter nie wil toelaat nie?

'n Egpaar moet aangemoedig word om al die moontlike keuses te oorweeg in die lig van elkeen se individuele behoeftes asook binne die konteks van hulle gesamentlike doelwitte (Daniluk 1991:319). Daar sal behoefte wees aan etiese riglyne in hierdie verband. Die egpaar sal ook begelei moet word om realistiese verwagtings te stel. Die pastor moet die egpaar ondersteun in die deurvoer van hulle besluit. Indien die eggenotes se behoeftes baie verskil sal hulle begeleiding nodig hê om te kom tot 'n gesamentlike besluit.

Hierdie besluite is nie maklik om te neem nie. 'n Egpaar kan begelei word om weer hulle motiewe vir ouerskap te ondersoek en ernstig te gaan vra na die wil van die Here. Binne 'n verbondgefundeerde paradigma kan die persone begelei word om vanuit die andersheid wat hulle moet kenmerk as verbondsmense, hulle besluite biddend te neem.

8.4 Aanpassing by nuwe situasie (met kinders/kindervry)

'n Infertiliteitservaring het 'n uitwerking op die persone wat dit deurgegaan het, hetsy of die uitdaging eindig met 'n geboorte, 'n aanneming of die besluit om kindervry te bly (Devor 1994:359). 'n Geboorte neem nie eensklaps die pyn van die infertiliteitservaring weg nie. Die pastor moet aandag gee aan die aanpassing van die egpaar by die nuwe situasie.

Die geboorte van 'n eie kind bring sy eie spanning en aanpassing. 'n Baba wat gebore word gaan nie ewe skielik 'n reeds wankelende huwelik red nie. 'n Baba se geboorte bring nie ewigdurende geluk nie. Wanneer die spanning en aanpassing van die nuwe baba die ouers begin vang, kan hulle skuldig voel omdat hulle so reageer, nadat hulle so

graag 'n baba wou hê. Die vrou kan nageboorte depressie ontwikkel, die man moet ewe skielik weer inhaal by die werk wat hy moontlik verloor het tydens die behandeling.

Die egpaar moet voorbereid wees op al hierdie aanpassings en sterk emosies wat met dit alles gepaardgaan. Die egpaar kan moontlik begelei word om een of ander ritueel of simbool as uitdrukking van hul dankbaarheid te ontwerp. Gelowiges kan begelei word om hul dankbaarheid teenoor God met hul medegelowiges te deel om ook vir hulle geloofsversterkend te wees. Daar is talle voorbeelde in die Bybel (byvoorbeeld in die Psalms) hoe 'n gelowige sy/haar ervaringe met medegelowiges/die verbondsvolk deel.

Indien egpare uiteindelik tot die besluit gekom het om 'n kind aan te neem vra dit ook 'n nuwe aanpassing in hulle lewe. Hulle kan enige tyd daardie oproep ontvang dat hulle baba vir hulle wag. Hierdie wagtydperk kan 'n opgewonde, maar ook 'n spanningsvolle tyd wees. Die egpaar kan begelei word om van hierdie tyd 'n sinvolle voorbereidingstyd te maak.

Wanneer die aanneming suksesvol is, kan hulle ook begelei word in die aanpassing by die nuwe omstandighede. Hoe aanvaar 'n mens hierdie jong vreemdeling, hoe gaan hulle hulle ouerskap uitleef, hoe maak hulle 'n kind groot as 'n verbondskind, al dit nie hul biologiese kind nie, hoe gaan hulle hom/haar eendag vertel dat hy/sy 'n aangenome kind is? Die pastor kan waardevolle begeleiding gee in die hantering van hierdie sake.

'n Egpaar wat 'n kindervrye huwelik kies, het ook pastorale begeleiding nodig in die uitwerk van hierdie keuse. Die egpaar moet seker maak dat albei tevrede is met die besluit. Hulle moet vir mekaar duidelikheid gee oor die redes vir hulle keuse. Hulle moet begelei word om 'n gesamentlike lewensplan op te stel met die oog op die kort-, medium- en langtermyn.

Die pastor moet seker maak dat die besluit tot 'n kindervrye huwelik nie net 'n "oorgeebesluit" was omdat geen ander opsies beskikbaar is nie. Ook die besluit tot 'n kindervrye huwelik moet biddend deur die egpaar geneem word. Die pastor kan verder

die egpaar begelei om die nuwe moontlikhede tot diens en roepingsvervulling raak te sien in 'n kindervrye keuse.

Daar is telkens verwys na die verbond en die benutting daarvan in die pastoraat aan ouers in die aanpassing by hulle nuwe omstandighede. Die studie sal later uitbrei op die sinvolle benutting van 'n verbondgefundeerde paradigma in die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings in die aanpassing by hulle nuwe omstandighede.

9 GEVOLGTREKKING

'n Fertiliteitsuitdaging stel baie meer uitdagings as net aan die voortplantingsvermoë van 'n persoon se liggaam. In hierdie hoofstuk is kortliks aandag gegee aan die verskillende fasette van die persoon se lewe wat deur hulle uitdaging geraak word. Daar is die biologiese faset van die uitdaging, maar net so ook word die psigologiese faset van die persoon se lewe geraak. Wat die sosiale faset betref, is dit nie net hul huwelik wat daardeur beïnvloed word nie, maar ook hulle verhouding met familie, vriende en medegelowiges. Hul verhouding met God word herevalueer en kan lei tot 'n nuwe geloofsverdieping of vervreemding.

Pastorale versorging van egpare met fertiliteitsuitdagings sal ooreenkomste toon met beraad aan ander persone wat voor 'n verskeidenheid ander uitdagings staan. Daar is egter 'n hele paar sake waaraan meer indringend aandag geskenk moet word weens die besondere aard van fertiliteitsuitdagings. Met inagneming van al hierdie fasette wat geraak word, asook die behandelingsprosedures waardeur die persone alles kan gaan, moet veral aan die volgende sake aandag gegee word:

- ◆ Begeleiding tot 'n groeiende verhouding met God
- ◆ Stimulering van 'n groeiende verhouding met hul huweliksmat
- ◆ Neem van belangrike besluite
- ◆ Aanpassing by hul nuwe situasie met 'n eie kind, 'n aangenome kind of 'n kindervrye huwelik.

Heelwat navorsers het reeds 'n bydrae gemaak om die wêreld van die egpaar met fertiliteitsuitdagings te verhelder. Dit open 'n mens se oë vir die problematiek waarvoor hierdie persone te staan kom. Die inligting wat genoem is in hierdie hoofstuk maak 'n mens sensitief vir die pastorale nood van hierdie persone. Die studies waarna verwys is, het gepoog om 'n bydrae te lewer tot meer effektiewe berading aan hierdie persone. Daar is egter nog nie so baie navorsing gedoen rakende die geloofsaspekte van fertiliteitsuitdagings, as wat daar gedoen is van die ander aspekte nie. In hoofstuk 5 van hierdie studie word daar juis verdere aandag gegee aan empiriese navorsing rakende onder andere die geloofsbelewenis van persone met fertiliteitsuitdagings.

Wanneer gekyk word na al die fasette van die persone se lewe wat geraak word deur hierdie uitdaging, besef 'n mens dat 'n paar wenke en strategieë nie die egpaar voldoende gaan begelei deur hierdie moeilike tyd nie. 'n Omvattende paradigma word benodig om die persone effektief te begelei sodat hierdie uitdaging 'n groeipunt in hul lewe word. Die navorsingshipotese wat hierdie studie ondersteun, is dat beraad vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma 'n belangrike bydrae kan lewer in die effektiewe pastorale versorging van persone met fertiliteitsuitdagings.

Begeleiding na 'n groeiende verhouding met God asook die stimulering van 'n groeiende huweliksverhouding kan juis sinvol vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma gedoen word. So ook leiding in die neem van besluite en aanpassing by die nuwe situasie in hul lewe. In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan verskillende bestaande teorieë vir begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. Aan die einde van die betrokke hoofstuk sal kortliks verwys word na die bydrae wat 'n verbondgefundeerde paradigma in hierdie verband kan speel. In hoofstukke 4 en 6 sal in meer besonderhede ingegaan word op die presiese bydrae wat pastoraat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma kan maak om persone met fertiliteitsuitdagings te ondersteun en te begelei tot groei.

HOOFSTUK 3: BESTAANDE MODELLE VIR GEBRUIK IN DIE BEGELEIDING VAN EGPARE MET FERTILITEITSUITDAGINGS

1 INLEIDING

Die aard van fertiliteitsuitdagings is sodanig dat 'n egpaar baie moeilik sonder begeleiding die uitdagings kan hanteer. Soos reeds aangetoon in hoofstuk 2 raak hierdie uitdaging baie fasette van hulle lewe, nie net die mediese sy van infertiliteit nie. Enige van hierdie fasette kan in so 'n ernstige mate geraak word deur die fertiliteitsprobleem dat hulle by 'n professionele berader sal aanklop vir hulp. Sommige egpare sal byvoorbeeld hulp gaan soek rakende hul huweliksverhouding wat onder druk is, ander sal hulp soek vir hul verhouding met die Here waaroor hulle vrae begin vra. So kan talle voorbeelde opgenoem word waarvoor 'n egpaar hulp kan nodig hê om deur hierdie moeilike fase in hulle lewe te kom.

As gevolg hiervan het beraders hulself ingerig om hierdie egpare effektief te kan begelei. Sommige beraders begelei die egpare binne 'n reeds bestaande model wat hulle andersins ook gebruik vir persone wat nie fertiliteitsuitdagings beleef nie. Ander beraders het 'n model met die oog op fertiliteitsuitdagings uitgewerk en verskaf berading binne hierdie spesiale model. Nog ander beraders werk nie volgens 'n gestruktureerde model nie, maar het 'n paar praktiese sake waaraan hulle aandag gee in hulle hulpverlening.

In hierdie hoofstuk word die verskillende modelle wat reeds gebruik word in die begeleidingsproses van persone met fertiliteitsuitdagings met mekaar vergelyk. Die mikpunte wat elkeen vir die berading stel, die take van die berader, asook die verskillende temas wat aangespreek moet word in die beradingsproses, word van naderby beskou. Verder word aandag gegee aan tegnieke wat hulle voorstel vir gebruik tydens berading. Ander algemene pastorale modelle word ook bespreek met die oog op die bydrae wat dit kan maak in die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings.

Dit is die verwagting van hierdie studie dat pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma 'n belangrike bydrae sal lewer in die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. Daarom word die hoofstuk afgesluit met enkele rigtingwysers vir pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma. Daar sal in meer besonderhede aandag gegee word aan die spesifieke bydrae van 'n verbondgefundeerde paradigma in die volgende hoofstuk.

2 MODELLE VIR GEBRUIK TYDENS BEGELEIDING VAN PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS

2.1 Psigologiese modelle

Beraders van persone met fertiliteitsuitdagings wat vanuit 'n suiwer psigologiese perspektief werk, maak gebruik van verskeie psigologiese strategieë en modelle. Daar kan gebruik gemaak word van intervensiestrategieë (Daniluk 1991) en 'n kombinasie van psigologiese modelle vir die ondersteuning van die egpaar (Worthington 1987). Modelle wat veral bruikbaar gevind word is Kübler-Ross (1969) se stadiums van sterwensbegeleiding, Worden (1991) se model vir die verwerking van rou en Egan (1981) se drie-fase model. Hierdie modelle kan ook gekombineer word en spesiaal aangepas word in 'n fasemodel vir die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings (Read 1995).

Tabel 3. 1 is 'n voorbeeld vir die kombinerings van bepaalde psigologiese modelle met die oog op die spesifieke behoeftes van die persoon met fertiliteitsuitdagings (Read 1995:35).

Tabel 3. 1 Psigologiese modelle vir infertiliteitsberading

Kübler-Ross Stadiums	Worden Take	Egan Stadiums	Read Fases
Ontkenning en isolasie	Erken realiteit van situasie	Ontdekking	Diagnose
Woede	Werk deur pyn van rou		Hanteer emosies
Onderhandeling	Pas aan by omgewing sonder persoon	Nuwe verstaan	Beplan aksies
Depressie		Aksie	Kry behandeling
Aanvaarding	Herposisioneer emosioneel en beweeg vorentoe		Wag op uitkomste

2.2 Teologiese modelle

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is veral ondersoek ingestel na 'n paar teoloë wat baie spesifiek 'n bydrae gemaak het met die oog op berading aan persone met fertiliteitsuitdagings. Hulle sluit in: Anthonissen (1989), Devor (1994), Gillies (1994), Muller (1993), Vergin (1981) en Worthington (1987). Enkele punte wat deur hulle aangeraak word, word ook kortliks vergelyk met ander teoloë wat nie spesifiek met die oog op mense met fertiliteitsuitdagings geskryf het nie. Hierdie vergelykings kan egter verhelderend wees met die oog op die samestelling van 'n paradigma vir berading aan egpare met fertiliteitsuitdagings.

Beraders wat vanuit 'n teologiese perspektief werk, maak dikwels ook gebruik van psigologiese modelle, maar dan dikwels vanuit bepaalde teologiese modelle. Dit is egter moontlik dat 'n pastor gebruik maak van psigologiese modelle, sonder om vanuit 'n

vooraf opgestelde teologiese model te werk (Vergin 1981, Devor 1994, Gillies 1994). Hierdie beraders werk met die inagneming van Bybelse beginsels in hulle pastoraat en gee Skriftuurlike riglyne aan die persone wat hulle begelei. Hulle werk egter nie vanuit een bepaalde teologiese model nie.

Berading aan persone met fertiliteitsuitdagings kan ook vanuit spesifieke teologiese modelle benader word. Een moontlikheid wat reeds gebruik is, is berading vanuit 'n pneumatologiese perspektief (Muller 1993). Die teologiese invalshoek is belangrik. Om vanuit die skeppingsordeninge die saak van fertiliteitsuitdagings te benader, sal nie genoegsaam aan alle fasette aandag kan gee nie. Sake soos kinderloosheid, kunsmatige inseminasie en proefbuisbabas pas net nie in so 'n perspektief nie. 'n Benadering vanuit die herskeppingswerk in Christus kan ook pastorale probleme oplewer. Waarom word die herskeppingswerk nie vir hulle hier en nou 'n werklikheid in hulle soeke na 'n eie kind nie?

Die pneumatologiese perspektief bied 'n oplossing, volgens Muller (1993:349). Dit is 'n trinitariese perspektief. Die aspek van hoop en begeleiding kom ook by. Dit gaan om God wat ons troostend begelei na die voleinding. "Nou hoef kinderloosheid nie meer net as 'n deel van die verworde skepping, as 'n pyn, ervaar te word nie, maar as deel van 'n groter plan van die liefdevolle God." (Muller 1993:349)

'n Ander teologiese model wat reeds sinvol benut is, is om te werk met die konsep van God as Vader (Anthonissen 1989). Sekere opvattinge oor God, speel volgens hom 'n bepalende rol by egpare met fertiliteitsuitdagings (Anthonissen 1994:407). In die lig hiervan kan die konsep, die Vaderskap van God, sinvol benut word in pastoraat aan hierdie egpare. Daar is 'n paar fasette van God se wese en werkswyse wat juis duideliker blyk uit Sy Vaderskap. Hierdie aspekte rakende God se werksaamhede sal juis vir die egpaar met fertiliteitsuitdagings baie beteken.

Die Vaderskap van God verwys na Sy "neerbuigende liefde". Hy buig neer na die mens en gee bevryding aan uitgeworpenes. "God, die Vader van Jesus Christus, het die

wêreld en 'n spesiale gemeenskap in aansyn geroep. In sy roeping rig Hy 'n verbond op en wil Hy 'n geskiedenis tot stand bring. Hy rig Hom in sy roeping tot die spesiale gemeenskap, en veral tot hulle wat verdruk word, die lydendes en uitgeworpenes. Hy wil met hulle 'n geskiedenis aangaan en sy beloftes vervul. Hy buig na diesulkes in vergiffenis en verwag van hulle 'n antwoord.” (Anthonissen 1994:409)

Anthonissen (1989:45 e.v.) wil 'n teologiese perspektief werp op die ouerskap van die mens. In hierdie teologiese perspektief speel die Vaderskap van God 'n belangrike rol. 'n Teologiese antropologie is egter ook belangrik. God die Vader is ook God die Skepper wat die mens na Sy beeld geskape het. Om die mens te sien as biopsigososiale wese herstel baie wanpersepsies oor die mens en speel 'n belangrike rol in al die verhoudings van die mens.

2.3 Evaluering

Sielkundige teorieë sal 'n belangrike rol speel in die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. In die lig van die behoeftes van hierdie persone sal modelle vir die verwerking van die rouproses en intervensiestrategieë wat groei stimuleer, van groot waarde wees. So ook ander sielkundige modelle vir die ondersteuning van 'n persoon wat deur 'n krisis gaan. Vanuit 'n pastorale konteks sal dit egter baie sinvol wees om hierdie modelle en strategieë vanuit 'n Skrifgefundeerde paradigma toe te pas.

Die teologiese modelle wat voorgestel is, lewer 'n belangrike bydrae tot die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. Binne die pneumatologiese perspektief kan die hermeneutiese pastoraat baie sinvol gebruik word. Müller (1993) wys self uit dat sekere teologiese invalshoeke meer beperkend sal wees vir gebruik teenoor egpare met fertiliteitsuitdagings. Hy noem byvoorbeeld dat om vanuit die skeppingsordening of die herskeppingswerk die pastoraat te benader, sal nie so goed benut kan word as om vanuit 'n pneumatologiese perspektief te werk nie. Die verwagting is egter dat 'n pastorale model wat die verbond as paradigma het, nog meer omvattend benut kan word.

Anthonissen het 'n belangrike bydrae gelewer tot die effektiewe pastorale begeleiding van egpare met fertiliteitsuitdagings. Sy bydrae tot 'n teologiese antropologie is van groot nut in berading aan egpare met fertiliteitsuitdagings. 'n Belangrike winspunt is dat die model ontwerp is met die spesifieke behoeftes van die egpaar met fertiliteitsuitdagings in gedagte. Verder is die model Skrifgefundeerd. Vanuit hierdie model kan die egpaar binne die verskillende fases van hulle belewenis sinvol begelei word.

Ander teoloë bied ook perspektiewe wat sinvol in die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings benut kan word. So byvoorbeeld kan ander metafore as God die Vader in gedagte gehou word vir gebruik in pastoraat. McFague (1987:84) wys op die kragtigheid van 'n persoonlike model vir die verstaan van God. Die mens ken hom/haarself die beste en kan daarom asosieer met 'n persoonlike beeld van God. Sy bepleit dat ook aan ander metafore vir God aandag gegee word: Moeder, Geliefde en Vriend. Om die Godheid te verstaan, wil mense gryp na beelde van lewe en die mees basiese vehoudings soos moeder (en vader), geliefde en vriend. Deur beelde soos Moeder, Geliefde en Vriend vir God te gebruik, word aangelsuit by mense se behoefte aan iemand wat nie net hulle lewe wil regeer nie, maar iemand wat besorg is oor die kwaliteit van hul lewe (McFague 1987:84).

Louw (1998:87) verwys daarna dat pastoraat lewensbediening vanuit die opstandingsoorwinning is. Pastoraat wil mense begelei dat die oorwinning van die heil deurbreek in elke dag se lewe, ook te midde van byvoorbeeld die persone se fertiliteitsuitdaging. Pastoraat is heilsbemiddeling van die evangelie. Louw wys (1998) dan ook verder daarop dat pastoraat, in die lig van die eskatologiese perspektief, lewensbediening in die hoop word.

Die gevaar bestaan dat die pastor die persoon wat aanklop vir berading vereng tot een aspek van sy/haar lewe, byvoorbeeld hul fertiliteitsuitdaging. Indien pastoraat egter deur die gelykenisse geïnspireer word, verminder hierdie gevaar volgens Veltkamp (1988:110). In gelykenisse kom immers die hele lewe van die persoon ter sprake.

Pastoraat begin al daar waar mense eg met mekaar meeleef, nie eers daar waar pastorale mikpunte bereik word nie. Daar moet 'n egte en welmenende belangstelling wees in die persoon se hele bestaan, nie net in sy /haar probleem nie.

In 'n pastorale model vir die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings sal bogenoemde sake in ag geneem moet word. Sielkundige teorieë waarna reeds verwys is, sal 'n rol speel. So ook 'n pneumatologiese (Muller 1993) en eskatologiese perspektief (Louw 1998). God as Vader (Anthonissen 1989) is ook 'n konsep met baie potensiaal in berading aan hierdie persone. In dit alles moet nie vergeet word dat die persoon ook meer as sy/haar fertiliteitsuitdaging is (Velkamp 1988). 'n Verbondgefundeerde paradigma met sy omvattendheid, sal waarskynlik 'n belangrike rol kan speel.

3 MIKPUNTE VIR BERADING AAN PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS

3.1 Stimulering van groei

Die verskillende modelle vir berading stel ooreenstemmende en verskillende mikpunte wat bereik wil word met die persoon met fertiliteitsuitdagings. Die fertiliteitsuitdaging kan benut word as geleentheid vir psigologiese- en huweliksgroei. Met die oog hierop word die volgende mikpunte gestel vir berading (Daniluk 1991:317):

- ♦ Die hantering van die rouproses.
- ♦ Die oorges asook die aanvaarding van beheer waar dit gepas en realisties is.
- ♦ Die herstel van verhoudings.
- ♦ Die herevaluering van hul motivering om ouers te word.
- ♦ Die neem van besluite rakende toekomstige ouerskap moontlikhede.

Vanuit 'n pastorale perspektief wil die berader die persone begelei deur die ontwikkelings- en geloofskrisis wat hulle beleef as gevolg van hulle fertiliteitsuitdaging. Pastorale versorging kan hierdie persone veral help om deur hierdie krisis te gaan met 'n dieper sinbeleving, beter hanteringsmeganismes en 'n verdiepte geloof (Devor

1994:355). Clinebell (1984:35) verwys ook na die doel van pastoraat om mense in staat te stel om op hulle krisis te reageer as iets met groeipotensiaal. Pastoraat sal dan 'n invloed hê op die konstruktiviteit van hulle gedrag, asook op hulle emosies en houdings. Hierdie mikpunte gestel deur Clinebell (1984) word goed weerspieël in die modelle met die oog op begeleiding van egpare met fertiliteitsuitdagings.

Louw (1998:31) wys daarop dat die uiteindelijke doel van die pastorale ontmoeting die bevordering van geloofsvolwassenheid en spiritualiteit is. Dit sluit aan by bestaande modelle vir begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. Die beskrywing wat Louw (1998:31) vir geloofsvolwassenheid aanbied, sal met groot vrug benut kan word in pastorale begeleiding: verantwoordelike keusegedrag, groei, antisiperings en hoop en onderlinge verbondenheid.

3.2 Verloop van fertiliteitsuitdaging

Die verloop van die fertiliteitsuitdaging moet in ag geneem word in die beradingsmikpunte. Die berader wil die persone begelei om elk van hierdie fases effektief te hanteer en sinvol te verwerk. Die verloop van die fertiliteitsuitdaging word verskillend beskryf deur verskillende beraders. Die beskrywings kan as volg groepeer word soos in **Tabel 3.2** uiteengesit.

B1-Natuurlike aanname: Alle mense word gebore met ouers en die meeste kinders groei binne 'n familie op. Die natuurlike aanname van byna alle kinders, is dat hulle ouers kan word wanneer hulle groot is. Met tieners word daar gepraat oor die voorkoming van swangerskappe. Jong getroude egpares word soms deur familie en vriende aangeraai om eers voorsorg te tref sodat hulle eers later met 'n gesin kan begin.

A2-Beginfase: Nadat 'n egpaar vir 'n geruime tyd onbeskermde seksuele omgang gehad het, kan dit gebeur dat die vrou nog nie swanger is nie. Die egpaar kan begin vermoed dat hulle moontlik probleme kan hê om kinders van hul eie te hê.

Tabel 3. 2 Verskeie beskrywings vir verloop van fertiliteitsuitdaging

A Verloop van fertiliteitsuitdaging g volgens fases (Anthonissen)	B Verloop van fertiliteitsuitdaging weens bepaalde aannames (Stigger)	C Verloop van fertiliteitsuitdaging weens bepaalde hanteringstegnieke (Read)
1	Natuurlike aanname	
2 Beginfase	Verdedigingsaanname	
3 Mediese fase Kliniese fase		Diagnose Hantering van emosies Beplanning van aksies Begin met behandeling Wag op uitkomste
4 Diagnostiese fase		
5 Besluitnemingsfase	Gee aanname op Aanvaar infertiliteit	

B2-Verdedig aanname: Tydens die beginfase verdedig die egpaar nog hul natuurlike aanname dat hulle wel kinders van hul eie sal hê. Daar is drie fases van verdediging (Stigger 1983): Eers word ontken dat hulle 'n probleem het. Later erken hulle dat daar moontlik 'n probleem kan wees, maar hulle ontken enige verantwoordelikheid vir die oorsaak of die genesing van die probleem. Laastens redeneer hulle dat as daar 'n probleem bestaan, moet daar tog 'n oplossing daarvoor wees.

A3-Mediese fase: Die egpaar gaan seek mediese hulp.

A3- Kliniese fase: Dit is 'n tydperk van intensiewe mediese ondersoeke. Behandeling kan ook in hierdie fase begin.

C3-Diagnose: 'n Fertiliteitsprobleem word gediagnoseer deur medici.

C3-Hantering van emosies: Die egpaar moet begin om die emosies te verwerk wat gepaardgaan met hierdie ervaring.

C3-Beplanning van aksies: Die egpaar moet besluite neem oor die rigting van hulle lewe in terme van hulle fertiliteit, ondersoeke en behandeling.

C3-Begin met behandeling: Die egpaar kan verskillende reaksies toon wanneer met behandeling begin word. Opgewondenheid dat daar uiteindelik iets gebeur, vrees vir die invloed van die behandeling op hulself of hul maat.

C3-Wag op uitkomst: Nadat elke behandelingssiklus voltooi is, moet gewag word op die resultate. Hulle wil tegelyk realisties en hoopvol wees.

A4-Diagnostiese fase: 'n Mediese diagnose word gemaak oor die moontlikheid van kinders. Soms kan 'n egpaar verneem dat hulle nooit kinders van hul eie sal hê nie.

A5-Besluitnemingsfase: Indien die egpaar self geen kinders kan hê nie, bly drie moontlikhede oor: aanneming, donor-inseminasie of om kindervry te bly.

B5-Gee aanname op: 'n Egpaar moet soms by die punt kom om hul aanname op te gee dat hulle kinders van hul eie sal wil hê. Daar is verskillende reaksies by die egpaar wanneer hulle by so 'n punt moet kom. Daar is skok, hartseer, 'n gevoel van isolasie, verlaagde selfwaarde, 'n verwarde selfbeeld, skuldgevoelens, woede en rou.

B5-Aanvaar infertiliteit: Die egpaar neem 'n bewuste besluit om hulle verlies agter hulle te sit en daarmee saam te leef. Sommige kanaliseer hulle behoeftes in die rigting van gemeenskapsbetrokkenheid, of om hul uit te leef in hul beroepe.

3.3 Evaluering

Die verskillende modelle het 'n verskeidenheid mikpunte vir berading uitgelig. Elkeen hiervan sal van groot waarde wees in die pastorale begeleiding van persone met

fertiliteitsuitdagings. Die ontwikkeling van 'n verbondgefundeerde paradigma vir die begeleiding van hierdie persone sal ook hierdie mikpunte kan akkommodeer. Daar is egter nog 'n verdere mikpunt vir berading wat gestel moet word vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma: die persoon met fertiliteitsuitdagings moet begelei word "tot die volle beleving en genot van die verbondswelke wat God in sy genade-ooreenkoms vir sy volk bedoel het" (De Klerk 1985:37).

4 TAKE VAN BERADER TYDENS BEGELEIDING

4.1 Verskeie take

Heitink (1977:75) verwys na die taak van die pastor om binne 'n helpende relasie saam met mense 'n weg te soek in geloofs- en lewensvrae. Die verskillende modelle vir begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings toon hoe die pastor hierdie taak kan uitvoer. Die eerste taak van die berader is om te verstaan hoe die persone die situasie beleef (Worthington 1987:230). Die berader moet vasstel wat die persoon voel en dink. Watter hanteringsmeganismes het die persoon al probeer? Die taak van die berader sal op hierdie stadium ook moet wees om mikpunte vir die berading daar te stel.

'n Groot taak van die berader sal verder wees om inligting te verskaf. Hierdie inligting sal veral rakende die volgende sake wees (Worthington 1987:231):

- ◆ Stadiums van die hantering van die probleem.
- ◆ Wat moontlik vorentoe kan gebeur en hoe ander persone dit al hanteer het.
- ◆ Moontlike redes vir infertiliteit.
- ◆ Die verstaan van ander persone se reaksies op hul fertiliteitsprobleem.

Die berader kan die persone help om sekere vaardighede aan te leer (Worthington 1987:232): Vaardighede rakende hul kommunikasie en die vermoë om ander mense op sensitiewe wyse op te voed rakende die belewenis van egpare met fertiliteitsuitdagings. Indien 'n egpaar besef dat hulle nooit kinders sal hê nie, moet hulle gehelp word met die vaardigheid om hulle huweliks- en beroepsdoelwitte te herbeplan.

Ondersteuning is 'n ander belangrike taak van die berader (Worthington 1987:232). Hulle het behoefte aan iemand wat na hulle kan luister. Die persone se medegelowiges kan toegerus word hoe om hulle ten beste te ondersteun. Binne so 'n geloofsgemeenskap kan onsensitiewe opmerkings juis die slegste beleef word deur persone met fertiliteitsuitdagings. Daarom moet hul medegelowiges ook toegerus word om die egpaar effektief te ondersteun.

Nog 'n pastorale perspektief wat gestel word, is dat pastoraat beteken om te luister na iemand anders se verhaal, as mede-subjek wat ingetrek word in hierdie bepaalde unieke verhaal. Binne 'n hermeneutiese pastoraat word erns gemaak met al die verhale: "die verhaal van die betrokkenes, die verhaal van die pastor, die verhaal van God en die verhaal van die pastorale konteks wat hom gaandeweg ontvou. Pastoraat is suksesvol as hierdie verhale sinvol geïntegreer word..... Verder is dit juis ook die taak van die pastor om die ander Verhaal, God se verhaal, die evangelie, in die pastorale situasie in te dra." (Muller 1993:348) Die pastor moet ook vra hoe die situasie hulle status, funksie, roeping, bestemming, wese en toerusting binne 'n bepaalde samelewingskonteks raak.

Opsommend kan gestel word dat dit die taak van die pastor is om sensitief te wees vir die moontlike teenwoordigheid van egpare met fertiliteitsuitdagings (Devor 1994:356). Die pastor moet beskikbaar wees vir hierdie persone om te kom gesels. Die pastor kan die egpaar help met hul ontwikkelingskrisisse, maar veral ook met hul geloofskrisisse. Daar moet geleentheid wees vir die egpaar om al die behandelingsopsies en die etiese implikasies daarvan met die pastor te bespreek.

4.2 Evaluering

Vanuit 'n psigologiese perspektief is daar bepaalde take wat 'n berader moet onderneem. Hierdie take sal oorvleuel in verskillende beradingssituasies. Daar sal ook take wees wat meer spesifiek geld vir berading aan persone met fertiliteitsuitdagings, of wat op 'n ander wyse aangepak sal word as in ander beradingssituasies. So byvoorbeeld sal die

take baie meer deur eksterne faktore, soos die fase van die fertiliteitsuitdaging, bepaal word as in ander beradingssituasies.

Die take van die berader sal ook beïnvloed word deur die feit dat baie egpare 'n ernstige behoefte aan berading ondervind eers nadat hulle verneem het dat hulle moontlik geen kinders van hul eie sal hê nie (Worthington 1987:231). Die verskillende modelle het 'n belangrike bydrae gelewer om die berader bewus te maak van die take wat hy/sy het in hul begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings.

Vanuit die oogpunt van 'n verbondgefundeerde paradigma is daar egter nog 'n belangrike taak van die berader om hier by te voeg. Die pastor tree op as intermediêre verbondskommunikator. Deur die pastor kan die Heilige Gees die noodlydende en soekende mens opsoek. Dit is juis die geladenheid van die verbond wat die pastor inspireer tot sy/haar taak. (Janse van Rensburg 1996:151)

5 TEGNIEKE WAT GEBRUIK WORD TYDENS BERADING

5.1 Verskeie tegnieke

Daniluk (1991:317) noem 'n paar tegnieke wat gebruik kan word in die beradingsproses. Die egpaar kan aangemoedig word om joernaal te hou van hul belewenisse en om 'n brief te skryf aan die kind wat hulle graag wou hê. Verder kan gebruik gemaak word van kunsvorms om hul emosies uit te druk. Visualisering van die kind wat hulle graag wou hê, kan help om die rouproses meer effektief te laat verloop. Dit is ook goed om hierdie egpare te verwys na 'n ondersteuningsgroep (vergelyk ook Vergin 1981:110 e.v.) en om hulle aan te moedig om te lees oor die onderwerp. Die egpaar kan ook met rituele en simbole gehelp word om hul uitdaging te verwerk (Devor 1994:356).

Daar is ander tegnieke en vaardighede wat gebruik kan word in alle beradingsgevalle, wat deur beraders (byvoorbeeld Read 1995) in hul begeleiding van egpare met fertiliteitsuitdagings geïnkorporeer word. Hierdie tegnieke sluit in (Inskipp 1986:20):

- ♦ Gee aandag.

- ♦ Luister.
- ♦ Aktiewe luister.
- ♦ Kommuniqueer 'n empatiese verstaan.
- ♦ Onkritiese aanvaarding van parafraserings en opsommings.
- ♦ Help die kliënt om spesifiek te wees.
- ♦ Help die kliënt om temas en teenstrydighede te herken.
- ♦ Gee inligting.
- ♦ Stel doelwitte.
- ♦ Kreatiewe denke en probleemoplossing.
- ♦ Evaluering.

Daar is reeds onder paragraaf 4.1 daarna verwys dat vanuit 'n pastorale perspektief gebruik gemaak kan word van 'n hermeneutiese pastoraat. Daar word geluister na die verskillende verhale wat ter sprake is: die verhale van die pastorale konteks, die pastor, die betrokkenes en van God (Muller 1993:348). Die integrering van hierdie verhale sal 'n belangrike tegniek wees wat toegepas word in die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings.

In pastoraat is dit nodig om 'n pastorale diagnose te maak. Louw (1998:355) beskryf 'n pastorale diagnose as “'n dinamiese verstaansproses en analise van gegewens met die oog op integrasie van relevante data (lidmaat se storie) met geloof in God”. Met die oog op hierdie diagnose kan die pastor 'n pastorale diagnosekaart gebruik (vergelyk Louw 1998:378 e.v.). In die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings sal 'n pastorale diagnosekaart met groot vrug as 'n tegniek benut kan word. Die pastor kan die pastorale gesprek struktureer rondom die diagnosekaart se inhoud. Verder kan die kliënt 'n vraelys voltooi om die pastor te help om sy/haar geloof, godsdiens en Godsvoorstelling te analiseer. Dit sal 'n aanduiding gee watter temas aandag moet kry in pastoraat.

5.2 Evaluering

Verskillende tegnieke word toegepas in berading aan persone met fertiliteitsuitdagings. Die fase van die uitdaging waarin 'n persoon verkeer, asook die eienskappe van die

persoon self, sal 'n invloed uitoefen op die tegnieke wat toegepas kan word. Dit sal ook 'n invloed uitoefen op die effektiwiteit van die begeleidingsproses.

Pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma sal ook van bogenoemde voorgestelde tegnieke gebruik kan maak. Daar sal onder andere veral met groot vrug gebruik gemaak kan word van die "tegniek" van die hermeneutiese pastoraat. Die verhaal van die Here se verbintenis binne die verbondsverhouding met Sy kinders, speel in op die verhaal van hulle fertiliteitsuitdaging. Hieroor later meer in hoofstuk vier.

6 TEMAS TYDENS BERADING AANGESPREEK

Die temas wat tydens berading aangespreek word, sluit aan by die verskillende fasette van die persone se lewe wat geraak word deur die fertiliteitsuitdaging. Daar is in hoofstuk twee in meer besonderhede na hierdie fasette verwys. Die fasette wat geraak word, sluit in: die biologiese-, psigologiese-, sosiale- en eties-religiëuse fasette. Ten opsigte van al hierdie fasette van hulle lewe wat geraak word, sal die persone begeleiding nodig hê.

6.1 Biologiese faset

Aanvanklik word veral die biologiese faset van die persone se lewe geraak deur hulle fertiliteitsuitdaging. Hulle seksuele funksionering as egpaar kom onder die soeklig. Verder behels die mediese behandeling wat hulle ondergaan ook die biologiese faset van hulle lewe.

Die taboe wat heers rondom die seksuele kan terugverwys word na die skeiding tussen mens en skepping, tussen die mens en sy/haar natuurlike funksies (Anthonissen 1989:418). Wanneer die skepping met respek en sorg hanteer word, het dit 'n heilsame uitwerking op alle menslike verhoudings. Byvoorbeeld sal die vrou dan nie meer gesien word as liggaamlike wese met 'n biologiese identiteit – naamlik om kinders in die lewe te bring nie. Die man en vrou kan dan meer as biopsigososiale wesens gesien word. Om

ouers te word is dan nie meer bloot 'n biologiese proses nie, maar 'n biopsigososiale verhouding tussen twee persone.

Die hulp wat die berader aanbied sal bepaal word deur die stadium van die fertiliteitsuitdaging wat die egpaar beleef. Tydens die beginstadium van die fertiliteitsuitdaging word berading selde opgesoek. Indien dit al meer na 'n probleem begin lyk, kan berading gesoek word. In hierdie stadium kan die egpaar gehelp word deur verwysings na mediese praktisyns wat hierin spesialiseer. Die egpaar kan ook aangeraai word om te ontspan, iets wat meer vir hul verhouding met mekaar sal beteken as wat dit noodwendig die probleem van infertiliteit sal oplos (Worthington 1987:230).

Tydens die mediese fase gaan soek die egpaar hulp by 'n medikus, moontlik eers hul huisdokter. Godsdienstig-etiese vrae begin nou na vore tree. Tydens hierdie fase kan die Vader as Skepper se innige band met die skepping benadruk word (Anthonissen 1994:412). Die verhouding tussen God, die reprodktiewe sisteem en seksualiteit word beklemtoon. Fertiliteitsbehandeling kan in diens wees om God se gebroke skepping te herstel. Daar moet ook aandag gegee word aan die persone se siening van 'n dualisme tussen God en natuur.

Die kliniese fase is 'n tydperk van intensiewe mediese ondersoeke en behandeling. Tydens die kliniese fase word aandag gegee aan God se neerbuiging na almal wat ly, uitgewerp en verdruk is (Anthonissen 1994:412). In die Ou Testament word infertiliteit juis sinoniem gemaak met lyding en uitgeworpenheid. Hierdie aksent kan die egpare help wat in hierdie fase hul belangstelling verloor in godsdiens en gebed en voel dat God hulle straf.

Tydens die diagnostiese fase word 'n mediese diagnose gemaak oor die moontlikheid van kinders. Die klem word nou gelê op die verbreding van die skopus van waardes. Menswees is meer as seksuele identiteit en seksuele rolle (Anthonissen 1994:413). God die Vader roep die mens primêr as kind en skepsel. Daar is 'n meer primêre rol en roeping as die van ouerskap.

Tydens die diagnostiese fase gaan die persone ook deur 'n stadium van ontkenning en isolasie (Kübler-Ross 1969). Die ontkenning kan behels dat hulle nie die diagnose glo nie, 'n tweede opinie vra, of die impak van die diagnose op hulself ontken (Read 1995:33). Die ontkenning kan ook behels dat die persone enige verantwoordelikheid vir die oorsaak of genesing van infertiliteit ontken (Worthington 1987:231). Die berader moet dan 'n verduideliking gee vir die oorsaak van die probleem.

Die berader kan egter moeilik 'n verduideliking tot die bevrediging van die persone gee. Die moontlike oorsake van infertiliteit kan egter in breë trekke met hulle behandel word. Die persone moet begelei word om die realiteit van die situasie te erken (Worden 1991) en die situasie te verken en ontdek (Egan 1981). Die berader kan die persone veral begelei deur te luister, op te som en te fokus (Read 1995:33)

Read (1995: 36) wys daarop dat dokters en klinieke genoeg ruimte aan hul pasiënte moet bied om tussen behandelingssiklusse hul ervarings te verwerk. Die gevaar bestaan andersins dat daar in 'n patroon verval word waarin elke keer weer voortgegaan word met behandeling, sonder dat die persone hul emosies verwerk.

6.2 Psigologiese faset

6.2.1 Hantering van emosies

Fertiliteitsuitdagings raak die psigologiese faset van 'n persoon se lewe op verskeie maniere. Verskeie psigologiese prosesse moet deurgewerk word, en so ook verskillende emosies. Die modelle waarna reeds verwys is, spreek verskillende psigologiese verskynsels aan. Soms is daar ook ooreenstemmende temas in die verskillende modelle. Die fases waardeur die persone gaan, het telkens 'n ander psigologiese uitwerking. Binne elke fase moet ander take afgehandel word om daardie fase suksesvol af te handel.

Nadat bevestig is dat die persone voor 'n fertiliteitsuitdaging staan, moet die persone begin om hulle emosies te hanteer (Read 1995:33). In hierdie fase kan die persone woede

ervaar (Kübler-Ross 1969). Die woede kan byvoorbeeld uiting kry in die blamering van hul maat vir die probleem, of in sterk reaksies op ouers wat hul kinders mishandel. Hulle moet begelei word om deur die pyn van die rouproses te werk (Worden 1991).

Dit is nie aangename emosies wat ervaar word nie en dit is onaangenaam om die pyn daaraan verbonde te verwerk. Sommige persone laat hulself nie toe om hierdie pyn te beleef nie. Soms wil hul familie of vriende hulle nie geleentheid gee om die pyn uit te druk nie. Die berader kan in hierdie fase 'n dieper empatiese verstaan kommunikeer en die persone help om te spesifiseer wat hulle beleef.

6.2.2 Beplanning met oog op volgende fases van fertiliteitsuitdaging

In die volgende fase moet die persone hulle aksies begin beplan (Read 1995:33). Dit is die fase waarin die egpaar gereed is om aan te gaan, besluite te neem en beheer oor te neem oor die rigting van hulle lewe. Hulle kan moontlik besluit om te begin met behandeling, of ander handelings te oorweeg. Dit kan gepaard gaan met 'n onderhandelingsstadium (Kübler-Ross 1969). Die persone meen as hulle meer voorbeeldig lewe, sal God vir hulle 'n kind gee. Of hulle belowe: Al het ons net een kind, sal ons die beste ouers ooit wees.

Die persone moet tydens hierdie fase begelei word om aan te pas in 'n nuwe lewenstyl waar alles nie meer is soos dit was nie (Worden 1991). Die kind waarop hulle nog altyd gehoop het, gaan (moontlik) nie so vinnig en maklik 'n deel van hulle lewe word (indien wel) soos hulle oorspronklik verwag het nie. Verder moet hulle begelei word tot 'n nuwe verstaan van hulle omstandighede (Egan 1981). Hulle moet na die verskillende opsies kyk, die gevolge bereken en hul besluite evalueer.

Nadat die persone besluit het om tot aksie oor te gaan, begin die fase waar hulle behandeling ontvang. Moontlik het hulle nog altyd gehoop vir 'n "normale" swangerskap, maar sodra begin word met behandeling moet hulle die realiteit van hul probleem in die oë kyk (Read 1995:34). Sommige is opgewonde, sommige is bang.

Die persone kan depressie ervaar (Kübler-Ross 1969) wat op verskillende wyses manifesteer. Daar is onder meer gevoelens van verlies, spanning en angstigheid. Egan (1981) se laaste stadium van aksie is hier belangrik. Tydens hierdie fase speel kreatiewe denke en probleemoplossingsstrategieë 'n belangrike rol.

Tydens die laaste fase van die infertiliteitsbehandelingssiklus, wag die persone op die uitkoms van die behandeling (Read 1995:34). Hulle wil tegelyk realisties en hoopvol wees. Die stadium van aanvaarding (Kübler-Ross) kan hier bereik word. Aanvaarding word duidelik wanneer die persone in hierdie stadium daartoe kom om 'n definitiewe besluit te neem. Dit kan wees om nie met behandeling voort te gaan of te begin nie. Dit kan ook wees dat besluit word om 'n ander behandelingsmetode te kies wat hulle voorheen nie wou oorweeg nie.

Hierdie fase sluit aan by die laaste taak volgens Worden (1991), naamlik dat die persone hulle herposisioneer en vorentoe beweeg. Die persone moet begelei word om hul lewe weer te beplan en vreugde en betekenis te kry uit 'n wêreld waar sake anders uitgewerk het as wat hulle beplan het. Vaardighede wat gebruik kan word in die pastoraat sluit in probleemoplossings- en besluitnemingsvaardighede (Egan 1981). Die fases waardeur persone met fertiliteitsuitdagings gaan, strek nie net oor die totale jare betrokke by behandeling nie. In elke behandelingssiklus kan daar weer deur hierdie fases gegaan word.

6.2.3 Krisis hantering

'n Negatiewe selfbeeld is een van die ervarings van hierdie egpare. Die pastor kan help met 'n vorm van Christelike kognitiewe herstrukturering (Muller 1993:351). Die egpaar kan gehelp word om 'n pneumatologiese persepsie te ontwikkel en so die troos van God se begeleiding te ervaar. Dit gaan dus om 'n teologies-pneumatologiese herstrukturering.

Heelwat beraders verwys ook na die negatiewe effek wat die gevoel van beheerverlies op die egpaar het (onder andere Daniluk 1991:317). Hulle verloor beheer oor hul

mikpunte, hul toekoms, hul liggame. Dit is dus baie goed om ook hieraan aandag te skenk in berading.

Die pastor kan die egpaar tot die volgende aksies begelei om die krisis van infertiliteit op 'n gesonde manier te verwerk (Vergin 1981:98):

- ◆ Konfronteer infertiliteit as 'n emosionele en psigiese/mediese probleem.
- ◆ Verbeter hulle verstaan van die probleem.
- ◆ Gee uitdrukking aan negatiewe emosies en werk dit deur.
- ◆ Aanvaar verantwoordelikheid vir die hantering van die probleem.
- ◆ Onderzoek alternatiewe.
- ◆ Identifiseer wat verander kan word en wat nie, en aanvaar die verskil.
- ◆ Open die kanale vir kommunikasie met ander persoon (familie, vriende en professionele persone).
- ◆ Neem stappe om die probleem konstruktief te hanteer.

Bogenoemde voorstelle wat Vergin maak om die persoon te begelei deur die krisis van die fertiliteitsuitdaging, sluit aan by Stone se ABC-model (1987:32). Die ABC is 'n akroniem vir die volgende: "Achieve contact with the person; Boil down the problem to its essentials and Cope actively with the problem". Die persone kan binne Stone (1987)se model en Vergin (1981) se voorstelle begelei word om die uitdaging te ontleed en alternatiewe vir behandeling en hantering te ondersoek, in 'n ondersteunende verhouding met die pastor.

6.2.4 Rou en verlies

Die stadiums wat beleef word tydens 'n persoon se afsterwe, word ook deur persone met fertiliteitsuitdagings beleef (Read 1995). Die hantering van die uitdaging is verder ook soortgelyk aan die verwerking van die rouproses. Dus stel Read (1995) voor dat hierdie modelle in ag geneem moet word, tydens die verskillende fases waardeur die persone met hul infertiliteitservaring gaan. Dit word in kombinasie gebruik met Egan (1981)se drie-fase model.

Pastorale versorging beteken dat die betrokke persone begelei word in 'n spesifieke soort rouproses (Devor 1994:355). Daar is egter 'n paar sake wat persone met fertiliteitsuitdagings se rouproses anders maak as ander tipes rou. Die verlies is onsigbaar. Hulle het 'n kind verloor wat hulle eintlik nooit gehad het nie. Hierdie verlies word nie openlik in die samelewing erken nie.

Daar is die primêre verlies van nie 'n kind van hul eie te hê nie, maar ook ander sekondêre verliese: die familie sal nie kleinkinders/neefs/niggies hê nie, die verlies om 'n kind saam met jou maat te kon verwek, die verlies aan 'n kind wat hul bejaarde ouers kan ondersteun, die verlies aan geloof in gebed. Elke egpaar sou nog baie sekondêre verliese kon byvoeg.

Hierdie rouproses het nie 'n duidelike begin of einde nie. Die gevaar bestaan dat dit 'n kroniese rouproses word. Sommige persone is nie in staat om te begin rou of die rouproses af te sluit nie. Verder behels die rouproses twee verskillende persone, wat dit moontlik verskillend beleef. Laastens noem Devor (1994) ook die gevoel van beheerverlies wat saam met hierdie rouproses gaan. Dit is moeilik om te erken dat jy nie beheer het oor 'n basiese deel van jou lewe nie – jou eie liggaam. Wat die verwerking van die rouproses moeiliker maak, is die gedurige herinnering aan ander mense met kinders, gesinsfeeste, ook gemeentelike aktiwiteite rondom gesinne.

6.2.5 Beskuldigings, energie en oorgawe

Gewoonlik word beraders se hulp eers ingeroep wanneer persone bewus word daarvan dat die probleem meer permanent van aard is. Die berader kan hulp verleen rakende die hantering van beskuldigings wat moontlik oor en weer gemaak word (Worthington 1987:231). Die egpaar moet weet dat hulle die beste bron van ondersteuning vir mekaar is.

Gedurende die laaste fase word hulle infertiliteit aanvaar. Die berader kan hulp verleen met die hantering van hierdie besef (Worthington 1987:231). Die egpaar kan begelei word om hulle produktiewe energie anders te kanaliseer. Hulle kan begelei word in die

neem van besluite en die stel van doelwitte rakende hulle nuwe lewenstyl. Die egpaar moet gehelp word om hulle energie te herinvesteer, om nuut na hulle lewensplan te kyk, om saam te beplan hoe hulle hierdie nuwe lewensfase gaan aanpak.

Vergin (1981:99) praat van 'n "oorgawe" waartoe die persoon met fertiliteitsuitdagings uiteindelik moet kom. "Oorgawe" beteken nie in hierdie geval om op te gee nie. Dit verwys eerder daarna dat 'n persoon weg beweeg van 'n realiteits-ontkennende oriëntasie na 'n positiewe ingesteldheid wat die realiteit in die oë kyk. 'n Persoon wat hiertoe begelei kan word, het die besondere ervaring van genesingskragtige genade wat in hulle lewe inbreek.

Louw (1999:337) wys daarop dat dit wesenlik vir die pastoraat is om erns met mense se soeke na sin te maak. Uiteindelik moet die egpaar met fertiliteitsuitdagings daartoe begelei word om sin te vind te midde van hulle uitdaging. Te midde van die rouproses, krisis ervaring, en talle ander belewenisse wat reeds beskryf is, kan die egpaar pastoraal begelei word om weer sin uit die lewe te maak.

6.3 Sosiale faset

6.3.1 Verhoudings en teologiese antropologie

Geskepe na Gods beeld impliseer verhoudings (Anthonissen 1989:75). Die verskillende verhoudings van seksualiteit, huwelik, ouerskap en gesin is onvervangbare aspekte van die menslike ervaring. Seksualiteit moet geplaas word binne die meer omvattende konteks van skepping en verlossing. So 'n siening sal mense se siening van hulle rolle en self-identiteit verbeter. Aangesien die infertiliteitservaring 'n groot impak op die huwelik het, is dit belangrik dat die verband tussen prokreasie en vriendskap/saam-wees, verstaan word.

In die berading aan hierdie persone sal aandag geskenk moet word aan 'n teologiese antropologie (Anthonissen 1989:61). Onder hierdie rubriek sal aandag gegee word aan persoon-wees, die mens en die skepping en die mens en verhoudings. Die mens se

persoon-wees gee geleentheid om ondersoek in te stel na die verhoudings waarin die persone staan. Daar kan ook gepraat word oor menslike verantwoordelikheid en hoe dit 'n rol speel in God se plan.

Louw (1998:192 e.v.) lig die volgende aspekte van 'n teologiese antropologie uit: die mens is van God afhanklik en moet vanuit sy/haar verhouding met God verstaan word. Die Skrif spreek die mens aan op grond van sy/haar skepselmatige gerigtheid op God en genade. Die skepselmatigheid van die mens help die persoon met fertiliteitsuitdagings om onder andere te fokus op sy/haar verantwoordelike reaksie en afhanklikheid van God. Deur in die pastoraat aandag te gee aan die elemente geloof, liefde, hoop, dankbaarheid en blydschap word die persoon met fertiliteitsuitdagings se skepselmatige en strukturele gerigtheid op God versterk.

Die persoon met fertiliteitsuitdagings staan in verskillende verhoudings: met mekaar as egpaar binne die huwelik, familie, vriende en mede gelowiges. Elk van hierdie verhoudings kan vanuit die hoek van 'n teologiese antropologie beskryf word. Die doel van berading is juis die grootste mate van bevryding in al die verhoudings en kontekste van die persoon (Clinebell 1984:28). In pastoraat gaan dit om 'n heelheid in alle verhoudings. Wat die huwelik betref het Anthonissen (1989:418) bevind dat daar 'n sterk hiërargiese konsep oor die huwelik heers, asook 'n sterk houding ten gunste van kinders. Seksuele identiteit en seksuele rolle is belangrike konsepte in berading aan hierdie persone rakende hul verhouding. Die persone moet begelei word om vanuit 'n teologiese antropologie hul identiteit te sien in hul persoon-wees en in dissipelskap en nie in die eerste plek in hul ouerskap nie.

Daar is reeds onder die take van die berader daarna verwys dat die persone die vaardighede aangeleer moet word om ander mense op sensitiewe wyse op te voed, rakende die belewenis van egpare met fertiliteitsuitdagings (Worthington 1987:232). Die volgende raad kan aan vriende/familie/medegelowiges gegee word om die situasie op die beste wyse te hanteer (Stigger 1983):

- ♦ Naby vriende/familie kan op sensitiewe wyse navraag doen.

- ♦ Luister na die persone se belewenis van die situasie.
- ♦ Moenie ongevraagde advies aanbied nie.
- ♦ Ondersteun die egpaar.
- ♦ Behou kontak met die egpaar.
- ♦ Moenie bang wees om 'n fout te maak nie. Persone is bewus daarvan wanneer iemand opreg probeer het om te help, maar tog 'n fout begaan het.

6.3.2 Die Christelike Gemeenskap

Egpare probeer verstaan waarom hierdie situasie ontstaan het (Worthington 1987:232). Hulle begin vrae vra oor lyding en pyn en God se rol daarin. 'n Gemeente kan bewus gemaak word van hierdie vrae. Die gemeente kan ook geskool word in al die moontlike reaksies en antwoorde op hierdie vrae. Die gemeente kan begelei word om hierdie vrae sinvol vir hulself en mense met fertiliteitsuitdagings te beantwoord. Dit sal bydra tot die meer effektiewe ondersteuning van die egpaar met fertiliteitsuitdagings. Die gemeente deel immers die verantwoordelikheid vir pastorale sorg met die pastor (Clinebell 1984:27).

Die Christelike gemeenskap het 'n belangrike rol om te speel. Een hiervan is om die egpaar met fertiliteitsuitdagings te help om hulle emosionele gesondheid te behou. Die Christelike gemeenskap moet egter ook 'n rol speel in die vorming van mense se houding teenoor infertiliteit, die aard van die behandeling en alternatiewe vir die biologiese familie eenheid (Vergin 1981:1).

Stigmatisering is 'n ander belewenis van hierdie egpare. 'n Eko-hermeneutiese pastoraat kan hier van groot hulp wees (Muller 1993:349). Daar kan pastorale gesinsterapie met die groter familie gedoen word. Dit aktiveer ter selfdertyd 'n groter steunstelsel vir die egpaar. Die geloofsgemeenskap kan ook 'n groot rol speel. Die breër geloofsgemeenskap moet meer bewus gemaak word van hierdie egpare se behoeftes. Die egpaar moet ook funksioneel aangewend word in die gemeente. Hulle kan op die manier gehelp word om uit die vernietigende sirkel van selfbejammering te ontsnap.

Onderlinge pastoraat is die basis waarop pastorale teologie funksioneer, volgens Heitink (1977:15). Daarom sal die onderlinge pastoraat wat die egpaar met fertiliteitsuitdagings in 'n gemeente beleef, 'n belangrike rol speel in hulle totale pastorale begeleiding. Daar is ook heelwat teksgedeeltes wat hier ter sake is. Byvoorbeeld Romeine 12 en 1 Korintiërs 12.

6.4 Eties-religieuse faset

6.4.1 Etiese vrae

Weens die aard van die behandeling wat persone met fertiliteitsuitdagings ondergaan, kan daar etlike etiese vrae ontstaan. Ramsey (1970) en Fletcher (1974) wys daarop dat daar nie so iets bestaan soos die reg om 'n ouer te wees, of die reg om jou genetiese materiaal oor te dra nie. So 'n "reg" het geen etiese, sosiale, biologiese of godsdienstige basis nie. Tog is dit juis hierdie behoefte om 'n ouer te wees en jou genetiese materiaal oor te dra, wat etiese vrae na vore bring in die pastoraat.

Tegnologiese inmenging in die voortplanting van die mens kan aan die een kant die gevolg hê dat die mens se besef van "geskaphed" as deel van die geskape wêreld verlore kan gaan (Ramsey 1970). Aan die ander kant kan tegnologie 'n mens juis help om menslike verhoudings en verantwoordelikhede opnuut te verstaan (Fletcher 1974).

Die pastor sal aan hierdie sake aandag moet gee. 'n Blote "morele" teologie sal streng by voorgeskrewe etiese sisteme hou. In hierdie geval sal beginsels wat ontdek word presies dieselfde in alle omstandighede toegepas word. Volgens Gillies (1994:17) kan so 'n benadering egter ontrou wees aan die Evangelie. Hierteenoor stel hy 'n "pastorale" teologie. In hierdie benadering gaan dit om die kerk se besorgdheid oor mense en hoe hulle die kompleksiteite van hul lewe moet uitleef.

Pastors moet die konteks van mense se lewens meer in ag neem. Daar moet daarteen gewaak word om een bepaalde beginsel oor byvoorbeeld donor embrio's presies

dieselfde op alle egpare te gaan toepas. Elke egpaar moet gesien word met hulle spesifieke omstandighede in gedagte, sowel as teen die agtergrond van die Evangelie wat 'n mens verplig om God se liefde in die pastorale praktyk in gedagte te hou. Binne so 'n agtergrond sal 'n mens die gebrokenheid van hierdie skepping erken. Dit sal ook vra dat 'n mens met deernis reageer op die behoefte van die egpaar na 'n kind.

Daar kan nie in elke geval gesoek word na die presiese teksboek-antwoord nie (Gillies 1994:17). Elke situasie sal gesien moet word in die lig van die leer van die Bybel en die Evangeliese imperatief van die liefde. In die berading aan egpare met fertiliteitsuitdagings sal die pastor getrou moet bly aan die Skrif. In daardie sin is dit 'n verantwoorde benadering wat nie riglynloos is nie. Aan die ander kant moet die imperatief van die liefde onthou word. Dit sal beteken dat elke situasie met pastorale deernis hanteer word.

6.4.2 Verhouding met die Here

Soos reeds in hoofstuk twee daarna verwys, word die persone se verhouding met die Here ook geraak deur hulle fertiliteitsuitdaging. Sekere opvattinge oor God speel volgens Anthonissen (1994:407) 'n bepalende rol by egpare met fertiliteitsuitdagings. In die temas wat hy tydens berading hanteer, word baie aandag hieraan gegee. Onder die bespreking van die psigologiese temas (hoofstuk 2, paragraaf 5.2) wat in beraad aangespreek word, is reeds daarop gewys hoe die Vaderskap van God benut kan word.

Die berader kan dit oorweeg om in die verbygaan daarna te verwys dat die Here soms situasies gebruik om ons te toets (Worthington 1987:230). Uitdagings soos hierdie kan ook 'n vorm van dissipline deur die Here wees. Hierdie saak moet egter met groot omsigtigheid hanteer word. Dit is moontlik dat die egpaar waarskynlik self al hieraan oorweging geskenk het. Die berader kan oor hierdie aangeleentheid met hulle in gesprek tree. Daar moet egter in gedagte gehou word dat baie egpare wat ongelukkigheid beleef rakende hul beraders, dit beleef omdat die beraders aanneem infertiliteit is die gevolg van een of ander sonde (Stigger 1983). Sommige beraders sien ook infertiliteit as iets wat

die egpaar wil aanspoor tot gebed. Sulke stellings wat gemaak word, moet met groot omsigtigheid hanteer word.

Adams se noutetiese benadering sluit baie nou by bogenoemde gedagtes aan (1980:166). Die term wat vir berading in die Nuwe Testament gebruik word, is die term "nouthesia". Dit verwys daarna dat daar iets verkeerd is in die persoon se lewe (sonde) wat God wil hê moet verander. Die pastor moet hierdie verandering fasiliteer deur gepaste Bybelse verbale konfrontasie. Die verandering word bedoel vir die beswil van die persoon. Die noutetiese benadering sluit aan by 'n hermeneutiese aanpak wat nie soseer wil verklaar nie, maar verbande wil ontdek met die oog op singewing (Louw 1998:23). Daar word verbande gelê tussen iets wat verkeerd is in hulle lewe, hulle probleem en die wil van God vir hulle lewe.

In die geval van egpare met fertiliteitsuitdagings bestaan die wesenlike gevaar juis dat sonde gesien word as die oorsaak vir hulle infertiliteit. Daar is ook reeds daarna verwys dat dit een van die groot redes vir ongelukkigheid met 'n pastor kan wees. Verder het navorsing getoon dat dit 'n onderliggende vrees van sommige egpare is dat sonde uit die verlede die oorsaak vir hulle fertiliteitsuitdaging is (Anthonissen 1994:411). Daarom sal 'n pastor baie sensitiwiteit vir hierdie saak moet toon. Daar moet gewaak word teen 'n noutetiese benadering wat die persoon se godskonsep van God as die Regter wat gereed is om my te straf, verder kan versterk.

6.4.3 Godskonsepte

Louw (1999:342) verwys ook na die belangrikheid van Godskonsepte. Wat gestel word as waar van pastoraat in die algemeen is nog meer waar van pastoraat aan egpare met fertiliteitsuitdagings: daar moet aandag gegee word aan Godskonsepte wat God se deernis en solidariteit met menslike lyding vertolk. Louw (1991) verwys verder na die verband tussen pynlike lewenservaring, menslike verwagtingskemas en Godsvoorstellings wat aandag moet kry (1999:343).

Met die oog op sinvolle en effektiewe begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings, sal die pastor sensitief moet wees vir invloed van hulle lewenservaring en verwagtings op hulle Godsvoorstelling. Die pastor moet ook sensitief wees vir die omgekeerde, naamlik die verband tussen hulle Godsvoorstelling en hulle verwagtingskemas. 'n Konsep van God kan 'n deurslaggewende faktor wees in die individu se geloofsinterpretasie van 'n bepaalde traumatiese lewensituasie, soos byvoorbeeld 'n fertiliteitsuitdaging (vergelyk Van Jaarsveld 2001:135).

Van Jaarsveld (2001:136) wys daarop dat Godskonsepte 'n belangrike rol in lydingspastoraat en geloofsgroei speel. Hierdie sake is albei belangrik in pastoraat aan persone met fertiliteitsuitdagings. Die pastor begelei sy/haar kliënt om ontoepaslike Godskonsepte na toepaslike Godskonsepte te herstruktureer. Ontoepaslike Godskonsepte kan bydra tot angs, depressie, swak selfbeeld en 'n onbevredigende geloofslewe (Van Jaarsveld 2001:247 e.v.). Dit sal belangrik wees om die persoon met fertiliteitsuitdagings te begelei om toepaslike Godskonsepte te herstruktureer. In die lig van die verbondsverhouding met die Here sal sinvolle begeleiding gedoen kan word.

6.5 Evaluering

Die literatuur waarna verwys is, maak 'n mens bewus van die omvattendheid van 'n fertiliteitsuitdaging. Elke faset van die persone se lewe word geraak deur hierdie uitdaging. Dit kan maklik gebeur dat slegs enkele van die fasette aandag geniet omdat die persone dalk self nie bewus is van die uitwerking op al die ander fasette van hul lewe nie. Daarom is dit belangrik dat aan al die ter saaklike temas aandag geskenk word in die pastoraat.

Verdere temas waaraan aandag geskenk moet word, is reeds in hoofstuk twee kortliks bespreek. Dit is naamlik begeleiding van die persone tot 'n groeiende verhouding met die Here en met mekaar as huweliksmaats. 'n Ander belangrike tema wat aangedui is, is begeleiding in die neem van besluite. In hierdie pastorale konteks, in sommige gevalle meer as in ander beradingsgevalle, moet begeleiding gegee word in hierdie verband.

Die persone moet byvoorbeeld besluite neem rakende behandelingsmoontlikhede met bepaalde etiese implikasies. Die behoefte om kinders te hê kan so sterk wees dat dit vir die betrokkenes moeilik is om vanuit bepaalde beginsels te redeneer.

Pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma verleen hom baie goed daartoe om aan al hierdie temas aandag te skenk. Die spesifieke bydrae van 'n verbondgefundeerde paradigma sal wees dat daar in 'n meer omvattende sin en binne 'n breër raamwerk aan hierdie temas aandag geskenk kan word. Die verbondsverhouding waarin die persone tot die Here staan, is die raamwerk waarbinne al die temas van hulle lewe afspeel. Hierdie oorkoepelende tema sal die impak van hul fertiliteitsuitdaging op die ander temas in hul lewe rig in die rigting van groei en roepings/lewensvervulling.

7 SAMEVATTING

Talle beraders het reeds groot bydraes gelewer om egpare met fertiliteitsuitdagings te begelei deur hierdie moeilike fase in hulle lewe. In hierdie hoofstuk is kortliks aandag gegee aan 'n paar beraders se modelle. Sommige werk vanuit bepaalde sielkundige modelle, ander werk vanuit 'n Skrifgefundeerde paradigma. Telkens is op die waarde daarvan gewys. Tog het dit ook elke keer geblyk dat 'n benadering vanuit die verbond van onskatbare waarde sal wees in die effektiewe pastorale begeleiding van egpare met fertiliteitsuitdagings. Enkele voorbeelde waarin die sinvolheid van 'n verbondgefundeerde paradigma gedemonstreer is, is gegee. In die volgende hoofstuk sal in breër trekke aandag gegee word aan die bydrae wat 'n verbondgefundeerde paradigma kan maak tot pastorale begeleiding aan persone met fertiliteitsuitdagings.

HOOFSTUK 4: VERBOND EN PARADIGMAVORMING

1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aandag gegee aan vorige modelle wat gebruik is in die begeleiding van egpare met fertiliteitsuitdagings. Daar is reeds daarna verwys dat die vermoede is dat 'n verbondgefundeerde paradigma vir die pastorale begeleiding van hierdie egpare, baie sinvol en effektief gebruik sal kan word. Vervolgens word ingegaan op die besondere bydrae wat 'n verbondgefundeerde paradigma tot die pastoraat sal maak.

2 WAT WORD BEDOEL MET DIE TERM “VERBOND”?

2.1 Eksegeties en hermeneuties beskou

Na die wese van die religie gaan dit primêr om die vraag na die verhouding tussen God en mens (Strauss 1982). In die Bybel word hierdie relasie van die begin af as “verbond” geteken. Verbond is die mees fundamentele uitdrukking van Bybelse geloof (Brueggemann 1979:115). Verder beskryf Wentsel dit ook as 'n sleutelbegrip in die Skrif (1982:145).

Statisties kom die term verbond 287 maal voor in die Ou Testament en 33 maal in die Nuwe Testament. Die saak van die verbond vorm egter 'n verwysingsraamwerk vir die hele openbaringsgeskiedenis (Wentsel 1982:146). Daar word drie formules vir die verbond in die Ou Testament gebruik (Rendtorf 1998:13): “Ek sal vir jou 'n God wees”, “Jy sal vir my 'n volk wees” en “Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet vir my 'n volk wees”. Trouens, die sin wat die meeste voorkom in die Bybel, is : “ Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees.” (König 1991:14)

In die verbondsgeskiedenis word die volgende sleuteltemas gevind: genade, liefde, belofte, getrouheid, offer en gehoorsaamheid (Atkinson 1985:58). Noag leer van genade (Gen 6:8). Genade wil sê dat God vir hom is uit Sy soewereine vryheid, sonder enige

verdienste van Noag se kant. Abraham ervaar persoonlike gemeenskap met God in sy verbondsverhouding. God noem Abraham op sy naam (Gen 17:5). Hierdie intieme persoonlik dimensie word nog duideliker in die verbondsgeskiedenis met Moses. God vertel vir Moses wat is Sy Naam (Eks 3:14).

Die Tora word gegee as riglyne vir lewe binne die verbondsverhouding. Die motivering vir die gee van die wet, is sodat dit met die volk goed sal gaan (Deut 5:33). Die offersisteem word saam met die Tora gegee. Die offers het die volk herinner aan die aard van hulle verbondsverhouding met God wat hulle uit hul nood gered en nuwe lewe gegee het. Die offersisteem het 'n wyse geskep waardeur hierdie verhouding gesond gehou kon word (Atkinson 1985:60).

Die Wysheidsliteratuur wou mense help om te midde van die pyn en vreugde van die verbondsgemeenskap, opgewasse te wees vir die eise van die lewe (Atkinson 1985:61). Die taak van die wyse man binne die verbondsgemeenskap was om mense te help om 'n goddelike orde in hul lewe en omstandighede raak te sien. Dit kan hul persoonlike soeke tot rus bring.

In die Psalms word die verskillende reaksies gevind van mense wat in 'n verbondsverhouding met God leef. God se getroue liefde vorm die konteks vir die verbondsverhouding tussen Hom en sy volk. Binne hierdie vertrouensverhouding kan die bondeling ook woede en protes uitspreek, soos in die Psalms gevind. Selfs hierdie reaksies is 'n uitdrukking van die bondelinge se vertroue in die God van die verbond (Atkinson 1985:62).

Harbin (1986:258) beweer dat verbondsteologie op 'n swak hermeneutiese basis, wat uit teologiese konstruksie bestaan, gebou is. Volgens genoemde skrywer sien verbondsteologie die doel van die Skrif om die verlossing in Christus te verkondig. Hierdie tema kan egter nie in alle tekste teruggevind word nie. Die tema is minder oorkoepelend as die tema "die eer van God" wat deur dispensasie teologie voorgestel word (Harbin 1986:253). In ag neming van die doel/tema van die Skrif is belangrik in

die hermeneutiek. In die lig hiervan gebruik verbondsteologie dus 'n minder effektiewe hermeneutiese beginsel as byvoorbeeld dispensasie teologie, aldus Harbin.

Dit is egter onjuis om te verklaar dat verbondsteologie die tema/doel van die Skrif slegs sien in die verlossing in Christus. Dit is ook onjuis om te beweer dat verbondsteologie uit teologiese konstruksies bestaan.

Dispensasieteologie gebruik letterlike interpretasie as 'n sterk hermeneutiese basis wat ook dien as kontrolemeganisme. Hierteenoor het verbondsteologie volgens Harbin (1986) minder sterk kontrole meganismes en het probleme om simboliek en profetiese stof te interpreteer (Harbin 1986: 255, 257). Verbondsteologie is onvoldoende om te verhoed dat persone al verder weg beweeg van letterlike interpretasie, wat volgens genoemde skrywer, 'n belangrike hermeneutiese beginsel is.

Die kontrolemeganismes van die Protestantisme word egter ook toegepas in verbondsteologie. Dit sluit in die getuigenis van die Heilige Gees in elke gelowige, die gesamentlike getuigenis van die gemeenskap van gelowiges en die letterlike metode van interpretasie (Harbin 1986:251). Die letterlike- of histories-grammatiese metode van interpretasie speel 'n belangrike rol in verbondsteologie, veral as in ag geneem word hoe belangrik narratiewe gedeeltes in die Skrif met die oog op die verbondsgeskiedenis is.

Simboliek en profetiese stof kan juis ook vanuit hierdie interpretasie metode verstaan word. Daar is talle teoloë wat die verbond in ag neem in hul eksegeese van die Skrif en dit ook met vrug toepas op simboliek en profetiese geskrifte. Vergelyk byvoorbeeld Rendtorf, Atkinson en Brueggemann wat elders in die huidige studie aangehaal word.

Weersprekende stellings word in Harbin se argumentasie gemaak. Aan die een kant word genoem dat verbondsteoloë begin met 'n letterlike of histories-grammatikale hermeneutiese metode (Harbin 1986: 251). Aan die ander kant word verbondsteologie daarvan beskuldig dat dit nie 'n sterk hermeneutiese basis het nie, terwyl letterlike interpretasie juis hoog aangeskryf word. Verder word genoem dat die verbond nie 'n ongeldige konsep is nie en dat dit waarde het om in ag te neem (Harbin 1986: 257). Tog

word verbondsteologie afgemaak as 'n teologie wat op 'n swak hermeneutiese basis gebou is. Vroeër in die paragraaf is reeds verwys na die positiewe gebruik wat verskeie teoloë vir die konsep van die verbond vind. Indien verbondsteologie wel op 'n swak hermeneutiese basis geskoei is, sal sulke teoloë nie veel aandag aan verbondsteologie skenk nie.

2.2 Dogmaties en histories beskou

2.2.1 Definisies

Die rykheid van die verbond, word weerspieël in die talle pragtige definisies wat deur teoloë geformuleer is om die verbond te omskryf. Hier volg enkele voorbeelde:

- ♦ Die verbond verwys na die lewende omgang tussen God en mens in die geskiedenis waarin die God van liefde die inisiatief neem en veg om die behoud van die sondige mensdom, 'n verbond wat alreeds op sy inisiatief volmaakte gestalte gekry het in die unieke verhouding waarin God en mens in sy Seun Jesus Christus staan. (König 1991:14)
- ♦ Verbond is die heelheid van 'n verhouding van gemeenskap, 'n staat van harmonieuse ekwilibrium, die balansering van alle aansprake en behoeftes tussen twee partye. (Von Rad 1957:125)
- ♦ "Die verbond gee die matelose dimensies aan van die diepte van Gods wysheid, die breedte van sy liefde, en die lengte van sy lankmoedigheid en trou. Die ganze openbaring immers, word deur die verbond bepaal, sodat elke tema of lokus in die dogmatiek, 'n verbondsperspektief vertoon." (Heyns 1988:200)
- ♦ Die term "berith" verwys na 'n soewereine en genadige selfverpligting en beskikking van God met betrekking tot sy volk. Hiervolgens lê sy liefde volkome beslag op hulle en verplig hulle tot 'n dankbare lewe voor sy aangesig as 'n geheiligde gemeenskap. (Jonker 1989:179)

2.2.2 Ontstaan en voortbestaan van verbond

Daar is 'n bo-historiese aspek verbonde aan die verbond. Die intertrinitariese verhouding van Vader, Seun en Heilige Gees kan as 'n ewige verbondsverhouding omskryf word

(Heyns 1988:205). Oor die heil van die mens het God Drie-enig reeds in die ewigheid besluit. Jesus verwys in sy gebed in Johannes 17 na die werk wat die Vader Hom gegee het om te voltooi. Van hierdie ewige raadsbesluit van God word ook gepraat as die *pactum salutis*.

Die bo-historiese word in die historiese uitgewerk in die werk- en genadeverbond (Heyns 1988:205). Calvyn het die eenheid van die verbond baie ernstig beklemtoon. Dit is slegs in die bediening daarvan (*administratio*) wat die verskil gesien word (Institusie 2/1-2). Soms word daar ook verwys na ander verbonde in die Bybel, byvoorbeeld die verbond met Noag en die Sinaïtiese verbond. Uiteindelik is dogmatici dit eens dat daar hoofsaaklik sprake is van die werk - en genadeverbond – beide deel van een verbondsgeskiedenis.

In die Bybel geniet God se heilsplan en die genadeverbond die meeste aandag. Tog het die werkverbond ook 'n belangrike betekenis. Wentsel (1982:11 e.v.) wys op agt aspekte waartoe die werkverbond 'n bydrae lewer: Die skepping se selfstandige waarde asook die onverbreekbare eenheid van die mensdom word beklemtoon. Verder toon die werkverbond dat die eerste mens nog nie volmaak was nie en nog op weg was na 'n hoëre staat deur geloof en gehoorsaamheid.

Die mens beklee 'n sleutelposisie in die kosmos en is verantwoordelik vir die geskiedenis. Laasgenoemde, asook hoe ver en diep die mens se skuld strek, word duidelik uit die werkverbond. Die mens voel nog in sy gewete en skuldgevoel die werkverbond aan. Die genadeverbond veronderstel die werkverbond en gryp daarna terug om die mens tot beelddraer van God te herstel. Laastens behou die werkverbond sy kontinuïteit tot in die ewigheid waar die eintlike verhouding van harmonie tussen God en mens sal heers.

2.2.3 God en mens in die verbond

Reeds uit die verbondsformules word duidelik wat in die dogmatiek beskryf word as die monopleuriese ontstaan en die dupleuriese voortbestaan van die verbond (Heyns 1988, Jonker 1988, Schilder 1932). Die verbondsverhouding tussen God en mens word deur God geïnisieer, die verbond word deur God tot bestaan geroep. Daar is egter twee partye betrokke by die verbond: God en mens. Daarom speel die mens ook 'n rol in die voortbestaan van die verbond. Die mens is 'n werklike en verantwoordelike party in die verbond (Schilder 1954).

Die verbondsmens is 'n medewerker van God. Die verbond is 'n *mutua conventio*, 'n wederkerige saamgaan van God en mens. Tog herinner Schilder (1939:319) altyd dat alle verhoudinge in die verbond tussen God en mens deur die ongelykheid van die partye bepaal word. Dit kan egter nie betwyfel word nie dat God die mens in die verbond aanspreek en behandel as werklike en verantwoordelike party. Strauss (1986:139) wys daarop dat die motief van verantwoordelikheid soos 'n refrein weerklink in Schilder se geskrifte. Ander terme wat gebruik kan word om die mens as deelgenoot in die verbond te beskryf, sluit in: gunsgenoot, getroue, vertroude of bondeling (Wentsel 1982:106).

Die mens, as medearbeider van God in die verbond, bevind hom in 'n spanningsveld waar hy onontwykbaar 'n keuse moet maak: of alles, of niks. Dit gaan om God alles en die mens alles of niks. Die verbond het 'n tweesydige karakter met wedersydse aktiwiteit. Dit sluit aan by Schilder se oortuiging dat die verbond altyd aansluit by wat voorhande is, om dit tot verdere ontplooiing te bring (Strauss 1986:140).

Van die begin van die verbondsgeskiedenis is dit duidelik dat God die hele volk, hele gemeente en komende geslagte insluit by die verbond. In pneumatiese sin wil God beslag lê op die enkeling en die gesin, die familie, die stam en die volk (Wentsel 1982:107). Die beloftes wat Abraham ontvang geld nie net vir hom nie, maar ook vir almal wat hy verteenwoordig. Daar is 'n noue band tussen die gedagte van representasie en die van die verbond (Wentsel 1982:109). Die kommunikasie van heil tussen

representant en gerepresenteerde berus nie net op 'n biologiese band nie. Dit berus ook op 'n belofte, 'n genadige beskikking van God.

Die monopleuriese ontstaan van die verbond is egter net so belangrik. Dit bring 'n mens by die verband tussen God se soewereiniteit en die mens se vryheid, die vraag na die verhouding tussen verbond en uitverkiesing. Die konsep van die pactum salutis vervleg die verbondsleer met die verkiesingsleer. Uitverkiesing en verbond is onlosmaaklik aan mekaar verbonde, maar dui verskillende aspekte van God se verhouding tot sy volk aan (Jonker 1989:179). Die uitverkiesing verwys na God se vrymagtige beskikking wat nie gekoppel is aan menslike kwaliteite nie. Die verbond verwys na God wat vir hom 'n volk afsonder met wie Hy in 'n gemeenskap van liefde en trou verkeer.

Aan die een kant geld dieselfde belofte van heil vir alle bondelinge en talle neem dit gelowig aan. Op raaiselagtige wyse is hierdie genade van God egter ook weerstaanbaar en gaan daar ook bondelinge verlore. Jonker (1989) omskryf die verhouding tussen uitverkiesing en verbond as volg: die verbond is die breë bedding waarbinne die smal stroom van die uitverkiesing vloei. Daar moet vasgehou word aan die volle erns en betekenis van God se beloftes. Daar moet egter ook vasgehou word aan die volle erns van die menslike omgang daarmee (Jonker 1989:184).

2.2.4 Die nuwe verbond

In Jer 31:1-3 onderneem die Here om 'n nuwe verbond te sluit met Israel en Juda. By die instelling van die eerste nagmaal sê Jesus: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is." (1 Kor 11:25) In Rom 5:12-21 en 1 Kor 15:20-22 trek Paulus 'n parallel tussen Adam as verteenwoordiger van die mensdom en Christus as verteenwoordiger van die mens. Christus is die gelowiges se verteenwoordiger in die nuwe verbond. Christus het die verhouding tussen God en mens kom herstel sodat hulle in die genadeverbond met mekaar kan saamleef.

Die nuwe verbond het 'n pneumatiese karakter (Wentsel 1982:141). Die Heilige Gees maak die gelowige bereid en gewillig om God met oorgawe te dien. Die Heilige Gees skryf die wet in die harte van die gelowiges en stel hulle in staat om daar volgens te leef. In die Ou Testament word reeds na hierdie belofte verwys in Jer 31:31-34, Eseg 16:60-63 en Joël 2:28-32. Die nuwe verbond is verder ook inter- en bo-nasionaal (Wentsel 1982:142). Alle gelowiges ongeag ras of taal, behoort tot die volk van God (vergelyk byvoorbeeld Ef 2:11-22).

2.2.5 Beloftes en eise

Die beloftes en eise van die verbond is nog 'n belangrike aspek om aan aandag te skenk. Die verbond is 'n testamentêre beskikking waarin God die inisiatief neem vir die ontstaan, voortdurende vernuwing en inhoud daarvan (Heyns 1988:218). Die belofte van die verbond is dat Hy 'n skenkende God is. Hy belowe eerstens Homself. Daarom gee Hy sy Seun Jesus Christus en ook die Heilige Gees op Pinksterdag. Nog 'n aspek van die belofte is dat ook Abraham se nageslag deel is van die verbond. Lede van die verbond word tot 'n volk georganiseer in die Ou Testament en tot 'n kerk in die Nuwe Testament. Die seëninge van die verbond word gemeenskaplik ontvang en geniet (Heyns 1988:218).

God kom in die verbond altyd met vaste beloftes waarop 'n persoon kan reken. Beloftes is egter nie voorspellings nie. God lei die mens deur beloftes, sonder om hom te dril met voorspellings (Schilder 1954:364). By die doopbediening moet die deelhê aan die belofte as uitgangspunt geneem word (Strauss 1986:174). Die doopsformulier verwys na "in Christus geheilig". Schilder verklaar dit dat, kragtens deelgenootskap aan die verbond, het 'n bondeling die reg op die belofte van die regverdigmaking deur Christus. Die doop beseël aan ons die belofte van die verbond. Ons regverdigmaking en heiligmaking wat Christus reeds vir ons verwerf het, wil die Heilige Gees aan ons toeëien. Dit is deel van die verbondsbelofte. Sonder geloof word die beloftes van die verbond egter nie vervul nie. (Strauss 1986:174, 178).

Volgens Hoeksema (1971:67) is die essensie van die verbond egter nie die beloftes daarvan nie. Die essensie is eerder 'n lewende verhouding van vriendskap waardeur God die Vriend is van mense. Die mense is sy vriende/dienaars wat deel in sy teenwoordigheid. Deur genade het hulle sy lewe in hulle en veg hulle vir sy saak in die wêreld. Hierdie gedagte van Hoeksema sluit egter aan by Heyns (1988:218) wat sê dat dit in die verbond daarom gaan dat God eerstens Homself belowe.

Strauss (1986:165) konkludeer dat Schilder van geen voorrang van die belofte bo die eis van die verbond weet nie. Die eis is 'n gelykwaardige deel naas die belofte. Daar bestaan die nouste denkbare verband tussen die beloftes en eise van die verbond. Die verbond kom tot stand deur God se Woord en in die Woord is belofte met eis verbonde. In die verbond vind 'n mens nooit 'n belofte sonder 'n eis nie, en net so nooit 'n eis sonder 'n belofte nie (Schilder 1947:134).

2.2.6 Fasette van die verbondsverhouding

König (1991:15 e.v.) herinner aan al die fasette van die verbondsverhouding wanneer hy daarop wys dat die verbond as volg benoem kan word:

- ◆ 'n historiese verhouding wat gesluit is met mense in die geskiedenis en wat ook gerig is op die toekoms;
- ◆ 'n ongelyke verhouding tussen twee bondgenote wat nie op gelyke voet verkeer nie;
- ◆ 'n wedersydse verhouding waarin albei partye verantwoordelikhede het;
- ◆ 'n genadeverhouding waarin die genadige God aan die mens gee wat hulle nie het nie en waarsonder hulle nie kan klaarkom nie;
- ◆ 'n vaste verhouding omdat God 'n getroue en geduldige God is;
- ◆ 'n korporatiewe verhouding waarin ons gesamentlik opgeneem is.

Verbondsteologie neig om die volgende te beklemtoon: God se liefde, goedheid en genade, Sy nabyheid en die verbondenheid van God en mens (König 1988:357). Verder sal verbondsteologie sterker histories werk as byvoorbeeld koninkryksteologie. Daar is ruimte vir die mens se wesenlike aandeel in die vorming van die geskiedenis. Meer

ruimte word in die verbondsteologie gelaat vir die “weerloosheid” van God en sy nuwe inisiatiewe. Onderlinge verbondenheid van mense speel ook ‘n belangrike rol (König 1988:358).

König (1988) vergelyk die verskil in klem tussen koninkryksteologie en verbondsteologie:

Koninkryksteologie	Verbondsteologie
Regverdiging	Heiliging
Heerskappy en oorwinning van Christus	Werk van Heilige Gees
Kerk as regsinstituut	Kerk as liefdesgemeenskap

Die verbondsbenadering het besondere waarde om God se nabyheid en liefde te beklemtoon (König 1988:360). Verder beklemtoon dit ook die volgende sake, wat van besondere waarde is: die nuwe lewe waaraan Christus ons nou deel gee, die gemeente as liefdesgemeenskap en die gemeentebyeenkomste as spontane gemeenskap met God en onderlinge diens aan mekaar. Die gevaar bestaan egter dat die liefde van God eensydig beklemtoon kan word ten koste van Sy heiligheid.

2.2.7 Ander teoloë se benutting van die verbond

2.2.7.1 Bavinck

Onder die opskrif “Over de weldaden des Verbonds” behandel Bavinck (1967 Deel 3:482 e.v. en Deel 4:1-257) die volgende sake: Die heilsorde, roeping en wedergeboorte, geloof en bekering, regverdigmaking, heiligmaking en volharding. Uit genoemde indeling kan opgemerk word dat Bavinck verskeie aspekte van die geloofslewe sien as weldade wat die gelowige toeval uit die grondslag van die verbond. Ter wille van beperkte ruimte gaan slegs enkele aspekte hiervan uitgelig word.

Die verbond van genade gaan die heilsorde vooraf en vorm die uitgangspunt daarvan (Deel 3:521). Reeds in die pactum salutis het Christus as Middelaar die goddelose se plek ingeneem (Deel 4:198). Jesus Christus se geregtigheid word ook al die bondgenote

se geregtigheid. Net soos die verwerping van die saligheid “verbondsgewijse” plaasvind, moet ook die toepassing daarvan “verbondsgewijse” plaasvind (Deel 4:521). Persone wat tot bekering kom moet dus nie individualisties gesien word nie, maar as verbondsgenote wat deel word van die gemeente.

Die verbondsverhouding het ‘n uitwerking op die verbondsvolk se lewe. Op grondslag van die verbond is die volk verplig om in opregtheid voor God te leef, en Sy geboorte te onderhou (Deel 3:486). Die verbondsverhouding hang egter nie van wetsonderhouding af nie, maar berus op God se verkiesende liefde. Die verbond van genade word gedra deur die verbond van die natuur (Deel 4:2). Christus, die Middelaar van die verbond, is ook die Logos deur Wie alles geskep is. Hy verlig elke mens, want God laat Hom nie “onbetuig” aan die mens nie. (Vergelyk byvoorbeeld Ps 19:2-4, Rom 1:19-21, en so voorts.)

In die wyse waarop Bavinck die verbond hanteer, kan gesien word welke belangrike rol die verbond in die pastoraat moet speel. Die weldade wat deel van die verbond vorm (vergelyk vorige paragrawe), is belangrik vir die groei en ontwikkeling van die gelowige. Die “verbondsgewijse” toepassing van die saligheid beïnvloed die wyse en die ruimte waarbinne pastoraat toegepas word. Dit laat byvoorbeeld die klem val op pastoraat binne ‘n verbondsgemeenskap.

2.2.7.2 H. Berkhof

Berkhof verkies om nie te praat van die Drie-eenheid nie, maar eerder van ‘n verbond tussen Vader, Seun en Gees (1975:348). Die verbond tussen Vader, Seun en Gees waarvan by Berkhof sprake is, is egter geheel anders as die ewige verbondsverhouding tussen Vader, Seun en Gees wat Heyns (1988:205) omskryf. Heyns praat immers van die “intertrinitariese” verhouding tussen Vader Seun en Gees, ‘n begrip wat Berkhof glad nie wil gebruik nie.

Verder lê Berkhof klem op die verbond as gemeenskap (1973:356 e.v.). Deelname aan die verbondsgebeure kan slegs in sy totaliteit in 'n gemeenskap beleef word, waar elkeen op mekaar steun en mekaar verryk (1973:357). In die kerk gaan dit om deelname aan die verbondsgebeure, wat die werk van die Heilige Gees is (1973:363). Die aktiwiteite van die kerk beoog om dit wat in die geskiedenis plaasgevind het in Israel en in Christus, deur tyd en ruimte voort te plant. Hierdie aktiwiteite omskryf Bavinck in terme van 9 elemente (1973:364 e.v.): onderrig, doop, preek, gesprek, nagmaal, diakonia, erediens, amp en kerkorde.

'n Sleutelgedagte uit Berkhof se teologie waarby aangesluit kan word met die oog op 'n verbondgefundeerde paradigma vir pastoraat, is dat dit in die kerk om deelname aan die verbondsgebeure gaan. Die geloofsgemeenskap se saamwees lê in die verbond, in die aktiwiteite van die gemeente gaan dit om die verbond. In pastoraat gaan dit ook om die voortplanting van die verbondsgebeure deur tyd en ruimte.

2.2.7.3 **Berkouwer**

Die Here gee reeds in die Ou Testament die belofte van 'n nuwe verbond (vergelyk byvoorbeeld Jeremia 31: 33). Die verwagting van die nuwe verbond is dat God se wette in die mense se hart geskryf sal staan en dat die een persoon nie meer die ander hoef te leer om die Here te dien nie, hulle sal elkeen die Here dien. Berkouwer (1976:215) pas hierdie belofte van die nuwe verbond onder andere toe op die kerk. Gelowiges se kommentaar op die kerk en hulle klem op groter deelname is nie geleë in rebellie teen die ampte vandie kerk nie. Dit kan eerder gesoek word in die belofte rakende die nuwe verbond. Gelowiges sal al meer die Here dien en nie net afhanklik van byvoorbeeld die ampte wees om die Here te dien nie. Die beloftes rakende die nuwe verbond, wat waar geword het in Jesus Christus, kan baie goed in pastoraat benut word.

Jesus Christus, die Middelaar van die verbond, kom herstel nie net die verhouding tussen God en mens nie. Berkouwer (1957:195) merk op dat in die herstelde verhouding met God ook die nuwe verbondenheid met die naaste geleë is. Dit gaan nie om individue

wie se verhouding met God herstel word en daarna word hulle in 'n gemeenskap saamgevoeg nie. Die verhouding tot die mede-mens is deel van die wesenlike van menswêes volgens God se bedoeling. Hoewel Berkouwer nie die term “verbondsgemeenskap” hier gebruik nie, is dit presies waarna verwys word. Die gelowige word ingebind in 'n verbondsgemeenskap wat saam die Here dien.

2.2.7.4 Becker

Becker (1965) het met verwysing na verskillende aspekte van die verbond, aangetoon dat die verbond soos gevind in die Skrif, gebruik kan word as basis model vir pastorale verhoudings. Hy toon belangrike riglyne aan wat benut kan word in die uitwerk van 'n verbondsmatige model vir pastoraat. Daar is ook heelwat aspekte rakende die verbond waarna Becker nie in sy geskrif verwys nie, waaraan groter aandag geskenk sal moet word. Daar sal byvoorbeeld aandag geskenk moet word aan verbond en koninkryk, en verbond en soteriologie en pneumatologie, om maar 'n paar te noem.

2.2.7.5 Brueggemann

Brueggemann (1979:115) beskryf die verbond as die mees basiese verhouding waarin die mens tot God staan. Hy sluit aan by die werk van 'n pediatriese sielkundige, Winnicot, in sy navorsing oor die vorming van die band tussen baba en moeder. Die verbond sluit volgens hom aan by hierdie primêre menslike verhouding tussen moeder en baba. Net soos die baba die vaardigheid moet aanleer om hom/haarself te handhaaf en soms toe te gee, kan die mens binne die verbond ook leer om hulself volkome oor te gee, maar ook om met God te worstel soos die Psalmdigters en ander Bybelse figure.

2.2.7.6 Calvyn

Die term “verbond” figureer nie prominent in Calvyn se werke nie. Die verbond is ook nie die leidende beginsel in Calvyn se institusie nie. Beteken dit noodwendig dat verbondsteologie vreemd aan hom sal wees? Indien gekyk word na 'n paar belangrike

sake wat deel vorm van die verbond, blyk dit egter dat Calvyn nie hiervan verskil het nie (Helm 1983:66).

Die verbond tussen God die Vader en God die Seun. In sy Institusie word hierdie saak so gestel: "Aangesien die Middelaar in elk geval in al die eeue, selfs toe die wet nog nie afgekondig was nie, nooit sonder bloedvergiëting belowe is nie, lei ons daaruit af dat Hy in die ewige raadsplan van God bestem was om die mens se onreinheid te reinig... Wanneer ons verneem dat Christus eintlik deur God daarop aangewese was om hulp aan ellendige sondaars te bied" (p 617) Johannes 17 is 'n teksgedeelte wat graag deur verbondsteoloë gebruik word rakende die verbond tussen Vader en Seun. In sy kommentaar op die Johannes evangelie blyk dit ook dat Calvyn verwys na die onskeidbare verbintenis tussen die werk van die Vader en die Seun. Die leerstelling van die ewige verbond van verlossing, wat later in die verbondsteologie ontwikkel is, word dus ook gevind in Calvyn se werke.

Die federale beginsel. Hier kan veral gekyk word na Calvyn se siening van die verhouding tussen Adam en sy nageslag asook sy siening van die sogenaamde werk- of natuurverbond. Gereformeerde teoloë het twee sienings oor Adam en sy nageslag afgelei uit Calvyn se werke. Aan die een kant blyk dit dat Calvyn Adam sien as die wortel van die mensdom. Die mensdom het uit hom ontstaan (vergelyk Institusie II, hoofstuk I, paragrawe 6 en 7). Aan die ander kant stel hy dit ook dat Adam aangestel is deur God as die een wat die mensdom verteenwoordig (Calvyn se kommentare op Romeine 5 en 1 Korintiërs 15).

Uit Calvyn se kommentaar op 1 Korintiërs 15 en Romeine 5 blyk dat hy niks ontken wat die verbondsteoloë later in meer volledigheid uitwerk nie: die toets van Adam as federale hoof deur 'n goddelike opdrag, die bedreiging van straf en die belofte van beloning vir gehoorsaamheid (Helm 1983:75).

Die verbond van genade. Calvyn het duidelik geleer dat daar een verbond van genade is, een Middelaar van die verbond, Jesus Christus, en twee bedelings waaronder die genade

gegee is. Die titel van die tweede boek van die Institusie is immers: “Kennis van God, die verlosser in Christus, wat eerste aan die vaders onder die wet en daarna ook aan ons in die evangelie geopenbaar is.”

Calvyn se geskifte toon nie teologiese materiaal wat weerspreek wat later deur verbondsteoloë in groter besonderheid uitgewerk is nie. ‘n Mens sou tog kon vra waarom Calvyn nie eksplisiet meer aandag aan die verbond geskenk het nie. Verskeie faktore het daartoe aanleiding gegee dat ‘n verbondsteologie na vore gekom het.

Ander teoloë binne die reformatie wat al meer aandag gegee het aan die verbond, het dit al meer prominent laat figureer. Byvoorbeeld Bullinger, Zwingli en Olevianus. Verder was die Arminianisme ook ‘n stimulus om meer aandag aan die verbond te gee. Arminianisme lê klem op die mens se vrye wil wat die verlossing kan dwarsboom. Maar as God die Vader ‘n ewige verbond met Christus aangegaan het om die uitverkorenes te verlos, hoe kan dit faal? Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat Calvyn wel met verbondsbegrippe gewerk het, hoewel die verbond nie so eksplisiet aandag kry in sy werke nie.

2.2.7.7 Kuyper

Kuyper (1906:47) maak die onderskeid tussen inwendige en uitwendige verbond. Baie persone behoort uitwendig tot die verbond, maar nie almal is inwendig deel van die verbond nie. ‘n Gereformeerde teoloog kan volgens hom nie van net die uitverkiesing of net die verbond praat nie (1906:48) . ‘n Teoloog sal in sy/haar beskouing uitgaan van die Ewige Raad van God en by die uitverkiesing begin of eindig. In sy/haar behandeling van persone sal die uitgangspunt egter in die verbond geneem word en van daar na die uitverkiesing beweeg word.

Kuyper (1906:61) herinner daaraan dat die verbond uit twee dele bestaan: Die eerste deel is die aanbidding van die volle evangelie. Die tweede deel stel die eis tot ‘n heilige lewe en ‘n vloek oor sorgeloosheid en goddeloosheid. Beide dele is altyd ter sprake. Die uitverkiesing word duidelik in ‘n “heiligh en godzaligh leven”. Die Woord stel dit

duidelik dat dit nie die hoorders van die Woord is wat salig is nie, maar die daders van die Woord.

‘n Belangrike aspek waarop Kuyper die aandag vestig, is dat die verbond ‘n persoon nie onverskillig kan maak nie. In pastoraat vanuit ‘n verbondgefundeerde paradigma moet onder andere aandag aan verbondsherstel gegee word. Die persoon wat aanmeld vir pastorale hulp word begelei na groei in sy/haar verhouding met die Here en/of ook om die verhouding weer te herstel. ‘n Verbondgefundeerde paradigma maak erns met die lewenstyl wat pas by ‘n bondeling. ‘n Verbondgefundeerde paradigma lê egter juis ook klem op genade – die genade om in ‘n verbondsverhouding met die Here te lewe.

2.2.7.8 Louw

Louw (1998:95) sien dat die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens ‘n spesifieke karakter kry in die pastorale ontmoetingsgebeure. Die verbondsmatige ontmoeting kry die karakter van sensitiewe nabyheid en daadwerklik troos. In hierdie pastorale ontmoetingsgebeure gee heilskonkretisering gestalte aan die sorgkonsep. Geloof word ook in hierdie ontmoetingsgebeure ontwikkel in terme van ‘n teologiese antropologie tot spirituele volwassenheid. Louw gebruik egter die eskatologiese perspektief as teologiese fokus- en interpretasiepunt (1998:30) wat die karakter van die God-mens-ontmoeting deurslaggewend bepaal. Hiervolgens het die verbondsverhouding met God ‘n invloed op pastoraat, maar dit is nie die paradigma waaruit gedink word oor die God-mens-ontmoeting nie.

2.3 Sentripitale en sentrifugale aspekte van die verbond

Die verbond word soms beskryf as ‘n kontrak tussen God en mens. Die verbond is egter ook meer as en juis in belangrike opsigte anders as ‘n kontrak. Die verbond is nie ‘n koue juridiese kontrak tussen God en mens nie (Strauss 1982:235). In die verbond gaan dit om ‘n verhouding tussen God en mens. In hierdie verhouding word bepaalde beloftes deur God gegee en bepaalde verantwoordelikheid van die mens gevra. Dit gaan egter nie om verdienste en beloning nie. Dit gaan eerder om ‘n lewende verhouding van

vriendskap waar die mens deur God se genade Sy lewe in hom/haar het (Hoeksema 1971:65).

Die verbond herinner ons daaraan dat ons hele lewe afhanklik is van ons verbintenis aan God. Hy behou die inisiatief in ons lewens en wens vir ons meer goed as wat ons vir onself wens (Brueggeman 1979:116). Hierdie verbintenis aan Iets en Iemand groter as onself, verryk en verdiep ons lewe in alle omstandighede, en veral in omstandighede van pastorale nood. Om deel te wees van die verbond, is om gewortel te wees (Brueggeman). Die wyse waarop 'n mens se ego vorm, werp bepaalde lig op die verbondsverhouding met God (Brueggemann 1999:5 e.v.). 'n Pediatrisie sielkundige, Winnicot (1965), het uit sy waarnemings en studies tot bepaalde gevolgtrekkings gekom rakende die vorming van 'n jong kind se ego en die invloed daarvan op die res van die persoon se lewe. Die band tussen moeder en baba speel 'n belangrike rol in die vorming van die ego.

Aanvanklik is die baba onder die indruk dat die ander, die moeder, bestaan om in al sy/haar behoeftes te voorsien. Mettertyd leer die baba dat die moeder 'n lewe buite sy/haar eie klein wêreld het en dat hy/sy 'n eie gedefinieerde self is, wat kan funksioneer sonder die moeder se konstante insette. In die proses leer die baba die vaardighede aan om soms hom/haarself te handhaaf ("assert") en soms toe te gee ("yield"). Hierdie twee vaardighede is belangrik in alle verhoudings met ander.

Binne die verbondsverhouding speel hierdie vaardighede, asook die vorming van die ego 'n belangrike rol (Brueggemann 1995:5 e.v.). Indien 'n persoon nie geleer het om in welwillendheid oor te gee, en met moed hulself te handhaaf teenoor die moeder nie, gaan dit die verhouding met die Ander, met God, beïnvloed. Verbond verwys daarna dat 'n persoon in selfoorgawe hulself opgee vir die Ander. Verbond vra dat 'n persoon verby hul self-besorgdheid beweeg na die onbeskryflike genade en ontsagwekkendheid van God. Deel van 'n verbondsverhouding beteken om die vaardigheid en sensitiwiteit aan te leer om beide die moed te hê om jou saak ernstig te stel (in klaagliedere en worsteling met God) en die genade om jouself oor te gee aan die Ander (in lofprysing en gehoorsaamheid aan God).

2.4 Betekenis van die verbond vir pastoraat

2.4.1 Bydrae tot pastoraat

Bogenoemde inleidende opmerkings rakende die verbond, toon reeds die potensiaal wat in 'n verbondgefundeerde paradigma vir pastoraat sal lê. Uit hierdie paragrawe is dit reeds duidelik dat 'n verbondgefundeerde paradigma, veral weens die volgende redes, 'n spesiale bydrae met betrekking tot pastoraat sal lewer:

- ◆ Dit sluit aan by een van die sleuteltemas in die Bybel (Wentsel 1982:146).
- ◆ Pastoraat kan binne 'n breë raamwerk plaasvind.
- ◆ Hierdie verbondsverhouding tussen God en mens is die mees basiese verhouding waarin die mens staan (Brueggemann 1979:115).
- ◆ Die Godsbegrip wat in die verbond ter sprake is, lewer 'n spesiale bydrae.
- ◆ Antropologie word vanuit 'n spesifieke hoek belig, met belangrike gevolge vir pastoraat. Vergelyk byvoorbeeld die twee kante van die verhouding wat in paragraaf een belig is: die verantwoordelikheid en tegelyk die afhanklikheid van die mens (Schilder 1939:319).
- ◆ Die verbond sluit aan by 'n primêre menslike verhouding: die verhouding tussen moeder en baba (Brueggemann 1999:5).
- ◆ Die geborgenheid van die verbondsverhouding spreek pastorale behoeftes by uitstek aan.
- ◆ Die verbond spreek die huidige gelowige aan, maar hy/sy vorm ook deel van die verbondsgemeenskap van die verlede en die toekoms (sy/haar nageslag) (Wentsel 1982:109). Met die oog op egpare met fertiliteitsuitdagings is hierdie aspek van komende geslagte veral ter sake.
- ◆ Die verbond lê bepaalde aksente wat verskil van ander benaderings.

König (1988:360) herinner aan die besondere klem wat vanuit 'n verbondsbenadering gelê word – iets wat ook van groot waarde in die pastoraat is. God se nabyheid en liefde kan veral vanuit 'n verbondsmatige benadering beklemtoon word.

Verder lê verbondsteologie veral klem op die volgende: heiliging, die nuwe lewe waaraan Christus ons nou deel gee, die werk van die Heilige Gees, die gemeente as liefdesgemeenskap en die gemeentebyeenkomste as spontane gemeenskap met God en onderlinge diens aan mekaar. Die Here se bemoeienis met en betrokkenheid by die mens word veral duidelik in die verbondsverhouding.

2.4.2 Sleuteltemas in verbondsgeskiedenis

Bepaalde sleuteltemas wat in die verbondsgeskiedenis voorkom, toon ook die spesifieke klem wat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma gelê sal word (Atkinson 1985:58). Sleuteltemas wat in die verbondsgeskiedenis gevind word, kan binne pastorale konteks baie vir gelowiges beteken. Hierdie temas sluit in: genade, liefde, belofte, getrouheid, offer en gehoorsaamheid. Die intieme persoonlike dimensie wat van die begin af 'n deel vorm van God se verbondsomgang met die mens, bied troos en sekuriteit in die lewe van die gelowige.

Die godsbegrip waarmee vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma gewerk word, sal 'n bepaalde klem lê. In die verbond gaan dit om die skenkende God (Heyns 1988:218). Persone met fertiliteitsuitdagings kan God juis beleef as die Een wat weerhou – Hy “weerhou” 'n nageslag van hulle. Die verbond herinner egter juis aan wat God gee. Hy belowe eerstens Homself. Hy gee Homself aan hulle, ook binne hulle bepaalde omstandighede. In die verbond kom God altyd met vaste beloftes waarop 'n persoon kan reken, ook die persone met fertiliteitsuitdagings.

2.4.3 Rol van pastor

Die wyse in die verbondsgemeenskap het 'n belangrike rol gespeel om verbondsmense te begelei in hul hantering van die eise van die lewe (Atkinson 1985:61). Die pastor speel 'n belangrike rol as fasiliteerder in die ontdekking van die antwoorde op lewensvrae. Oates (1974:61) verwys ook na die rol van die pastor as 'n “tebunah” – 'n man van insig. Hy moet kan onderskei tussen die dinge wat saak maak en wat nie. Wysheidsliteratuur,

wat in die verbondsgemeenskap 'n belangrike rol gespeel het, kan met vrag in die pastorale begeleiding van die gelowige benut word.

Pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma sal beteken dat 'n pastor bepaalde woordeskat sal gebruik. Begrippe soos "Bondgenoot", "Gunsgenoot", "Vertroude" en "Bondeling" sal 'n bepaalde karakter verleen aan die pastorale verhouding (vergelyk Wentsel 1982:106). Terme soos hierdie moet nie net binne die pastorale situasie gebruik word nie, maar moet ook bewustelik deel word van die geloofswordeskat van die persoon wat begelei word.

2.4.4 Mikpunte vir pastoraat

Oates (1974:9) stel die volgende mikpunte vir pastoraat: om persoonlikheids groei en – ontwikkeling te stimuleer, om mense te help om hulle lewenspatroon aan te pas en om kameraadskap en wysheid te bied aan mense wat om wysheid te deel met mense wat die verliese en teleurstellings van die lewe ervaar het. Die doel van pastoraat kan ook gesien word as die verkryging van insig deur 'n dinamiese verhouding met die persoon wat berading benodig (Hiltner 1949:95). Clinebell (1984:103) lê weer klem op pastoraat as die fasilitering van geestelike heelheid. Hiervolgens is een van die kern take om mense te help om geestelike genesing en groei te ervaar.

Pastorale mikpunte sal egter beïnvloed word deur 'n verbondsmatige benadering. Sommige van hierdie mikpunte sluit aan by bestaande teorieë, ander mikpunte bring 'n nuwe dimensie na vore. Die mikpunte vir pastoraat sal as volg wees:

- ♦ Die herstel van die verbondsverhouding tussen die persoon wat aanklop om hulp en God (De Klerk 1985:37).
- ♦ Begelei die persoon hoe om troos, krag en energie te put uit die rykheid van die verbondsverhouding.
- ♦ Leer die persoon spesifieke vaardighede aan wat pas by 'n persoon wat in 'n verbondsverhouding met God staan.

- ♦ Werk met 'n bepaalde klem in die Godsbegrip naamlik God as Vader, Vriend en Koning.

Die persoon wat pastoraal begelei word, sal bepaalde vaardighede aanleer wat nie vanuit 'n ander paradigma aangeleer sou word nie. Hierdie vaardighede behels in die eerste plek om die besonderheid van die verbondsverhouding te besef en uit te leef. Hierdie verhouding met God behels moed en vertroue. Die persoon moet begelei word om werklik oor te gee aan God, in volle vertroue. Die persoon moet egter ook begelei word om die moed te hê om met die Here te worstel oor hul omstandighede.

2.4.5 Fasette van verbondsverhouding

Die verbond herinner aan die *verbintenis* met God, die totale afhanklikheid van Hom. Die verbond vra dat 'n persoon by hom-/haarself verby beweeg na God se onbeskryflike genade en sy ontsagwekkendheid (Brueggemann 1995:5). Pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma sal die persoon begelei om weg te beweeg van hulself, hul bekommernisse en drome. Die persoon moet na die Groot Ander in sy/haar lewe beweeg.

Die persoon leer tydens die pastorale begeleiding van die *verskillende fasette* van hierdie verhouding met die Ander. Die persoon moet aan die een kant leer om heeltemal aan God oor te gee, om afhanklik en vol vertroue te wees dat God meer goed vir hom/haar wens as wat hy/sy self wens. Aan die ander kant moet die persoon ook leer om die moed te hê om hul saak ernstig voor God te stel. Hulle kan soos die Psalmdigters hulle hart met erns voor die Here uitstort, met Hom worstel oor die uitdaging wat nou voor hulle lê.

Verbondsmatige pastoraat lei gelowiges tot oorgawe aan die Verbondsgod in lofprijsing en gehoorsaamheid (Brueggemann 1995:5). Dit help mense ook om die moed te hê om in klaagliedere hulle saak voor die Here te lê en met erns te stry tot die God van die verbond hulle ook weer in hul uitdaging kom ontmoet het.

Ander vaardighede wat die persoon sal aanleer, sluit die gebruik van 'n nuwe woordeskat in. 'n Verbondswordeskat word gebruik in die pastoraat en moet deel word van sy/haar geloofswordeskat sodat dit ook sy/haar denke beïnvloed. Die persoon leer ook 'n bepaalde denkpatroon oor God aan. God is die Skenkende God van die verbond – die God wat belowe wat Hy vra en vra wat Hy belowe.

'n Belangrike element van die verbondsverhouding is dat die Here Hom nie net met die individu verbind nie, maar ook met almal wat hy/sy verteenwoordig. Om te deel in die verbond is om te deel in 'n *verbondsgemeenskap*. Hierdie gemeenskap sluit nie net huidige medegelowiges in nie, maar ook die verbondsgemeenskap uit die verlede en die toekoms. Die terapeutiese waarde om deel te vorm van 'n lang verbondsgeskiedenis, van geslagte gelowiges wat die Here ervaar het as die getroue Verbondsgod, kan uitgelig word.

Die Here sluit egter ook komende geslagte in by die verbond (Wentsel 1982:107). Laasgenoemde sal veral van groot waarde wees in die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. Dit is nie net die biologiese band tussen die bondeling en sy/haar nageslag waarop die gedeelde seën en eise van die verbond berus nie. Dit berus ook op die genadige beskikking van God. Die persone kan begelei word om die nageslag waarop hulle hoop te sien as deel van die verbond. Ook hierdie potensiële nageslag kan deel in die beloftes en eise van die genadeverbond.

2.4.6 Doelwitte in die gelowige se lewe

Laastens blyk dat verbondsmatige pastorale begeleiding veral die volgende doelwitte in 'n persoon se lewe wil bereik:

- ◆ 'n Nuwe, verrykte belewenis van hul verhouding met God waar hulle geleer het om te vertrou en te worstel (Vergelyk Brueggemann).
- ◆ 'n Gevoel van sekuriteit binne so 'n besondere verhouding.

- ◆ Troos en hoop met die oog op die toekoms saam met die Verbondsgod wat ook die toekoms insluit by Sy beloftes.
- ◆ 'n Nuwe siening van hulself as rolspelers binne die verbondsgeskiedenis (Vergelyk Schilder).

In die volgende paragrafe sal in groter besonderhede ingegaan word op die spesifieke bydrae van die verbond ten opsigte van belangrike temas in 'n pastorale model.

3 KATEGORIALE KEUSEMOONTLIKHEDE VIR BASISTEORETIESE VERTREKPUNTE

3.1 Bipolariteit

Heitink sien die mens in 'n bipoëlêre spanningsverhouding teenoor God: God het die mens nodig en die mens het God nodig (Rossouw 1983:34-35). Daar is egter nie ruimte vir 'n bipoëlêre spanningsverhouding tussen God en mens binne die kader van die verbond nie (Janse van Rensburg 1996:157). Die genadeverbond verteenwoordig die Here se getroue guns ten spyte van sy volk se ontrou en sonde. Die mens kan nie 'n gelykwaardige vennoot met God in die verbond wees nie (Vriezen 1966:183).

Selfs die mens se reaksie op God se inisiatief is die genadewerking van God (Ef 2:8). In die lig hiervan is Bonhoeffer (1985:30-32) se waarskuwing verstaanbaar dat die taak van die pastoraat nie is om mense goed oor hulself te laat voel en hul karakter te bou nie. Die taak van die pastoraat is eerder om mense in nood met die lewende Woord in verbinding te bring.

Wanneer die verbond as genadige ingryping van God op die sondeval nie verreken word nie en die aanknopingspunt by die mens as skepsel gevind word, word die menslike potensiaal vooropgestel (Allen 1986:180-182). So 'n benadering lei tot 'n optimistiese oorskatting van die mens se vermoë om tot sy eie genesing by te dra (Janse van Rensburg 1996:158). Waar die verbond egter korrek figureer (Lindijer 1979:22-24) kan die pastorale riglyne vir skuldbesef en berou deurgetrek word.

Die organiese saambinding van gelowiges in die verbond veronderstel ook die element van onderlinge tug en vermaning (Woelderink 1974:85-86). Verbondsbreuk word ervaar as 'n saak van smart (Psalm 32 en 51). Verbondsherstel bewerk vreugde en herstel (De Klerk 1985:85-86). Bevryding van skuld kan binne die pastorale gesprek 'n vieringsgeleentheid word. Die genadeverbond maak dit moontlik en noodsaaklik om die skuld las by die kruis af te werp en vergifnis te ervaar (Janse van Rensburg 1996:158).

Die gesprek oor skuld is gepas en voordelig binne die beskerming van die verbond. Die gevaar vir eensydigheid is egter wesenlik waar die korrekte teologiese fundering vir die verbond ontbreek in 'n pastorale model (Janse van Rensburg 1996:159). Vergelyk byvoorbeeld Jay E Adams wat alle psigiese steurnisse vanuit die sonde verklaar (Adams 1973:1-19, 1980:166). Die regverdiging word byna tot veranderingsprinsipe *ex opera operata* verhef.

Clinebell (1987:51-52) aan die ander kant, bied 'n meer korrekte aksent. Hy plaas 'n gesonde korrektief op die grenslose vertrouwe in die mens se vermoëns. Die mens se sondigheid en onvermoë word volledig verreken. Terselfdertyd word die menslike verantwoordelikheid as deel van die dupleuriese bestemming van die verbond nie verabsoluteer of gerelativeer nie (Janse van Rensburg 1996:159). Dit toon die korrekte interaksie tussen God en mens. Die verbond is die kader waarbinne so 'n wisselwerking kan plaasvind.

Christus as verbondshoof maak dit alles op 'n besondere wyse waar. Die spanning en afstand tussen God en mens word finaal versoen deur Jesus Christus – die vervulling van God se verbondsbeloftes. Die spanning tussen God en mens word tot 'n intieme verhouding omgebuig – 'n hemelse Vader wat vir sy kinders wil sorg (Janse van Rensburg 1996:159).

3.2 Verandering

Pastorale begeleiding beteken onder andere begeleiding tot geestelike heelheid in die Gees (Clinebell 1984:103). Hierdie begeleiding behels verandering ten opsigte van die volgende ses aspekte: opwekking van die verstand, verkwikking van die liggaam, vernuwing en verryking van intieme verhoudings, verdieping van die verhouding met die natuur, groei in verhouding met belangrike instellings in 'n persoon se lewe en verdieping en verlewending van 'n persoon se verhouding met God (Clinebell 1984:31).

Pastoraat het ten doel om die belofte van 'n nuwe werklikheid in die lewe van mense konkreet te maak (Jane van Rensburg 1996:156). Die begrip "metanoia" speel hier 'n belangrike rol. Metanoia verwys na 'n wegkeer van die sondige verlede en 'n positiewe toekoms na die toekoms (Louw 1993:59). Woelderink (1974:127) verklaar dat in die verbond "bereikt de mensch als beeldrager Gods zijn bestemming, hier hebben we eerst te doen met de leven des Geestes."

Integrasie en heelheid kan gesien word as die mikpunte van verandering. Dit is geen statiese mikpunte nie, maar deel van die pelgrimstog deur die lewe (Gerkin 1984:146). Nie alle verandering is moontlik of wenslik nie. Verandering moet die voortgaande bewussyn van die historiese geworteldheid van die individuele en die korporatiewe bewaar. Die gelowige vorm deel van 'n groter "korporatiewe groep" - die verbondsvolk. Hierdie vervlegtheid van die individuele gelowige met sy/haar mede bondgenote moet in ag geneem word in die verandering wat in en deur pastoraat bereik wil word. Verandering behoort nie net die individuele gelowige te raak nie, maar ook die verbondsvolk. Die self is volkome afhanklik van die hoop op 'n ekologie van getransformeerde verhoudings. Verandering moet hierdie bewussyn bewaar (Gerkin 1984: 155).

Kreatiewe transformasie verg lyding en wag op die werk van die Gees. Beide die berader en die kliënt ly op weg na verandering, terwyl hulle wag vir die vrugte van verandering. Hierdie lyding behels onder andere lyding omdat private aspekte van die persoon se lewe ontbloot word. Relevante temas in die berader se lewensverhaal kan

ook bots of aansluit by temas in die kliënt se verhaal. Tog, versterk deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees, kan verandering plaasvind wat lewens transformeer. Hierdie verandering vind plaas in en deur die beradings-verhouding. Die berader en die kliënt het albei die hoop op voortgaande kreatiewe verandering en uiteindelik die finale groot verandering met die wederkoms van die Here Jesus (Gerkin 1984:160).

3.3 Kommunikasie

Teologie is 'n geloofsleer wat poog om die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens te interpreteer en sinvol aan mense binne kontekste te kommunikeer (Louw 1998:126). Kommunikasie speel 'n baie belangrike rol in pastoraat. Die pastor luister in diepte na al die vlakke van kommunikasie, verbaal en nie-verbaal, van die kliënt. Dit wat waargeneem word, word weer na die persoon gereflekteer. Juis hierdie begeerte van die pastor om te verstaan, maak die kliënt bewus van die pastor se empatie (Clinebell 1984:76).

In die verbondsgeskiedenis van Abraham en Moses word duidelik gesien dat God praat en 'n persoonlike reaksie verwag. Atkinson (1985:59) merk hieroor op dat God sy verhoudings deur gesprek aanknoop. Die verbondsverhaal van Abraham en Moses toon 'n reaksie van getroue gehoorsaamheid hierop. Kommunikasie speel 'n belangrike rol in die verbondsverhouding tussen God en mens. .

Waar pastoraat 'n uitbeelding van die verbond is, speel kommunikasie dus 'n belangrike rol (Becker 1965:9). Die pastor is oop vir die kommunikasie van die kliënt. Die luister daarna, aanvaarding van en reaksie daarop moedig die kliënt aan om sy insigte en sy stryd in sy/haar eie lewe met die pastor te deel. Die pastor kan perspektief met sy/haar kommunikasie aan die kliënt bring. Becker (1965:10) dring aan op die noodsaaklikheid om God se Woord in die pastorale situasie te laat spreek, sodat die pastorale verbond sy doel kan bereik.

3.4 Koinonia

Tot die mate waarin daar koinonia in 'n gemeente is, tot daardie mate geskied wedersydse diens spontaan tussen lidmate (Clinebell 1984:395). Luther verwys daarna dat Christene hulself aan mekaar gee as 'n Christus vir hul naaste (Dillenberger 1961:75). Die basis van die kerk as gemeenskap wat vir mekaar omgee, is die onderlinge versorging deur medegelowiges, of te wel leke-pastoraat (Detwiler-Zapp & Dixon 1982:5). Leke-pastoraat, waar gelowiges onderlinge sorg vir mekaar dra, kom ook tereg binne die kader van die verbond. Die verbondshoof Christus se hartsbegeerte word vervul, naamlik dat mense vir mekaar lief sal wees en vir mekaar sal sorg (Janse van Rensburg 1996:157).

Lidmate moet geskool word met die oog op leke-pastoraat (Clinebell 1984:400). Hierdie skoling behels verskillende vlakke: skoling om mense se vaardighede om te luister en te ondersteun, te slyp. Hierdie vaardighede word benodig in alledaagse situasies tussen familie, vriende, by die werk en kerk. 'n Verdere vlak van skoling is om lidmate voor te berei met die oog op spesifieke take in die gemeente. Byvoorbeeld besoek aan lidmate in hospitale of nuwe intrekkers. 'n Derde vlak van skoling behels intensiewe opleiding met die oog op pastorale versorging van mense in nood. Lidmate wat genoemde skoling ontvang, sal byvoorbeeld mense ondersteun wat deur die krisis van 'n egskeiding of dood gaan.

Die verbond is hoofsaaklik 'n verhouding-gerigte werklikheid (König 1991:15-18). Die verbond is 'n korporatiewe verhouding waarin ons gesamentlik opgeneem is. Die gemeente is verbondsgemeente en word so beskou en aangespreek. In hulle koinoniale binding is die gemeente gesamentlik op weg na die volkomenheid van God se verbondswerk in die voleinding (Kamphuis 1984:38).

Clinebell (1987:31-33) verwys na "covenants-of-wholeness" wat mense aangaan om hul verhoudings te herstel. Die verbondsverhouding tussen God en mens fundeer sulke verhoudings.

3.5 Eskatologie

Die verbond as God se skeppingsdoel bou 'n besondere beweging en toekomsgerigtheid in die verbondsteologie in (König 1988:362). God se skeppingsdoel is nie by die skepping gerealiseer nie, maar word van die begin af in die toekoms verwag. Klem op die eskatologie skep ruimte vir die werklike rol van die mens, naas God, in die realisering van die verbond.

Die mens het 'n negatiewe rol deurdat sonde die realisering van God se doel dwarsboom. God se reaksie op sonde toon 'n verrassende verrykking van sy doel. Die nuwe gestalte van Israel (die kerk) toon ook dat God telkens nuwe dinge doen en nuwe gestaltes van sy doel realiseer. In Jesus Christus word die vervulling van die verrykte doel van God saamgetrek. Hy realiseer die verbond namens die mens en juis ook in die mens en met die mens (König 1988:363).

Die inherente eskatologiese perspektief in die verbond (Janse van Rensburg 1996:159) kan in die volgende sake aangewys word:

- ♦ Duur van verbond

Die duur is blywend (Gen 12:3).

- ♦ Skopus van verbond

Al die nasies van die aarde is die skopus van die verbond, eskatologies gerig op die vervulling in Openbaring 7:13.

- ♦ Karakter van verbond

Die karakter is promisiologies en dui op 'n eskatologiese erfenis weggeleë vir God se kinders (Velema 1976:90).

- ♦ Kern van verbond

Die kern is Messiaans, gerig op die volheid van die beloftes in Christus (Heyns 1978:233).

- ♦ Simboliek van verbond

Die simboliek het 'n eskatologiese geladenheid wat dui op die voortbestaan van die verbondsvolk uit wie die Messias moes kom (Zimmerli 1972:98).

Janse van Rensburg (1996:159) stel dan ook tereg die verband tussen verbond en eskatologie as volg: Die verbond is die inwendige grond van die eskatologie en die eskatologie is die uitwendige gerigtheid van die verbond. God is met ons na 'n nuwe werklikheid op weg. Ons mag nou reeds iets van daardie nuwe werklikheid beleef (Woelderink 1974:52). "So word ook die beloftes van die verbond vervul en in die lewe van mense gekonkretiseer." (Janse van Rensburg 1996:160).

Die vernuwingsproses waarmee die Here besig is, is 'n proses met 'n doel. Die herskepping is reeds besig, hoewel die vervulling eerder in die toekoms lê as in die nou (Atkinson 1985:68). 'n Belangrike perspektief wat Louw (1998:90) hierby voeg is dat eskatologie nie verwys na 'n temporele spanning tussen God wat "daar voor" is en die mens "hier agter" nie. Eskatologie gaan om die kwalitatiewe verskil tussen twee aeone.

Louw (1998:91) wys op die implikasies wat 'n eskatologiese perspektief vir pastoraat het. Vanweë die inherente eskatologiese perspektief in die verbond (Janse van Rensburg 1996:159) verkry die implikasies vir pastoraat genoem deur Louw, nog meer betekenis.

- ♦ Die konteks van die verbond, met in ag neming van die eskatologie, verskaf 'n positiewe horison van sin in die pastoraat.
- ♦ Die verbond, selfs nog meer as die eskatologie, verbind die gelowige aan die trou van God.
- ♦ Die eskatologie en die verbond bied 'n normatiewe en rigtinggewende faktor in die gelowige se lewe.
- ♦ Die geloof, as instrument waarmee die pastor werk, kry bepaalde betekenis in die eskatologiese perspektief as gevolg van die geloof in God se beloftes wat nog vervul gaan word. Hierdie betekenis word nog verder verbreed deur die verbond as die Here se groot belofte: Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet my volk wees.

4 ANDER BELANGRIKE ELEMENTE IN 'N PASTORALE MODEL

4.1 Raad van God

Die verbond is onlosmaaklik verbind aan die ewige Raad van God. Terwyl die uitverkiesing die inwendige grond van die verbond is, is die verbond die uitwendige gestalte van die uitverkiesing (Heyns 1978:223). God se Raad is absoluut volmaak. Siekte, probleme, teenspoed en beproewing word daarin opgeneem. Vir pastorale sorg is die konsekwensies verreikend (Janse van Rensburg 1996:154). God se inlatende wil (Louw 1982:27) of Sy in-diens-nemende wil (Heyns 1978:76) is hier ter sprake. Teodiseevraagstukke kan hanteer word teen hierdie teologiese verwysingsraamwerk. Die waarborg waarop die pastorale beraad gebou is, is die verbond. Die waarborg – God is met die noodlydende op weg (Janse van Rensburg 1996:154).

4.2 Godsbegrip

Daar is 'n verband tussen die Bybelse idee van verbond en goddelike heerskappy oor die wêreld (Dumbrell 1984:41). Dit word reeds vanaf die gebeure by Sinai duidelik dat die doel van die verbond goddelike heerskappy oor die wêreld is, 'n heerskappy wat deur die mensdom erken word. Die huidige Koningskap van God is die voorveronderstelling van die verbond. Aanbidding is die respons wat gevra word op Jahweh se Koningskap.

In die Bybel word dit duidelik dat God 'n breuk maak met alle kulturele definisies en verwagtinge. Die belangrikste bekendmaking van die Bybel is dat God uit die hemel na die aarde beweeg om 'n getroue bondgenoot te vind (Brueggemann 1980:1094). Die verbond vereis van mense om nie vooropgestelde rigiede idees oor God te hê nie. Onkritiese, skolastiese idees oor 'n Onaantasbare, Onaangeraakte God, pas nie by die verbond nie (Brueggemann 1980: 1095).

Die beeld wat die moderne mens van God het, is die van 'n seker, triomfantelike God wat geen risiko's neem, nie verbintenisse maak en geen pyn op Hom neem nie (Brueggemann 1980:1096). Hierteen protesteer die Verbondsgod en nooi ons ook uit

om te protesteer. Die profeet Hosea maak dit duidelik dat daar slegs in hierdie God grond is vir hoop, die moontlikheid is vir passie en die energie is om voort te gaan.

Die verbondsverhouding laat die bondgenote nie onaangeraak nie (Brueggemann 1980:1095). Ook God tree op bepaalde wyses op, juis omdat Hy in 'n verbondsverhouding met Sy bondgenoot staan. Brueggemann (1980:1095) stel dit nog sterker wanneer hy sê: Dit is sentraal tot die verbond dat God nie sy bondgenoot kan omarm sonder om verander te word deur hulle wat omhels word nie. Hoe die Here sy godheid uitdruk word beïnvloed deur die teenwoordigheid van die bondgenoot.

'n Nuwe besef van wie God is, sal 'n nuwe gemeenskap op aarde stig (Brueggemann 1980:1096). 'n Gemeenskap wat nog vasgevang is in die idee van 'n Onaangeraakte God, is self onaangeraak deur mekaar en die wêreld. 'n Nuwe begin is moontlik op aarde omdat God in die hemel homself verbind het aan 'n onwaarskynlike bondgenoot (Brueggemann 1980:1095).

Die vertrekpunt van die pastorale gesprek is juis die aanvaarding en beleving van die verbond en trou van die hemelse Bruidegom teenoor die bruidskerk (De Klerk 1985:32). Verbondstrou gaan om die vaste sekerheid en vertroue op 'n hemelse trou wat uitgespel is in die genadewerk van Christus. Vanuit die vertrekpunt van die troue Verbondsgod kan pastorale bediening plaasvind.

4.3 Koninkryk

Daar is 'n dogmatiese verweefdheid tussen die begrippe "Verbond" en "Koninkryk". Die inwendige grond van die koninkryk is die verbond. Die uitwendige gestalte van die verbond is die koninkryk (Janse van Rensburg 1996:154). Die terrein waarbinne die verbondsheil en beloftes gekonkretiseer moet word, is die koninkryk. Die wil van God, soos in sy Raad opgeneem en in sy verbond beloof, word in werking gestel waar tekens van die Ryk deur pastorale optrede opgerig word. Die kerk en die pastoraat staan in diens van die koninkryk om God se verbondsgenade konkreet in die pastorale ontmoeting

te maak (O'Meara 1983:33). Verbond en pastorale optrede is afgestem op die koms van die koninkryk.

4.4 Sleutelmag

Pastoraat wat nadruk lê op magte wat ons menslike funksionering strem, kan 'n mens aanspreek. Veral wanneer gedink word aan die magte van angs, eensaamheid en die dood. Tog ontnem hierdie tipe pastoraat die gelowige ook van iets belangriks - uitsig op die toorn van die Heilige God (Trimp 1981:65). Hierdie toorn gaan om die sonde van die menslike geslag. Sonder uitsig op die toorn van God leer die mens ook nie om sy hulp en toevlug by God te soek nie. God het immers sy toorn ontlai op sy enigste Seun sodat Hy ons in Christus genadig kan wees.

Skuld voor God is die fundamentele nood van die mens en vergewing van skuld is die primêre geskenk van God (Trimp 1981:44). Die Heidelbergse Kategismus Sondag 31 stel dit duidelik dat die sleutels van die koninkryk van die hemel die volgende is: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Die evangelie wat verkondig word, is die vergifnis van sonde op grond van Christus se verdienste. Vir diegene wat die boodskap van vergifnis gelowig aanneem, sluit die boodskap die koninkryk van die hemel oop. Vir diegene wat nie die boodskap aanneem nie, sluit dit die koninkryk van die hemel toe.

Calvyn (1992:1295) wys in sy Institusie daarop dat die seën van sondevergifnis so besonderlik aan die kerk behoort dat ons dit slegs kan geniet as ons in die gemeenskap daarvan bly. Hierdie seën word deur die kerk se dienaars en herders uitgedeel deur of die verkondiging van die evangelie of die bediening van die sakramente. Die sleutelmag wat die Here aan die gemeenskap van die heiliges verleen het, staan veral in hierdie opsig uit.

Prediking van die vergewing van sonde is die baanbrekende kerugma van die koninkryk en die kenmerk van die nuwe verbond (Trimp 1981:48). 'n Ander belangrike faset wat

hiermee saamhang is die dissiplinering van die mens se lewe na God se wet. In pastoraat kan die persoon nie net blindelings aanvaar en terugverwys word na homself nie. Die persoon word terugverwys na God se riglyne. Raadgewing is een van die geskenke wat ampsdraers in Christus se Naam mag uitdeel. Die verkondiging van die Skrif gaan om onderwysing, paraklese, vermaning, vertroosting, bemoediging, teregwyding, bestraffing en raadgewing (Trimp 1981:57).

Leerstellings speel 'n belangrike rol in pastoraat. Verder word pastoraat ook 'n werklikheid deur dissipline. God kom deur sy ampsdraers na die mens. So word Sy koninkryk oop- en toe gesluit. Die leer van die sleutelmag van die kerk vorm die hart van die gereformeerde ampsleer (Trimp 1981:12,19). Die pastoraat wat Christus aan Petrus en alle ampsdraers opdra, kom uit Sy hand met groot liefde vir die mens. Ampsdraers kan 'n besondere rol in die pastorale versorging van hul gemeentede speel.

Die verhouding van 'n ampsdraer met 'n gemeentelid is in verskeie opsigte anders as die van 'n terapeut (Trimp 1981:62). Die verhouding tussen hulle is veel dieper aangesien dit die hart en die verhouding met God raak. Die verhouding duur ook langer as die verhouding met 'n terapeut. Die verhouding ampsdraer-gemeentelid is in die gemeenskap van Christus deur die Heilige Gees gegrond. Ampsdraers het in 'n besondere sin die verantwoordelikheid vir die toepassing van die tug – die ander sleutel van die Koninkryk van God. In hierdie tug gaan dit onder andere om vermaning en raadgewing.

4.5 Soteriologie

Die verbondsgedagte is soms 'n vergete saak by die inhoud en strukturering van die moderne pastorale gesprekvoering. Een van die redes hiervoor is 'n verwronge soteriologiese beskouing (De Klerk 1985:28). Geloofsekerheid word gesien as iets wat rus op my daad van geloof/bekering, in plaas van op God se genadedaad en verbondsbelofte in Jesus Christus.

Die waarborg van die objektiewe heil soos belowe in die Verbondswoord, word onderskat. 'n Skewe soteriologiese benadering maak dan geen onderskeid tussen 'n bondelings wat 'n belofte van God ontvang het, en die mens wat as totale heiden nie so 'n agtergrond ken nie. Bybelse soteriologie het 'n sterk gerigtheid op die verbondsgemeenskap waar die genademiddele bedien word.

Die liefdevolle uitreik na ongelowiges kan alleen in die verbond sy fundering vind (Janse van Rensburg 1996:160). Alleen in die Christus van die verbond het die uitreik na ongelowiges in nood sin en betekenis. Pastorale dienslewering vanuit 'n verbondsmatige pastoraat kannie anders as om ook 'n appel te laat hoor nie. Die Skrif lê 'n direkte verband tussen verlossing en genesing, met verreikende gevolge vir die pastorale benadering (Clinebell 1987:61).

In die Ou Testament verwys baie van die verbondsmateriaal na 'n dieper vervulling in die toekoms. In Jesus Christus word die volheid van God se belofte gevind dat Hy "vir ons" is en dat Hy alles nuut sal maak. In Jesus Christus hoor ons God se woord, sien sy karakter, word ons vergifnis aangebied, ervaar ons goddelike wysheid. Ons sien ook in sy lewe die volle menslike respons van liefdevolle gehoorsaamheid. Christus is die verpersoonliking van dit waarna die verbondsbeloftes en verbondsgemeenskap in die Ou Testament slegs verwys het (Atkinson 1985:63). Christus is die hoof van 'n nuwe mensdom. Deur Sy verbondsverhouding met ons, bou God 'n nuwe gemeenskap in Christus.

4.6 Pneumatologie

Pastoraat loop gevaar om aan die Persoon en werk van die Heilige Gees afbreuk te doen, waar die verbond nie deeglik verreken word nie (Janse van Rensburg 1996:162). Die werk van die Gees as primêre subjek van die pastoraat vra besondere aandag binne die kader van 'n verbond-georiënteerde paradigma. Die Heilige Gees maak dit moontlik om met verbondsgetrouheid te reageer op die goddelike inisiatief van die verbond. Die

werk van die Heilige Gees kan ook gesien word waar mense in persoonlike verhoudings God se verbond weerspieël (Atkinson 1985:66).

Die genadeverbond eerbiedig die redelike en sedelike kwaliteit van die mens volledig (Bavinck 1929:210). Die mens kan begelei word om onder leiding van God se Gees vreugde oor sy eie bestaan te hê (Rebel 1981:251). Dit kan die pastor ook bevry van 'n angsvalligheid in sy/haar pastorale bediening (De Klerk 1985:34-35). Die Gees konkretiseer die verbond in die koninkryk van God (Janse van Rensburg 1996:162). Die Heilige Gees werk egter ook weier as net binne die Christelike gemeenskap. Dit verwys na God se "algemene genade". Die Gees maak vrede, bewerkstellig harmonie tussen mense, help om rasionaliteit te bevorder en seerkry te genees.

Die Heilige Gees word ook as Parakleet beskryf in die Johannese geskrifte. Hy tree op as intreeders en fasiliteerder. Die Gees moet voortgaan om die openbaringswerk van Jesus voort te sit (Brown 1975-78:89). Die werk van die een Gees word uitgedruk in die gee van 'n verskeidenheid gawes aan die geloofsgemeenskap. Die aanbiddende verbondsgemeenskap is juis die versorgende, genesende gemeenskap. Aanbiddingsrituele is deel van die genadewerk van die Gees (Atkinson 1985:67). Binne hierdie aanbiddende gemeenskap kan God deur Sy Gees werk om "alles nuut te maak".

4.7 Promissiologie

Belofte en vervulling vorm 'n belangrike deel van die verbond. Die eskatologiese dimensie van die verbond kom ook hier ter sprake. Die Bybel sluit af met die vervulling van hierdie beloftes wanneer die Here sê: "Kyk, Ek maak alles nuut." (Openbaring 21:5a) Uit hierdie gebeure wat geskets word, lei Atkinson (1985:68) drie implikasies af: Die taak om "nuut te maak" is 'n proses met 'n doel. Herskepping is dus moontlik en sal in vervulling gaan. Hierdie vervulling gaan eerder "dan" plaasvind as "nou". Die herskepping is God se taak – Hy doen dit en Hy sal dit in vervulling bring. Dit alles gee vir 'n mens hoop – iets wat alle woorde en daade kan deursuur.

Die verbondsgemeenskap moet hulle verbondshoop vir die wêreld uitdruk. 'n Teologie oor die verbond is nie die moeite werd as dit nie tot energie en moed lei nie (Brueggemann 1980:1980). Die wêreld is deur God bedoel om 'n verbondsgemeenskap te wees, 'n gemeenskap wat al sy lede hoog ag en saamwerk vir gemeenskaplike vreugde. Hoewel die wêreld nog nie so 'n gemeenskap is nie, word die belofte gegee dat dit so sal wees (vergelyk Opb 11:15). Dit is die missie van die geloofsgemeenskap om hierdie transformasie uit te druk, te verwag en toe te pas – want dit kom verseker!

Brueggemann (1980:1098) herinner dat die getroue verbondsgemeenskap iets weet van die wêreld, iets hoop vir die wêreld en iets verwag van die wêreld. Daar is die verwagting dat die wêreld getransformeer sal word. Die kerk moet weier om hoop op te gee op die wêreld en sy beloofde transformasie. Hierdie beloofde transformasie is moontlik deur Jesus Christus en deur die werk van die Heilige Gees.

Jesaja beeld die lewe uit as 'n egte tuiskoms (Brueggemann 1980:1098). Vervreemding en ontworteling is nie ons finale bestemming nie. Daar sal 'n tuiskoms van transformasie wees. Hierdie droom moes lewend gehou word deur die navolgers van die profeet en deur die lesers van die profeet. Vryheid, bevryding en geregtigheid is die inhoud van 'n verbondstuiskoms. Jesaja het geglo dat:

- ♦ Die wêreld nie geslote is nie;
- ♦ Instellings kan verander en transformeer word;
- ♦ Gemeenskappe van mense kan anders leef.

Uit die verbondsgeskiedenis is dit duidelik dat die vervulling van God se beloftes telkens ryker is as die beloftes self (König 1988:363). Telkens gee Hy nuwe beloftes aan Israel om hulle weer op die toekoms te rig. Die beloftes word ryker sodat die verwagting ook groter word. Die beloftes ontwikkel in die vervulling 'n meerwaarde wat hulle hul beloftekarakter laat behou. Gelowiges kan na 'n verdere vervulling uitsien.

In die teologie word nie net van promisiologie gepraat nie. Volgens Louw (1998:518) kan die vakwetenskaplike term “promissioterapie” gebruik word. Die doel van

promissioterapie, soos deur Louw ontwikkel, is om die mens te rig om vanuit geloof en verwagting te leef. Die aard van promissioterapie sluit ten nouste aan by 'n verbondgefundeerde paradigma. Louw (1998:518-519) sit die aard van promissioterapie as volg uiteen:

- ◆ Promissioterapie is aan God se beloftes gekoppel. Hierdie beloftes loop soos 'n goue draad deur die verbondsgeskiedenis.
- ◆ Promissioterapie het as onmiddellike effek geloofsgroei en -ontwikkeling.
- ◆ Promissioterapie begelei die gelowige om op 'n antisiperende wyse vooruitgrypend deel te hê aan die volheid van die heil.
- ◆ Promissioterapie skep 'n toekomsdimensie vir die gelowige. Die Christelike hoop is wesenlik opstandingshoop.

4.8 Antropologie

4.8.1 Unieke aard van die mens

Menslikheid is nie 'n noodwendige verdere ontwikkeling van kreatuurlikheid nie. Hierdie onderskeid tree eers in werking deur die roeping van God om mens te wees. Die mens se kreatuurlikheid (ons biologie, psigologie of sosiale verbande) is nie voldoende om te omskryf wat menslikheid is nie. Daarom is die teologie belangrik om te sê en verstaan wie die mens is (Atkinson 1985:69).

Die unieke aard van die mens word uit veral twee sake duidelik : sy geskapeheid as beeld van God en sy lewe binne 'n verbondsgemeenskap met God (Gerber 1990:55). Vanuit 'n Bybelse perspektief is verbond die dominante metafoor waarmee persoonlikheid verstaan kan word (Brueggemann 1979:115). Die verbond herinner 'n mens daaraan dat jy verbonde is aan iemand. Alle fasette van die mens se lewe is afhanklik van hierdie verbondenheid aan die Ander.

Afhanklikheid word juis ook geïmpliseer deur die skepping van die mens. Die skepping is die raamwerk waarbinne die verbond plaasvind. Ware vervuldheid as skepsels word in die gepaste reaksie op ons kreatuurlikheid gevind (Atkinson 1985:69). Dit beteken onder

andere dat die mens besef dat hy nie outonoom is nie, maar afhanklik bly van God, verbonde aan die Ander, soos Brueggemann (1979) dit stel.

Deel van die unieke aard van die mens is dat die mens deur God persoonlik aangespreek word. Die mens, anders as die ander skepsele, kan reageer op die Goddelike woord. Verder het die mens die vermoë om verbaal te kommunikeer. Dit stel die mens in staat om te reageer op die verbond. God roep die mens om "mens" te wees. Menslikheid word uitgedruk in 'n verbondsverhouding met Hom en ander mense. Hierdie roeping van God tot menslikheid en 'n verbondsverhouding, het te doen met die vermoë om 'n individuele en persoonlike besluit te neem daaroor (Atkinson 1985:70). Die mens word genooi om vry te wees en sy vryheid verantwoordelik te gebruik binne die Godgegewe grense.

Binne 'n teologiese antropologie speel die verbond 'n belangrike rol. Die verbond is nie iets wat as latere gedagte tot die skepping bygevoeg is nie. Die verbond vorm van die begin af deel van God se plan met die wêreld. Die skepping vorm 'n raamwerk waarbinne na die verbond gekyk kan word. Binne hierdie raamwerk van verbond en skepping, kan gekyk word na 'n teologiese antropologie (Atkinson 1985:68). Dit bepaal van die begin af wie die mens is. Die mens is juis vir die verbond geskep. Die mens is oorspronklik so geskep dat hy met die Here in 'n verbond moet lewe. Slegs binne verbondsgemeenskap met God kan die mens waarlik beeld van God, kind van God en dienskneg van God wees (Gerber 1990:56 e.v.).

Die verbondsbestemdheid van die mens, beteken dat die volgende afleidings van die mens gemaak kan word (König 1991:18 e.v.): Die mens is 'n eskatologiese verbondswese op pad na God se doel met die wêreld. Die verbond gee sin en betekenis aan die mens se lewe. As verbondsmens is die mens gebonde aan God en verborge in God. Verbondsmense moet ook by die Verbondsgod pas in hul lewenstyl. God se genadige roeping is die teologiese basis vir die bevestiging van die self. Sy verbond is die basis vir die verband waarbinne die self staan. Verlossing in Christus is die basis vir

die genesing van die self. Eskatologie vorm die basis vir die hoogste betekenis van die self (Atkinson 1985:68).

4.8.2 Identiteit van die mens

Om deel te wees van die verbond, is om 'n bepaalde identiteit te hê (Christiansen 1995:2). Identiteit as verhouding is Godgegewe. Hierdie identiteit is gegrond in God wat mense in aansyn roep. Verbondsidentiteit kannie van God se seën en beloftes geskei word nie, en ook nie van verbondsverpligtinge nie. Die grense wat deur die verbond afgeteken word, wil identiteit religieus bepaal. Dit is grense wat "behoort aan God" afmerk (Christiansen 1995:62). 'n Persoon wat in 'n verbondsverhouding met die Here leef, word deel van die Here se volk. Dit is 'n verhouding wat die hele identiteit van die persoon bepaal. Die persoon behoort iewers – by God en Sy mense.

Die bondeling ontvang sy/haar identiteit in die koppeling van sy/haar naam aan die Drie-enige God by die doop (De Klerk 1985:24). By die doop word die heerlikste verbondsbeloftes ontvang. Vanweë God se verbondsgenade word hy/sy betrek in die "adeldom van die Godsryk". Hy/sy is Koningskind.

'n Verbondsperspektief op die identiteit van die mens is anders as die psigologiese perspektief op die identiteit van die mens. Die gevaar bestaan dat die mens die perspektief het dat hy/sy in hom/haarself gegrond is (Gouldner 1976:42). Asof die mens selfgenoegsaam is en in homself krag en heelheid kan kry. Dominante metafore soos nuttigheid, transendentalisme en verbruikersdruk, is uitdrukkings wat verband hou met hierdie sogenaamde self-gegrondheid van die mens. Die mensbeeld wat duidelik word vanuit die verbond, is egter iets anders (Berkouwer 1957, Brueggemann 1977). Juis in die mens se verbondenheid aan Iemand buite homself, lê die sin en betekenis van die mens se lewe.

Vrae oor die identiteit van die mens, is eintlik vrae na die roeping van die mens (Brueggemann 1979:125). Identiteitsvrae is self-gefokus. Die veronderstelling agter hierdie vrae is dat die persoon binne hom/haarself 'n identiteit het om te vind. Vanuit die

verbondsperspektief is dit egter duidelik dat die mens nie in hom/haarself gegrond is nie, en nie in hom/haarself die antwoorde kan vind na identiteit nie. Identiteit van die mens lê in die roep van die Ander. Identiteit soos gesien vanuit 'n verbondsperspektief, herinner die mens dat hy/sy deel is van 'n groter doel as sy eie (Jes 55:6-9).

Abram ontdek watter nuwe identiteit en doel die verbond in sy lewe bring (Becker 1965:6). Die Here gee hom 'n nuwe naam, en daarmee saam 'n nuwe identiteit. Hy word "Abraham", die vader van baie nasies. Die lewe kry nuwe en groter horisonne. Hy ontdek sy doel in die lewe, in hierdie ontmoeting met die Verbondsgod. Binne die verbond is daar 'n gemeenskaplikheid van doel en mikpunt (Becker 1965:7). Die mens word opgeroep om God se doel met die wêreld te deel – dat mense verlos kan word. 'n Persoon wat sy/haar nuwe identiteit binne hierdie verbondsverhouding vind, kry nuwe insigte in die realiteit van die lewe. So 'n persoon neem nuwe besluite oor die take en mikpunte in hul lewe.

Deelwees van die verbond beteken om te lewe in 'n geskiedenis waar elkeen hul bestaan/identiteit/persoonlikheid van die ander ontvang (Brueggemann 1979:127). Mense wat deel in die verbondsverhouding met die Here, ontvang hul identiteit as mense juis hierin. Dit onderskei hulle van mense wat nie deel in hierdie verbondsverhouding nie. Soos hul verbondsverhouding met die Here ontwikkel, so ontwikkel ook hul identiteit as mens, as bondelinge. Die Here word dan ook in die Bybel geken as die Verbondsgod. Dit onderskei Hom van die ander sogenaamde gode wat deur ander volke aanbid word. Hy openbaar Homself in Sy daad as die Verbondsgod.

In 'n sekere sin bestaan 'n mens uit baie identiteite (O'Connor 1971). 'n Persoon is self ook 'n "ander" met wie in 'n verbond verkeer moet word. 'n Mens moet in 'n verbond met jouself tree om die eise van die lewe te beantwoord (Brueggeman 1999:12 e.v.). 'n Voortdurende proses van bymekaar maak en verstrooiing van jou verskillende identiteite vind plaas in die verloop van die lewe. 'n Self wat teenoor die Ander (God) en die ander (naaste) met beslistheid en toewyding optree, kan ook met die ander, die ek, in 'n sinvolle "verbondsverhouding" leef.

‘n Persoon wat byvoorbeeld geleer het om teenoor God te kan kla (“assert”) en Hom te kan pryš (“yield”), ‘n self wat ook geleer het om met hul naaste te verkeer in blydskap en hartseer, sal ook in staat wees om die verskillende andershede van hulself voortdurend te herrangskik. Die self kom by nuwe verbondsooreenkomste met die ander “selwe”. In die proses vorm ‘n persoon se identiteit na gelang van die verbond/ ooreenkoms wat die persoon met sy ander “selwe” aangegaan en herontdek het.

4.8.3 Mens as beelddraer van God

Schilder (1947) wys daarop dat die mens as beeld van God juis sy betekenis vind binne die verbond. Beeld van God, is ‘n amptelike roeping. Beeld van God beteken dat God die mens met kreatuurlike kwaliteite geskape het wat die mens geskik maak vir die amp waartoe Hy hom in die verbond roep: om Sy verteenwoordiger te wees (Gen 1:28). Soos ook uitgewys deur Gerber (1988), kan beeld van God nie los gedink word van die verbond nie. Om beeld van God te wees, is ‘n spesifieke aspek van die verbondsverhouding (König 1991:14). Verbondsgetrouheid is die doel en betekenis van ons skepping na God se beeld (Barth 1958:31).

Die mens as beeld van God, is juis bestem vir die verbond (Gerber 1988:46). Dat die mens as beeld van God geskape is, gee aan die verbond ‘n besondere karakter (König 1991:21). Die mens moet van God afhanklik en ‘n verantwoordelike beeld wees. Die mens word in sy hele bestaan as beelddraer van God in die verbond opgeneem (Gerber 1988:75).

As verbondswese moet die mens God gehoorsaam, en as beeld van God moet die mens ook liefhê soos God liefhet. As verbondswese moet die mens dankbaar wees, en as beeld van God heilig en getrou wees soos God heilig en getrou is (König 1991:21). Ware beeld-wees beteken: hoor, luister en gehoorsame antwoord aan die Verbondsgod. Beeld van God en verbond omvat die hele mens vanuit die wortel van sy bestaan. (Vergelyk ook Van der Zanden 1938.)

Die verbond en die evangelie het 'n dialogiese karakter. Die mens se skepping na God se beeld, antisipeer reeds hierdie dialogiese karakter (Gerber 1988:303). As beeld van God is die mens bestem om God se Woord te hoor en daarop te antwoord. Verder is die mens as beeld van God daarvoor bestem om in liefde en gehoorsaamheid met God in die verbond te leef.

4.8.4 Mens as sondaar

Slegs binne die verbondsverhouding met God, is die mens vry (Bonhoeffer 1955:41). Wanneer 'n mens egter vir die sonde en die duiwel kies, kies 'n mens buite en teen jou vryheid (König 1991:112). Sonde verwys onder andere na ongeloof, ontrouheid en ongehoorsaamheid (König 1991:138). Ongeloof is 'n verbroke verhouding met God. Ontrou is 'n verbroke verbondsverhouding met God en ongehoorsaamheid verwys na 'n gebroke verhouding tussen skepsel en Skepper, Vader en kind. Sonde raak uiteindelik alle verhoudings van die mens.

Terne soos "vervreemding", "angs" en "afwyking" het te doen met die teologiese konsep van sonde (Atkinson 1985:71). Sonde, as mislukking om die verbond met God na te kom, is onderliggend aan negatiewe belewenisse wat veroorsaak dat mense in terapeutiese prosesse betrokke raak. Die verbond van genade gaan juis daarom dat God aanbied om alles nuut te maak. Die wyse waarop 'n persoon hulle volle persoon-wees, die ware beeld van God, kan bereik, is deur getrou te reageer op die verbondsbeloftes (Atkinson 1985:71).

'n Gevolg daarvan om na die mens vanuit die perspektief van die verbond te kyk, is die besef dat die persoonlike bestaan 'n worstelstryd is (Brueggemann 1979:126). God se roeping vir die mens is in stryd met wat die mens eerder sou wou doen. Die mens moet wegdraai van hom/haarself, na die Ander. Die mens moet lewe, bestemming en roeping ontvang as geskenk van God. Daarmee erken die mens dat hy/sy juis nie selfversorgend is nie. Lewe binne die verbond belowe nie ewewig en strydloosheid nie, maar

getrouheid. Die lewe verloop nie rustig en sonder worstelstryd vir persone wat deel in die verbond nie. Die persone binne die verbond kan egter altyd seker wees van God se getrouheid.

4.8.5 Mens as geslagtelike wese

Die mens is mens op 'n tweeledige wyse: op 'n manlike- of 'n vroulike wyse (Heyns 1988:137). Die geslagtelikheid van die mens bepaal sy hele wese. Die mens kannie los van sy spesifieke geslagtelikheid bestaan nie, net soos die mens nie los van sy liggaam-siel-bepaaldheid of sy verhoudingsbepaaldheid kan bestaan nie. As man en vrou is die mens beeld van God (Barth 1951). Die mens as beeld van God is juis bestem vir die verbond (Gerber 1988:46). As Tweegeslagtelike wese, as man en vrou, is die mens dus deel van die verbond. Die verbond sê iets oor die wyse waarop 'n mens beeld van God is, sê dus iets oor die wyse waarop die mens 'n Tweegeslagtelike wese, man en vrou, is. Die verbondsverhouding het 'n bepaalde invloed op die vorming van die identiteit van die mens. (Vergelyk paragraaf 3.8.2.) Identiteit word ook gekoppel aan 'n persoon se geslagtelikheid. Die feit dat iemand in 'n verbondsverhouding met God staan, sal dus hul siening van hulself as man en vrou beïnvloed. As man of vrou het die mens 'n bepaalde taak binne die groter doel wat hulle met God deel in die verbond. Hierdie taak is onder andere gekoppel aan die besondere eienskappe wat deel is van die mens se skepping as geslagtelike wese.

4.8.6 Mens as verhoudingswese

Die mens, anders as die dier, is vry van die omgewing, betrokke by die geskiedenis en het taalvermoë. Dit beklemtoon dat ons in verhoudings leef (König 1988:8). Die mens is 'n medemens. Volgens Jungel (1980:299) ontvang die mens sy menswees uit die ontmoeting met iemand anders. Die verhouding tot die medemens is nie 'n byvoeging nie, maar behoort tot die wesenlik van ons menswees (Berkouwer 1957:195,197).

Ons is bedoel om in gemeenskap te leef (nie net een mens tot 'n ander nie) (Berkhof 1965:105). Die fundamentele verhouding van die mens tot God, word telkens in die

mens se ander verhoudings gekonkretiseer, herhaal en weerspieël (Roscam Abbing 1970:181). Dit is juis die begrip “verbond” wat spesifieke Bybelse inhoude gee aan ons verhoudings (König 1988:13).

Die verbond het nie net te doen met die mens se verhouding met God nie. Die verbond het ook ‘n besliste invloed op verhoudings met ander mense. Die verlore mens het in die genade-ooreenkoms van die verbond deel gekry aan die koninkryk van die hemel. Al die mens se uitinge moet dus deur hierdie grondverhouding gekleur word (De Klerk 1985:26). Die wyse waarop ‘n mens in die verbondsverhouding met God staan, is in ‘n sekere sin ook die wyse waarop in verhoudings met ander mense gestaan word.

In paragraaf 2.3 is verwys na die verband tussen ego-vorming en verbond. Hiervolgens leer die jong kind dat verhoudings bestaan uit toegee en aandrang op jou eie behoeftes (Winnicott 1965). ‘n Verbondsverhouding beteken om te weet wat om wanneer te doen. Toegepas op die naaste beteken dit dat ‘n persoon moet weet wanneer om op jou eie vryheid aan te dring en wanneer om jou vryheid prys te gee ter wille van jou naaste (Brueggemann 1999:11).

Binne ‘n groep mense wat kontak met mekaar het, word onbewustelik begin om ‘n verbond te sluit (Oates 1974:154). Hierdie verbond fokus op die frustrasies wat die persone beleef. Die verbond word telkemale aangepas totdat gekom word by ‘n verbond waarby almal kan inskakel. Om hierdie verbond te vorm, vra van die betrokkenes verantwoordelike besluite. ‘n Verbondsverhouding met die naaste behels die volgende (Brueggeman 1999:11):

- ◆ Saamleef (solidariteit) te midde van die vreugdes en hartseer van die lewe.
- ◆ Opbou van mekaar.
- ◆ Eerlike liefde en liefdevolle eerlikheid.

4.8.7 Mens as toekomsweese

Die mens is 'n historiese wese. Die mens het geskiedenis en maak geskiedenis. Die geskiedenis wat die mens maak, is egter gegrond op God se geskiedenis. Ons geskiedenis kan deel wees van sy doelgerigte geskiedenis met sy wêreld op pad na sy toekoms. In terme van die verbond kan hierdie saak ook as volg gestel word: Die mens is 'n eskatologiese verbondswese, op pad na God se toekomsplan (König 1988:6,7).

Israel het God van die begin af beleef as die God wat op die toekoms gerig is. In sy omgang met mense open hy telkens nuwe perspektiewe (König 1988:15). God sluit 'n verbond met Israel en herbevestig dit telkens in nuwe gestaltes. Hier is dus sprake van 'n eskatologiese verbond (König 1988:16). God rig die geskiedenis juis op die realisering van die verbond. Die mens binne die verbondsverhouding met God, is gerig op die toekoms, is trouens reeds besig met die toekoms soos deur God bepaal.

Binne die verbond is die mens op God gerig en aan Hom verbonde. Hy neem die mens saam met Hom die toekoms in, oppad na sy doel: om op die nuwe aarde in vredesharmonie met ons te leef. Verbondsmense is gerig op die vervulling van sy beloftes. Hierdie gerigtheid word soveel te meer versterk deur ons uitsien na die dag wanneer ons nie meer aan Hom ontrou is nie (König 1988:18).

Die verbond strek verder as hierdie lewe, beloop meer aan die deelgenote van die verbond, as wat hulle tans reeds beleef. Die verbond werk met die potensiële realiteit in die bondgenote, 'n potensiaal wat nou net simbolies gestel word (Becker 1965:4). Eendag gaan die mens 'n waardige bondgenoot van die Here wees.

4.9 Etiek

Berading word juis pastoraal wanneer die pastor verantwoordelikheid neem om etiese sake aan te spreek (Oates 1974:22). Die pastor sal die volgende benaderings ten opsigte van etiese sake kan volg: 'n forensiese benadering wat aandag skenk aan die wetlike aspek van die saak, 'n kontekstuele benadering wat die totale milieu van die persone betrokke in aanmerking neem, 'n situasionele benadering wat slegs kyk hoe liefde vir

God en die naaste hierdeur geraak word en laastens 'n verbondsbenadering (Oates 1974:22 e.v.). Laasgenoemde behels die verbintenisse ("verbonde") wat die persoon aangegaan het met God en ander mense en hoe dit deur die etiese saak geraak word.

Die verbondswet reël die verbondsverhouding (De Klerk 1985:27). Dankbare dissipelskap word uitgeleef langs die weg van die verbondswet. Die verbondswet kan as volg omskryf word:

- ♦ Dit bevat omvattende eise vir die ganse lewe.
- ♦ Dit geld as norm om mense se verbondsverhouding te beoordeel.
- ♦ Dit bied die geleentheid om in pastorale gesprekke antwoorde te gee op die lewensvrae van die bondeling en maskers van selfregverdiging af te ruk.
- ♦ Dit moet geïntegreerd met die evangelie in al sy dele en beloftes hanteer word.

Die verbondsgemeenskap is 'n gemeenskap van God se Tora (Brueggemann 1980:1096). Die doel van die Tora is om mense te bevry van 'n kleinlike moralisme sodat hulle dinge deur God se oë kan sien. Die Tora wil die gemeenskap weg van hulself na ander draai. Die Tora vra heiligheid en geregtigheid in die breedste sin.

Verbond impliseer beloftes. Hierdie beloftes wat gemaak word deur die bondgenote, plaas in die lig van die huidige 'n beperking op die keuses wat in die toekoms gemaak kan word (Hiltner 1972:114). In 'n verbond word sekere bindende beloftes gemaak rakende gedrag, nou en in die toekoms. Daar is sommige waardes en verhoudings wat so belangrik is, dat dit die moeite werd is om 'n verbintenis daartoe te maak en toekomstige keuses hierdeur te laat beïnvloed.

Die persoon wat in 'n verbondsverhouding met die Here staan, belowe om op sekere maniere op te tree nou en in die toekoms – hy/sy belowe om die Here se volk te wees. Daar is die verbintenis tot 'n bepaalde stel waardes wat geld vir persone binne die verbond en 'n verbintenis tot die verhouding met God. Die Here maak ook beloftes binne die verbondsverhouding. Hy verbind Hom om op sekere wyses op te tree teenoor Sy bondgenote – Hy sal hulle God wees.

Die maak van beloftes is 'n verantwoordelike manier om die toekoms in die hede te verreken (Hiltner 1972:115). Sekere waardes word beskou as belangrik vir nou en die toekoms. Daarom word 'n verbintenis daartoe gemaak, al beteken dit dat die keuse moontlikhede in die toekoms beperk word. Persone wat in 'n verbondsverhouding met die Here staan, verbind hulself lewenslank tot 'n spesifieke lewenstyl. Hierdie verbintenis beteken dat hulle gedrag ook in die toekoms beperk sal word deur hulle huidige keuse. So byvoorbeeld sal 'n persoon se keuses tot in die verre toekoms altyd sy/haar verbintenis aan God weerspieël. Hierdie verbintenis het dus bepaalde etiese implikasies vir al die fasette van die bondgenoot se lewe.

Sweeney (1989:17) wys daarop dat daar 'n implisiete narratiewe etiek in verbondsteologie opgesluit lê. Ons etiese taak is om die verhaal van Jesus korrek te vertel. Etiese besluite word nie privaat of sonder verwysing na 'n persoon se stories of sy gemeenskap geneem nie (Franklin 1935:19). Die essensie van narratiewe en waarde etiek is dat etiese kwessies aangespreek word met in ag neming van wie ons as mense van Jesus Christus is (Sweeney 1989:31).

Die implikasies van so 'n narratiewe etiek, wat in verbondsteologie gevind word, is (Sweeney 1989:29):

- ♦ 'n Mens kannie etiese besluite in 'n vakuum, los van die geloofsgemeenskap, neem nie.
- ♦ Die verhaal van die Opgestane Here moet geleef en vertel word.
- ♦ Die totale mens word deur die waardes beïnvloed en verander.

Uiteindelik kom Sweeney (1989:31) tot hierdie gevolgtrekking: Net soos wetenskaplike teorieë gedeeltelik beoordeel word aan die vrugbaarheid van die aktiwiteite wat hulle genereer, kan narratiewe etiek beoordeel word aan die rykheid van die morele karakter en aktiwiteit wat dit genereer.

Die etiese appèl in pastoraat wil onder andere die volgende bereik: groei in spiritualiteit, bekering, 'n voller lewe, die bevordering van die gemeente en diens aan die koninkryk,

dankbaarheid vir verlossing en naastediens (Janse van Rensburg 1999:164). Verder wys Janse van Rensburg (1999:163) daarop dat direkteiewe etiek in pastoraat deur die volgende riglyne getemper moet word:

- ◆ Doelwitte vir 'n direkteiewe pastoraat moet duidelik geformuleer en eerbiedig word.
- ◆ Die persoon in beraad moet 'n volwaardige gespreksgenoot wees.
- ◆ Die pastorale grondhouding behoort die karakter van direkteiewe pastoraat te kontroleer.
- ◆ 'n Direktiewe benadering respekteer die besluite van die persoon in beraad.
- ◆ 'n Direktiewe pastoraat mag nooit moraliserend wees nie.
- ◆ 'n Direktiewe pastoraat moet te alle tye daarteen waak om die rapport tussen pastor en persoon in beraad te verbreek of die pastorale proses prematuur te onderbreek.
- ◆ 'n Direktiewe pastoraat mag nooit voorgee dat die antwoord vir alle vraagstukke en probleme eenvoudig, maklik en direk uit die Skrif afgelees kan word nie.
- ◆ Direktiewe pastoraat neem altyd die omstandighede van die persoon in beraad sowel as hulle eie narratiewe in aanmerking.
- ◆ Direktiewe pastoraat word deur geloof en vertrouwe gedra.
- ◆ Selfopenbaring kan as nuttige hulpmiddel in direkteiewe pastoraat dien.
- ◆ Direktiewe pastoraat hou altyd rekening met die menslike gawes.

4.10 Kerugma en verandering

Kommunikasie van die heil (kerugma) vind op grond van die verbondsbeloftes plaas (Janse van Rensburg 1996:155). Die verbond is 'n blywende verbond. Daarom hou God aan om met sy ontroue en stukkend-geslaande volk te kommunikeer (Vriezen 1966:184). Die verbondstrou en verbondsnaam van God hou die verantwoordelikheid oor die pastor dat hy/sy nooit God se kommunikasie mag opskort, versteur of verhinder nie (Clinebell 1987:86).

Die pastor is die intermediêrende verbondskommunikator deur wie die Heilige Gees die soekende en noodlydende mens opsoek (Janse van Rensburg 1996:155). Die geladenheid van die verbond inspireer en vermaan die pastor om nie as intermediêr moedeloos te

word nie. Kerugma kondig die aanbreek van 'n nuwe werklikheid aan. Verandering is die kern van die nuwe werklikheid (Vriezen 1966:185).

In pastoraat word 'n persoon begelei tot 'n verstaan van sy/haar situasie en probleme in die lig van die Bybel. Die agogiese moment is 'n dinamiese proses van verandering wat die verstaansmoment opvolg (Firt 1977:31). Die Gees van die Woord maak die mens betrokke in die beweging van die verstaansproses na die veranderingsproses (Firt 1977:166-167).

In elke tema van die kerugma gaan dit inhoudelik en wesenlik om die verbond. Pastorale kerugma is verbondsverkondiging (Janse van Rensburg 1996:156).

5 PRAKTYKTEORETIESE AANGELEENTHEDE

5.1 Hermeneutiese pastoraat

In die selfbewussyn van die mens speel die interpretasie van die lewe as storie 'n belangrike rol. Daar vind voortdurende interpretasie plaas van gedrag, verhoudings, konflikte en so meer. 'n Individue se narratief bevat verteenwoordigers van die diep kragte wat in die lewe van die siel 'n rol speel (Gerkin 1984:112). Dit gebeur soms dat iets die storielyn van 'n persoon se lewe versteur. Die persoon ervaar 'n blokkasie in die storie van hulle lewe. Dit is dan dat persone berading soek (Gerkin 1984:121). Pastoraat is betrokke by die tegniek van verhaalanalise (Louw 1998:133).

Die mens lewe binne drie vlakke van tyd. Interpretasie van 'n persoon se lewensverhaal moet binne al drie vlakke van tyd plaasvind (Gerkin 1984:100 e.v.). Vlak 1 verwys na die tyd binne 'n persoon se lewensiklus. Vlak 2 verwys na tyd binne die proses van die menslike geskiedenis. Vlak 3 verwys na die eskatologiese, tyd binne die Koninkryk van God. Binne vlak 1 moet vrae oor dood en geboorte beantwoord word. Hoekom is ek gebore en hoe en wanneer gaan ek sterf? Op vlak 2 word die persoon se interpretatiewe taak bepaal deur die tyd van die wêreldgeskiedenis waarin hy/sy leef. Vlak 3 ondervang die mens se eskatologiese identiteit. Die alreeds en die nog nie van God se beloftes en

doel met die wêreld. Op hierdie vlak van interpretasie speel die verbond 'n belangrike rol (Gerkin 1984:111). Dit gaan om God se verbondsverhouding met die mens, Sy optrede in die wêreld en Sy inkarnasie in Christus aan die een kant en die gelowige se lewe te midde van die hoop op die vervulling daarvan aan die ander kant.

Dit is 'n uitdaging vir pastoraat om teologies na mense se verhale te luister. Die pastor is die referent en representant van God se verhaal en moet raakpunte tussen mense se verhaal en die Godsverhaal in die evangelie soek (Velkamp (1988:199, 118). Pastoraat met 'n hermeneutiese metodologie sluit die volgende in: sortering van stories, indrukke, rekolleksies, gedeelde interpretasies van verhoudings met die doel om die berader en die kliënt se verstaan van die sentrale narratiewe storie van die persoon se lewe te verstaan (Gerkin 1984:138). Die pastor wil veral luister na die Godsvoorstelling en Godskonsepte in die persoon se verhaal (Louw 1998:133).

Die verstaan van gebeure vind in 'n sirkelgang plaas. Daar kan ook gepraat word van die hermeneutiese sirkel. Verstaan is nie 'n lineêre proses wat altyd beter inligting inwin nie. Die verstaansproses is eerder 'n sirkelgang waarin herinneringe al meer nagegaan en herwaardeer word. Hoewel al hoe meer inligting bykom, geskied dit al hoe meer selektief (Bauman 1978:17). 'n Ander sirkelgang waarvan ook sprake is, is die sirkelgang tussen die huidige beradingsverhouding, na die verhoudings in die kliënt se lewe, na die vorige belangrike verhoudings in die persoon se lewe, terug na die beradingsverhouding.

Daar is ook sprake van 'n sirkelgang wat die konteks vergroot – verlede, hede, toekoms; verlede, hede, toekoms. Beide berader en kliënt moet daarteen waak dat hulle nie in een fase van 'n sirkelgang vasval nie (Gerkin 1984:140). Hermeneutiese pastoraat moet erns maak met al die betrokke verhale: die verhaal van die pastorale konteks, die verhaal van die betrokkenes, die verhaal van die pastor en die Verhaal van God. As hierdie verhale sinvol geïntegreer word, is pastoraat suksesvol (Muller 1993:348). 'n Hermeneutiese model wil interpretatief-analities en normatief-evaluerend/beredenerend te werk gaan

(Louw 1998:131). Daar sal dus in die pastoraat gebruik gemaak word van 'n pastorale analise en 'n pastorale diagnose.

Die pastor fokus daarop om die onderliggende mitiese narratief van die persoon wat hulp soek, te ontdek. Hierdie mitiese verhaal het die "wêreld" geskep waarbinne die persoon leef. Die pastor wil daardie wêreld betree sodat dit van binne verander kan word deur die kwaliteit van sy/haar teenwoordigheid by die persoon (Gerkin 1984:176). Verder wys Louw (1998:134) daarop dat slegs die pastor (bedoelende ook elke gelowige) in staat is om mense te help om hul lewensverhaal te verstaan sodat hierdie selfuitleg in God se teenwoordigheid geloofsgroei kan genereer. God se teenwoordigheid, nabyheid en identifikasie met menslike nood en lyding het 'n vertroostende effek. Hierdie vertroostende effek word die eiesoortige dimensie van waaruit pastoraat probeer om die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens te verstaan (Louw 1998:132).

5.2 Pastorale verhouding na analogie van verbond

5.2.1 Aard van pastorale ontmoeting

Pastoraat gaan om versoening van verhoudings. Die verbond is 'n versoenende verhouding. Daarom stel Becker (1965:1) dit dat die verbond 'n baie belangrike rol behoort te speel in pastoraat. Die verbond-makende verantwoordelikheid van die mens en die verbond van geloof in God vorm die middelpunt van die betekenis van pastoraat. Dit is juis die onderskeidende kenmerk van pastoraat (Oates 1974:154).

Hoe nader pastorale versorging sal wees aan die Verbondsverhouding, hoe meer sal pastorale sorg slaag in sy doel (Becker 1965:1). Die pastor kan beginsels wat in die verbondsverhouding tussen God en mens geld, toepas op die pastorale situasie. Die taak van die pastoraat is om 'n verbondsverhouding te vestig tussen die pastor en die kliënt. Hierdie verbondsverhouding vind sy betekenis in God se verbondsverhouding met sy volk (Atkinson 1985:57).

In die verbond tussen God en mens gaan dit om persoon en simboliese persoon wat mekaar ontmoet (Becker 1965:2). Abraham as mens en as verteenwoordiger van sy nageslag, kom in 'n verbondsverhouding met God. God die Almagtige, wat oneindig meer is as wat die menslike verstand kan begryp, verskyn in 'n menslike vorm aan Abraham. Binne die pastorale verhouding is ook sprake van persoon en simboliese persoon wat mekaar ontmoet. Die pastor is deel van die verhouding as bekende persoon, maar ook as simboliese persoon wat die Woord van God verteenwoordig. Die persoon wat kom hulp soek is deel van die pastorale verhouding as individu, maar ook as simboliese persoon wat sy gesin en agtergrond verteenwoordig.

Die verbond het van die begin af 'n eskatologiese perspektief. In perspektief en impak, strek dit verby die huidige (Becker 1965:4). In die verbond gaan dit om die vervulling van die potensiaal van die deelnemers aan die verbond, wat nou nog net in beginsel waar is. Die pastorale verhouding het ook hierdie spanning tussen wat tans waar is van die pastor en die persoon wat kom hulp soek, en wat hulle uiteindelik onder God se leiding kan word. Die pastor moet die persoon wat kom hulp soek, help om al meer te word wat hy/sy reeds in die verbond van genade is.

5.2.2 Eienskappe van God in pastorale verhouding

Binne die verbondsverhouding tussen God en mens, bly daar altyd 'n ongelykheid. Die Almagtige God het 'n verbond aangegaan met die nietige mens. Hoewel Abraham God se vriend word, bly hierdie ongelyksoortigheid/ dispariteit tussen hom en God. Binne die pastorale verhouding is ook sprake van 'n dispariteit. Die pastor het binne die amp wat hy/sy bekleed 'n eiesoortigheid wat hom/ haar onderskei van die persoon wat kom hulp soek. Die Verbondsgod het hom/ haar geroep as pastor en in hierdie hoedanigheid ontmoet die pastor die persoon wat hulp soek (Becker 1965:5).

Abraham het in sy kontak met die Verbondsgod sy nuwe identiteit leer ken : die vader van 'n menigte nasies. Die pastorale verhouding bied geleentheid om die persoon sy identiteit as verbondsmens te leer ken (Becker 1965:5). Die persoon kan hom-/haarself

realisties sien as sondige mens, maar ook as begenadigde binne die verbond. Nuwe insigte oor die doel van 'n persoon se lewe kom na vore, vanuit 'n verbondsperspektief op identiteit. Binne die pastorale verbondsverhouding kan die persoon begelei word om die bonatuurlike in sy/haar lewe te ontdek (Atkinson 1985:61). Dit was die taak van die wysheidsleraars in die Bybel se tyd. In mense se soeke na antwoorde kan hulle begelei word om die goddelike orde binne hulle lewe raak te sien.

Die Verbondsgod word met deernis deel van die mens se lewe wanneer Hy in 'n verbondsverhouding met hom staan. Die Ou Testament is vol van die Verbondsgod se dade van ontferming en bewoënheid teenoor Sy verbondsmense. In die pastorale verhouding kan hierdie genade en deernis, wat deel is van die verbond, uitgeleef en beleef word (Becker 1965:8). Die verbondsverhouding binne die pastoraat moet ook iets uitdruk van God se aanvaardende genade binne die verbond (Atkinson 1985:59). God se aanvaarding van ons deur Christus se vergifnis, dien as model vir die aanvaarding van onself en ander mense.

Die verbond handel oor die geloofwaardigheid en betroubaarheid van God. Hy belowe : "Ek sal vir jou 'n God wees." Dat God 'n verbond met die mens wil aangaan, toon ook Sy bereidwilligheid om die mens te vertrou om te reageer as deelnemer aan die verbond (Becker 1965:8). Die pastorale verhouding moet ook plaasvind binne 'n klimaat van betroubaarheid. Daar is vertroue in die pastor by wie aangeklop word om hulp, asook vertroue dat die persoon wat hulp vra, getrou is aan sy woord. Soos wat God "kwesbaar" vir ons geword het in Christus, moet die berader ook "kwesbaar" word vir ander (Atkinson 1985:63).

Van die begin van die verbondsgeskiedenis af, maak God Homself bekend as 'n God wat praat en doen. Sy Woorde is 'n betroubare uitdrukking van Wie Hy is. Die mens kan ook met sy Verbondsgod kommunikeer. Pastoraat as uitbeelding van die verbond, het ook kommunikasie as belangrike dimensie (Becker 1965:9). Daar is kommunikasie tussen pastor en persoon wat hulp soek. Kommunikasie sal 'n sentrale rol in pastoraat as

verbondsverhouding speel (Atkinson 1985:60). Die Verbondsgod se woorde word ook gekommunikeer in die pastorale verhouding.

5.2.3 Verbondmakende fase in pastoraat

Oates (1974:154 e.v.) verwys na 'n spesifieke fase van pastoraat wat hy noem "die verbondmakende fase". Nadat die pastor en kliënt begin het om mekaar te leer ken en die probleem begin verstaan, word oorgegaan tot die verbondmakende fase. Tydens pastoraat gaan die persoon deur verskillende fases in die hantering van hul probleem. Hierdie fases word verteenwoordig deur verskillende "verbonde" wat die persoon met homself, ander mense en God moet sluit.

Eerstens kom die persoon by 'n verbond van konfrontasie. Hierdie verbond sluit die persoon met homself en met die lewe. Dit vra die moed om die lewe te hanteer soos dit is en nie soos jy dit graag vir jouself wil voorstel nie. Die persoon gaan 'n verbond aan om die lewe te konfronteer soos dit is. Terwyl 'n persoon hierdie voorneme het, is daar egter ook weerstand daarteen.

In pastorale kontak gaan dit nie net om die verkryging van die feite van die saak nie. Hierdie feite moet ook op 'n dieper vlak gekonfronteer word. Die gebeure moet deurgewerk word. Die verbond van konfrontasie is die begin van hierdie proses. Aanvanklik kom die persoon onder die indruk hoe hierdie gebeure sy verhoudinge met een of meer persone geraak het. Mettertyd ontwikkel die persoon die behoefte om ook hierdie saak met God reg te maak. Die persoon kom by die punt om 'n verbond van belydenis te doen. Die angste en skuldgevoelens word omgeskakel in die bewussyn van 'n oortreding teenoor God. Die persoon kom onder die indruk van Iemand wat alles weet wat ek gedoen het, maar my tog aanvaar en vergewe.

Verbondsherstel is 'n besondere mikpunt vir die pastorale gesprek (De Klerk 1985:37). Die sonde bring mee dat die bondeling altyd benede die standaard leef wat God bedoel het vir sy volk. Verbondsherstel het te make met die grondverhouding waarin die bevoorregte mens as bondeling tot God in Christus staan. Die weelde van die

verbondsbeloftes is genoegsame grond vir die oproep tot geloof en bekering in al sy vorme.

Die verbond van belydenis bring 'n verdere voorneme by die persoon: om te vergewe en reg te maak (Oates 1974:157). Die persoon sluit 'n verbond van vergifnis en restitusie. Nadat die persoon bewus geword het van God se aanvaarding en vergifnis, is hy/sy meer bereid om ander te vergewe. Verhoudinge word gerevalueer. Daar is vergifnis vir wonde wat die persoon toegedien is en bewussyn van wonde wat die persoon self toegedien het. Dit gaan dus hier om morele verantwoordelikheid. Hierdie verbond van vergifnis en restitusie herinner aan die belangrike etiese taak van die pastor.

Nadat 'n persoon deur 'n pastor begelei is tot die sinvolle hantering van 'n situasie, het die persoon dikwels die behoefte om sy/haar dankbaarheid uit te spreek. Die persoon het die behoefte om 'n verbond van "belangstelling" aan te gaan, om op een of ander wyse dankbaarheid te betoon. Hierdie verbond kan maklik deur pastors misgekyk word. Daar moet geleentheid geskep word wat die persoon in staat stel om hul dankbaarheid te betoon. Dit sal vir die persoon baie beteken indien hy/sy so 'n verbond kan aangaan. Al die verbonde wat aangegaan is in die pastorale situasie moet uitgeleef word in die daaglikse lewe.

5.3 Rituele grense

'n Groep se kollektiewe identiteit wil antwoorde bied op die volgende vrae: "Waar kom ons vandaan?" en "Waarheen gaan ons?" (Christiansen:1995:1) Kollektiewe identiteit word gevorm deur 'n gemeenskaplike tradisie, 'n gedeelde kommunale styl van lewe en die bereiking van 'n toekomstige doel. Identiteit word ook gevorm deur rituele wat die grense afbaken wie die groep is, en wie nie deel van die groep is nie. Identiteit wat uitgedruk word deur rituele is dinamies. Die verbond is so 'n identiteitsmerker. Verbondsidentiteit het 'n temporele historiese dimensie, 'n teologiese dimensie van 'n verhouding met God en 'n sosiale dimensie. Die sosiale dimensie ontstaan weens die deel van gebeure en stories van die verlede, gedeelde rituele en 'n gemeenskaplike wet (Christiansen 1995:8).

'n Groep wat glo dat slegs hulle oortuigings die ware godsdiens is, ervaar dat dit konflik veroorsaak. Waar daar konflik is, word grense getrek (Christiansen 1995:15). Die kenmerkende eienskappe van 'n groep word weerspieël deur die intree ritusse wat hulle daarstel. Intree ritusse is ritusse vir die oorsteek van 'n grens. Dit is die teken van toetrede tot 'n bepaalde gemeenskap. In die Ou Testament dien die besnydenis as so 'n teken van toetrede tot die verbondsgemeenskap.

Deur die loop van die verbondsgeskiedenis in die Ou - en Nuwe Testament, word verbondsidentiteit en verbondsgrense verskillend interpreteer. In die Ou Testament word verbondsidentiteit primêr gedefinieer in nasionale terme (Christiansen 1995:234). Grense is om die volk en wil nasionale en sosiale behoort-aan bevestig. Besnydenis word dan toegepas om die afskeiding van ander mense aan te toon. In die Koemran gemeenskap en die Tempelgeskrif het identiteit enger kategorieë. Priesterlike reinheid is belangrik. Reinheidsritusse word 'n teken van 'n persoon se besluit om die lewenstyl van die gemeenskap te aanvaar. Paulus sien die doop as inisiasie ritus in die gemeenskap wat 'n identiteit in Christus deel.

Deur die verloop van die verbondsgeskiedenis was dit egter altyd duidelik dat verbondsidentiteit nie van God se seën en beloftes geskei word nie. Verbondsidentiteit word ook nie geskei van verbondsverpligtinge nie (Christiansen 1995:62). Identiteit wat aan etnisiteit gekoppel is, maak van verbondsgrense iets wat geografies afmerk. Identiteit wat religieus interpreteer word, maak egter van verbondsgrense iets wat "behoort aan God" afmerk. Hierdie grense is dan simbolies van aard. Sakramente kan 'n rol speel in die vasstelling van hierdie rituele grense. Hieroor later meer.

5.4 Oordrag

'n Misterieuse band ontstaan in die terapeutiese verhouding tussen terapeut en kliënt. Die kliënt begin teenoor die terapeut optree soos teenoor sy ouers vroeër in sy lewe. Freud het hierdie verskynsel "oordrag" genoem (Rothgeb 1973:156-158). 'n Ou

verhouding word nou in 'n nuwe weergawe beleef (Greenson 1974-75:774). Hierdie oordrag vind onbewustelik plaas en word as hanteringsmeganisme vir vrees gebruik (Becker 1973:145). Die terapeut word as 'n held beleef, iemand wat my kan help om my vrese en probleme te bowe te kon. Dit is byna soos die verhouding tussen die kleiner kind en die ouers.

Daar is gevare aan hierdie verskynsel verbonde (Hester 1980:225). Dit is 'n onbewuste proses en kan die realiteit verwring. Verder kan dit mense onkrities afhanklik maak van hulle terapeut. Tog is daar ook positiewe gevolge. Oordrag kan van hulp wees in die begeleiding tot positiewe persoonlike verandering. Verwonge verhoudings kan verwerk word, verhoogde selfwaarde vind plaas. Verder kan die persoon terugkeer na sy/haar verhoudings met 'n groter kapasiteit vir volwasse liefde.

Pastorale begeleiding moet 'n persoon daartoe lei om hierdie afhanklikheid van die pastor te verskuif na 'n afhanklikheid van God. Die Bybelse gedagte van die verbond bied 'n perspektief wat die pastor kan lei in die verantwoordelike hantering van die verskynsel van oordrag (Hester 1980:227). 'n Verbond word net werklik gesluit wanneer God daarby betrokke is. Die insluiting van God in die pastorale verhouding, beteken die volgende:

- ◆ God kan nie vervang word deur 'n menslike held nie.
- ◆ Die menslike verhouding tussen pastor en kliënt het gebrokenheid aan beide kante.
- ◆ Binne hierdie verhouding ervaar hulle versorging en versorg hulle as instrumente van God se sorg.
- ◆ Die besef dat God deel is van die verhouding skep 'n mutualiteit by pastor en kliënt.

In die pastorale verhouding beïnvloed die verbond die volgende aspekte: verhouding tussen pastor en kliënt; verbintenis tot God as derde party in die verhouding; rekenskap word gegee aan die verbondsgemeenskap wat God se agent is in die proses.

Oordrag bied die groot gevaar aan die pastor dat hy/sy 'n held word, 'n versoeking om bomenslik te word (Hester 1980:231). Die motief van die verbond bied egter 'n

teologiese raamwerk waarbinne hierdie versoekings hanteer kan word. Die pastor se gemeenskap met ander mense uit die verbondsgemeenskap, kan van groot hulp wees. 'n Ondersteuningsgroep, of 'n groep mede-pastors kan help om te ontkom aan die gevare van oordrag deur die kliënt.

Die ervaring van belydenis binne die verbondsgemeenskap kan bevrydend vir die pastor wees. Persone binne die verbondsgemeenskap is verbind aan mekaar met die bewussyn van hul eie sonde, en tog ook God se genade. Die pastor kan byvoorbeeld sy/haar behoefte bely om 'n held te wees. Die pastor kan ook bely hoe hulle vasgevang is in die strik van hul kliënte se behoefte aan oordrag.

Hierdie belydenis kan lei tot die viering van God se algenoegsaamheid. Te midde van die pastor se eie sonde en ontoereikendheid, is God daar. Die pastor kan dit vier dat God Algenoegsaam is vir pastor en kliënt. Dit is egter nie noodwendig so maklik om by hierdie viering uit te kom nie. Die pastor moet verby die heroïese kom, verby die siening dat mense nie sonder hom/haar kan klaarkom nie. Dan kan die pastor kom by die viering van sy/haar eie pelgrim-wees. 'n Kwesbare medepelgrim saam met die res van die verbo verbondsgemeenskap.

5.5 Sakramente

Die doop en nagmaal word in die kerk toegepas as verbondstekens. Die formuleer vir die bediening van hierdie sakramente lê sterk klem daarop. (Vergelyk "Handboek vir die Erediens" 1988.) Die verbondsbeloftes word uitgeroep in die kring van die verbond waar die Woord en sakramente bedien word (De Klerk 1985:25). Die verbondsverhouding tussen Koning en sondaar word juis bewustelik beleef en herstel in gesins- en gemeente verband waar die genademiddele bedien word. Wanneer die betekenis van die sakramente as verbondstekens gedevalueer word, ondervind die volk van God 'n insinking in hul geloofsvertroue (De Klerk 1985:37).

Die doop vertel van God se genadige begin met die mens in die verbond – sonder enige verdienste. Die drie-enige God verbind Homself aan die mens by die teken van die waterdruppels. Hy gee Sy erewoord van liefde. Die pastorale gesprek moet telkens aansluit by hierdie erewoord en belofte van trou (De Klerk 1985:36).

Die gevaar bestaan dat die doop gesien word as 'n blote geboortesertifikaat en die kerk word slegs 'n volkskerk. Die gevaar bestaan ook dat doop individualiseer word. Die siening van die doop as inisiasie ritus lê egter die klem op verandering van status (Christiansen 1995:327). Die doop kan in die lig hiervan 'n simboliese uitdrukking van aanneming wees, 'n simbool van lewe en 'n simbool van heiliging en toewyding. Die doop is 'n ritueel van bevryding en 'n simbool van krag (die krag van die Heilige Gees). Verder is die doop dan ook simbool van diens en liefde. Die doop word 'n ritueel van identifisering met Christus.

Die doop is belangrik, want dit verkondig die ritueel van die oorsteek van 'n lewe wat nie meer geld nie, na die aanvaarding as God se kind. Doop is 'n gebed om die sigbare krag van die Heilige Gees wat gesien word in groeiende liefde. Die doop is belangrik as teken wat vergifnis belowe. Die belangrikheid van die doop lê ook in die herinnering aan die waters van die skepping en die geskenk gegee deur die God van lewe, die God van hoop en liefde (Christiansen 1995:332).

Die nagmaalstafel is 'n belangrike plek waar die veranderende invloed van die verbond onthou word (Brueggemann 1980:1980). Die verbond vra dat revolusionêr gedink word oor God, die wêreld en die kerk. By die nagmaalstafel gaan dit om die nuwe verbond wat moontlik gemaak is deur Jesus Christus se offer (Luk 22:20). Elke keer wanneer ons die brood eet en die beker drink neem ons deel aan 'n revolusionêre minderheidsverslag. Die wêreld wil die brood nie gebreek hê nie, terwyl die wyn nog steeds die beker vul (Brueggemann 1980:1980). Maar dié wat aan die nagmaalstafel sit, weet beter. Ons weet God is betrokke en Hy is nog besig om die wêreld te verander.

6 SAMEVATTING

Tradisioneel is uit een van vier kategoriale keusemoontlikhede vir 'n basisteoretiese vertrekpunt in pastoraat gewerk: Bipolariteit, verandering, kommunikasie en koinonia. Louw (1984:22-26) voeg eskatologie by omdat dit volgens hom meer omvattend vir pastoraat is. Die verbond (te same met die uitverkiesing) is egter die mees-omvattende teologiese beginsel wat al die ander grondbeginsels veronderstel (Janse van Rensburg 1996:153).

In hierdie hoofstuk is telkens aangetoon dat die verbond die bestaande kategoriale keusemoontlikhede aanvul. Daar is ook ander belangrike elemente in 'n pastorale model. So byvoorbeeld Godsbegrip, koninkryk, antropologie, etiek, sleutelmag en so meer. Die beskrywing van hierdie elemente vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma werk telkens verrykend in op die pastorale ontmoeting.

'n Verbondgefundeerde paradigma vir pastorale begeleiding is omvattend genoeg om al die temas van die Bybel in pastoraat aan te spreek. Hierdie paradigma bied onder andere geleentheid om bepaalde aksente in die Godsbegrip te lê wat van groot waarde in die pastorale konteks sal wees. Verder bied dit unieke perspektiewe op die antropologie vanuit die gedagte dat die mens God se bondgenoot is.

Die pastorale verhouding kan ook na analogie van die verbond beskryf word. Pastoraat in hermeneutiese modus kry 'n bepaalde aksent wanneer vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma gewerk word. Die feit dat die verbond instrumenteel was in die afbakening van rituele grense in die Bybel, asook die feit dat die verbond kan help met die hantering van die verskynsel van oordrag in terapeutiese situasies, toon die besondere rol wat 'n verbondgefundeerde paradigma in pastoraat sal speel. Sakramente sal ook vanuit hierdie paradigma met groot vrug deel van die pastorale versorging kan vorm.

Daar is kortliks verwys na die benutting van die verbond deur sommige teoloë. Sommige teoloë verwys net daarna, ander gebruik dit as belangrike vormende prinsipe in hul werk. Die verbond as paradigma vir die pastorale begeleiding van gelowiges sal 'n belangrike

bydrae lewer in die pastoraat. Hierdie paradigma is ook by uitnemendheid geskik vir pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. In hoofstuk ses word meer aandag gegee aan 'n praktykteorie vir pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings, vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma.

HOOFSTUK 5: EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE BEHOEFTE VAN DIE EGPAAR MET FERTILITEITSUITDAGINGS

1 INLEIDING

Kan empiriese navorsing 'n rol in die teologie speel? By wyse van watter metodologie word die navorsingshipotese van hierdie studie getoets in die navorsing wat gedoen is? Dit is van die vrae wat bespreek word in hierdie hoofstuk. Die navorsingsresultate word weergegee en bepaalde afleidings daaruit gemaak. Onder andere word gewys op die behoeftes wat persone met fertiliteitsuitdagings het ten opsigte van hul verhouding met God, hul eggenoot en mede gelowiges.

Vanuit die raamwerk van die verbond word veral aandag gegee aan die egpaar se verhouding met die persoon naaste aan hulle, naamlik hul eggenoot, die verhouding met die Verbondsgod en met hulle mede verbondsgenote – hul medegelowiges. Laastens word in die lig van die navorsingsbevindinge 'n paar voorlopige merkers voorgestel wat gebruik kan word in die pastorale versorging van persone met fertiliteitsuitdagings vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma.

2 DIE PLEK VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

2.1 Empiriese benadering in die teologie

Die begrip “empirie” verwys na die verstaanskomponente van die kenproses. Eksistensiële, kontekstuele en relasionele elemente speel hier 'n rol. Die proses van verstaan, interpretasie en duiding (singewing) is belangrik in die empiriese benadering. 'n Empiriese benadering sou byvoorbeeld kon help om die bediening te verfyn, kommunikasieprosesse se effektiwiteit te verhoog en strukturele komponente meer funksioneel te maak. (Louw 1993a)

Daar kan egter baie vrae gevra word oor die plek en doel van 'n empiriese benadering in die teologie. Louw (1993b:68) wys op twee motiewe wat deur die term "empirie" weerspieël word:

1) Die toespitsing van die teologie op lewensvraagstukke sodat die teologie meer lewensgetrou is. Die empirie is in hierdie geval 'n instrument "waardeur die Skrif in sy aktualiteit noukeurig en betroubaar verklaar en gekommunikeer word." 2) Die relativering van die Skrifgesag sodat beide Skrif en teologie se waarheidsgestalte afhanklik word van "die prosesse van verstaan en interpretasie".

Met die oog op die ter sake studie sou dus gevra kon word: Waarom empiriese navorsing doen rakende die belewenis van die egpaar met fertiliteitsuitdagings se verbondsverhouding met God? Wil hierdie ondersoek aantoon dat die respondente van mening is dat die verbond as paradigma effektief toegepas kan word in hulle pastorale versorging? Laasgenoemde sou egter daarop neerkom dat die ervaring van hierdie persone die norm word vir die effektiwiteit van 'n bepaalde Bybelse waarheid. Die Skrifgesag word so gerelativeer en die pastoraat word niks meer as net nog 'n terapeutiese tegniek wat of kan werk of nie.

Die uitgangspunt van hierdie empiriese ondersoek is eerder soos volg: Die teologie moet op lewensvraagstukke toegespits word. Die uitdaging van die betrokke persone se fertiliteit, hoe dit hulself, hul huwelik, hul verhouding met God en medegelowiges raak, is van die lewensvraagstukke waarop hulle antwoorde nodig het. Op welke wyse het die persone reeds vir hulself antwoorde gekry op hierdie lewensvrae? Watter invloed sou hul verbondsverhouding met God hê op die verwerking van hul omstandighede? Leef hul vanuit die rykdom van die verbond, of is hulle nog onbewus van die ryke betekenis daarvan?

2.2 Aannames vir navorsing

Wetenskaplikes werk veral met drie aannames in hul navorsing (VandeCreek:1988): *Eerstens dat die wêreld en die menslike ervaring meer kompleks is as wat op die oog af*

voorkom. Wetenskap en teologie stem saam dat daar 'n "diepte" lê in gebeure wat nie altyd met die eerste oogopslag duidelik is nie. Deur nadere ondersoek in te stel kan verklarings gegee word, die redes agter bepaalde gebeure verstrekkend word, ensovoorts. Dit is egter ook waar dat die wetenskap, vanuit die aard van sy metodes, beperkinge het rakende sake waarvoor 'n uitspraak gemaak kan word. Hier kan die teologie egter 'n belangrike bydrae lewer.

Met die oog op die betrokke navorsing onder mense met fertiliteitsuitdagings beteken dit die volgende: Die uitdaging van hul fertiliteit is 'n komplekse saak met wye implikasies in hul lewe, moontlik meer as wat 'n mens op die oog af sou vermoed. Die navorsing het gepoog om iets van die kompleksiteit van hul ervarings uit te wys. Wat verder in gedagte gehou moet word, is dat hierdie navorsing nie poog om alle vrae te beantwoord nie. Die kompleksiteit van die menslike ervaring onder hierdie omstandighede, is net te omvattend daarvoor.

'n Tweede aanname waarmee wetenskaplikes volgens VandeCreek werk, is dat 'n *vraende uitgangspunt na die verdere "diepte" in gebeure nodig is. Dit lei tot verhoogde objektiwiteit.* Hoewel daar nie iets is soos absolute objektiwiteit nie, moet 'n navorser poog om so ver moontlik objektief in die navorsing te wees en ten minste bewus wees van moontlike subjektiwiteit. Dit is waar van die wetenskap en die teologie. Hoe objektief is die navorser met betrekking tot aannames wat gemaak word oor die onderwerpmateriaal? Wat is werklik die "harde feite" wat reeds uitgewys is in navorsing? Die navorser moet ook navraag doen oor die navorsingsmetodologie wat gevolg word. Hierdie aanname geld veral vir kwantitatiewe navorsing.

Met die oog op die betrokke navorsing onder mense met fertiliteitsuitdagings beteken dit die volgende: Die navorser het seker gemaak watter sake rakende mense met fertiliteitsuitdagings reeds nagevors is en kan met vrymoedigheid gebruik word in stellings wat gemaak word. Verder beteken objektiwiteit nie dat daar nie 'n bepaalde navorsingshipotese agter die vrae lê nie. Objektiwiteit beteken wel dat die navorser nie die respondente beïnvloed het in hulle antwoorde nie. Dit beteken ook dat eerlik

omgegaan moet word met resultate. Daar moenie slegs afleidings gemaak word wat die navorser se hipotese staaf en alle ander inligting word verswyg nie.

‘n Derde aanname waarmee wetenskaplikes aldus Vande Creek werk: *Die wetenskap beskerm en bevorder objektiwiteit deur die belangrikheid van bespreking en vergelyking met vakgenote te beklemtoon.* Dit is belangrik in beide die teologie en die wetenskap. Navorsing kan nie in isolasie plaasvind nie. Dit is ook waar in die geval van die ter sake navorsingsprojek. Nadat ‘n literatuurstudie gedoen is rakende pastorale raamwerke wat gebruik word vir die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings, is navorsingshipoteses geformuleer. Die vraelys is ook saamgestel in oorleg met kundiges om sodoende die bruikbaarste moontlike meetinstrument daar te stel.

2.3 Metodologie

In hoofstuk 1 van hierdie studie is reeds daarna verwys dat ‘n diakoniologiese metodologie gevolg word. Die Skrif word ondersoek as primêre bron vir die vorming van ‘n paradigma. Die Skrif werp naamlik lig op die pastorale hantering van menslike problematiek, terwyl van die insette van die mens - en natuurwetenskappe ook gebruik gemaak word. Met die oog op die samestelling van die vraelys is ondersoek ingestel na elemente rakende die verbond, soos gevind in die Skrif. Hierdie elemente is dan in die vorm van vrae verwoord wat die respondente se kennis en belewenis van hierdie sake wou toets.

2.4 Navorsingshipotese

Die hele studie het ten doel om ‘n verbondgefundeerde paradigma vir die pastorale versorging van persone met fertiliteitsuitdagings te ontwikkel. Die verwagting is dat pastorale versorging aan hierdie persone baie beter vanuit ‘n verbondgefundeerde paradigma aangepak kan word. Die navorsingshipotese kan soos volg geformuleer word: Die verbond as paradigma vir die pastorale versorging van persone met fertiliteitsuitdagings, speel ‘n baie positiewe rol in gelowiges se hantering van hierdie uitdaging.

Die empiriese ondersoek wou nie meet of die persone dink die verbond sal 'n groot verskil maak in hul belewenis nie. Die empiriese ondersoek wou meet in watter mate die Bybelse waarheid van die verbondsverhouding met God al neerslag gevind het in die persone se belewenis van hul fertiliteitsuitdaging. Die empiriese ondersoek kan dan ook aanduidings gee in welke mate die pastorale bediening noukeuriger en meer betroubaar (vergelyk Louw 1997:67) op die praktyk van die egpare met fertiliteitsuitdagings se geloofslewe afgestem kan word.

2.5 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Daar lê verskillende aannames ten grondslag van hierdie twee tipes navorsing (Mainwaring 1991). Kwantitatiewe navorsing word ondersteun deur die logiese positivisme. Dit beteken onder andere dat die realiteit objektief bepaal kan word deur empiriese waarneming. Kousaliteit word lineêr bepaal. Deur die hipoteties-deduktiewe sisteem van teoretiese toetsing kan teorieë geverifieer, weerlê of gewysig word. Veralgemenings kan gedoen word deur induksie.

Kwalitatiewe navorsing aan die ander kant, verwys na die volgende: kousaliteit kan nie slegs lineêr bepaal word nie, maar is meer kompleks. Individue beskryf die realiteit na aanleiding van hulle gevolgtrekkings, wat gebaseer is op die funksie en struktuur van 'n geesteswerkzaamheid. Beide die navorser en die voorwerp van navorsing is aktiewe agente in die proses. Die waarnemer en die waargeneemde het 'n invloed op mekaar. Ondersoeke word deur waardes beïnvloed ("value-laden"). Betekenis is 'n sosiale, linguïstieke, historiese, kulturele en kontekstuele produk.

In hierdie studie is gebruik gemaak van kwantitatiewe navorsing. Die navorsingsgroep het bestaan uit persone wat probleme ondervind om kinders van hul eie te verwek. Die navorser het die persone se response op die vrae getoets sonder om hul response te beïnvloed. Die moontlike oorsaaklike verband (kousaliteit) tussen hul fertiliteitsuitdaging en onder andere hul huwelik en godsdiensbeleving, is ondersoek.

Deur induksie word gevolgtrekkings gemaak wat toegepas kan word op enige Christengelowige met fertiliteitsuitdagings, nie slegs die groep wat deelgeneem het aan die navorsing nie.

3 IDENTIFISERING VAN NAVORSINGSPOPULASIE

3.1 Steekproef-tipe en populasie

Die navorser het gebruik gemaak van 'n nie-waarskynlikheidsteekproef. Hoewel nie-waarskynlikheidsteekproewe minder gebruiklik is onder navorsers, het die aard en doel van hierdie bepaalde navorsingsprojek vereis dat van die doelgerigte nie-waarskynlikheidsteekproef gebruik gemaak word. Hierdie tipe steekproewe maak dit moontlik om spesifieke gevalle in meer besonderhede te bestudeer. Dit was dus 'n gepaste metode om te gebruik in die navorsing onder mense met fertiliteitsuitdagings.

Die populasie vir hierdie navorsing is persone met fertiliteitsuitdagings. Die populasie van persone met fertiliteitsuitdagings is egter gediversifiseer. 'n Populasie van mense met fertiliteitsuitdagings kan uit enige van die volgende bestaan:

- ◆ mense wat pas uitgevind het dat hulle fertiliteitsprobleme het,
- ◆ mense wat pas begin het met fertiliteitsbehandeling,
- ◆ mense wat wel suksesvolle behandeling ondergaan het,
- ◆ mense wat al mislukte behandelings agter die rug het, maar voortgaan met behandeling,
- ◆ mense wat met behandeling gestaak het en nou kinderloos is, of 'n kind aangeneem het.

Die meer spesifieke populasie wat gebruik is in hierdie navorsing is persone wat aangemeld het vir, of reeds besig is met fertiliteitsbehandeling by 'n ginekoloog of Reproductiewe Sorg Eenheid.

3.2 Steekproefraamwerk

Daar kan van verskillende steekproefraamwerke gebruik gemaak word om die steekproefgroep vir navorsingsdoeleindes te identifiseer. Vir die doel van hierdie studie is daar van twee verskillende steekproefraamwerke gebruik gemaak. **Eerstens** is aandag geskenk aan fertiliteitsklinieke waar die vraelys versprei kon word. Met die oog daarop om die logistiek te vergemaklik, is eerstens begin by die Reproductiewe Sorg Eenheid in Bloemfontein. Weens die samewerking wat bestaan tussne die eenheid in Bloemfontein en ander praktyke in Gauteng en die Kaapprovinsie, is hulle ook genader vir die navorsingsprojek. Die hoof van die eenheid in Bloemfontein het kontaknommers verstrek van klinieke en/of ginekoloë in genoemde twee provinsies waarmee die eenheid in Bloemfontein dikwels saamwerk en wat behulpzaam sou kon wees in hierdie ondersoek.

Dit het tot gevolg gehad dat 50 vraelyste na die Reproductiewe Sorg Eenheid aan die Tygerberg hospitaal, 50 vraelyste aan 'n ginekoloog in Parow, 50 vraelyste aan 'n ginekoloog in Pretoria, asook 100 vraelyste na die Eenheid in Bloemfontein gestuur is. Die aantal vraelyste wat beskikbaar gestel is op die verskillende plekke, is bepaal in konsultasie met die hoof van die betrokke eenheid, na gelang van die hoeveelheid besoekers aan die spreekkamer of eenheid.

Die tweede metode om 'n steekproefgroep te identifiseer, het die elektroniese media behels. Die navorser het "Hannah's Prayer", 'n Christelike nuusblad vir persone met fertiliteitsuitdagings, op die internet gekontak. Dit is die internasionale blad van 'n Christelike Organisasie vir die ondersteuning van persone met fertiliteitsuitdagings. Die redakteur van die blad is genader met 'n versoek om hierdie bepaalde navorsing onder die lesers se aandag te bring. Die lesers kon per elektroniese pos die vraelys aanvra. Om hul anonimiteit te beskerm kon hulle die harde kopie van die ingevulde vraelys per pos terugstuur, of die vraelys vanaf iemand anders se elektroniese adres stuur.

3.3 Ewekansigheid en vrywillige deelname

Die ewekansigheid van die steekproef is op die volgende maniere verseker: Aangesien die hoeveelheid persone wat op daaglikse basis aanmeld vir fertiliteitsbehandeling nie so oorweldigend is nie, is elke persoon wat die deelnemende ginekoloë of Reproductiewe Sorg Eenhede besoek het, bekendgestel met die navorsingsprojek en die vraelys. Nadat verduidelik is dat deelname aan die navorsing vrywillig en anoniem geskied, is die geleentheid aan hulle gebied om die vraelys in te vul indien hulle aan die navorsingsprojek wou deelneem. Alle besoekers wat aan 'n Christelike geloof behoort het dus 'n ewekansige geleentheid gehad om die vraelys in te vul. Die verspreiding van die respondente was soos volg:

63 in Bloemfontein

31 in Tygerberg

6 in Parow

11 in Pretoria

14 in die VSA

Totaal: 125

'n Dekbrief by elke vraelys het dit duidelik gestel dat die invul van die vraelys vrywillig is en dat die respondent anoniem bly. Die egpare het geleentheid gekry om dit op die perseel waar behandeling/konsultasie plaasvind in te vul en in 'n verseëelde houer te plaas, of om dit aan die navorser terug te pos. Vraelyste is in Engels en Afrikaans beskikbaar gestel. Die dekbrieff by elke vraelys het dit ook duidelik gestel dat hierdie vraelys ingevul kon word deur kwalifiserende respondente wat aan die Christelike geloof behoort. Aangesien die studie uit 'n Christelike oogpunt aangepak is met die oog op 'n paradigma gefundeer in die Skrif, sou dit nie sin maak om die vraelys aan persone van ander gelowe beskikbaar te stel nie.

4 EMPIRIESE INSTRUMENT

4.1 Samestelling van empiriese instrument

Empiriese navorsing kan op verskillende maniere aangepak word. Daar kan gebruik gemaak word van telefoniese onderhoude, vraelyste, gestruktureerde persoonlike onderhoude, fokusgroepe, ensovoorts. Die navorser se keuse het geval op die vraelys wat individueel ingevul kan word deur die respondente. Hierdie vraelys is so opgestel dat dit binne enkele minute ingevul kon word. 'n Respondent sou dit byvoorbeeld kon invul terwyl hy/sy in die ginekoloog se spreekkamer wag.

'n Vraelys bied geleentheid om oor 'n wye spektrum van sake data in te samel. Mense se gedrag, houdings, oortuigings en opinies kan nagevors word. So ook hul eienskappe, verwagtings, selfklassifikasie en kennis aangaande sekere dinge (Neuman 1997:228). Verder kan 'n groter hoeveelheid respondente teen laer koste op hierdie manier bereik word, as deur individuele gestruktureerde onderhoude. Tog kon individuele reaksies verkry word deur van oop- en geslote vrae gebruik te maak en so 'n beter beeld te verkry van die belewenis van hierdie persone. Die vraelys word gevind in bylaag A.

4.2 Raamwerk van vraelys

4.2.1 Doel van vraelys

Die doel van die vraelys is om data in te samel met die oog daarop om afleidings te maak rakende die rol wat 'n verbondgefundeerde perspektief op pastoraat aan persone met fertiliteitsuitdagings, kan speel. In hierdie vraelys is aan die volgende sake aandag gegee:

- ◆ die wese van God, soos afgelei uit die genadeverbond;
- ◆ die wese van die genadeverbond;
- ◆ die troos en versterking wat beleef kan word vanuit die genadeverbond;
- ◆ ondersteuning aan die egpaar binne 'n verbondsgemeenskap;
- ◆ die belewenis van hul huwelik;
- ◆ etiese aangeleenthede;

- ♦ ouerskap.

4.2.2 Biografiese inligting

Daar bestaan 'n navorsingsverwagting dat bepaalde onafhanklike veranderlikes 'n invloed kan uitoefen op die afhanklike veranderlikes. Respondente is dus om hierdie rede versoek om die volgende inligting te verstrek:

- ♦ ouderdom van die respondente;
- ♦ aantal jare getroud;
- ♦ hoeveelste besoek aan die kliniek;
- ♦ hoeveel behandelingssiklusse deurloop is;
- ♦ of respondente reeds kinders van hul eie het, al dan nie (moontlik uit vorige verhoudings).

Dit is 'n navorsingsverwagting dat die verbond as paradigma binne enige Christelike kerkverband goed in pastoraat benut kan word. Persone uit verskillende Christelike kerkverbande kon daarom die vraelys voltooi. Uit hierdie breë spektrum van respondente kan breër veralgemenings gemaak word wat binne verskeie kerkverbande in pastoraat benut kan word.

4.2.3 Verduidelikende terme

Die vraelys het gepoog om sekere aspekte van die verbond en die respondente se kennis van die verbond te toets. Dit kan dan gebruik word as onafhanklike veranderlike waarteen ander afhanklike veranderlikes getoets word. Dit is egter moontlik dat verskillende mense en kerke die verbond verskillend verstaan. Met die oog op genoemde onduidelikhede is 'n kort paragraaf ter agtergrond ingevoeg in die vraelys. Hierdie paragraaf het gepoog om in eenvoudige taal 'n paar fasette van die verbond uit te lig. Dit is geensins bedoel as 'n volledige omskrywing van die verbond nie. Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende inligtingsparagraaf gebruik:

“In hierdie vraelys word dikwels van die VERBOND gepraat. Vir die doeleindes van hierdie vraelys verwys dit na die volgende: Die verbond is die verhouding waarin God uit genade met mense wil staan. God neem die inisiatief, Hy begin elke keer die verhouding. Elkeen wat glo in Jesus Christus is deel van hierdie verbond. Verbond kan ook verstaan word as ‘n kontrak tussen God en mens. “

4.2.4 Spesifieke elemente vir ondersoek met die oog op ‘n verbondsmatige perspektief

Die vraelys wil die religieusiteit van die respondente in die lig van die verbond analiseer. Religieusiteit behels volgens Cunningham vier hoofdimensies, naamlik 1) Die *ervaringsdimensie* wat verwys na ‘n persoon se emosionele verbintenis tot die Godheid wat hy/sy aanbid. 2) Die *rituele dimensie* wat verwys na die persoon se deelname aan gebed en ander godsdienstige handeling. 3) Die *ideologiese dimensie* wat verwys na die persoon se verbintenis tot sy geloofsgroep se standpunte en 4) die *konsekwensionele dimensie* wat verwys na die invloed van die persoon se godsdiens op sy/haar alledaagse lewe. (Cunningham et al 1998:338)

In die lig van hierdie dimensies en die hipotese wat getoets moes word, is ‘n vraelys bestaande uit 5 afdelings en 59 vrae opgestel. Die volgende aspekte met betrekking tot ‘n verbondgefundeerde perspektief het soos volg aandag gekry:

a. Die wese van die genadeverbond

Vrae rakende hierdie aspek het veral die volgende drie dimensies van die respondentes se religieusiteit nagegaan:

Die ervaringsdimensie - hoe beleef die respondente hierdie verbondsverhouding met God?

Die ideologiese dimensie – die respondente se verbintenis tot en kennis van die verbond.

Die rituele dimensie – respondente se benutting van Bybelstudie en gebed.

b. Troos en versterking vanuit die genadeverbond

Hierdie aspek het veral die konsekwensionele dimensie van die respondente se religieusiteit getoets. Wat is die invloed van die respondente se kennis en belewenis rakende die verbond op hul alledaagse lewe? Bied dit byvoorbeeld vir hulle troos in hulle omstandighede?

c. Die wese van God vanuit die genadeverbond

Vrae wat hieronder beantwoord moes word, het veral die ervaringsdimensie van die respondente se religieusiteit getoets. Hoe beleef die respondente hulle verhouding met die God van die verbond? Watter eienskappe van Hom beleef hulle binne hierdie verbondsverhouding?

d. Ondersteuning aan die egpaar binne die verbondsgemeenskap

Die ervaringsdimensie van die respondente se religieusiteit is hier getoets. Vrae in hierdie kategorie het lig op die volgende sake gewerp: Koinonia tussen gelowiges, voorbidding en morele ondersteuning vir mekaar, moet medegelowiges betrek word by die egpaar se situasie, al dan nie?

e. Huwelik

Vrae wat hieronder beantwoord moes word, het lig op die volgende sake gewerp: Die invloed van fertiliteitsuitdagings op die respondente se huwelik, kommunikasie in die huwelik, spanning asook die seksuele aspek van hul verhouding. Hierdie vrae het die konsekwensionele dimensie van die respondente se religieusiteit getoets.

f. Etiek

In die lig van 'n Christelike etiek, het vrae in hierdie kategorie getoets hoe respondente besluite rondom metodes van behandeling neem. Hierdie vrae het dus ook die ideologiese dimensie van die respondente se religieusiteit getoets – hoe sterk is die respondente tot die etiese beginsels van hulle geloofsgroep verbind?

g. Ouerskap

Vrae wat hieronder beantwoord moes word, het lig op die konsekwensionele dimensie van die respondente se religieusiteit gewerp. Wat is ouerskap? Hoe voel die persone oor “tegniese” ouerskap?

h. Teodisee vraagstuk en sinbeleving

Die konsekwensionele- en ervaringsdimensies van die respondente se religieusiteit is in hierdie afdeling nagegaan. Hoe beïnvloed die egpaar se verbondsverhouding met God die vrae wat hulle vra in moeilike tye? Hoe beleef hulle God te midde van hulle uitdaging?

4.2.5 Vergelykende vrae

Daar is sommige vrae waarop respondente ‘n “korrekte” teksboek antwoord kon gee, sonder dat hulle noodwendig daardie antwoord as ‘n werklikheid in hulle lewe ervaar. Vrae wat byvoorbeeld handel oor mense se geloof rakende God se liefde, wonderwerke en vergifnis van sonde, is vrae waarop mense gedwing kon voel om positief te antwoord as hulle hulself as gelowiges beskou. Hierdie vrae is veral van toepassing op mense met fertiliteitsuitdagings. Die vrae sal ook ‘n belangrike rol speel wanneer die verbondsmatige raamwerk vir pastoraat ter sprake kom, aangesien hierdie vrae en die antwoorde daarop juis sinvol vanuit ‘n verbondsmatige perspektief hanteer kan word.

Vrae wat handel oor mense se geloof rakende God se liefde, wonderwerke en vergifnis van sonde is in die betrokke vraelys op meer as een manier gestel. Die doel hiervan was om na te gaan of die persone in die praktyk beleef wat hulle in beginsel sê hulle glo. Die vraelys is so opgestel dat die beginsel sowel as die praktiese toepassing van die bepaalde aspek van ‘n verbondsverhouding, nagegaan kon word. Navorsers het bevind dat die ideële en die reële nie altyd ooreenstem nie (Cunningham et al 1998:38). Soms glo ‘n persoon sekere dinge onder ideële omstandighede, maar wanneer dit by die reële kom, word iets anders gedoen of toegepas. Hierdie aspek het onder die soeklig gekom by die volgende vrae:

Vrae 11.2 en 11.6 poog om vas te stel of die persoon se geloof in God se liefde prakties ervaar word, al dan nie.

Vrae 11.3 en 11.5 poog om vas te stel of die persoon se geloof in wonderwerke in beginsel, ooreenkom met sy/haar werklike verwagtinge daarvan in die praktyk.

Vrae 11.8 en 11.11 poog om vas te stel of die persoon se siening oor die vergifnis van sonde deur hom/haar in die praktyk beleef word.

5 RESULTATE VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

Uit die gegewens wat ingesamel is tydens die empiriese ondersoek, kon inligting bekom word rakende die volgende aspekte:

- ♦ Biografiese gegewens
- ♦ Aspekte van die belewenis van gelowiges binne hul verbondsverhouding met die Here
- ♦ Die belewenis van die Verbondsgod
- ♦ Ondersteuning aan gelowiges binne die verbondsgemeenskap
- ♦ Invloed van infertiliteitsuitdaging op huweliksverhouding
- ♦ Etiese vraagstukke
- ♦ Inhoud van die term ouerskap
- ♦ Teodisee vraagstuk en sinbeleving

Vervolgens word genoemde bevindinge weergegee. (Let Wel: Weens benadering kom die totaal nie noodwendig op 100% te staan nie.)

5.1 Biografiese gegewens

5.1.1 Samestelling van die groep

Die samestelling van die steekproef word in Tabel 5. 1 uiteengesit.

Tabel 5. 1 Biografiese gegewens van onderzoekgroep





Kenmerk		%	N
Geslag	M	27	34
	V	73	90
	Totaal	100	124
Eerste besoek aan kliniek	Ja	35	43
	Nee	65	79
	Totaal	100	122

Die steekproef se samestelling wat ouderdom, jare getroud, kerkverband en aantal behandelingsiklusse betref, word in Diagram 5.1 voorgestel.

Uit hierdie gegewens blyk dat die profiel van persone met fertiliteitsuitdagings met wie die pastor sal werk, waarskynlik oorwegend soos volg sal wees: vroulik, tussen die ouderdomme van 25 en 39 jaar en getroud vir minder as vyf jaar. 'n Groep waaraan aandag gegee kan word, is die redelike hoeveelheid egpare wat reeds tussen 6 en 10 jaar getroud is en besig is met behandeling. In die beginfase van 'n egpaar se huwelik ervaar 'n egpaar nog nie soveel druk om kinders te hê nie. Hoe langer hulle getroud is, sonder dat daar kinders is, hoe meer vrae word moontlik deur familie en vriende gevra

Die betrokke studie het nie gepoog om die verband tussen die huweliksduur en die druk wat dit op kinderlose egpare plaas, in volle besonderhede te ondersoek nie. Dit sal egter waardevol vir die pastorale begeleiding wees indien hierdie verband verder ondersoek kan word. In die begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings sal dit dus goed wees indien die pastor spesifiek daarop let of die uitdaging van hul fertiliteit toenemend moeilik word om te hanteer, hoe langer hulle getroud is.

Diagram 5. 1 Biografiese gegevens van steekproef



Die meerderheid respondente het reeds een of meer behandelingssiklusse deurloop. ('n Behandelingssiklus verwys na elke maand van die vrou se menstruele siklus waartydens die egpaar pille, inspuitings, in vitro bevrugting of gameet-oordrag ontvang het.) Hierdie persone se response op die vrae word dus gerugsteun deur hul ervaring. Die infertiliteitservaring behels onder meer hoop met elke behandelingssiklus, daarna die verwagting en uiteindelijke blydschap of teleurstelling. Worthington 1987:230 en Devor 1994:356 het bevind dat hoe langer 'n egpaar betrokke is by behandeling hoe meer emosies het hulle al beleef en hoe meer hanteringsmeganismes het hulle al toegepas. Hulle praat dus uit ondervinding wat oor 'n tyd strek.

5.1.2 Verband tussen geslag en invloed op huwelik

Geslag, as 'n onafhanklike veranderlike, se verband met vrae rakende die huwelik (as afhanklike veranderlike), is nagegaan: Word die huwelik versterk deur die respondente se infertiliteitsituasie? Het geslag 'n invloed op die respondente se seksuele lewe of kommunikasie? Het geslag 'n invloed op die respondente se belewenis van spanning, al dan nie, in die huwelik? Die doel van hierdie vergelyking was om vas te stel en of daar verskille tussen mans en vroue se belewenis van die invloed van infertiliteit op hul huwelik is? Die verwagting het bestaan dat die situasie vir vroue meer problematies is en 'n groter invloed op hul ervaring van hul huwelik kan hê, as by mans. Hierdie verwagting bestaan veral omdat die vrou meer intensief betrokke is by die behandelingsprosedure. Die vrou is die persoon wat 'n behandelingsprosedure moet ondergaan, ongeag of die mediese probleem by haar maat lê.

Dit het egter uit die ondersoek geblyk dat daar geen statisties beduidende verskil bestaan tussen manlike en vroulike respondente se belewenis van die invloed van hul fertiliteitsuitdaging op hul huwelik nie. Die invloed wat hul fertiliteitsuitdaging het op die versterking van hul huwelik, hul seksuele lewe, kommunikasie en spanning in hul huwelik, word dieselfde beleef deur beide manlike- en vroulike respondente. Hierdie bevinding behoort mekaar dus goed te verstaan en te ondersteun. Hierdie bevinding behoort vir die pastor van groot nut te wees. Dit kan onder egpare se aandag gebring

word dat navorsing aan die lig gebring het dat die invloed van hul infertiliteitservaring op hul huwelik deur beide partye dieselfde beleef word.

5.1.3 Verband tussen hoeveelheid besoeke aan kliniek en gesindheid jeens behandelingsmetodes

Die verband tussen die hoeveelheid besoeke reeds aan die kliniek of ginekoloog afgelê (onafhanklike veranderlike) en die volgende afhanklike veranderlikes, is nagevors:

- ♦ Sal enige mediese behandeling oorweeg word?
- ♦ Alles wat die mediese wetenskap kan doen, het God toegelaat en mag dus gebruik word.
- ♦ Sal daar eers met 'n predikant gesels word om te besluit oor moontlike kontroversiële behandelingsmetodes?
- ♦ Sal behandelingsmetodes oorweeg word wat teen u Christelike beginsels indruis?

Die doel van hierdie vergelyking was om vas te stel of die hoeveelheid behandelingssiklusse wat voltooi is, respondente se houdings en handeling beïnvloed.

Dit het egter geblyk dat daar geen statisties beduidende verband bestaan tussen die reaksies op genoemde vrae deur respondente wat vir die eerste keer vir behandeling aanmeld en die van respondente wat reeds betrokke is by behandeling nie. Daar sou dus nie sondermeer gesê kon word dat fertiliteitsbehandeling respondente se bereidwilligheid om enige soort behandeling, ongeag die etiese implikasies daarvan, te aanvaar, beïnvloed nie. Verdere navorsing wat gedoen sou kon word, is om ondersoek in te stel na die invloed van die koste van die behandeling op die persone se besluite rakende die duur van die behandeling asook die tipe behandeling.

5.2 Aspekte van die belewenis van gelowiges binne hul verbondsverhouding met die Here

5.2.1 Die betekenis van 'n verbondsverhouding met die Here

Die verbondsverhouding met God hou vir 98% van die respondente die volgende in: 'n gevoel van dankbaarheid en vertroosting, hulle voel bevoorreg en dit bied sekuriteit. Vir slegs 2% bied die verbondsverhouding niks nie.

5.2.2 Effek van geloofsverhouding op gemoedstoestand

Tabel 5. 2 Effek van geloofsverhouding op respondente se gemoedstoestand

Effek	%	N
Dit maak my hoopvol	94	114
Dit gee my deursettingsvermoë	92	114
Dit gee my moed om ons probleem te hanteer	90	101
Dit help my om ons probleem makliker te hanteer	73	89

Die positiewe effek van 'n geloofsverhouding op die gemoedstoestand van die respondente, blyk duidelik uit Tabel 5. 2.

5.2.3 Rol van Bybelstudie en gebed in hul lewe

Die betekenis wat Bybelverhale oor kinderlose egpare vir die respondente het, is ondersoek. Hieruit blyk dat slegs 'n derde (34,9%) van die ondersoekgroep doelbewus hierdie verhale lees en dat slegs 6% die verhale doelbewus vermy. Bykans 9 uit elke 10 (87%) respondente is van mening dat hierdie Skrifgedeeltes nie net verhaal van iets wat net in die verlede plaasvind het nie. Hierdie verhale gee vir 80% van die ondersoekgroep hoop vir hul eie omstandighede.

Bybelstudie en gebed kan vir verskillende aspekte van 'n persoon se geloofslewe van betekenis wees. Vir die meerderheid van die respondente speel Bybelstudie en gebed veral 'n rol ten opsigte van: geestelike groei (89%), troos (88%) en om leiding te vra

(85%). Heelwat minder respondente (62%) sien die rol van Bybelstudie en gebed om te weet wat die Bybel oor kinderloosheid sê. Fertiliteitsprobleme is vir net meer as die helfte van die ondersoekgroep (53%), 'n struikelblok in hul stiltetyd. 'n Christelike ondersteuningsgroep is iets waarby 55% van die respondente graag wil inskakel of reeds inskakel.

Die egpare se fertiliteitsuitdaging beïnvloed net meer as die helfte van die respondente se stiltetyd. Hieraan moet dus aandag gegee word in die pastoraat. Daar is klaarblyklik by die persone 'n groot behoefte aan geestelike groei, troos en om spesifieke leiding vanuit die Skrif te kry. Bybelverhale oor kinderlose egpare kan ook sinvol benut word in pastoraat en groepswerk. Dit blyk asof Christelike ondersteuningsgroepe vir die meeste van hulle van groot waarde sal wees. Wanneer 'n mens in ag neem dat die gemeenskap van gelowiges 'n belangrike rol speel in die verbond, is laasgenoemde punt belangrik indien vanuit 'n verbondsmatige perspektief hulp verleen wil word.

5.3 Die belewenis van die Verbondsgod

Die navorsing bring die volgende aan die lig:

God se liefde, en hiermee saam ook Sy beloftes, speel 'n baie groot rol in die respondente se lewe. Dit is iets waarop hulle kan staatmaak. Gehoorsaamheid en getrouheid vorm ook vir hulle 'n belangrike deel van hierdie verhouding met God. Die verbondsverhouding beleef hulle dus as iets met voorregte (God se liefde en beloftes) en verantwoordelikhede (gehoorsaamheid en getrouheid).

In Tabel 5.3 word die respondente se belewenis van God uiteengesit.

'n Belangrike bevinding waaraan aandag geskenk moet word in pastoraat aan hierdie persone, is dat ongeveer 'n derde van die groep dit soms moeilik vind om te glo dat God 'n God van liefde is. Hierdie vraag is 'n voorbeeld waar die ideële en reële met mekaar vergelyk word. In hierdie geval blyk dit dat 90% van die respondente oortuig is dat God

se liefde nie grense het nie. Tog is daar 'n derde van hulle wat dit nie altyd in die praktyk beleef nie.

Dit blyk asof daar soms situasies opduik wat dit moeilik maak om te glo dat God 'n God van liefde is. Die ideële en reële stem klaarblyklik nie altyd met mekaar ooreen nie. Hierdie feit kan ook waar wees van gelowiges in die algemeen. Daarom sal die pastorale gesprek die geleentheid wees om na te gaan of hierdie situasies wat dit moeilik maak om te glo dat God 'n God van liefde is, moontlik te doen het met die uitdaging van hul fertiliteit. In die pastoraat moet die tema van die werklikheid van God se liefde, aandag geniet.

In die pastoraat sou ook aandag gegee kon word aan die verwerking van sonde en skuldgevoelens. Bykans 'n derde van die groep vrees dat hulle iewers iets verkeerdsgedoen het teenoor God. Hoewel die vraag nie hul fertiliteitsprobleem direk aan skuldvergifnis en vrees koppel nie, blyk dit uit die literatuur dat mense met fertiliteitsuitdagings die vrees kan koester dat sonde wat hulle iewers begaan het, die oorsaak is vir die fertiliteitsprobleme wat hulle tans ondervind. Voorhuwelikse geslagsverkeer of 'n vorige egskeiding kan beleef word as die oorsaak dat die juk van infertiliteit op hulle gelê is (Anthonissen 1994:411). Spring (1980:95) verwys ook daarna dat hierdie persone kan vra: "Word ek gestraf? Sou ek dalk 'n slegte ouer gewees het?"

In die Bybel se tyd het sommige mense ook die gedagte gehad dat onheil 'n mens tref weens sonde in 'n persoon se lewe. Vergelyk byvoorbeeld Job se vriende se kommentaar op sy lyding in die boek Job. Jesus verwys ook na die siening dat onheil mense tref weens hul sondigheid. In Lukas 13:1-5 wys Jesus hierdie siening duidelik van die hand. Jesus wys ook hierdie eensydige siening af in die verhaal van die man wat blind gebore is (vergelyk Joh 9:1-12).

Tabel 5. 3 Respondente se belewenis van God

Kenmerk	%	N
Wanneer die Getroue God 'n verbond sluit is 'n persoon se eie getrouheid nie belangrik nie		
SNSN	84	96
Onseker	5	6
SS	11	13
Totaal	100	115
God se liefde het grense		
SNSN	90	111
Onseker	1	1
SS	10	12
Totaal	101	124
Wanneer God 'n verbond sluit, verwag Hy gehoorsaamheid		
SNSN	11	13
Onseker	2	3
SS	87	107
Totaal	100	123
Dit is moeilik om altyd te glo dat God 'n God van liefde is		
SNSN	60	74
Onseker	5	6
SS	35	43
Totaal	100	143
Wanneer ek sondig, gaan iets sleg my tref		
SNSN	66	81
Onseker	8	10
SS	26	32
Totaal	100	123
Binne die verbond kan 'n persoon nie staatmaak op God se beloftes nie		
SNSN	94	115
Onseker	2	2
SS	5	6
Totaal	101	123
My grootste vrees is dat ek iewers iets verkeerds gedoen het teenoor God		
SNSN	52	65
Onseker	15	19
SS	32	40
Totaal	99	124
Afkortings in die tabel gebruik, is die volgende:		
SNSN – Stem nie saam		
SS – Stem saam		

5.4 Ondersteuning aan gelowiges binne die verbondsgemeenskap

Waar vind persone met fertiliteitsuitdagings ondersteuning? Die betrokke navorsing het aangetoon dat die meerderheid van die persone (60%) hulle ondersteuning by hul eggenoot vind. Worthington verwys ook daarna dat 'n egpaar bewus gemaak moet word daarvan dat hul mekaar se beste bron van ondersteuning is (1987:231). Byna 'n kwart van die respondente vind hul ondersteuning by 'n kombinasie van die volgende persone: hul eggenoot, ouers/familie, vriende, medegelowiges en predikant. Anders as wat 'n mens moontlik sou verwag, vind meer van hulle (13%) ondersteuning by vriende en medegelowiges as by ouers of familie (3%).

Tabel 5. 4 toon die respondente se belewenis van die rol wat medegelowiges in hulle lewe speel. Hieruit kan afgelei word hoe die respondente medegelowiges se ondersteuning, vermyding van die omstandighede, voorbidding en so voorts, beleef.

In die algemeen blyk dit dat die respondente medegelowiges se rol in hul omstandighede in 'n positiewe lig beskou (vergelyk bogenoemde tabel). In die lig van die respondente se positiewe belewenis van medegelowiges se betrokkenheid, kan verder nagegaan word of medegelowiges se betrokkenheid voldoen in die behoefte van die respondente. Tabel 5. 5 vergelyk die bevindinge in hierdie verband.

Een van die vrae wat gehandel het oor die betekenis van ondersteuning deur medegelowiges, (maar wat nie in Tabel 5. 5 aangetoon word nie) het aangetoon dat sulke ondersteuning vir die meerderheid van die persone (75%) baie sal beteken. Hierdie ondersteuning moet veral in die vorm van voorbidding wees (87%). Die toon van belangstelling (78%) sal ook vir hulle baie beteken, dit is vir hulle belangriker as die ontvang van besoeke (38%). Die navorsing het aangetoon dat hulle 'n groter behoefte aan die sake genoem in Tabel 5. 5 het, as wat hulle wel tans ervaar. Die persone het byvoorbeeld 'n heelwat groter behoefte (87%) aan voorbidding deur medegelowiges as wat hulle wel ervaar (64%). (Vergelyk Tabel 5. 5).

Tabel 5. 4 Belewenis van die rol van medegelowiges in respondente se lewe

Kenmerk	%	N
Respondente voel deel van gemeente		
SNSN	14	17
Onseker	13	16
SS	73	91
Totaal	100	124
Medegelowiges se ondersteuning help respondent in		
SNSN	7	8
Onseker	18	22
SS	75	91
Totaal	100	121
Medegelowiges se voorbidding maak die belewenis		
SNSN	6	7
Onseker	24	29
SS	71	86
Totaal	101	122
Medegelowiges moet betrokke wees by sulke egpare		
SNSN	14	17
Onseker	29	35
SS	57	70
Totaal	100	122
Medegelowiges se belangstelling maak dit moeiliker		
SNSN	51	63
Onseker	24	29
SS	25	31
Totaal	100	123
Medegelowiges se vermyding maak die situasie		
SNSN	43	53
Onseker	34	41
SS	23	28
Totaal	100	122
Die volgende afkortings word in die tabel gebruik:		
SNSN – Stem nie saam		
SS – Stem saam		

Tabel 5. 5 Vergelyking tussen ervaring met medegelowiges en behoeftes van respondente

Wyse van betrokkenheid	Werklike ervaring	Behoefte van respondente
Medegelowiges lê besoeke af	30%	38%
Medegelowiges doen voorbidding	64%	87%
Medegelowiges toon belangstelling	73%	78%

Daar is 'n groot behoefte by persone met fertiliteitsuitdagings rondom voorbidding (vergelyk Tabel 5. 5). 'n Gemeente kan gerus meer aandag aan hierdie gebedsversoeke gee. Geleentheid vir getuienis met betrekking tot gebedsverhoring kan moontlik vir hierdie persone gebied word. Voorbidding deur hul medegelowiges is die vernaamste vorm van ondersteuning wat persone met fertiliteitsuitdagings verlang. In die pastoraat sal ook aandag gewy moet word aan die saak van gebed.

5.5 Invloed van fertiliteitsuitdaging op huweliksverhouding

'n Mens sou verwag dat die huwelike van persone met fertiliteitsuitdagings deur hul probleem negatief beïnvloed sal word. Dit gebeur egter ook dat egpare aanklop om hulp met die oog op fertiliteitsbehandeling, terwyl hulle eintlik 'n onderliggende huweliksprobleem het (Alperstein en Furman 1987). Aangesien die moontlikheid bestaan dat emosionele faktore (insluitend huweliksdisfunksie) 'n veroorsakende rol kan speel by infertiliteit, is dit belangrik om die huweliksverhouding te ondersoek (Van Zyl 1988:42). 'n Paar verskillende aspekte rakende die huwelik is in die huidige studie ondersoek.

- ◆ Is die huwelik versterk deur die respondente se uitdaging?
- ◆ Wat was die invloed van hul infertiliteitservaring op spanning, kommunikasie en hul seksuele lewe in die huwelik?

In Tabel 5. 6 word die resultate van die navorsing met betrekking tot hierdie sake aangebied.

5.5.1 Huweliksgroei

Die meerderheid persone (63%) het ervaar dat hul huweliksverhouding versterk is deur hulle fertiliteitsprobleem. In 'n studie gedoen deur Tennen et al (1991:127) is bevind dat persone wat oortuig is dat hul huwelik versterk is deur die infertiliteitservaring, beter aangepas het by hul omstandighede en minder angste ervaar het. Navraag na moontlike positiewe gevolge wat kan kom uit die omstandighede het bepaalde diagnostiese en prognostiese waarde. Antwoorde op hierdie vrae kan gebruik word om 'n diagnose te maak rakende die persone se huidige evaluering en beleving van hul infertiliteit. Dit kan ook 'n aanduiding gee van die verdere verloop (prognose) van die hantering van hul infertiliteit.

Tennen et al (1991:127) het verder ook bevind dat die positiewe gevolge van infertiliteit nie gewoonlik in onderhoude na vore kom nie, tensy spesifiek daarna gevra word. Deur te vra na moontlike positiewe gevolge gee die terapeut "toestemming" aan die persoon om ook die positiewe gevolge van die infertiliteitservaring te beleef. Hierdie evaluering van die persoon met fertiliteitsuitdagings rakende sy/haar huwelik, is 'n vorm van kognitiewe beheer oor die omstandighede.

Egpare met fertiliteitsuitdagings kan saam 'n ondersteuningsgroep vorm. Die egpare wat ervaar het dat hul huwelik versterk is weens hierdie ervaring kan moontlik binne groepverband geleentheid kry om die redes hiervoor met ander egpare te deel. Op hierdie wyse kan 'n positiewe invloed op mekaar uitgeoefen word. Die pastor kan ondersoek instel na die redes vir huweliksgroei by hierdie egpare en dit toepas in pastoraat aan egpare wat behoefte aan huweliksberading het. Volgens navorsing wat onder andere deur Van Zyl (1988) gedoen is, sal aandag wat die pastor aan huweliksverryking gee, belangrike positiewe gevolge vir die egpare inhou.

Tabel 5. 6 Effek van fertiliteitsuitdaging op die huwelik

Kenmerk	%	N
Huweliksverhouding het versterk weens fertiliteitsprobleem		
SS	63	77
SNSN	24	29
Onseker	14	17
Totaal	101	123
Fertiliteitsprobleem veroorsaak spanning in huwelik		
Ja	41	50
Nee	59	72
Totaal	100	122
Fertiliteitsprobleem beïnvloed kommunikasie met eggenoot nadelig		
Ja	11	13
Nee	83	103
Weet nie	7	8
Totaal	101	122
Probleme om kinders te hê het 'n effek op die seksuele lewe		
Ja	44	54
Nee	44	54
Weet nie	13	16
Totaal	101	124
*Effek van infertiliteit op seksuele verhouding		
Infertiliteit veroorsaak spanning in seksuele verhouding en laat hulle	25	13
Verkeer net seksueel om 'n baba te verwek, seksuele verhouding voel	31	16
Seksuele aktiwiteit voel sinneloos en persone verloor belangstelling	16	8
Nie invloed van infertiliteit op seksuele verhouding aangedui	25	13
Infertiliteit bring persone nader aan mekaar in hul seksuele verhouding	4	2
Totaal	101	52
Afkortings gebruik: SNSN – Stem nie saam SS – Stem saam *Slegs die persone wat “Ja” geantwoord het op die vraag of probleme om kinders te hê 'n effek op hul seksuele lewe het, het hierdie vraag voltooi. Daarom is die N-waarde nie dieselfde as by die ander vrae nie.		

In die ondersoek gedoen deur Van Zyl (1988:134 e.v.) het dit geblyk dat 'n huweliksverrykingsprogram vir infertiele egpare tot die volgende gelei: die angsvlakke van mans en vroue het afgeneem na afloop van die program en na 18 maande was daar

beduidend meer swangerskappe in die eksperimentele groep wat die huweliksverrykingsprogram deurloop het.

In 'n opvolgstudie gedoen deur Jacobs (1995) het dit geblyk dat genoemde resultate veral op die korttermyn 'n positiewe invloed op hul huweliksverhouding het. Na verloop van vyf en meer jare was daar nie meer 'n beduidende verskil sigbaar tussen egpare wat die huweliksverrykingsprogram deurloop het, en ander wat dit nie deurloop het nie. Daar was byvoorbeeld nie meer 'n beduidende verskil tussen hulle angsvlakke nie, en ook nie beduidend meer swangerskappe in die een as die ander groep nie.

5.5.2 Spanning en kommunikasie

Die meerderheid van die respondente (59%) het aangetoon dat hulle nie meen dat hulle fertiliteitsprobleem spanning in hulle huwelik veroorsaak nie. Die feit dat 41% van die respondente tog ervaar dat die probleem spanning veroorsaak, verdien egter aandag in die pastoraat. Die pastoraat moet ook in ag neem dat 'n swangerskap juis "gevaarlik" kan wees in 'n huwelik wat reeds ontwrig is deur die stres van infertiliteit (Leader et al 1984). In genoemde publikasie wys Leader daarop dat die swangerskap "gevaarlik" kan wees deurdat die swangerskap die potensiaal het om groter spanning te bring met 'n negatiewe invloed op die huweliksverhouding.

Kommunikasie is nog 'n belangrike faktor in 'n huwelik. Kommunikasie veronderstel 'n fundamentele verbondenheid waar iets gedeel word (Roscam Abbing 1980:48). Kommunikasie verwys na die proses waardeur 'n persoon sy/haar maat help om sy/haar eie unieke leefwêreld te ontdek (Knouwds 2000:66). Dit is ook die proses waardeur 'n persoon sy/haar maat se leefwêreld leer verstaan.

Hierdie openhartige kontak met mekaar binne die huwelik, beoog doelbewus om liefde oor te dra (Louw 1985:87). Elkeen se leefwêreld kan verskillend beïnvloed word deur hul infertiliteit. Kommunikasie behels die oordra van hierdie leefwêreld. Kommunikasie,

as 'n belangrike faset van die huweliksverhouding, kan dus ook geraak word deur die respondente se infertiliteitservaring.

Die betrokke navorsing het die invloed van infertiliteit op kommunikasie binne die huwelik ondersoek. Volgens die meerderheid (83%) beïnvloed infertiliteit nie hulle kommunikasie nadelig nie. Ander fasette van hul huweliksverhouding mag dalk deur hul infertiliteit beïnvloed word, maar volgens hul eie belewenis word hul kommunikasie nie negatief daardeur beïnvloed nie.

'n Vergelyking tussen die reaksies op die vrae oor die invloed van infertiliteit op spanning en kommunikasie, toon die volgende: 'n beduidend kleiner persentasie ervaar dat infertiliteit kommunikasie negatief beïnvloed (11%) as wat beleef dat infertiliteit spanning veroorsaak (41%). Infertiliteit het klaarblyklik minder van 'n negatiewe invloed op kommunikasie binne die huwelik as wat dit het op spanning binne die huwelik.

5.5.3 Seksuele verhouding

In hoofstuk twee is reeds verwys na ander navorsers se bevindinge rakende die effek van fertiliteitsprobleme op die seksuele lewe. So byvoorbeeld word "prestasie" op seksuele gebied belangriker as die ervaring van nabyheid en liefde tydens seksuele verkeer. Seksuele aktiwiteit word 'n wedywing om mag en beheer oor hul seksuele funksies (Read 1995:106).

Die huidige navorsing bring die volgende aan die lig: Ewe veel respondente het gesê dat dit 'n effek op hul seksuele lewe het (44%), as wat gesê het dat dit nie 'n effek het nie (44%). In die laaste gedeelte van Tabel 5. 6 kan gesien word op welke wyse die effek van infertiliteit op hul seksuele verhouding ervaar word.

Infertiliteit gaan om die seksuele funksionering van die egpaar. Daarom het die vermoede bestaan dat die meerderheid respondente sou beleef dat hul fertiliteitsuitdaging 'n effek op hul seksuele lewe het, tog blyk die resultate anders te wees. Dit is moontlik

dat die respondente nie graag teenoor hulself wil erken dat die fertiliteitsuitdaging 'n effek op hul seksuele lewe het nie. Hierdie saak sou verder ondersoek kon word in 'n opvolgstudie.

5.5.4 Verband tussen geslag en belewenis van invloed van fertiliteitsuitdaging op huwelik

Die huidige navorsing bring aan die lig dat daar nie 'n statisties-beduidende verband bestaan tussen 'n persoon se geslag en die belewenis van die invloed van hul fertiliteitsuitdaging op hul huwelik nie. Ander navorsers het egter bevind dat mans en vroue verskillende hanteringsmeganismes gebruik. (Vergelyk Read 1995:116.)

Die belewenis van 'n situasie verwys na die emosionele reaksie wat 'n bepaalde situasie in 'n persoon se lewe tot gevolg het. Die hantering van 'n situasie verwys na die tegnieke wat 'n persoon gebruik om 'n situasie te verwerk. Dat mans en vrouens die invloed van hul omstandighede op hul huwelikslewe dieselfde beleef, is 'n bemoedigende bevinding. Hoewel mans en vroue hul omstandighede verskillend kan *hanteer*, beteken dit nie dat hulle dit verskillend *beleef* nie. Dit kan die egpaar laat besef dat hulle saam deur hierdie uitdaging gaan en dat hulle beide op dieselfde wyse geraak word deur hierdie uitdaging. Hulle kan die beste bron van ondersteuning vir mekaar wees (Worthington 1987:231).

Hierdie gelyksoortige belewenis van die invloed van die situasie op hul huwelik, kan 'n positiewe rol in die egpaar se hantering van hul uitdaging speel. Indien 'n persoon oortuig is dat hulle huweliksmaat nie hulle eie ervaring van infertiliteit verstaan nie, kan die kommunikasie tussen die eggenotes benadeel word (Stanton 1991: 91). In die pastoraat kan die bevinding van die huidige navorsing benut word deur eggenotes geleentheid te bied om hul gevoelens eerlik met mekaar te deel. Dit kan tot vrugbare gesprekke tussen eggenotes kan lei. Egpare kan begelei word om begrip te toon vir mekaar se hanteringsmeganismes wat moontlik kan verskil, hoewel hul belewenis volgens die navorsing nie verskil nie. Hierdie gesprekke kan die egpaar lei tot die

belewenis dat hulle saam in hierdie uitdaging is, omdat dit nie net die man of net die vrou se “probleem” is nie.

5.5.5 Pastoraat

Die pastoraat moet aandag gee aan die volgende sake:

- ♦ Die ervaring en hantering van spanning binne die huwelik, gekoppel aan fertiliteitsprobleme.
- ♦ Die invloed van die egpaar se fertiliteitsuitdaging op hul seksuele lewe moet ook aandag geniet in die pastorale begeleiding.
- ♦ Openhartige kommunikasie tussen die eggenotes rakende die belewenis van die seksuele faset van hul huwelik.

Die feit dat net 44% van die respondente erken dat infertiliteit ‘n invloed op hul seksuele lewe het, laat die vermoede ontstaan dat persone nie altyd die invloed van infertiliteit op hul seksuele lewe erken of besef nie. Daarom kan egpare in die pastoraat begelei word om, waar nodig, te erken dat die uitdaging ‘n effek op hul seksuele lewe het. In hoofstuk ses sal in groter besonderhede ingegaan word op die besondere taak wat die pastor het in die begeleiding van die egpaar tot huweliksgroei te midde van hul fertiliteitsuitdaging.

5.6 Etiese vraagstukke

Hoe raak die egpare se christenskap hulle alledaagse lewe? Watter invloed sal dit hê op keuses wat hulle byvoorbeeld maak ten opsigte van etiese aangeleenthede? Sake wat veral hier ter sprake kan kom, is die keuse tussen verskillende behandelingsmetodes asook die beoordeling van die etiese beginsels wat dit onderlê.

Die mediese wetenskap het die afgelope dekades groot vordering gemaak in die behandelingsmetodes wat gebruik kan word by pasiënte met fertiliteitsprobleme. Die persone met fertiliteitsuitdagings kan hierdie vordering op mediese terrein vanuit verskillende gesigspunte benader. Die vordering op mediese terrein kan gesien word as

blote menslike vaardigheid, wat met omsigtigheid deur gelowiges benader behoort te word.

Die vordering kan gesien word as iets wat deur God moontlik gemaak is, en daarom benut kan word. Die persone kan ook die siening huldig dat, as dit God se wil is dat hulle 'n kind sal hê, Hy nie die mediese wetenskap nodig het om Sy wil uit te voer nie. In 'n ondersoek gedoen deur Anthonissen is bevind dat die meerderheid van die egpare 'n deterministiese Godsbeskouing het (1994:411). God het vooraf bepaal dat hulle kinderloos sal wees en daar is niks wat hulle of die mediese wetenskap daaraan kan doen nie

Resultate van die huidige navorsing vertoon soos volg:

Tabel 5. 7 Etiese vraagstukke*

Kenmerk	%	N
Alles wat die mediese wetenskap kan doen, het God toegelaat en mag dus gebruik word.	76	94
Respondent sal enige mediese behandeling probeer wat hulle kan help om 'n kind te hê.	77	95
Respondentsal nie enige behandelingsmetodes oorweeg wat teen hul Christelike beginsels indruis nie.	71	87

*Hierdie tabel toon slegs die ter sake seleksie van resultate met die oog op die bespreking hieronder. Die resultate reflekteer die hoeveelheid respondente wat **saamstem** met die betrokke stelling.

Die meerderheid van die respondente (76%) in die huidige studie het aangedui dat hulle van mening is dat God alles toegelaat het wat die mediese wetenskap kan doen en dat dit dus gebruik mag word. In hulle omstandighede beteken dit dus dat alle vordering wat gedoen is op die gebied van reprodktiewe sorg, benut kan word deur persone met

fertiliteitsuitdagings. Daardie mediese vooruitgang is deur God moontlik gemaak. So 'n ongenueanseerde siening van God se betrokkenheid by mediese ontwikkeling, kan natuurlik vanuit 'n etiese oogpunt problematies wees. Hierdie standpunt sou beteken dat enige mediese tegnieke sonder voorbehoude benut kan word, ook deur 'n gelowige. Sommige mediese tegnieke laat egter talle etiese vrae ontstaan, byvoorbeeld surrogaatmoederskap, eksperimentering op embrio's, kloning - om slegs 'n paar te noem.

In die lig van bogenoemde standpunt, is die respondente gevra of hulle enige mediese behandeling sal oorweeg wat hulle moontlik kan help met hulle probleem. Hierop het 77% bevestigend geantwoord. Die respondente het klaarblyklik nie by voorbaat 'n standpunt vir of teen sekere behandelingsmetodes ingeneem nie.

Terwyl die meerderheid van die respondente (71%) nie sondermeer enige behandelingsmetodes vir hul fertiliteitsprobleem sal oorweeg wat teen hulle Christelike beginsels is nie, is hulle egter nie noodwendig negatief krities oor die mediese wetenskap en sy ontwikkeling nie. Trouens, dit blyk dat die respondente baie positief oor die mediese wetenskap is en bereid is om enige behandeling te ondergaan wat moontlik kan help. Dit blyk verder dat die meerderheid (57%) nie vooraf met 'n predikant sal gaan gesels om duidelikheid te kry oor moontlike kontroversiële behandelingsmetodes nie. Die pastoraat sal dus aandag moet gee aan die etiese begeleiding van die persone.

Dit blyk ook uit die navorsing dat daar nie 'n statisties-beduidende verband bestaan tussen die tydperk wat persone betrokke is by fertiliteitsbehandeling, en hul bereidheid om enige behandelingsmetodes vir hul probleem te ondergaan nie. Dit toon aan dat 'n mens nie sondermeer kan aflei dat persone wat reeds langer by behandeling betrokke is, mettertyd al meer bereid sal wees om enige behandelingsmetode te oorweeg nie.

5.7 Inhoud van die konsep "ouerskap"

Die konsep van ouerskap speel 'n belangrike rol by persone wat besig is met behandeling met die oog op 'n eie kind. Ouerskap is 'n groot lewensdoelwit vir die meeste getroude persone (Daniluk 1988:982). Ouerskap word deur die meeste godsdienste gesien as 'n godsdienstig-morele verpligting. Ouerskap is 'n natuurlike gesonde verwagting om te hê, en dit word ook gesien as die betekenis van seks in die huwelik (Van Zyl 1988:17). Hoe definieer persone met fertiliteitsuitdagings ouerskap? Uit die reaksie op die betrokke vraag blyk dat die persone meen dat die biologiese verwekking van 'n kind baie belangrik in ouerskap is. Die rede waarom die respondente vir fertiliteitsbehandeling aangemeld het, is omdat hulle op hierdie wyse ouers wil word. Die huidige navorsing bring aan die lig dat ouerskap deur die meeste respondente (74%) gekoppel word aan die biologiese proses om kinders te verwek.

Daar is 'n paar faktore wat persone met fertiliteitsprobleme in ag kan neem by hul siening van en motivering vir ouerskap (Clark et al 1991:164):

- ◆ Mediese behandeling met die gepaardgaande ongemak en kostes daaraan verbonde.
- ◆ Die betrokkenheid van 'n derde party by die persone se seksuele verhouding.
- ◆ Herhaalde mislukings in die behandelingsprogram.
- ◆ Sosiale stigma gekoppel aan infertiliteit.
- ◆ Oorweging van aanneming as 'n opsie.

Persone wat suksesvol was met hul behandeling kom nie altyd daarby om 'n her-evaluering van hul siening van ouerskap te doen nie (Clark et al 1991:164). Persone wat spoedig na behandeling 'n kind/kinders van hul eie het, het nie lank genoeg tyd gehad om weer vir hulself duidelikheid te kry hoe hulle ouerskap verstaan en hoe hulle dit graag wil uitleef nie.

Fertiliteitsprobleme, en die gevolglike moontlikheid dat die persone nie kinders van hul eie kan hê nie, noop hulle om opnuut na te dink oor ouerskap. Dit sal dus belangrik wees dat die volgende sake aandag geniet in die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings: Wat ouerskap is, wat is die rol daarvan in die mens se ontwikkeling

en die waarde wat mense daaraan heg. Persone wat na alternatiewe vorms van ouerskap moet begin kyk (byvoorbeeld aanneming) het ook spesiale begeleiding nodig. Persone wat klaarblyklik nie kinders van hul eie sal hê nie, kan begelei word om hul behoefte aan ouerskap op ander maniere te kanaliseer deur byvoorbeeld betrokke te raak by welsynsorganisasies, hul gemeente, hul familie en vriende se kinders, ensovoorts.

5.8 Teodisee vraagstuk en sinbelewing

‘n Fertiliteitsuitdaging stel persone voor vrae waarmee hulle moontlik voorheen nie gekonfronteer was nie. God se rol in lyding, (die teodiseevraagstuk), is ‘n vraag waarom al baie in die teologie besin is. Deur die eeue is verskillende antwoorde op hierdie vraag geformuleer. Teodisee beteken: regverdiging van God. Dit is baie moeilik om ‘n antwoord te formuleer op die vraag na God se rol in lyding. God se alwyse regering kan uiteindelik nie aan menslike beoordeling onderwerp word nie (Heyns 1988:163). Om te sê lyding is toeval, is te min gesê. Om te sê lyding is ‘n beskikking van God, wil weer te veel sê. Die beste blyk te wees om te praat van God se beheer in lyding (Louw 1988:27).

Persone wat gekonfronteer word met moeilike uitdagings in hulle lewe, vra waarom dit juis met hulle gebeur. Wat is God se rol hierin, is daar ‘n doel met alles, of dalk ‘n rede vir hierdie uitdaging in hulle lewe (Kander 1990:19)? Wanneer die egpaar begin nadink oor God se rol in hulle fertiliteitsprobleem, watter antwoorde vind hulle? Daar is verskillende moontlikhede op die vraag na God se rol in lyding. Mense kan God se rol in hulle uitdaging verskillend sien. In die lig van die respondente se fertiliteitsuitdaging is twee moontlike sieninge van God in die betrokke navorsing nagegaan. Word God gesien as die “Wonderwerker” (wat met behulp van of ten spyte van die mediese moontlikhede ‘n kind kan skenk), of as die “Een met die Antwoorde” (oor die doel met hul fertiliteitsuitdaging)?

5.8.1 God as “die Wonderwerker”

Twee vrae is gevra om die respondente se siening rakende wonderwerke na te gaan. Hierdie twee vrae het dit ook moontlik gemaak om ‘n vergelyking te tref tussen die respondente se ideële siening van wonderwerke en hulle reële belewenis daarvan. Op die stelling: “Ek glo in wonderwerke” het byna nege uit tien van die persone bevestigend geantwoord (89%). Dus is daar slegs 11% van die respondente wat onseker is of nie in wonderwerke glo nie. Uit ‘n ander vraag blyk dit egter dat ‘n derde van die respondente (35%) ‘n sterk geloof as voorvereiste aan wonderwerke koppel. Dus het ‘n derde van die groep die verwagting dat wonderwerke nie kan plaasvind waar ‘n persoon se geloof te swak is nie. Op die ideële stelling rakende wonderwerke is slegs 11% onseker of afwysend. Waar die reële belewenis van wonderwerke egter getoets word, is ‘n derde van die groep afwysend. Dit blyk dus dat in die praktyk van die lewe meer mense nie wonderwerke gaan verwag as wat daar mense is wat dit in teorie ontken (11%).

Uit die respondente se reaksie op die vrae blyk dat wonderwerke ‘n belangrike rol vir hulle speel. Die siening van God wat ‘n belangrike rol sal speel in hulle eie hanteringsmeganismes en in die pastoraat, is die rol van God as die Een wat wonderwerke kan doen.

5.8.2 God as “die Een met die Antwoorde”

Net meer as die helfte van die respondente (54%) is van mening dat daar ‘n doel met hulle kinderloosheid. Die saak rakende die doel van kinderloosheid is vir ‘n groot deel van die groep (46%) nog nie so duidelik uitgepluis nie. Tog het hulle moontlik behoefte om daaroor te praat want die meerderheid van hierdie persone (79%) stem saam dat ‘n gelowige ook soms opstandig kan word en vir die Here vra: “Hoekom is ek kinderloos?” Ongeveer agt uit tien van die respondente meen dus dat ‘n mens kan vra na die doel van hulle kinderloosheid. In ‘n tyd van lyding is daar vrae na die sin van gebeure (Stone 1987:23) en daarom moet ook hieraan in die pastoraat aan persone met fertiliteitsuitdagings aandag gegee word.

Daar is nagegaan met watter belangrike persone in hulle lewe hulle reeds gesels het oor die doel met hul kinderloosheid. Vriende(59%) het byna net so 'n belangrike rol in hierdie gesprekke gespeel as familie (62%). By verre die minderheid van die respondente (29%) het egter met hul predikant daaroor gesels. Dat die predikant nie so 'n belangrike rol speel in die respondente se verwerking van hul uitdaging nie, het ook duidelik geword in paragraaf 5.6 waar dit handel om etiese vraagstukke.

Navorsing gedoen deur Tennen et al (1991:127) het bevind dat persone wat nie 'n antwoord op die vraag na die doel van hul kinderloosheid het nie, tog nie as gevolg daarvan meer angste beleef in hul omstandighede nie. Dit het klaarblyklik te doen met die besonderheid van fertiliteitsuitdagings. Fertiliteitsuitdagings kan 'n onbepaalde tyd duur omdat daar altyd nuwe mediese moontlikhede bestaan. Dit duur 'n geruime tyd voordat die persone vra na die doel van hul kinderloosheid, aangesien hulle onbepaald kan bly hoop.

Tennen et al (1991:127 e.v.) waarsku ook terapeute om nie voortydig uit te kom by antwoorde op die vraag na die doel van kinderloosheid nie, aangesien dit die persone kan dwing tot 'n premature afsluiting van die infertiliteitservaring. Vrae hieroor sal dus met groot omsigtigheid in die pastoraat hanteer moet word, met veral groter aandag daaraan nadat 'n persoon bewus geword het van die onomkeerbaarheid van sy/haar probleem. (Vergelyk ook paragraaf 4.2 en 4.4 in hoofstuk 2.)

5.8.3 “Wonderwerker” of “Antwoordgewer”?

Daar is verskillende maniere waarop die respondente God se betrokkenheid in hul uitdaging kan beleef. In die proses kan hulle vir hulself verskillende antwoorde kry op die vraag na God se rol in hulle lyding. Uit die navorsing kan 'n paar voorlopige afleidings gemaak word rakende hierdie saak. Dit blyk dat wonderwerke en God se rol as “Wonderwerker” vir 'n groot meerderheid van die respondente 'n belangrike rol speel. (Vergelyk paragraaf 5.8.1.) Die hoop is dat God 'n wonderwerk kan laat gebeur en aan hulle 'n kind van hul eie skenk.

In paragraaf 5.2.2 is ook aangetoon dat die belangrikste invloed van hul verhouding met Jesus Christus op hul lewe, die feit is dat dit hulle hoopvol maak. Daar bestaan moontlik 'n verband tussen hoopvol weens geloof in Christus en geloof in 'n wonderwerk. Voorlopig word in die lig van die bevindinge tot dusver die afleiding gemaak dat die hoop verwys na hoop op 'n wonderwerk – die wonder van 'n eie kind wat gebore word. Die verband tussen die hoop wat 'n verhouding met Jesus Christus hulle gee en die geloof in 'n wonderwerk, moet egter verder ondersoek word.

Die rol van God as die Een met die antwoorde op hulle hoekom-vrae, blyk egter ook belangrik te wees. Dit is moontlik dat die doel met hul kinderloosheid, en die godsdienstige antwoorde wat die respondente daarop kry, nie so op die voorgrond staan as die hoop op 'n wonderwerk nie. Soos reeds verwys na navorsing gedoen deur Tennen et al (1991) het dit te doen met die besonderheid van die infertiliteitservaring. Hierdie infertiliteitservaring is nog onafgeslote en die verwagting is die hele tyd daar dat iets kan gebeur, totdat 'n persoon verneem dat sy/haar probleem onoorkomelik is. Verdere navorsing kan na nog meer leidrade gaan soek wat die vermoede bevestig rakende die twee moontlike sieninge van God in hulle omstandighede, naamlik hul siening van God as Wonderwerker en as die Een met die antwoorde op hul hoekom-vrae.

6 BEHOEFTE VAN PERSONE MET FERTILITEITSUITDAGINGS

Fertiliteitsuitdagings raak baie fasette van die betrokkenes se lewens. Die respondente het verskillende behoeftes as gevolg van die uitdaging wat hulle deurgaen. Na aanleiding van die navorsing kan veral die behoeftes rakende die volgende verhoudings verder uitgelig word: hul verhouding met God, hul eggenotes en medegelowiges.

6.1 Behoeftes wat beleef word in hul verhouding met God

Dit is duidelik dat die respondente se verhouding met die Here Jesus Christus vir hulle baie beteken in hulle huidige omstandighede. Dit gee hulle veral deursettingsvermoë (92%) en moed (90%). 'n Groot deel van hulle meen ook dat dit hulle help om hulle

situasie makliker te aanvaar (73%), hoewel dit nie die heel belangrikste bydrae van hul geloofsverhouding is nie. Met die oog op pastoraat is dit betekenisvol dat hul verhouding met Jesus Christus vir hulle so baie positiewe gevolge het. Dus sal die persone bereid te wees om te gesels oor en te werk aan hulle verhouding met Jesus Christus.

6.1.1 Bybelstudie en gebed

Beginnende by die persone se daaglikse kontak met God, is dit kommerwekkend dat dit juis hier is waar die meeste respondente geraak word. Die meerderheid van die persone (53%) sukkel op die oomblik om Bybelstudie te doen en te bid, as gevolg van vrae rondom hulle fertiliteitsuitdaging. Hierdie basiese deel van 'n mens se verhouding met God is baie belangrik. Dit het 'n groot invloed op 'n mens se belewenis van God en die hantering van omstandighede.

Die respondent het klaarblyklik 'n groot behoefte aan geestelike groei (89%), asook aan troos (88%) en leiding (85%). Dit is van die dinge wat hul Bybelstudie en gebed volgens die navorsing vir hulle beteken. Die persone kan doelgerig begelei word om nog meer geestelike groei, troos en leiding uit hul Bybelstudie en gebed te put. Daar is 'n behoefte aan 'n Christelike ondersteuningsgroep (55%) waar daar juis geestelike groei en ondersteuning beleef kan word. (Hieroor later meer.)

Persone met fertiliteitsuitdagings het onder andere begeleiding nodig in die hantering van bepaalde Bybelgedeeltes vir hulle omstandighede. Hier kan veral aandag gegee word aan verhale van kinderloses wat na ingrype van God wel 'n kind ontvang het. Op watter wyses kan hierdie verhale hoop gee aan egpare met fertiliteitsuitdagings? Die huidige navorsing het aan die lig gebring dat hoewel die persone nie doelbewus die verhale vermy nie, hulle dit ook nie doelbewus lees nie. Dit kan moontlik dui op 'n onsekerheid wat om daarmee te maak.

6.1.2 Daaglikse wandel met God

'n Volgende aspek van hul verhouding met die Here behels die respondente se alledaagse lewe saam met Hom. Ook dit word beïnvloed deur hulle uitdaging. Die hantering van skuldgevoelens en sonde speel 'n belangrike rol in die lewe van enige gelowige. Dit is deel van die daaglikse wandel met God. Sondevergifnis vorm die kern van gelowiges se verhouding met God. Die korrekte hantering hiervan speel onder andere 'n belangrike rol in geestelike groei. Dit is moontlik dat sommige persone juis op hierdie terrein met onsekerhede loop. Drie en vyftig persent van die respondente het die vrees uitgespreek dat hulle dalk iewers iets verkeers gedoen het teenoor God: moontlik 'n onuitgesproke vrees dat dit die rede vir hul kinderloosheid is. In die pastoraat moet hieraan aandag gegee word.

Nog 'n faset van die daaglikse wandel met God behels die *keuses en besluite* wat 'n gelowige neem. Wanneer is iets goed/sleg, of reg/verkeerd vir 'n kind van die Here om te doen? Persone met fertiliteitsuitdagings word in hulle behandeling met sake gekonfronteer waaroor hulle selde voorheen vir hulself 'n standpunt uitgemaak het. Die respondente wil nie graag behandelingsmetodes ondergaan wat teen hulle Christelike beginsels is nie (71%), maar dit lyk nie of hulle duidelikheid het oor wat teen hul Christelike beginsels is of sal wees nie. Hulle is redelik onkrities oor die mediese wetenskap en het moontlik nog nie baie gedink oor die etiese implikasies van sekere mediese handelings nie. Persone met fertiliteitsuitdagings moet standpunt kan inneem en ingeligte keuses kan maak om daarmee ook as getuies op te tree. Daar is 'n dringende behoefte aan simpatieke dog duidelike begeleiding in hierdie verband.

6.1.3 Denke oor God

God se liefde speel 'n baie groot rol in die respondente se denke oor Hom. By 'n derde van die respondente is daar vrae oor God se liefde. Dit is vir hulle moeilik om altyd te glo dat God 'n God van liefde is. Die ervaring van hulle uitdaging kan moontlik vrae bring oor God se liefde. Hier is 'n behoefte om die persone bewus te maak van God se liefde en om hulle vertrouwe daarin te gee. Hiermee saam dink hulle aan God as 'n God

wat Sy beloftes nakom (94% van die respondente meen dat 'n persoon kan staatmaak op God se beloftes). Vanuit hulle omstandighede is daar die behoefte om verseker te wees wat God se beloftes vir hulle is.

Op watter beloftes kan hulle reken en watter beloftes geld nie spesifiek vir hulle nie? Hoe moet 'n gelowige reageer op God se beloftes en hoeveel moet ek van my kant af doen (byvoorbeeld hoeveel en watter tipe behandelings) om God se beloftes te bewaarheid? Gelowiges het leiding nodig wat hierdie saak betref. Promisioterapie sal hier 'n groot rol speel. Promisioterapie verwys na die toespitsing van God se konkrete beloftes op die totale historiese situasie van die mens (Louw 1998:518). Die gelowige word begelei om vooruitgrypend deel te kry aan die volheid van die heil wat God belowe.

God is 'n God wat wonderwerke kan doen. Nege uit die tien respondente is daarvan oortuig dat Bybelverhale van kinderlose persone wat later kinders gekry het, hulle hoop gee, want dit kan vandag nog gebeur. Die respondente het waarskynlik 'n groot behoefte daaraan dat hul pastor/medegelowiges saam met hulle sal bid vir 'n wonderwerk. Persone met fertiliteitsuitdagings kan begelei word om te verstaan wat 'n wonderwerk is. Is dit net 'n wonderwerk as God aan hulle 'n baba skenk deur mediese ingrype? Is daar ook ander wonderwerke? Hoe lank kan 'n gelowige bly vashou aan 'n wonderwerk? Wat gebeur as die wonderwerk waarvoor ons gehoop het nie realiseer nie? Pastorale begeleiding kan hier 'n unieke bydrae lewer wat nie deur ander hulp-professies gelewer kan word nie.

Die respondente dink oor God as Iemand wat 'n doel het met alles wat gebeur, ook met hulle kinderloosheid. Baie van hulle (79%) het klaarblyklik al vir God gevra na die doel met hulle omstandighede. Baie het al die vraag vir God gevra (79%), maar nie so baie (55%) het al 'n antwoord op hierdie vraag gekry nie. Daar is 'n behoefte om antwoorde op hierdie vraag te kry. Persone met fertiliteitsuitdagings het begeleiding nodig om elkeen vir hulself 'n antwoord te kry op hierdie vraag. Die fase waarin die persone met fertiliteitsuitdagings verkeer, sal 'n invloed uitoefen op watter rol van God vir hulle meer

prominent is. Uiteindelik moet die persone begelei word tot 'n gebalanseerde Bybelse siening van Wie God is.

6.1.4 Verbondsbeleving

Dit is onseker tot watter mate die respondente voorheen bewustelik aan hul verhouding met God as 'n verbondsverhouding gedink het. Na aanleiding van die vrae en verduideliking van die term "verbond", beleef die persone hul verbondsverhouding met God as iets wat hulle dankbaar, vertroos, bevoorreg en veilig laat voel. Binne die denkraamwerk van 'n verbondsverhouding met God lê groot potensiaal om die persone effektief pastoraal te begelei.

Binne hierdie verbondsverhouding is die mens se getrouheid en gehoorsaamheid vir hulle belangrik. Agt uit tien respondente (84%) het aangetoon dat die mens se getrouheid in die verbond belangrik is. Byna nege uit tien (87%) het aangetoon dat gehoorsaamheid belangrik is ind ie verbond. Die respondente het waarskynlik 'n behoefte daaraan om duideliker te weet wat hulle eie getrouheid en gehoorsaamheid binne die verbond behels. Moet mense met fertiliteitsuitdagings ook in ander sake getrou wees en op ander maniere gehoorsaam wees (byvoorbeeld rakende handelings) as mense wat nie voor so 'n uitdaging staan nie?

Dit is onseker tot watter mate die respondente bewus is van en/of leef uit die voorregte wat spruit uit die verbondsverhouding met God. Persone met fertiliteitsuitdagings moet weet watter grond die verbond onder hulle voete plaas, sodat hulle omstandighede met moed en krag verwerk kan word. Daar is waarskynlik die behoefte om te verstaan wat dit in hulle omstandighede beteken wanneer God in die verbondsformule sê: Ek sal vir jou 'n God wees, en ook die God van jou nageslag. Die kinderlose egpaar moet begelei word om te ontdek tot watter mate hierdie formule ook vir hulle waar is. Vanuit hul verbondsverhouding met God, kan die egpaar met fertiliteitsuitdagings nuut dink oor 'n nageslag. Hulle kan hierin pastoraal begelei word.

Vervolgens gaan ook aandag gegee word aan behoeftes in hul verhouding met hul eggenoot soos uit die navorsing na vore gebring is.

6.2 Behoeftes in hul verhouding met hul eggenoot

6.2.1 Seksuele faset

Die meerderheid egpare (63%) het beleef dat hul huwelik versterk is deur hul fertiliteitsuitdaging. Uit die resultate blyk egter ook dat daar heelwat behoeftes rakende hul verhouding met mekaar bestaan. Die behoefte wat vanweë die aard van hul omstandighede voorop staan, is na die sinvolle uitleef van die seksuele faset van hul huwelik. Die respondente wat aangetoon het dat hulle kinderloosheid 'n invloed op hul seksuele lewe het, het 'n paar sake genoem wat die effek daarvan duideliker uitspel. Sommige persone ervaar dat die seksuele lewe gereguleer word en nie meer spontaan is nie. Alles word gedoen met die een doel voor oë, naamlik om 'n kind te verwek.

Ander persone ervaar spanning rondom die seksuele. Die grootste behoefte van sulke persone, as gekyk word na die wyse waarop hulle hierdie vrae beantwoord het, is om eerlik te wees oor die invloed op hul seksuele lewe. Om te erken dit veroorsaak soms probleme, is die eerste stap na 'n vervulde seksuele lewe. Hierdie is 'n sensitiewe onderwerp wat met groot deernis in die pastoraat aangespreek behoort te word.

6.2.2 Kommunikasie

Daar moet seker gemaak word dat die kommunikasie tussen die egpare nie tog negatief geraak word deur hul fertiliteitsuitdaging nie. Die meerderheid persone (83%) het aangetoon dat hul kommunikasie met mekaar nie nadelig beïnvloed word deur hul fertiliteitsuitdaging nie. Die potensiaal is egter daar dat die kommunikasie later rondom die een onderwerp draai, of juis die een onderwerp vermy – naamlik hul fertiliteitsuitdaging. Kommunikasie is 'n belangrike faset van die huweliksverhouding. Gesonde kommunikasiestyle kan die egpaar help om die situasie op die mees effektiewe

manier te hanteer. Daar moet genoeg geleentheid wees om hulle belewenisse met mekaar te bespreek.

6.2.3 Spanning

‘n Verdere behoefte veral by sommige egpare(41%), is die hantering van spanning. Sou hulle sekere tye meer spanning beleef as ander tye, byvoorbeeld terwyl hulle wag vir die uitslae van die behandeling? Aangesien nie alle mediese fonds pakkette vir fertiliteitsbehandeling betaal nie, kan die finansiële aspek van die behandeling spanning wek. Die heimlike gevoel dat die situasie een van die partye se “skuld” is, kan ook spanning wek. Verder kan die bespreking al dan nie van hul omstandighede met vriende en familie, spanning wek. Die invloed van spanning op hul kommunikasie en seksuele lewe moet aandag geniet in die pastorale begeleiding van die egpaar.

6.3 Behoeftes in hul verhouding met medegelowiges

6.3.1 Ondersteuning

Die respondente het behoefte aan ondersteuning deur hul medegelowiges. Ses en sewentig persent van die respondente is daarvan oortuig dat dit hulle sal help in die verwerking van hul omstandighede. Veral vanuit ‘n verbondgefundeerde paradigma kan hieraan aandag geskenk word. Die verbondsverhouding met God beteken dat ‘n persoon ook deel word van die verbondsvolk van God. Juis binne hierdie verhouding met medegelowiges kan ‘n egpaar met fertiliteitsuitdagings ondersteuning beleef.

Die respondente (78%) het behoefte daaraan dat medegelowiges belangstelling toon in hul omstandighede. Hulle het ‘n groter behoefte hieraan as wat hulle wel tans beleef. Tog blyk dit ook dat ‘n groot deel (57%) van hulle moontlik ervaar dat die vermyding van hul kinderlose situasie deur medegelowiges, dit vir hulle makliker maak. Kinderloosheid is iets wat mense ongemaaklik maak en wat deur sommige mense lomp hanteer kan word.

Die vermoede kan by sommige van hierdie egpare bestaan dat hierdie mense wat hul situasie vermy, dit andersins dalk juis moeiliker kon gemaak het. Mense het nie altyd die vaardighede om hul medegelowiges met fertiliteitsuitdagings te ondersteun nie. Uit hierdie onsekerheid van die persone oor die vermyding van hul omstandighede, kan afgelei word dat hulle behoefte daaraan het dat hul medegelowiges weet hoe om hulle ten beste te ondersteun.

Persone met fertiliteitsuitdagings se grootste behoefte is egter aan voorbidding deur hul medegelowiges. Daar is nie 'n beduidende verband tussen die behoefte aan voorbidding, en geloof in wonderwerke nie. Hoewel die meerderheid (89%) glo in wonderwerke, is dit nie die enigste rede waarom hulle behoefte aan voorbidding het nie. Voorbidding is 'n wyse van betrokkenheid waarmee veral medegelowiges hul ondersteuning kan toon.

Vorbidding maak, volgens hul eie getuienis, die belewenis van hul fertiliteitsuitdaging makliker. Hierby aansluitend bestaan die behoefte dat medegelowiges weet hoe en waarvoor om voorbidding te doen. Die behoefte sal dan ook wees aan geleenthede waar gebedsversoeke deurgegee kan word en 'n behoefte aan persone met die gawe van gebed, aan wie hul behoeftes deurgegee kan word.

Besoeke deur medegelowiges is nie so 'n groot behoefte soos die behoefte aan voorbidding nie. Medegelowiges se ondersteuning kan op baie ander wyses getoon word, eerder as deur besoeke by hulle af te lê. Tog het 'n derde van die groep behoefte aan sulke besoeke. In aansluiting hierby sal daar die behoefte wees dat medegelowiges weet hoe en wanneer om besoek af te lê.

6.3.2 Kleingroepe

Die persone het 'n behoefte aan ondersteuning deur medegelowiges. Kleingroepe sou een wyse van ondersteuning wees. Meer as die helfte van die persone het aangetoon dat hulle 'n behoefte het om in te skakel by 'n Christelike ondersteuningsgroep. Sommige is reeds betrokke by so 'n groep.

Daar is reeds vroeër in hierdie studie verwys na die verskillende fasette van 'n fertiliteitsuitdaging. Daar is byvoorbeeld die sosiale faset waarin persone kan beleef dat hulle uitgesluit word uit sekere kringe. Die gemeenskap en ook die gemeente is baie keer ingestel op gesinne met kinders. Binne die veilige ruimtes van 'n kleingroep kan die persone verhoudings opbou met mense wat hulle ondersteun. Die behoefte aan sosiale kontak eerder as sosiale isolasie, kan in die kleingroep ondervang word.

Reaksies op vrae wat gevra is rakende die etiese aspekte van hul fertiliteitsuitdaging, toon dat hierdie persone nog baie antwoorde vir hulself moet kry. Binne die kleingroep kan saam gesoek word na antwoorde op hierdie vrae. Ook vrae rakende die doel van hul kinderloosheid kan binne die kleingroep tot sinvolle gesprekke lei.

7 ENKELE MERKERS VIR PASTORALE ONDERSTEUNING VANUIT 'N VERBONDGEFUNDEERDE PARADIGMA

Die empiriese ondersoek het bepaalde behoeftes uitgewys van persone met fertiliteitsuitdagings. Dit is die verwagting van hierdie studie dat die verbond as paradigma vir pastorale versorging van hierdie persone by uitnemendheid geskik is om hulle effektief pastoraal te begelei. Vervolgens gaan enkele merkers aangetoon word wat gebruik sou kon word binne 'n verbondgefundeerde paradigma vir pastoraat. Dit sluit veral aan by spesifieke behoeftes wat deur die studie getoon is. In 'n volgende hoofstuk sal 'n meer omvattende omskrywing gegee word vir pastorale begeleiding aan persone met fertiliteitsuitdagings vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma.

7.1 Verbond en bipolariteit

Daar is rede om te vermoed dat persone met fertiliteitsuitdagings soms 'n bipolarêre spanningsverhouding tussen hulle en God beleef. 'n Paar moontlike fasette van hierdie bipolarêre verhouding sluit in: God se wil vir hulle lewe, en hulle behoefte aan 'n kind. God doen wonderwerke maar hulle het moontlik ook 'n "verantwoordelikheid" ten

opsigte van mediese behandeling. Die spanning wat daar tussen hulle en God kon ontstaan weens iets wat hulle verkeerd gedoen het en daarom kan hulle nie kinders hê nie.

Bipolariteit speel 'n belangrike rol in paradigmavorming. Binne die verbond is daar egter nie ruimte vir so 'n bipolêre spanning nie. God reik uit na die mens en Hy plaas die hunkering in die mens na Hom. God en mens is nie gelyke vennote in die verbond nie (Vriezen 1966:183). Die verbondsverhouding is nie gebou op verdienste nie, maar op genade. Persone kan juis vanuit die verbond as paradigma begelei word om nie hul verhouding met God as 'n bipolêre spanningsverhouding te beleef nie. Hulle hoef nie God te oortuig om bemoeienis met hul omstandighede te maak nie. God se guns word verteenwoordig deur die genadeverbond. Pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma is by uitnemendheid geskik om die persone te help in die verwerking van hul uitdaging.

7.2 Verbond en die Raad van God

Die verbond is onlosmaaklik verbind aan die ewige Raad van God. Heyns (1978:200) skryf oor die verbond soos volg: "Die verbond is inklusief, dit wil sê, ongeveer alle aspekte van Gods handeling met die mens, kom in mindere of meerdere mate, op die een of ander wyse, binne die gesigseinder wanneer oor die verbond gehandel word." Juis binne die ruimte van die verbondsverhouding kan die persone met fertiliteitsuitdagings leer van die omvang van God se liefde, Sy trou en baie meer. Die Here toon Hom telkens in die verbondsgeskiedenis as die gemeenskapsoekende God. Leiding in die belewenis van hierdie gemeenskap is noodsaaklik. Die persone kan verder begelei word om opnuut al die eienskappe van die Here, die God van die verbond, te ontdek. Sy almag, genade, Heiligheid en ander eienskappe wat raakgesien word in die Verbondsgeskiedenis kan verder toegelig word, veral met die oog op hulle spesifieke omstandighede.

Van Rensburg (1996:154) wys daarop dat die verband tussen die verbond en die Raad van God verreikende konsekwensies het vir die pastoraat. Onder andere dat God in Sy Raad siekte en beproewings opneem. Teodiseevraagstukke, soos ook by die persone

met fertiliteitsuitdagings gevind, kan vanuit hierdie raamwerk hanteer word. Binne die verbond is God met die noodlydende, ook die persoon met fertiliteitsuitdagings, op weg. In hierdie verband kan pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma baie nuttig aangewend word.

7.3 Verbond, kerugma en verandering

In die verbond gaan dit om die kommunikasie (kerugma) van die heil op grond van die verbondsbeloftes. Die pastor word die intermediêrende verbondskommunikator deur wie die Heilige Gees die soekende mens en die noodlydende opsoek. Fiset (1979:29-34,43) wys daarop dat die dinamiek van verandering in mense in die nabyheid van God setel. Dit is juis die boodskap van die verbond. Van Rensburg (1996: 156) beskryf dit so dat dit beteken dat wat God vir ander gedoen het, Hy ook vir die persoon in beraad kan doen.

Hier kan byvoorbeeld gedink word aan verhale van kinderlose egpare in die Bybel en verhale van ander persone wat deur God aangeraak is te midde van hul uitdaging. Verder verduidelik Van Rensburg die doel van pastoraat om die belofte van 'n nuwe werklikheid in die lewe van mense konkreet te maak. Wat is God se nuwe werklikheid vir hierdie egpaar met hierdie bepaalde uitdaging? Hier kan die persone tot nuwe ontdekkings gelei word.

Persone met fertiliteitsuitdagings kan pastoraal begelei word om hul houding en reaksie ten opsigte van hul probleme te verander. Hulle kan begelei word om nuut vanuit die Bybelse en Goddelike beloftes daaroor te dink en so die verandering (metanoia) mee te maak (Capps 1979:15). So 'n verandering van denke en gesindheid kan volgens Van Rensburg (1996:156) lei tot 'n lewensverandering en verandering in lewenskwaliteit. Die persone met fertiliteitsuitdagings kan beleef dat hul lewe verskraal tot die een begeerte om 'n kind van hul eie te hê. So 'n verandering in denke en gesindheid kan onder andere 'n groot verandering bring in hul lewenskwaliteit.

Die persone kan begelei word om te leef vanuit die troos van 'n verbondsverhouding met God. Die deelwees van 'n verhaal wat oor duisende jaar strek, kan mense 'n ander belewenis van hul omstandighede gee. Die verbondsformule: "Ek sal vir jou 'n God wees, en ook die God van jou nageslag" kan ondersoek, verstaan en beleef word. Die sekerheid wat die verbond onder hulle voete wil plaas, kan uitgespel word. Rituele en simboliek het telkens 'n groot rol gespeel in die sluit van die verbond en die verloop van die verbondsgeskiedenis. Riglyne kan gegee word vir rituele en simboliek wat hulle kan help in die verwerking van hul fertiliteitsuitdaging.

7.4 Verbond en koinonia

König (1991:15-18) herinner daaraan dat die verbond hoofsaaklik 'n verhouding-gerigte werklikheid is. In Jesus Christus se liggaam aanvaar die lede sorg en verantwoordelikheid vir mekaar (1 Kor 15:25-26). Die persone met fertiliteitsuitdagings het behoefte aan die ondersteuning en versorging van hul mede gelowiges. Hierdie persone kan daartoe begelei word om hulself as deel van die verbondsvolk te sien en beleef. Die verbondsvolk is mense wat in hul verhouding met die Verbondsgod 'n verhaal van God se ingrype in hul lewe skryf.

Die persone kan begelei word om hul spesiale rol in die skryf van hierdie verhaal van God se ingrype in die verbondsvolk, raak te sien. Daar moet geleenthede geskep word waar hierdie persone die gemeenskap van gelowiges kan beleef, byvoorbeeld in 'n spesiale kleingroep. In die verbondsvolk gaan dit om gemeenskap met God en met mekaar.

In 'n kleingroep kan die persone ervaar dat hulle in liefde aan mekaar verbonde is. Hierdie liefdevolle verbintenis hang saam met God se trou aan Sy eie volk. Binne groepsverband word die verbond en verpligtinge teenoor mekaar ernstig opgeneem (Knowles 1964:36). 'n Groep wat spesifiek afgestem is op die behoeftes wat fertiliteitsuitdagings bring, kan waarskynlik die persone nog beter begelei om die versterking van onderlinge koinonia te beleef. 'n Verbondgefundeerde paradigma vir

die pastorale versorging van persone met fertiliteitsuitdagings, kan juis die behoefte van hierdie persone aan ondersteuning ondervang.

7.5 Verbond en mensbeeld

As man en vrou is die mens beeld van God (Barth 1951). Die mens vind juis sy betekenis as beeld van God in die verbond (Schilder 1947). As geslagtelike wese is die mens dus deel van die verbond. Om deel te wees van die verbond is om 'n bepaalde identiteit te hê (Christiansen 1995:2). 'n Gelowige se identiteit as beeld van God word gevorm deur die verbondsverhouding met God. So ook word die gelowige se geslagtelikheid gevorm deur sy/haar verbondsverhouding met die Here.

Vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma word 'n gelowige begelei om hul identiteit as man of vrou opnuut te waardeer. Die betekenis van hul geslagtelikheid lê nie in die eerste plek in hul vermoë om voort te plant nie. Die betekenis van hul geslagtelikheid lê eerder in die besondere maniere waarop hulle as man en vrou in 'n verbondsverhouding met die Here leef.

Voordat met 'n gelowige oor hul ouerskap gepraat word, moet aandag gegee word aan hulle kindskap – kind van God. Om deel van die verbond te wees, is om kind van God te wees. In die gelowige se kindskap leer hulle God as Vader ken. Hulle leer wat ouerskap is in hulle verbondsverhouding met die Here. Die verbond sluit trouens aan by 'n primêre verhouding – die tussen moeder en baba (Brueggemann 1995:5). In die vorige hoofstuk is hierdie punt onder paragraaf 1.3 meer uitvoerig bespreek.

7.6 Verbond en etiek

Daar lê 'n implisiete narratiewe etiek in verbondsteologie opgesluit (Sweeney 1989:17). Dit beteken dat etiese besluite nie los van 'n persoon se geloofsgemeenskap geneem kan word nie. Die narratief van die Opgestane Here moet geleef word. 'n Gelowige se hele lewensverhaal word beïnvloed deur die lewenswaardes wat die Here aan Sy

verbondsmense stel. 'n Gelowige se deelwees van die verbond impliseer 'n lewenstyl wat daarby pas.

'n Verbondsgemeenskap kan nie anders as om 'n gemeenskap van God se Tora (wette) te wees nie (Brueggemann 1980:1096). Uit die navorsing het geblyk dat die meerderheid respondente (87%) nie enige mediese behandeling sal oorweeg wat teen hulle Christelike beginsels is nie. Vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma word persone met fertiliteitsuitdagings begelei om hul uitdaging te benader as deel van 'n verantwoordelike verbondsgemeenskap. Hierdie verbondsgemeenskap neem al hul besluite in die lig van God se verbondseise.

8 SAMEVATTING

'n Empiriese ondersoek is gedoen na die belewenis van persone met fertiliteitsuitdagings. Die ondersoek het gepoog om hierdie persone se verstaan en belewenis van die volgende sake na te gaan: die wese van die genadeverbond, troos en versterking vanuit die genadeverbond, die wese van God soos afgelei uit die genadeverbond, ondersteuning aan die egpaar binne die verbondsgemeenskap, die huwelik, etiek, ouerskap, die Teodiseevraagstuk en sinbelewing. Uit die gegewens kon afleidings gemaak word rakende 'n paar fasette van die behoeftes van hierdie persone: Behoeftes in hul verhouding met God, hul eggenoot en mede gelowiges.

Behoeftes in hul verhouding met die Here wat uit die navorsing duidelik geword het, sluit onder andere in: sinvolle Bybelstudie en gebed, neem van besluite op grond van Christelike beginsels, hantering van skuldgevoelens en die Here se rol in wonderwerke. Behoeftes in hul verhouding met hul eggenoot sluit onder andere in: rol van seksuele faset in huwelik en die hantering van spanning. Behoeftes in hul verhouding met hul mede gelowiges sluit in: voorbidding en om te deel in 'n ondersteuningsgroep. Enkele merkers is uitgewys wat gebruik kan word in pastoraat uit 'n verbondgefundeerde paradigma: Verbond en bipolariteit; verbond en die raad van God; verbond, kerugma en

verandering; verbond en koinonia; verbond en antropologie en verbond en etiek. Vergelyk Tabel 5. 8 hier onder, vir die weergee van hierdie inligting.

Dit blyk al hoe meer dat die verbond as paradigma vir pastoraat baie goed geskik is vir die effektiewe pastorale versorging van persone met fertiliteitsuitdagings. In die volgende hoofstuk sal in meer besonderhede aandag gegee word aan die uitwerk van 'n moontlike model vir pastorale versorging van hierdie persone vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma

Tabel 5. 8 Vergelyking tussen respondente se behoeftes en fasette van die verbond

Fasette van die verbond	Respondente se behoeftes soos aangetoon uit die navorsing
♦ Verandering in 'n persoon se lewe is moontlik danksy God se nabyheid, 'n belangrike tema in die verbond (par 7.3). ♦ God se guns word verteenwoordig deur die genadeverbond (par 7.1). ♦ Daar is nie ruimte vir 'n bipolêre spanningsverhouding tussen God en mens in die verbond nie (par 7.1). ♦ Binne groepsverband word die verbond en verpligtinge teenoor mekaar ernstig opgeneem (par 7.4). ♦ Identiteit van die mens as man en vrou in die verbond (par 7.5). ♦ Implisiete narratiewe etiek in verbondsteologie (par 7.6). ♦ Verbond sluit aan by mees basiese verhouding van moeder en baba (par 7.5). ♦ Die verbond is onlosmaaklik deel van die Raad van God (par 7.2).	♦ Bybelstudie en gebed as hulpmiddel tot geestelike groei, troos en om leiding te vra (par 5.2.3). ♦ God se liefde (par 5.3). ♦ Skuldgevoelens en sonde vergifnis (par 5.3). ♦ Ondersteuning deur medegelowiges (par 5.4). ♦ Seksuele faset van hul huwelik (par 5.5). ♦ Christelike beginsels (par 5.6). ♦ Definiëring van ouerskap (par 5.7). ♦ God se doel met alles (par 5.8).

HOOFSTUK 6: DIE VERBOND AS PARADIGMA – MERKERS VIR GEBRUIK IN PASTORALE BEGELEIDING

1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is vorige modelle vir gebruik in pastoraat aan persone met fertiliteitsuitdagings vergelyk. Die waarde van elke benadering het telkens duidelik geword. In die lig van die omvattendheid van 'n verbondgefundeerde paradigma, en die besondere aksente wat vanuit so 'n benadering gelê kan word, is pastorale versorging vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma by uitnemendheid geskik vir begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. 'n Verbondgefundeerde paradigma werk verrykend in op talle ander paradigmas vir pastorale begeleiding vanweë die meer omvattende raamwerk wat dit bied, asook vanweë spesifieke aksente wat uit hierdie paradigma gelê kan word. Pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma het die potensiaal om 'n verlenging van die seën van die genadige God van die verbond in die lewe van die bondgenote te wees (Atkinson 1985:10).

In hierdie hoofstuk gaan in meer besonderhede uitgespel word hoe 'n verbondgefundeerde paradigma vir pastoraat daar uitsien en die rigtinggewende invloed daarvan op die oorweging van en inhoudgewing aan pastorale modelle vir persone met fertiliteitsuitdagings. Dit behels dat van die belangrike elemente in so 'n paradigma uitgelig word naamlik: Godsbegrip, antropologie en die rol van die verbondsgemeenskap en die pastor. Verder gaan vanuit hierdie paradigma 'n hermeneutiese model voorgestel word wat as riglyn in pastoraat benut kan word. In die laaste gedeelte van die hoofstuk word twee gevallestudies benut om die model prakties te illustreer.

2 BELANGRIKE ELEMENTE IN 'N VERBONDGEFUNDEERDE PARADIGMA

“Die verbond gee die matelose dimensies aan van die diepte van Gods wysheid, die breedte van sy liefde en die lengte van sy lankmoedigheid en trou” (Heyns 1988:200).


Teen die agtergrond van hierdie unieke verhouding tussen God en mens, verkry pastoraat besondere dimensies. In hoofstuk 4 is die bydrae van 'n verbondgefundeerde paradigma tot verskillende temas in die teologie in breë trekke bespreek. Weens die omvattendheid van die verbond word al die temas in die teologie beïnvloed, indien vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma bewerk word. Diagram 6. 1 toon fokuselemente hiervan aan. Die diagram is 'n hulpmiddel om die pastor te begelei om op bepaalde punte te fokus wat die besondere bydrae 'n verbondgefundeerde paradigma in die pastoraat uitlig. Al die ander teologiese temas soos eskatologie, koninkryk, raad van God, en so meer, sal ook figureer weens die omvattendheid van die verbond. Die diagram dui egter aan waarop die pastor in meer besonderhede gaan fokus in die pastoraat.

Die diagram maak onder andere die volgende duidelik: Die Here, die God van die verbond met al Sy wonderlike eienskappe verbind Homself aan 'n nietige mens. Van die elemente van die verbondsverhouding word in die diagram gelys (vergelyk onder andere Brueggemann 1999:5 e.v.). Die gelowige individu staan ook in 'n verhouding tot ander medegelowiges as deel van die verbondsgemeenskap (Uys 1991:6). Die pastor het 'n opdrag van die verbondsgemeenskap om die bondelinge geestelik te versorg (Vergelyk onder andere Hester 1980:230). Hy/sy tree op as intermediêrende verbondskommunikator (Janse van Rensburg 1996:155) om die seën en eise van die verbond duidelik te stel.

Die gelowige se lewensverhaal is vervleg met al die temas van die verbond. Verder vorm die gelowige se lewe deel van die verbondsverhaal deur al die eeue. Die hoofdeel van die diagram is in die vorm van 'n kruis. Dit herinner daaraan dat Jesus Christus deur Sy kruisdood verbondsherstel kom moontlik maak. Hy is die verbondsmiddelaar. Die kruis is die sentrale element in die verbondsverhaal deur al die eeue. Vervolgens gaan na die vier bene van die kruis in die diagram gekyk word, naamlik Godsbegrip, Antropologie, Verbondsgemeenskap en Verbondskommunikator. In hoofstuk vier is reeds aan hierdie sake aandag gegee. In die volgende paragrafe gaan 'n paar punte rakende hierdie vier fokuselemente, waarvoor 'n verbondgefundeerde paradigma 'n persoon sensitief maak, aangestip word. In paragraaf 3.2 gaan uitgebrei word op die lig

wat hierdie vier fokuselemente op die interpretasie van 'n persoon se lewensverhaal werp.

Diagram 6. 1 Aspekte van die verbond van belang in pastoraat



2.1 Godsbegrip

Navorsing gedoen deur Anthonissen (1989:268) het getoon dat mense met fertiliteitsuitdagings dikwels 'n deterministiese godsbeeld het. God het klaar besluit wie sal kinders hê en dit help nie om daarteen te stry nie. Onkritiese, skolastiese idees oor 'n onaantasbare, onaangeraakte God pas egter nie by die verbond nie (Brueggeman 1980:1095). Die verbond herinner juis daaraan dat die Here Hom verbind aan nietige mense. Die Here is nie onaangeraak deur die mens se lotgevalle nie. Trouens, Hy stuur Sy Seun Jesus Christus om 'n oplossing te bring vir die mens se sondenood en alles wat daarmee gepaardgaan. Ten spyte van die ontrouheid van die menslike bondgenoot verklaar die Here in Hosea 11:8 "Maar hoe kan Ek jou prysgee.... Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk."

Die vertrekpunt van die pastorale gesprek is juis die aanvaarding van die verbond en trou van die hemelse Bruidegom teenoor die bruidskerk (De Klerk 1985:32). Hierdie vertrekpunt maak dit moontlik en sinvol om in 'n pastorale gesprek te tree. Trouens, die genadeverbond herinner aan die Here se getroue guns om toe te tree tot sy verbondskinders, ten spyte van hul ontrou en sonde. Die navorsing wat in hierdie studie onder egpare met fertiliteitsuitdagings gedoen is, toon byvoorbeeld ook dat hulle baie hoë waarde daaraan heg dat jy op God kan staatmaak.

2.2 Antropologie

Die Here het Hom aan 'n onwaarskynlike bondgenoot verbind (Brueggemann 1980:1095). In die verbond word genade duidelik – die Heilige Heer verbind Homself en Sy beloftes aan mense wat foute maak. Die verbondsgeskiedenis opgeteken in die Bybel is nie die verhale van volmaakte bondgenote nie, maar van mense wat struikel en weer opgehelp word deur hul Bondgenoot. Gerber (1990:55) wys daarop dat die unieke aard van die mens juis beter verstaan word deur die verbond as besondere lewensgemeenskap waartoe die mens deur die Woord van God geroep word. Die bondeling met fertiliteitsuitdagings word binne 'n verbondgefundeerde paradigma begelei

om hulself in hierdie lig te beskou. Die Verbondsgod het Homself aan hulle verbind met al hul foute en tekortkominge en al hul vrae en onsekerhede.

Aangesien daar 'n dupleuriese element in die verbond is, kan die verbondsmens hom/haarself as 'n medewerker van God sien, hoewel daar altyd 'n ongelykheid tussen hulle sal wees (vergelyk Schilder 1939:319). Hierdie aspek van die mens as medewerker van God, verteenwoordig 'n besondere klem wat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma aan die antropologie gegee word. Die persoon met fertiliteitsuitdagings is nie bloot uitgelewer aan sy/haar omstandighede nie. Die bondeling word deur die Here as bondgenoot in die verbond opgeneem. Die bondeling is 'n medewerker van God.

2.3 Verbondsgemeenskap

In die nuwe bedeling is die kerk die Here se verbondsvolk en nie meer net die volk Israel nie (König 2001:31). Vanuit die verbond word die gemeente opgeroep om in 'n wesenlike verantwoordelikheid voor God en in 'n besondere verhouding tot sy naaste te lewe (Uys 1991:6). Die Christelike gemeenskap is die verbondsvolk van die Here. Een van die take van 'n Christelike gemeenskap is om die bronne en die omgewing te voorsien waarbinne 'n netwerk van versorging kan ontstaan (Vergin 1981:110).

“Koinonia”, of te wel “gemeenskap”, is 'n wesenskenmerk van die gemeente. Die beelde wat in die Bybel gebruik word vir gelowiges, naamlik liggaam van Christus (1 Kor 12:12-27), huisgesin van God (Ef 2:19) en gebou of tempel van die Here (Ef 2:20-21), verwys na “saamwees”, “gemeenskap”. In die kerk vind 'n unieke saamwees van mense plaas. Dit is 'n saamwees wat moontlik gemaak word deur die krag van die Heilige Gees. Hierdie saamwees word gesien in eredienste, kleingroepe, vergaderings, trouens oral waar gelowiges in die Naam van Jesus Christus bymekaar kom.

Saamwees, of te wel koinonia, word gekenmerk deur die vrug van die Gees, word versterk en verryk deur die gawes van die Gees. Die band waarmee Christus Homself

aan die gelowiges bind, en ook die gelowiges aanmekaar, is die band van Sy liefde (vergelyk onder andere Kol 3:14). Dit alles word moontlik gemaak deur die groot genade van die Vader en die besondere werking van die Heilige Gees in die lewe van gewone gelowige mense. Die saamwees wat bestaan tussen gelowiges kan iets totaal anders wees as wat byvoorbeeld in 'n gewone terapeutiese groep bestaan. Juis omdat hierdie koinonia plaasvind binne die kragveld van die Heilige Gees kan dit 'n groot invloed hê op die egpaar wat voor die uitdaging van hulle fertiliteit staan.

2.4 Verbondskommunikator

2.4.1 Begroning van pastor se werksaamhede

Die Bybelse en teologiese begroning van die pastor is belangrik. Dit bepaal die unieke perspektief vanwaar die pastor die kliënt se lewensverhaal interpreteer (Gerkin 1984:59). Pastoraat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma sal 'n bepalende invloed hê op die mikpunte wat die pastor stel. Verder sal die pastor se verbondsmatige perspektief die interpretasie van die kliënt se lewensverhaal in 'n bepaalde rigting stuur. So byvoorbeeld sal die lewensverhaal binne die konteks van die totale verbondsgeskiedenis beluister en interpreteer word.

2.4.2 Die pastor en oordrag

Vanuit die raamwerk van die verbond kan die pastor die kliënt sinvol begelei deur die verskynsel van "oordrag" wat plaasvind in 'n terapeutiese verhouding (Greenson 1974-75:774). Die kliënt dra bepaalde kenmerke van sy/haar verhouding met sy/haar ouers aan die pastor oor. Dit is 'n verdedigingsmeganisme wat die terapeut as held in die kliënt se verwysingsraamwerk laat figureer (Becker 1973:145). Die Bybelse gedagte van die verbond bied 'n ander perspektief. Die afhanklikheid van die pastor kan verplaas word na afhanklikheid van God.

Die God van die verbond is ingesluit in die pastorale verhouding (Hester 1980:227). Binne hierdie verhouding ervaar pastor en kliënt dat hulle versorg word en mekaar

versorg as instrumente van God se sorg. Die besef dat God deel van die verhouding is, skep 'n mutualiteit by pastor en kliënt. 'n Verbondgefundeerde paradigma open ook die perspektief dat rekenskap gegee moet word aan die verbondsgemeenskap wat God se agent in die proses is (Hester 1980:228). Die gevaar wat oordrag vir die pastor inhou, word ook hierdeur ondervang. Die pastor het 'n verbondsgemeenskap wat hom/haar ondersteun en kan help dat hy/sy nie in die versoeking val dat hy/sy graag as held gesien wil word nie.

2.4.3 Die pastor en taalgebruik

Na die pastorale situasie kan as taalsisteem verwys word (Muller 2000:16). Muller wys ook verder daarop dat die pastor en kliënt hul eie woordeskat vir daardie oomblik ontwerp. Juis daarin lê die krag en veranderingspotensiaal. Die woordeskat van die pastor moet gedrenk wees in die verbond. Die kliënt word hierdeur aangespoor om die verbondswordeskat in sy/haar eie lewe te benut. Deur gebruik te maak van 'n bepaalde woordeskat word 'n persoon se wêreld al meer deur die paradigma van die verbond beïnvloed. Die verbondswordeskat verwys na woorde en begrippe wat 'n rol in die verbondsgeskiedenis speel. In Tabel 6. 1 word voorbeelde van woorde waarop in pastoraat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma gelet kan word, illustreer. (Vir onderstaande terme vergelyk onder andere: Janse van Rensburg 1996:155, Heyns 1988:221, Wentsel 1982:106 en Brueggeman 1995:5 e.v.)

Aanspreekvorme vir God, die kliënt en mede gelowiges moet die geworteldheid in die verbond verwoord. Die verskillende aanspreekvorme vir die Here in die verbondsgeskiedenis kan almal benut word. Die Here van die verbondsgeskiedenis is "Vriend" (Hoeksema 1971:67), "Koning" (vergelyk Janse van Rensburg 1996:154), Immanuel – die gemeenskapsoekende God (vergelyk Brueggemann 1980:1095). Die pastor se gebruik van terme soos "Bondgenoot", "Gunsgenoot", "Vertroude" en "Bondeling" sal die kliënt help om sy/haar identiteit in terme van die verbond te verstaan (vergelyk Wentsel 1982:106). Verwysing na medegelowiges sou iets soos "medebondgenoot", "mede-gunsgenoot" kon wees.

2.4.4 Die pastor as interpreteerder

Die persoon met fertiliteitsuitdagings het gekom by 'n ander plot in sy/haar lewensverhaal. Die persoon het die natuurlike aanname gehad dat kinders mettertyd deel van sy/haar lewensverhaal sou word (vergelyk Stigger 1983). Wanneer iemand egter ontdek dat hul lewensverhaal anders begin verloop, soek hulle hulp by 'n berader. Die verhaal van hulle lewe moet herinterpreteer en met nuwe betekenis gelaai word. Die pastor tree as “paraboliese figuur” op (Gerkin 1984:176): Hy/sy moet 'n nuwe “kinkel” aan die persoon se lewensverhaal gee. Die pastor help die kliënt om stories, indrukke en herinneringe te sorteer. Die self en objekte in die persoon se lewensverhaal word gedemitologiseer (Gerkin 1984:150).

Die pastor poog om van die binnekant van die kliënt se verhaal die mitiese narratief te verander. Die berader het die taak om met sy/haar response die arena van refleksie te vergroot of te verryk waarbinne evaluasie van gedragskeuses kan plaasvind (Gerkin 1984:141). 'n Belangrike deel van die arena waaruit gereflekteer word, is die verbond. Dit sluit in die besonderheid van die verbondsverhouding asook die verweefdheid met die verbondsgeskiedenis. Die kliënt moet begelei word om die verhaal van hulle lewe binne hierdie wyer arena te sien. Die keuses van die kliënt vind ook vanuit hierdie arena plaas.

Tabel 6. 1 Verbondswoordeskate

Verbondswoordeskate	
Woord	Betekenis
Verbondskommunikator	Persoon wat verbondsseën en -eis oordra
Verbondsgemeenskap	Mede-gelowiges se lewens is verbonde aan mekaar weens verbondenheid aan Verbondsgod
Bondeling/Bondgenoot/ Gunsgeenoot/Getroue/ Vertroueling	Gelowige lewe deur genade verbonde aan die Here as Sy Gunsgeenoot en Vertroueling, Sy mede-Werker, die een wat ook getrou aan die verbond moet wees.
Lofprysing	Bring eer aan die Here vir Wie Hy is en wat Hy doen.
Klaaglied	Bring versoeke en vrae met erns en volhoudendheid aan die Here.
Afhanklik	Lewe verbonde aan die Ander sonder Wie die bondeling nie kan of wil lewe nie.
Volhoudend	Lewe met genoeg vertroue voor die Here om met moed met Hom te worstel, aan te hou vra en aan te hou hoop.

3 HERMENEUTIESE MODUS

3.1 Die verbond en die verhaal

Die verbond word verhalenderwys bekend gemaak. Verhalenderwys leef die bondelinge saam met die Verbondsgod. Die pastorale verhouding word ingeklee na analogie van die verbond (Becker 1965). Die hermeneutiese modus sal dus besonder geskik wees vir pastoraat in 'n verbondgefundeerde paradigma. Alvorens aandag aan verbondsmatige

verhaal analise geskenk word, word 'n paar verhale uit die verbondsgeskiedenis van nader beskou.

Dit blyk dat daar herhalende temas voorkom in die verbondsverhale in die Bybel. Herhalende temas wat veral geskik sal wees om in pastoraat in 'n hermeneutiese modus te benut, sluit die volgende in: Belofte, Uitdaging, Bedreiging, Besluite en Gevolge. In Tabel 6. 2 word na enkele verbondsverhale in die lig van genoemde herhalende temas gekyk.

In bogenoemde tabel word na 'n paar persone uit die verbondsgeskiedenis se verhale gekyk. Slegs enkele gebeure uit hul lewe word kortliks aangestip. Die volgende herhalende temas is duidelik: 'n Belofte/s van die Here speel 'n rigtinggewende rol in hulle lewe. Direk vanweë die belofte van die Here, kom die persoon voor 'n uitdaging te staan. Byvoorbeeld moet Abraham wegtrek van sy mense, Dawid moet paradoksaal genoeg vir Saul gaan dien sodat hy kan leer in die koninklike hof. In en deur die korrekte aanpak van die uitdaging, kan die belofte bewaarheid word. Daar is egter telkens een of ander bedreiging wat die vervulling van hierdie belofte wil dwarsboom. Die Satan versoek Jesus, hongersnood laat dit blyk asof Abraham nie die beloofde land kan intrek nie, en so voorts.

Die verbondsmense kom telkens voor besluite te staan. Hierdie besluite verwys na daaglikse keuses vir 'n bepaalde lewenstyl, maar ook ten opsigte van groter besluite in hul lewe. Baie keer gaan dit in die besluite wat geneem moet word om die fyn onderskeid in watter mate die persoon self verantwoordelik is vir die vervulling van die Here se belofte, en in watter mate is die vervulling die Here se taak. Abraham het byvoorbeeld die belofte van 'n eie kind ontvang, maar die tyd stap aan. Moontlik moet hy vir Hagar neem om die belofte van 'n eie kind te laat waar word (Gen 16). Die volk sien Jesus as die lang beloofde Een wat na die wêreld moes kom, en besluit om Hom met geweld koning te maak (Joh 6:14-15).

Tabel 6. 2 Verbondsverhale en herhalende temas

Beloftes	Uitdagings	Bedreigings	Besluite	Gevolge
Abraham: Hy en sy nageslag sal die land Kanaän ontvang (Gen 12:7)	Trek weg van jou mense (Gen 12:1)	Hongersnood (Gen 12:10)	Trek na Egipte waar Sarai haar as sy suster voordoën (Gen 12:11)	Plae oor Farao se huis (Gen 12:17)
Dawid: Gaan koning van Israel word (1 Sam 16:1 e.v.)	Gaan werk vir koning Saul (1 Sam 16:19 e.v.)	Saul wil Dawid vermoor (1 Sam 18:11)	Dawid spaar Saul se lewe (1 Sam 24:7)	Dawid se manne kom tot bedaring (1 Sam 24:8)
Jesus: Sal Sy volk van hulle sonde verlos (Mat 1:21)	Verkondig en illustreer die boodskap van verlossing (Mat 4:23)	Versoeking in die woestyn (Mat 4:1 e.v.)	Gehoorzaam en dien eerder die Here (Mat 4:10)	Baie mense volg Hom (Mat 4:24 e.v.)

Elke besluit het gevolge, nie net vir die persoon wat die besluit geneem het nie, maar ook vir ander mense betrokke by sy/haar lewensverhaal. Abraham se besluit dat Sarai haar as sy suster moet voordoën, bring plaë oor die Farao en sy huis (Gen 12:17). Dawid se besluit om Saul nie dood te maak nie, bring sy manne tot bedaring en voorkom 'n bloedbad (1 Sam 24:8). Jesus se gehoorsaamheid aan die Here bring verlossing vir alle mense (Heb 5:7-10). Elk van hierdie herhalende temas kom op verskillende maniere ter sprake in die verbondsgeskiedenis opgeteken in die Bybel.

Die verbondsverhouding tussen die Here en Sy bondgenoot word ook op verskillende wyses in die verbondsgeskiedenis uitgeleef. Dit sluit onder andere in:

- ♦ lofprijsing (Sagaria prys die Here vir Johannes se geboorte: Luk 1:67-79),

- ◆ klaaglied (Job se smekinge: Job 16:1-22),
- ◆ oorgawe (Anna die profetes: Luk 2:36,37),
- ◆ gehoorsaamheid (Jesus se gehoorsaamheid aan die Vader: Joh 5:19,20),
- ◆ volharding (Nehemia bid vir die ballinge: Neh 1:4-10),
- ◆ verbintenisse (Toewyding in eerste gemeente: Hand 2:43-47),
- ◆ feeste en rituele (Dawid bring die ark na Jerusalem: 2 Sam 6:12-20).

Die verskillende wyses van uitlewing van die verbond het deur die eeue ook 'n belangrike rol in die lewensverhaal van die bondeling gespeel. Die verbondsverhouding word verhaalmatig in die Bybel uitgeleef. Bewustelik of onbewustelik leef die gelowiges van vandag ook die verbondsverhouding verhaalmatig uit.

In pastoraat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma word die bondeling begelei om hul lewensverhaal in die lig van die verbond te interpreteer. Temas uit die verbondsverhale in die Bybel, asook wyses van uitdrukking van die verbondsverhouding, is bruikbaar in die interpretasie en herskryf van 'n persoon se lewensverhaal. Die gebruikmaking van 'n verbondswoordeskat speel 'n verdere belangrike rol in die herskryf van 'n bondeling se lewensverhaal. In paragraaf 2.4.3 is die rol van 'n verbondswoordeskat beskryf.

3.2 Die verbond en die interpretasie van die verhaal

Die mens is voortdurend besig om sy lewe te interpreteer, om betekenis aan gebeure en verhoudings toe te ken (Gerkin 1984:104). Die mens se eie lewensverhaal is verweef met sy/haar sosio-kulturele omstandighede asook met die kosmiese tydskaal waarbinne hy/sy leef. Die verweefdheid van die individuele gelowige se lewe met ander mense se lewens en met gebeure op 'n kosmiese tydskaal, is veral duidelik in die verbond (vergelyk Heyns 1988:203). Met die oog op interpretasie van die lewensverhaal kan gebruik gemaak word van die herhalende temas wat in die lewensverhale van verbondsmense in die Bybel voorkom. Die temas kan as sleutel dien vir die verbondsmatige interpretasie van 'n persoon se lewensverhaal.


In paragraaf 3.1 is aangetoon dat bruikbare herhalende temas uit die verbondsgeskiedenis die volgende insluit: Belofte, Uitdaging, Bedreiging, Besluite, Gevolge. 'n Bepaalde belofte wat die bondeling van die Here ontvang het, het 'n rigtinggewende invloed op hul lewe gehad. Hierdie belofte lei tot 'n uitdaging wat hanteer moet word en waardeur die belofte bewaarheid word. Daar is gewoonlik negatiewe faktore (bedreigings) wat die vervulling van die belofte wil dwarsboom.

Die bondeling moet besluite neem met betrekking tot sy/haar daaglikse lewenstyl, maar ook met betrekking tot groter sake in sy/haar lewe. Die besluite het dikwels te doen met die fyn onderskeid tussen wat die persoon se eie verantwoordelikheid is om die belofte te bewaarheid en die Here se aandeel daarin. Die belofte, uitdaging, bedreiging en besluite het altyd gevolge. Die gevolge geld egter nie net vir die individu wat die besluite neem nie, maar dikwels ook vir ander mense waarmee hulle te doen kry. Dit alles word omsluit deur die verbondstrou van die Here.

Diagram 6. 2 toon die vyf temas wat benut kan word in 'n verbondsmatige interpretering van 'n persoon se lewensverhaal.

'n Persoon wat begelei word om hul lewensverhaal in bogenoemde terme te interpreteer, kan by enige van die vyf verhaaltemas begin. Soms sal die persoon vir berading aanmeld omdat die gevolge in hul verhaaltema tans prominent is. In ander gevalle kan dit weer wees dat die belofte of aanname waarmee die persoon werk 'n prominente verhaaltema is. Hierdie prominente verhaaltemas dien dan as vertrekpunt vir die pastoraat. Vanaf die prominente verhaaltema word na die ander vier verhaaltemas beweeg om die persoon se lewensverhaal verbondsmatig te interpreteer.

Diagram 6. 2: Verbondstemas as sleutel in verhaal analise



Die doel van die interpretering volgens hierdie sleutel is om by die onderliggende bewustelike of onbewustelike belofte of aanname waarmee die persoon werk, uit te kom. Hoewel persone nie altyd 'n bepaalde belofte in gedagte het in die uitwerk van hul lewensverhaal nie, speel 'n bepaalde aanname wel 'n belangrike rol. Vir die doeleindes van 'n verbondsmatige interpretering van die lewensverhaal, word aanname en belofte as sinonieme hanteer. Die pastor begelei die persoon daartoe om hulle aanname te vervang met 'n Skriftuurlike belofte. Beloftes speel immers 'n belangrike en rigtinggewende rol in die verbondsgeskiedenis.

Positiewe en negatiewe ervarings in die persoon se lewe kan op hierdie wyse interpreteer word. Die interpretering van negatiewe ervarings kan 'n persoon daartoe lei om die ervaring uit 'n nuwe oogpunt te beskou en dit op 'n nuwe wyse te hanteer. Positiewe ervarings moet ook vanuit die breë raamwerk van die verbondsmatige sleutel vir verhaal-

analise bespreek word. Dit versterk die bondeling nog verder in sy/haar verbondsverhouding met die Here. Leidende vrae kan gestel word om die persoon in staat te stel om hul lewensverhaal in terme van die vyf verhaaltemas te interpreteer. Tabel 6. 3 toon die vrae wat gebruik kan word.

Om die persoon verder van hulp te wees, word hierdie temas in 'n diagram aangedui, soos in Diagram 6. 2. Die persoon kan die diagram voltooi ten opsigte van sake/gebeure/emosies wat tans sterk figureer in sy/haar lewe. Ten opsigte van elke daad/woord/gedagte sal daar een of meer aannames/beloftes ten grondslag lê. Mettertyd is dit noodsaaklik dat in pastoraat aan al die fasette van die persoon se lewe aandag gegee word. Dit beteken dat daar uiteindelik 'n diagram vir elke faset van hul lewe ingevul word. In die geval van persone met fertiliteitsuitdagings sluit dit die biologiese, psigologiese, sosiale en eties-religieuse fasette van hul lewensverhaal in. Die invloed van 'n egpaar se fertiliteitsuitdagings op hierdie verskillende fasette van hulle lewe, is in hoofstuk twee van hierdie studie bespreek.

Nadat 'n persoon die diagram voltooi het, let die pastor veral op na die verstaan van die volgende fokuselemente in die verhaal: Godsbegrip, antropologie, verbondsgemeenskap en verbondskommunikator. Die bondeling se verstaan van hierdie elemente sal 'n invloed op die interpretering van hul lewensverhaal uitoefen. By elk van die vyf verhaaltemas (Belofte, Uitdaging, Besluit, Bedreiging, Gevolge), word telkens gevra watter invloed het die persoon se verstaan van die vier fokus elemente (Godsbegrip, antropologie, verbondsgemeenskap en verbondskommunikator) daarop.

Vervolgens gaan die vier fokuselemente van die verbondgefundeerde paradigma, wat 'n invloed op die interpretering van die persoon se lewensverhaal uitoefen, uiteengesit word. Die fokus elemente sal 'n belangrike deel van die pastorale gesprek vorm. Die pastor sal uit die interpretering van die persoon se lewensverhaal kan vasstel in welke mate sekere of al hierdie fokus elemente met nuwe inhoud vervang of verryk moet word. In paragraaf 3.3 sal voortgegaan word om aan te toon hoe die herskryf van die bondeling se

lewensverhaal, in die lig van die nuwe inhoud wat tot hierdie fokus elemente toegevoeg is, plaasvind. Vir 'n geheelbeeld van die vier fokuselemente kan terugverwys word na **Diagram 6.1**. Enkele voorbeelde van die invloed van die fokuselemente op die verhaaltemas gaan in die volgende paragrafe in *skuinsdruk* aangedui word.

Tabel 6. 3 Vrae vir verbondsmatige interpretering van lewensverhaal

♦ **Belofte/Aanname**

Watter aanname of belofte het bewustelik of onbewustelik die persoon se besluite beïnvloed? Watter aanname of belofte speel tans 'n belangrike rol in die persoon se lewensverhaal omdat dit die persoon versterk of juis 'n struikelblok is?

♦ **Uitdaging**

Wat gebeur tans in die persoon se lewe wat gekoppel is aan 'n bepaalde aanname of belofte waarmee die persoon werk? 'n Uitdaging help gewoonlik 'n persoon om hul aanname uit te toets.

♦ **Bedreiging**

Welke negatiewe invloede of gebeure is tans deel van sy/haar lewensverhaal? Dit is iets wat die aanname waarmee hy/sy werk bedreig.

♦ **Besluite**

Watter besluite het die afgelope tyd die persoon se lewensverhaal gevorm?

♦ **Gevolge**

Wat gebeur of word die afgelope tyd ervaar in die persoon se eie lewe en die persone naaste aan hom/haar?

3.2.1 Godsbegrip

3.2.1.1 Afhanklikheid van die Verbondsgod

Die besondere klem wat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma op 'n persoon se godsbegrip gelê word, is 'n klem op afhanklikheid van die Verbondsgod. Die bondeling moet wegbeweeg van hulself en hul totale afhanklikheid van die Here van die Verbond erken (Brueggemann 1999:5). In die bekende verbondsformule sê die Here: Ek sal vir

jou 'n God wees. Dit kan ook as volg parafraseer word: Ek sal die Een wees van wie jy totaal afhanklik is.

Afhanklikheid en vertrouwe is die konteks waarbinne die persoon se lewensverhaal afspeel. Dit word ook illustreer deur die raam om Diagram 6. 2 wat die Here se verbondstrou verteenwoordig. Die pastorale proses dra eksplisiet en implisiet hierdie waarheid van trou en afhanklikheid aan die bondeling oor. Eksplisiet deur te vertel van die Here se verbondstrou en van afhanklikheid van die Here. Dit gebeur egter ook implisiet deurdat pastoraat in 'n atmosfeer van afhanklikheid van die Here plaasvind, gedra deur gebed en die Here se Woord.

Die pastor begelei die bondeling om in te sien in watter mate hul afhanklikheid van die Here in hul huidige lewensverhaal reflekteer. Tydens pastoraat word hulle verstaan van die begrip "afhanklikheid van die Here" verryk. Dit lei die bondeling daartoe om in afhanklikheid van die Here hulle *besluite* te neem. Verbondsmatige inhoud rakende die aspek van afhanklikheid van die Here wat oorgedra word in pastoraat, sluit die volgende in: Die Here is die Gans Andere aan wie 'n persoon sy/haar lewe totaal kan oorgee. Die persoon met fertiliteitsuitdagings kan in hulle verbondsverhouding weer hul volkome afhanklikheid van die Here besef.

Die persoon met fertiliteitsuitdagings is nie net afhanklik van Hom wat nuwe lewe in sy hand het nie, maar ook totaal afhanklik in elke faset van hul lewe. Hulle is waarskynlik terdeë bewus daarvan dat hulle van Hom afhanklik is vir 'n kind van hul eie. Daardie selfde gevoel van afhanklikheid moet ook van alle opsigte van hulle lewe geld. Indien hierdie afhanklikheid nog nie 'n werklikheid in die bondeling se lewe is nie, reflekteer dit in die *aanname/belofte* waarmee die persoon se lewensverhaal werk. Die besluite wat die persoon neem sal ook die mate van afhanklikheid van die Verbondsgod reflekteer.

Afhanklikheid van die Here beteken byvoorbeeld nie dat alle gebeure aan die Here oorgelaat word en hulle of ander mense het geen aandeel daaraan nie. Die *besluite* wat die bondeling neem verteenwoordig 'n fyn balans tussen afhanklikheid van die Here en

hulle eie verantwoordelikheid. Die pastor moet die bondeling begelei om hierdie onderskeid in hulle besluitneming te tref. Die volgende paragraaf sluit hierby aan wanneer die verbondsmatige perspektief lig werp op die verbondsverhouding as een van oorgawe en volharding.

3.2.1.2 Verbondsverhouding vra oorgawe en volharding

'n Belangrike bydrae van 'n verbondgefundeerde paradigma is die tweeledige aard van die verhouding met God: oorgawe en volharding, aanvaarding en herbevestiging. Dieselfde vaardighede wat 'n jong kind teenoor sy/haar moeder moet aanleer, moet in die verbondsverhouding met die Here aangeleer word (Brueggemann 1999:5 e.v.). Aan die een kant is daar die totale oorgawe en afhanklikheid wat in die vorige paragraaf beskryf is. Aan die ander kant moet die jong kind ook leer om hom/haarself te handhaaf. Soos alle verbondsmense deur die eeue, moet die persoon leer om die moed te hê om hul saak ernstig voor die Here te stel (Brueggemann 1999). In die lig van die Verbondsgod se trou kan die verbondsmens volhoudend hul saak voor die Here stel, aanhou vra, aanhou vertrou - met oorgawe.

Vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma leer die bondeling om in oorgawe die Here te prys – Hy die Grote Verbondsgod verbind Hom aan 'n klein, swak bondgenoot – die mens. Dit gee rede tot lofprijsing en gee bepaalde inhoud aan die lofprijsing. Die Psalms is vol voorbeelde van die vreugdevolle bondeling wat sy/haar Verbondsheer prys. Die pastor kan vreugdevolle gebeure in die bondeling se lewe, *gevolge* van die Here se beloftes, kanaliseer na lofliedere en lofgedigte wat die persoon vir die Here gee.

Vanuit diepe vertroue in die Verbondsgod neem die bondeling ook die vrymoedigheid om sy/haar lot voor die Here te bekla. In die klaagpsalms worstel die bondeling met die Here. Die verbondsmens in die Bybel kon volhoudend wees: Volhoudend hul saak voor die Here stel, vrae vra, aandrang op die Here se beloftes, 'n beroep doen op die Here se verbondsverbintenis aan hulle (vergelyk byvoorbeeld die Klaagliedere van Jeremia). Die pastor begelei die bondeling om die vaardigheid aan te leer om volhoudend te wees ten einde verdieping in sy/haar verhouding met die Here te beleef. Die persoon met fertiliteitsuitdagings kan leer hoe om sy/haar lot voor die Here te bekla aan die hand van

die voorbeelde in die Psalms. Hanna is ook 'n voorbeeld van 'n gelowige wat met die Here gaan worstel het oor haar kinderloosheid (vergelyk 1 Sam 1:11 e.v.).

3.2.1.3 Verbintenis aan die Verbondsgod

'n Verbondgefundeerde paradigma lê klem op verbintenis (vergelyk Brueggemann 1999). By die verbondsluiting by Sinai herinner die Here sy volk: "...Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My" (Eksodus 20:5). Vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma word die Bondeling opnuut herinner aan die Here se verbintenis aan Sy kind. Hierdie verbintenis word nog meer duidelik in die Nuwe Testament wanneer Immanuel gebore word – God met ons. Die bondeling word ook begelei om sy/haar eie verbintenis aan die Here te vernuwe of vir die eerste maal te vestig.

Hierdie verbintenis vra toewyding en vertroue. Die menslike lewe is in al sy aspekte afhanklik van hierdie verbintenis aan die Here (Brueggemann 1979:116). Die bondeling kan begelei word om by wyse van 'n ritueel hierdie verbintenis aan die Here te herbevestig. Verder kan die bondeling by wyse van een of ander simbool hom/haarself herinner aan die Here se verbintenis aan Sy kinders. Wat die verbondgefundeerde paradigma verder besonders maak, is die klem op die verbintenis aan mede-bondgenote. Dit is 'n verbintenis waarin die bondgenoot begelei moet word. In 'n wêreld waarin mense nie meer hulself maklik aan ander verbind nie, is dit 'n vaardigheid wat die bondgenoot weer moet opskerp of van nuuts moet aanleer. Die pastor sal 'n belangrike rol speel om die bondgenoot in hierdie vaardigheid te skool en geleenthede tot kontak met medebondgenote te skep. In paragraaf 3.2.3 volg meer perspektiewe op die rol van die verbondsgemeenskap.

3.2.1.4 Verbondsgod se eise en beloftes

Die verbondsverhouding tussen die Here en die persoon wat aanklop vir hulp moet soms herstel word (De Klerk 1985:37). Volgens die navorsing in hierdie studie is byna 'n derde van die persone met fertiliteitsuitdagings bevrees dat hulle iewers iets verkeerd teenoor die Here gedoen het. Anthonissen (1989:270) het bevind dat persone met fertiliteitsuitdagings dikwels bevrees is dat vorige sondes die oorsaak vir hulle huidige kinderloosheid is.

Genoemde bevindinge is aanduidings dat daar in die pastorale gesprek aan die herstel van hulle verhouding met die Here aandag gegee moet word. Die verbondsverhouding vra ook gehoorsaamheid aan die Verbondsgod. Die Verbondsgeskiedenis toon die belangrikheid van gehoorsaamheid. Die Verbondsgeskiedenis toon egter ook hoe groot die genade van die Verbondsgod is. Hy maak juis versoening en verbondsherstel moontlik deur die offer van Jesus Christus. Die pastor begelei die persoon om waar nodig hul ontrouheid aan die Here te bely. Die pastor kan ook die Here se vergifnis uit Sy Woord verkondig.

Weens die verbondsherstel wat Jesus kom moontlik maak het, is daar nie 'n verband tussen 'n persoon se sonde en sy/haar omstandighede nie. Rituele kan die persoon help om die werklikheid en volkommenheid van Jesus se sondeoffer vir hulself toe te eien. Die nagmaal is juis die geleentheid om die werklikheid van hierdie verlossingswaarheid met al die sinne te beleef. Indien 'n bondeling nog nie die vreugde van skuldvergifnis ervaar nie, sal dit onder andere duidelik word in hulle interpretasie van die gevolge in hul lewensverhaal. Hulle sal gebeurte herlei na straf op hul ongehoorsaamheid aan die Here.

Die beloftes gekoppel aan die verbond is kosbaar vir die bondeling. Dit is die *beloftes* wat 'n bondeling se lewensverhaal beïnvloed. Die pastor lê in die pastoraat daarop klem dat die eise van die verbond net so kosbaar vir die bondeling moet wees. Die noue verband tussen beloftes en eise in die verbond moet duidelik gemaak word (Schilder 1947:134). Tog wil dit nie iets van 'n verdienste-karakter inbring in die verhouding tussen die Here en sy kinders nie. Dit wil eerder die erns van beide die eis en die belofte duidelik maak. Die Heer van die verbond is 'n Heilige Here. Hy neem die verbond ernstig op en verwag dieselfde van sy bondgenoot. Die Here moet met oorgawe gedien word, net soos die Here met oorgawe vertrou moet word.

3.2.1.5 Saam met die Verbondsgod op weg

Die gelowige kan troos, krag en energie uit die rykheid van die verbondsverhouding put. Die profeet Hosea stel dit duidelik dat daar slegs in die God van die verbond grond vir

hoop is. Slegs in hierdie God is die moontlikheid vir passie en die energie om voort te gaan (Brueggemann 1980:1096). Daar is 'n besondere beweging en toekomsgerigtheid in verbondsteologie (König 1988:362). God is met Sy bondgenote na 'n nuwe werklikheid op weg.

Die pastor kan dit in die pastoraat duidelik stel: Die bondeling met fertiliteitsuitdagings val nie vas in die uitdaging wat aan hulle gestel word nie. Hulle fertiliteitsuitdaging laat nie hulle lewensverhaal vasdraai nie. Hulle is met die Verbondsgod op weg na die realisering van al Sy verbondsbeloftes. Hulle is op weg in die herskryf van hulle lewensverhaal in verbondsterme. Die pastor begelei hulle hierin as verbondskommunikator. Hierdie op weg wees in die verbondsgeskiedenis verwys nie bloot na 'n uitsien na die hiernamaals nie.

In die op-weg-wees ontdek elke bondeling al meer sy/haar aandeel in die verbondsgeskiedenis, want die mens is medewerker van God in die verbond (Schilder 1939:319). Laasgenoemde is 'n belangrike perspektief vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma. Die bondeling het 'n aandeel in die verbondsgeskiedenis, want hy/sy is verbonde aan die Verbondsgod wat die verbondsgeskiedenis in Sy hande hou. Deur klem te lê op die bondeling se aandeel in die verbondsgeskiedenis, word die bondeling van 'n gevoel van magteloosheid oor hulle omstandighede bevry. Die bondeling sal dan nie meer *bedreigings* vir die *belofte/aanname* waarmee sy/haar lewensverhaal geskryf is, as verlamrend ervaar nie. Deur pastorale begeleiding sal die bondeling gemotiveerd wees om *besluite* in sy/haar lewensverhaal te neem, want hy/sy het 'n aandeel aan die verbondsgeskiedenis.

3.2.2 Antropologie

Antropologie as fokuselement in 'n verbondgefundeerde paradigma sal 'n invloed uitoefen op die *aanname/belofte* waarmee 'n persoon in sy/haar lewensverhaal werk. Dit sal ook die *besluite* wat 'n persoon neem, beïnvloed, maar veral sal dit 'n invloed uitoefen op die persoon se reaksie op *bedreigings en uitdagings* vir die *aanname/belofte* waarmee sy/haar lewensverhaal werk.

3.2.2.1 Verbondsmens as ge-energeerde-bemoedigde mens

'n Teologie oor die verbond is nie die moeite werd as dit nie tot energie en moed lei nie (Brueggemann 1980:1098). Die bondeling kan met energie en moed die lewe te gemoet gaan, want hy/sy is verbind aan die bron van Lewe. Die verbond gee hoop. Die verbondsgeskiedenis is een van hoop. God maak 'n nuwe begin met die mensdom met die afsondering van Abram. Daar begin die verhaal van hoop: "In jou sal al die volke van die aarde geseën wees." (Gen 12:3) God se verhouding met Sy verbondsvolk is afgestem op die Hoop vir die nasies: Jesus Christus. Hy het gekom om hoop te bring vir die wêreld. Hierdie hoop dra die verbond in hom saam.

Daarom kan die egpaar met fertiliteitsuitdagings juis vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma begelei word om hoop te hê: die hoop dat God hulle krag sal gee, die hoop dat hier iets moois uit sal kom, die hoop dat hulle verbondsverhouding met Hom sal verinnig, die hoop dat hulle iewers heen oppad is en nie vasgeval het in 'n mediese wêreld van toetse en tegnieke nie. Daar is die hoop dat God binne die verbond met hulle oppad is, oppad na iets moois – 'n eie kindjie, of 'n verdiepte lewensin – maar uiteindelik is Hy met Sy verbondsvolk oppad na die Nuwe Jerusalem waar daar nie meer kinderloosheid en verlange sal wees nie.

'n Bondeling wat nog nie die energie en moed beleef wat 'n verbondsverhouding met die Here bring nie, kom moeilik daartoe om *besluite* in hulle lewensverhaal te neem. Verder kan hulle die *uitdaging* van hul *aanname/belofte* as 'n *bedreiging* sien. Vanuit 'n verbondsmatige perspektief motiveer die pastor die bondeling tot aksie en *besluitneming*. Saam word gekyk na moontlike *bedreigings* en *uitdagings* vir die *belofte/aanname* waarmee die bondeling se lewensverhaal verloop. Vanuit sy/haar verbondsverhouding met die Here, het die bondeling moed vir die *bedreigings* en energie vir die *uitdagings*.

3.2.2.2 Verbondsmens as mens met verhoogde sinbelewing

Te midde van *bedreigings* ten opsigte van die aanname/belofte waarmee die bondeling werk, kan die sin en betekenis wat die verbond tot sy/haar lewe voeg, van groot waarde wees. Die persoon met fertiliteitsuitdagings het 'n behoefte aan verdieping in

sinbeleving te midde van hul uitdaging (Devor 1994:355). In 'n studie gedoen deur Rossouw (1992:118 e.v.) het die volgende behoeftes, wat 'n direkte verband toon met sinbeleving, by persone met fertiliteitsuitdagings voorgekom: onvermoë om sy/haar huidige ontwikkelingstaak van generatiwiteit versus stagnasie in sy/haar lewenspatroon te integreer; behoefte om liefde aan 'n ander uit te druk asook die behoefte om 'n nageslag op te voed.

Vanuit 'n verbondsmatige raamwerk word hierdie behoeftes baie goed aangespreek. Die pastor maak die bondeling bewus daarvan dat hy/sy deel is van die groot verbondsgeskiedenis wat onafwendbaar voortvloei na God se groot vervulling. Die gevoel van stagnasie kan vervang word met die bewussyn van die voortgang van die verbond van die een gelowige na die ander. Rituele en simboliek kan hier benut word om die bondeling die werklikheid van voortgang te laat ervaar.

Die behoefte om liefde uit te druk kan binne die verbondsgemeenskap uitgeleef word. Die pastor reël geleenthede waar medebondgenote liefde teenoor mekaar kan uitleef. In hierdie gemeenskap vorm 'n noue band tussen bondgenote wat saam op reis is. Daar vorm 'n band wat uitgedruk word in die liefde van gunsgenote teenoor mekaar. Verder is dit duidelik uit die verbondsgeskiedenis dat die voortgaande onderrig in die verbond baie belangrik is. Hierdie opvoedingstaak lê op die skouers van die ouers, maar ook op die skouers van hul bondgenote. Hier kan die persoon met fertiliteitsuitdaging beleef dat hul die volgende geslag opvoed om hul plek in die verbond met God vol te staan. Die verantwoordelikheid rus nie net op die skouers van mense met kinders nie, maar op alle bondgenote. Die taak kan uitgevoer word ten opsigte van vriende en familie se kinders, en ook teenoor mede lidmate se kinders in 'n gemeente. Die pastor kan die motivering en die toerusting verskaf sodat die persoon met fertiliteitsuitdagings hierdie verbondstaak kan uitvoer.

Sin word in drie soorte belewenisse gevind (Frankl 1967): Kreatiewe waardes, ervaringswaardes en houdingswaardes. Al drie hierdie waardes word vanuit 'n besondere hoek belig in 'n verbondgefundeerde paradigma. Die mens as medewerker van God in

die verbond gee besondere uiting aan die bondeling se kreatiewe waardes. Kreatiewe waarde verwys na dit wat 'n persoon aan die lewe bied. As medewerker van God kan die bondeling baie aan die lewe bied. Die Here werk in die wêreld en gebruik ook Sy mede bondgenote. Die persoon met fertiliteitsuitdagings voeg waarde tot die wêreld toe ongeag sy/haar vermoë om kinders te verwek, weens sy/haar verbondenheid aan die kreatiewe God.

Ervaringswaardes word beleef in die deelwees van 'n verbondsgemeenskap. In hierdie gemeenskap kan liefde beleef en uitgedruk word. In 'n kleingroep in die gemeente kan persone met fertiliteitsuitdagings die ondersteuning van medebondgenote beleef. Daar is 'n spesiale band tussen mede gelowiges omdat hulle deur hulle verbondenheid aan die Verbondsgod ook aan mekaar verbind is. Hierdie besef verhoog die persoon se ervaringswaarde.

Houdingswaardes verwys na die vryheid van 'n persoon om te kies hoe hy/sy op pyn, skuld en die dood reageer. Die verbond is onlosmaaklik verbind aan die ewige Raad van God. Die waarborg waarop die pastorale beraad gebou is, is die verbond. Die waarborg is dat God met die noodlydende op weg is (Janse van Rensburg 1996:154). Binne hierdie raamwerk word die houdingswaardes van die bondeling met hoop en vooruitsig gekleur. Vanuit hierdie perspektief word die bondeling begelei om te ontdek dat sy/haar lewensverhaal met 'n belofte van die Here verder ontplooi kan word. Dit motiveer die bondeling om besluite op grond hiervan te neem en die uitdagings en bedreigings wat as gevolg hiervan kom, met 'n hoopvolle vooruitsig te hanteer.

3.2.2.3 Verbondsmens as mens wat verliese op 'n bepaalde wyse verwerk

Weens die aard van fertiliteitsuitdagings moet persone leer om verliese gekoppel hieraan, te verwerk. Daar is reeds in hoofstuk 2 onder paragraaf 3.2.3 in meer besonderhede verwys na die 8 kategorieë van verlies wat persone met fertiliteitsuitdagings ervaar (vergelyk Mahlstead 1985:336 e.v.). Daar is byvoorbeeld die verlies van 'n verhouding en die verlies van status. Vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma kan dit as volg hanteer word: Die fertiliteitsuitdaging kan die vrees skep dat hul huweliksverhouding in

die gedrang kan kom (De Bruyn 1994:11). Die verbond werp egter nuwe lig op die kwaliteit van hul huweliksverhouding, wat ook 'n verbondsmatige karakter vertoon.

Die verbondsmens kan herinner word aan die status wat hy/sy as "Gunsgenoot" van die Here het. Die status van die persoon is nie gekoppel aan die vermoë om kinders te verwek al dan nie. Die persoon kan begelei word om sy/haar status as "Gunsgenoot" (Vergelyk Wentzel 1982:106) te herontdek. Hy/sy het die voorreg om uit genade deel te wees van die groep mense aan wie die Here sy besondere guns betoon – die verbondsvolk. Hierdie guns gaan veral om die belofte van Sy teenwoordigheid in hulle lewe (Heyns 1988:218). Verder deel hulle in die Here se planne vir hierdie wêreld as sy medewerkers.

In die skema van die vyf verbondsmatige verhaaltipes word gesien dat *bedreigings* 'n deel vorm van die bondeling se lewensverhaal. Hierdie *bedreigings* is nie bloot negatiewe ervarings as sulks nie, maar negatiewe ervarings wat die *belofte/aanname* waarmee hul lewensverhaal geskryf word, *bedreig*. Verliese kan gesien word as so 'n *bedreiging* vir die *belofte/aanname* in hul lewensverhaal. Deurdat die pastor uitwys watter rol *bedreigings* nog altyd in die verbondsgeskiedenis in die Bybel gespeel het, werp dit nuwe lig op die persoon se negatiewe ervarings.

Die bondeling word begelei om in te sien watter *belofte/aanname* waarmee hul lewensverhaal werk, deur 'n bepaalde *verlies* bedreig word. Van daar kan die bondeling verder begelei word om 'n aanpassing te maak ten opsigte van die *aanname/belofte* waaruit hy/sy dink, en of ten opsigte van die *besluite* wat hy/sy neem. So byvoorbeeld kan die akute belewing van 'n verlies van status 'n *bedreiging* wees vir hul *aanname* rakende hul waarde as mens. Deur hierdie *aanname* met verbondsinhoud te vul, besef die persoon hul waarde as medewerker van die Here. Laasgenoemde word dan die nuwe *aanname* waaruit hy/sy dink en optree.

Egpare wat gekonfronteer word met 'n fertiliteitsuitdaging gaan deur 'n rouproses. Hoewel daar unieke elemente aan hierdie rouproses is, soos uitgewys deur Devor

(1994:356), gaan hulle deur dieselfde stadia as ander mense wat rou. Daar is emosies in verskillende grade van onverwagsheid en ontkenning, isolasie, woede, skuldgevoelens, onwaardigheid, depressie en rou, soos deur Kübler-Ross (1969) aangetoon. Binne die sekuriteit van die verbondsverhouding met God, kan die egpare begelei word om hierdie emosies te artikuleer. Die Psalms is vol voorbeelde van mense wat vanuit hul verhouding met die Here die vrymoedigheid neem om hul harte voor Hom uit te stort. Van die begin af het God Sy verbond as volg gestel: Ek sal vir jou 'n God wees, en ook vir jou nageslag. (Bv. Gen 17:7) Die egpaar kan hulle drome oor hul kind toevertrou aan God wat Hom ook aan hulle nageslag verbind. Hulle kan Hom vertrou met hulle nageslag en of hulle 'n nageslag gaan hê.

Die egpaar kan te midde van die krisis wat hulle beleef, versterk word met die wete dat die God van die verbond nog altyd met die lydendes 'n pad gestap het. Die Bybel is daarvan vol. Gepaardgaande met 'n krisis is daar allerhande emosies soos woede, pyn, skuld en 'n gevoel van buite beheer wees. Die pastor toon aan die bondeling die verskillende wyses waarop die verbondsvolk deur die eeue hul verbondsverhouding uitgeleef het (vergelyk paragraaf 3.1). Hieruit kan die bondeling leer om sy/haar krisis op dieselfde wyses uit te leef en bewus daarvan te word dat sy/haar lewensverhaal deel vorm van die eeue lange verhaal van 'n lewe saam met die Verbondsgod.

3.2.2.4 Verbondsmens in verhoudings

Die *belofte* van die Here aan Sy verbondsvolk is dat Hy nuwe lewensmoontlikhede aan hulle wil gee, 'n nuwe manier van dink en leef. Hy wil hulle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee (Eseg 36:26-27). Binne die konteks van hierdie *beloftes* van die Verbondsgod is psigologiese- en huweliksgroei juis moontlik. Dit is 'n *aanname/belofte* waarmee 'n persoon sy/haar lewensverhaal kan skryf. Die Here wil en kan die egpaar help om die negatiewe te oorwin. Hy kan aan hulle 'n nuwe hart, 'n nuwe gesindheid gee. Telkens wanneer die volk afgedwaal het in die tyd van die konings van Israel, en hulle het hulle tot God bekeer, het hulle opnuut hul verbondsverbintenisse met Hom vernuwe. (Vergelyk byvoorbeeld koning Josia in 2 Kon 12 en koning Joas in 2 Kon 22). En dan het daar groei en seën gevolg. Binne 'n verbondgefundeerde paradigma kan al die beloftes en

vooruitsigte rakende groei en verandering met die egpaar gedeel word. Dit kan inkorporeer word in die *belofte/aanname* waarmee hulle hul lewensverhaal skryf.

Die bondeling se verhoudings reflekteer iets van die goddelike verbond van God wat lewe gee (Atkinson 1985:58). So moet ook die bondeling se huweliksverhouding herinner aan sy/haar verbondsverhouding met die Here. Die getrouheid, verbintenis en eise waarvan sprake is in 'n bondeling se verhouding met die Here, is ook belangrike elemente in sy/haar huweliksverhouding.

Die persoon met fertiliteitsuitdagings het behoefte aan 'n nuwe waardering van hul manlike- en vroulike identiteit (Devor 1994:355). Die mens herontdek sy/haar identiteit in die verbond, as beeld van God (Gerber 1988:46). Die uitleef van 'n persoon se manlike- of vroulike identiteit binne die huwelik, word gekleur deur hul identiteit as verbondsmens. In die pastorale gesprekke sal aan hierdie aspek aandag gegee moet word. Vergelyk in hierdie verband hoofstuk 4 paragraaf 3.8.5.

Die gelowige word nie net aan die Here verbind nie, maar ook aan sy/haar medebondgenote. König (1994:18) lê klem daarop dat ons mekaar nodig het. Ons is verbondsmense en daarom verbonde aan mekaar. In paragraaf 3.2.3 word meer aandag aan koinonia met medegelowiges gegee.

Die verbondsgemeenskap het die verwagting dat die wêreld getransformeer sal word (Brueggemann 1980:1098). Die bondeling weet, hoop en verwag iets van die wêreld in die lig van die verbond. Dit is met die verwagting dat die Here besig is om die wêreld te transformeer, dat die bondeling sy/haar medemens behandel. Hierdie verwagting is deel van die *aanname/belofte* waarmee die verbondsmens sy/haar lewensverhaal benader. Dit maak die bondeling sensitief vir die *gevolge* van sy/haar *besluite*, nie net op die mense naaste aan hom/haar nie, maar ook die *gevolge* daarvan op mense wat nog nie die Here van die Verbond ken nie.

3.2.3 Verbondsgemeenskap

Burger en Simpson (1996:21 e.v.) identifiseer ten minste vyf genadefaktore waarmee gelowiges rekening kan hou in hul bymekaarwees. Hierdie faktore maak die byeenkoms van gelowiges 'n unieke ervaring waar iets spesiaals kan gebeur. Die faktore wat hierdie groot verskil maak, is God se teenwoordigheid, Sy vrymakende en heelmakende werk in ons lewe, Sy gereedmaking en toerusting tot diens aan ander, die genade van 'n ondersteunende geloofsgemeenskap, en die Bybel. Binne die kader van die verbond gebruik die Here onder andere hierdie genadefaktore om die bekende verbondsformule: "Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet My volk wees" te bewaarheid in gelowiges se lewens. Die genadefaktore moet geïnkorporeer word in die bondeling se *aannames/belofte* in sy/haar lewensverhaal. Dit sal 'n belangrike invloed uitoefen op die *besluite* en *gevolge* in sy/haar lewensverhaal.

3.2.3.1 God se teenwoordigheid

Die Verbondsgod wat Homself openbaar as Jahwe, "Ek is wat Ek is", bedoel "Ek is 'n God wat altyd daar is". Waar medegelowiges as 'n groep bymekaar kom, kan hulle op 'n besondere manier van hierdie *belofte* bewus word. Gedurende 'n byeenkoms van medegelowiges moet daar ruimte geskep word om God te aanbid. Berkhof (1974:31) wys daarop dat daar vir die Here 'n ewige hede is, dat Hy oral teenwoordig is en nie deur ruimte ingeperk kan word nie. Vir 'n gelowige om weg te kom van sy/haar eie worstelinge en vreugdes en te fokus op God – dit is aanbidding. Tydens hierdie oomblikke kan mense weer bewus word daarvan dat God regtig by hulle teenwoordig is. Dit is tye van verwondering en aanbidding. Deur genoemde genadefaktor in *aanname/belofte* van sy/haar lewensverhaal te inkorporeer, sal die bondeling die *bedreigings* in sy/haar lewensverhaal met groter vrymoedigheid kan benader.

3.2.3.2 God se vrymakende en heelmakende werk in ons lewe

Waar gelowiges bymekaar kom in hul afspraak met God, is dit meer as net 'n groep mense wat gedagtes kom bespreek. 'n Groep gelowiges wat byeenkom rondom God se Woord is meer as 'n terapeutiese groep waar mense mekaar ondersteun en beter laat voel. Gelowiges kan bymekaar kom met die verwagting dat die Here iets kan en wil doen in hulle lewe. Christus het aarde toe gekom om ons vry en heel te maak. Die Heilige Gees

sit hierdie werk van Jesus Christus in 'n gelowige se lewe voort. Uys (1991:231) lê klem op die sekerheid wat vir gelowiges daarin lê dat die Heilige Gees vernuwend werk.

Dit is nie net 'n vae hoop wat die gelowige het nie, maar 'n sekere belofte van God dat Hy die gelowige nuut en vry wil en kan maak. Een van die belangrike verbondsverhale wat oorvertel is, is die bevryding van die volk Israel uit Egipte. Die konstituering van die verbondsvolk vind plaas by die berg Sinai waar God hulle herinner: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het" (Eksodus 20:2). Die genadefaktor van God se vrymakende en heelmakende werk in die verbondsmens se lewe, skep 'n verwagting ten opsigte van die *gevolge* van hierdie belofte in die bondeling se lewensverhaal.

3.2.3.3 God se gereedmaking en toerusting tot diens aan ander

Toerusting tot diens as genadefaktor in die gelowige se lewe, sal 'n bondeling sensitief maak vir die *gevolge* van hul lewensverhaal. Indien hierdie genadefaktor as *aanname/belofte* in hul lewensverhaal figureer, sal hulle besef dat hulle lewe van diens positiewe *gevolge* om hulle kan hê. Die seën van die Here van die verbond word so deur hulle voortgedra. Binne die groep van medegelowiges wil God deur die Heilige Gees die gelowige toerus tot diens. Daar is drie soorte diens waartoe die Here 'n mens kan toerus: diens binne betekenisvolle verhoudings, diensgeleenthede en ook 'n lewe van diensbaarheid (Burger en Simpson 1996:103).

Die eerste soort diens wat maklik misgekyk kan word, is die diens binne betekenisvolle verhoudings. Die evangelie word uitgeleef in dit wat die gelowige doen, sê en dink. Hierdie uitleef begin by die mense naaste aan die gelowige. Diakonia begin by die betekenisvolle verhoudings waarin 'n persoon staan. Die kleingroep moet bedag daarop wees om tydens hul byeenkoms en daarna, mekaar met sorg te hanteer. Die tweede soort diens kom voor in die vorm van diensgeleenthede. Die gawes wat elke gelowige van die Heilige Gees ontvang het, speel hier 'n rol. Die derde soort diens verwys na 'n lewe van diensbaarheid. Diakonia beteken nie net dade van diens nie, maar 'n lewe van diens. Diens is nie net nog 'n item op 'n lang lys goed wat van 'n gelowige verwag word nie. Diens/diakonia beteken dat God deur ons op die nood van die wêreld gerig is. In

verskillende lewensfasas kan God 'n gelowige tot verskillende soorte diens roep. Binne die gemeente en die kleingroep kan gelowiges mekaar aanmoedig om te ontdek tot watter lewe van diensbaarheid die Here elkeen roep. Gelowiges moet voortdurend toegerus en bemoedig word vir hul lewe van diens. Soveel te meer die egpaar met fertiliteitsuitdagings. Dit is makliker om op hul eie uitdagings te konsentreer, as om uit te reik na ander mense se uitdagings. Dit is nie altyd so maklik om juis daar te gaan diens lewer waar hul self 'n uitdaging beleef nie. Gereelde gesprekke met die pastor/groepleier kan baie help om die entoesiasme vir die dienswerk te behou. Struikelblokke kan uit die weg geruim word en probleme rakende die diens bespreek word. Hierdie gesprekke bemagtig die egpaar om weer te gaan dien met die gawes wat die Here gegee het. 'n Gelowige moet toerusting ontvang met die oog op die spesifieke gawe/s en dienswerk wat die Here vir hulle gegee het.

3.2.3.4 Die genade van 'n ondersteunende geloofsgemeenskap

Christus bind gelowiges binne 'n geloofsgemeenskap aan mekaar. Daar sorg Hy vir die gelowige deur sy/haar medegelowiges. Die genade van 'n ondersteunende geloofsgemeenskap is deel van die Here se verbondstrou waarbinne 'n gelowige se lewensverhaal afspeel (vergelyk Diagram 6.1 en Diagram 6. 2). Dat mense vir mekaar lief sal wees en versorg, is die hartsbegeerte van Christus die verbondshoof (Janse van Rensburg 1996:157). Die konteks van die gelowige se lewe is 'n lewe binne die geloofsgemeenskap wat 'n sekere narratiewe visie of mite deel rakende die lewe in hierdie wêreld (Gerkin 1984:177). Die verbondsvolk val almal saam onder die Verbondsgod se sorg. Die verbondsvolk dra ook saam die verantwoordelikheid vir die versorging van mekaar. Waar laasgenoemde nie een van 'n persoon se *aannames/beloftes* in sy/haar lewensverhaal is nie, sal hy/sy nie besorg wees oor die *gevolge* van sy/haar lewensverhaal in medebondgenote se lewe nie.

Die genade van 'n ondersteunende geloofsgemeenskap lê in die liefde van Christus. Christelike liefde gaan om 'n verbintenis wat 'n mens maak. Die verbond lê juis ook klem op verbintenis. Hierdie verbintenis beteken onder andere die volgende (Burger 1997:137):

- ♦ 'n Verbintenis om mekaar raak te sien en te eer (Rom 12:10).

- ◆ 'n Verbintenis om aan mekaar onderdanig te wees (Ef 5:21).
- ◆ 'n Verbintenis om mekaar daadwerklik te ondersteun en bemoedig (1 Tes 5:17).
- ◆ 'n Verbintenis om 'n broer of suster se laste te help dra (Gal 6:2).

Die pastor begelei die bondeling om besluite in sy/haar lewensverhaal te neem wat die verbintenis met medebondgenote reflekteer. Dit geld teenoor sy/haar eggenoot en ook vir ander medebondgenote.

3.2.3.5 Die Bybel en gebed

Binne die geloofsgemeenskap, luisterend na God se Woord, kan die gelowiges gelei word tot nuwe insigte oor hulle eie lewe en God se werk op aarde. Hulle hoef nie self antwoorde oor die lewe uit te dink nie – God wil hulle help om dit te ontdek in die Bybel. In die geloofsgemeenskap kan God se boodskap in die Bybel vir hulle hier en nou, weer nuut ontdek word. God self praat deur Sy Woord met hulle en wil 'n verskil in hulle lewe maak. Die Bybel en gebed is een van die belangrikste genadefaktore wat 'n rol in die gelowige se lewensverhaal speel. Tydens pastoraat, in hul persoonlike omgang met die Here en in byeenkomste van medegelowiges, ontdek die bondeling dat die Here hul lewensverhaal met nuwe inhoud wil vul en verryk. Die bondeling kan vanuit die Skrif hul lewensverhaal interpreteer. Die pastor begelei die bondeling om in die lig hiervan hul lewensverhaal te herskryf met *beloftes/aannames* wat werklik 'n verskil in hul eie lewe en die mens om hulle se lewens sal maak.

3.2.4 Verbondskommunikator

Die vierde fokus element, naamlik die rol van die pastor as intermediêrende verbondskommunikator, speel 'n belangrike rol in 'n verbondsmatige pastorale benadering. In paragraaf 2.4 is reeds aandag gegee aan die aspekte van hierdie fokuselement wat verwys na die verloop van die pastorale proses. In die volgende paragrawe gaan die aspekte van hierdie fokuselement belig word, wat 'n rol kan speel in die interpretering en herskryf van die bondeling se lewensverhaal.

3.2.4.1 Pastor as intermediêrende verbondskommunikator

Die pastor tree as intermediêrende verbondskommunikator op. Die pastor se optrede moet herinner aan God se sorgsaamheid in die verbondsverhouding met die mens. Die beloftes en eise van die verbond moet aan die bondeling gekommunikeer word. As verbondskommunikator moet die pastor ook die bondeling begelei tot lofprijsing, klaaglied en worsteling met die Verbondsgod. Die Pastor moet die persoon wat kom hulp soek, help om al meer te word wat hy/sy in die verbond van genade reeds is. Die pastor gebruik 'n woordeskat ingekleur deur die verbond en begelei die bondeling om dieselfde te doen. In paragraaf 2.4.3 is aandag geskenk aan die saak van taalgebruik in pastoraat. Die pastor het die taak om die bondeling se *aanname* rakende die pastor se rol met bogenoemde verbondsmatige inligting te vul. Dit sal die bondeling daarvan bewus maak dat die pastor deel vorm van die Here se verbondstrou en versorging van Sy bondgenote. Die Here se verbondstrou vorm immers die konteks van die interpretering en herskryf van sy/haar lewensverhaal (vergelyk Diagram 6. 2).

3.2.4.2 Verbondsverhouding in pastoraat

'n *Aanname* soos: 'n Predikant kan nie regtig van hulp wees in die hantering van ons fertiliteitsuitdaging, reflekteer 'n foutiewe *aanname*. 'n Gelowige wat nog nie iets van die verbondsverhouding in 'n pastorale verhouding beleef het nie, sal deur 'n *aanname* soos hier bo genoem, beïnvloed word. Daar ontstaan egter 'n verbondsverhouding tussen die pastor en sy kliënt. Hierdie verbondsverhouding vind sy betekenis in God se verbondsverhouding met sy volk (Atkinson 1985:57). Die bondeling moet iets van die besonderheid van die verbondsverhouding met God reeds in die verhouding met die pastor beleef. Deur die werking van die Heilige Gees kan die pastorale verhouding wat so ontstaan 'n verskil in mense se lewe maak (Gerkin 1984:160). Die verbondsverhouding binne die pastoraat moet iets uitdruk van God se aanvaardende genade binne die verbond (Atkinson 1985:59).

Verder word die pastor juis deur die verbondsgemeenskap afgesonder om lede van die verbondsgemeenskap pastoraal te begelei sodat die begeleiding God se verbond sorg illustreer (vergelyk Hester 1980:230). Hoe meer volledig die pastorale verhouding 'n

uitlewing van die dinamiek van die verbond is, hoe meer sal die pastorale verhouding 'n verlengstuk wees van die seën van die genadige Verbondsgod aan Sy bondgenote (Atkinsōn 1985:10). Vanuit hierdie *aanname* kan die bondeling die verwagting hê dat die Here sy/haar lewensverhaal kan herskryf deur onder andere gebruik te maak van die pastor as verbondskommunikator.

In die verbond gaan dit om persoon en simboliese persoon wat mekaar ontmoet (Becker 1965:2). Die pastor as individu ontmoet die kliënt as individu. Tog is dit ook die ontmoeting tussen twee simboliese figure: die pastor as simboliese figuur wat die Woord van God verteenwoordig en die kliënt as simboliese figuur wat sy gesin en sy agtergrond verteenwoordig. Begrip vir hierdie simboliese figure verbreed en verdiep die pastorale verhouding. De kliënt ontmoet nie net die pastor nie, maar deur sy/haar verteenwoordiging as verbondskommunikator, ook die Woord van God. Die pastor ontmoet nie net die kliënt nie, maar kom ook in aanraking met sy/haar familie en agtergrond. Die pastor maak in die pastoraat die bondeling daarvan bewus dat sy/haar lewensverhaal deel vorm van die verbondsverhaal van alle tye. Sy/haar lewensverhaal verteenwoordig nie net 'n bepaalde persoon en tyd se gebeure nie, maar is simbolies van alle verbondsverhale deur alle tye. Vergelyk hierdie breëre perspektief in Diagram 6.1 waar illustreer word dat die bondeling se lewensverhaal gesien moet word binne die groter verbondsverhaal van alle tye.

3.3 Die verbond en die herskryf van die verhaal

Nadat 'n persoon begelei is om hul lewensverhaal te interpreteer, kan daar 'n stap verder gegaan word. Die persoon word ook begelei om hul lewensverhaal te herskryf. Met die oog op die herskrywing van 'n persoon se lewensverhaal, moet hy/sy sekere tegnieke en begrippe leer ken. Die pastor sal hier 'n belangrike rol speel om die persoon toe te rus met kennis en vaardighede. Clinebell (1984:323) verwys in hierdie verband na opvoedkundige pastoraat. Die pastor wat opvoedkundige pastoraat toepas, doen meer as om slegs inligting deur te gee en kennis oor te dra. Deur middel van sensitiewe berading word die persoon begelei om hierdie kennis te verstaan en in hul eie situasie toe te pas.

Die persoon word begelei om hul lewensverhaal in terme van 'n verbondsmatige sleutel te interpreteer. Die insig wat 'n persoon tydens hierdie fase van die pastorale proses verkry, sal ook van groot nut wees in die toekomstige hantering van omstandighede in sy/haar lewe. In 'n stap verder word die persoon egter ook begelei om hul lewensverhaal te herskryf. Weens die verbondstrou van die Here is verandering moontlik (vergelyk Vriezen 1966:185). Die verbondstuiskoms waarna 'n gelowige kan uitsien, gee stukrag aan die bondeling se lewensverhaal (Brueggemann 1980: 1098). Die verbondsverhale deur al die eeue is die konteks waarbinne die bondeling se lewensverhaal afspeel.

Hoofsaaklik word gekyk na die aanname waarmee die persoon gewerk het. Vervolgens word leidinggewende vrae gestel om uiteindelik by 'n positiewe en opbouende gevolg vir die persoon en sy/haar naasbestaandes te kom. In en deur die Skriftuurlike beloftes wat 'n persoon in sy/haar lewensverhaal invleg, word die groot verbondsbelofte al hoe meer beleef, naamlik: Ek sal vir jou God wees en ook vir jou nageslag. In die begeleidingsproses hou die pastor, die volgende in ag: inhoudelik word leiding gegee ten opsigte van veral godsbegrip, antropologie, verbondsgemeenskap en die rol van die verbondskommunikator in die herskryf van die verhaal.

Die bondeling word begelei tot 'n bruikbare, Skriftuurlike aanname vir hul lewensverhaal en die maak van gepaste besluite op grond daarvan. Verder word die bondeling begelei om met nuwe insig die bedreigings en uitdagings hierop te hanteer. Die bondeling word ook attent gemaak op die gevolge van dit alles in sy/haar lewensverhaal. Die heel belangrikste is dat die bondeling moet onthou, die herskryf van sy/haar lewensverhaal val binne die verbondstrou van die Here. (Vergelyk weer Diagram 6. 2 in hierdie verband.) Die pastor let daarop om 'n verbondswoordeskat te gebruik en te vestig by die bondeling (vergelyk 2.4.3 van hierdie hoofstuk). In die geval van persone met fertiliteitsuitdagings word hul besondere behoeftes, soos uitgespel in hoofstuk twee, ook in ag geneem. Met in agneming van al bogenoemde word die vrae wat gebruik word met die oog op die herskryf van die verhaal in Tabel 6.4 uiteengesit.

Tabel 6.4 Vrae vir verbondsmatige herskryf van lewensverhaal

♦ **Belofte/Aanname**

Is hierdie aanname realisties, bruikbaar en Skriftuurlik?

♦ **Besluite**

Is die korrekte besluite op grond hiervan geneem, of moet die besluite aangepas word?

♦ **Uitdagings**

Op welke wyse kan die uitdagings gesien word as geleenthede om die aanname te bevestig, uit te brei of aan te pas?

♦ **Bedreigings**

Watter omstandighede of gebeure verhoed dat die aanname bevestig word?

♦ **Gevolge**

Watter positiewe gevolge kan hieruit vir die persoon en die mense naby aan hom/haar vloei?

Daar kan van verskeie tegnieke en hulpmiddels gebruik gemaak word om persone te begelei om hul lewensverhaal in terme van 'n verbondsmatige sleutel te herskryf. Hierdie tegnieke of hulpmiddels is dikwels tekenend van die wyse waarop die verbondsverhouding in die Bybel se tyd uitgeleef is (vergelyk paragraaf 3.1). In die volgende paragrawe sal meer aandag aan bruikbare tegnieke met die oog op verbondsmatige herskryf van 'n persoon se lewensverhaal, gegee word. Weens die belangrike rol wat die belofte in 'n verbondsmatige sleutel speel, sal Promissioterapie (Louw 1998) een van die belangrikste tegnieke in die herskryf van 'n persoon se lewensverhaal wees. In paragraaf 4 sal die verbondsmatige herskryf van 'n lewensverhaal aan die hand van twee gevallestudies illustreer word.

3.3.1 Promissioterapie as tegniek in die herskryf van die lewensverhaal

Promissioterapie kan benut word om die persoon se lewensverhaal positief te beïnvloed deur Skriftuurlike beloftes aan hom/haar oor te dra. Vanuit hierdie beloftes kan weer gekyk word na die besluite, uitdagings, bedreigings en gevolge van die belofte in die

bondeling se lewe. Promissioterapie lê klem op die beloftes van die Here. Dit verwys na die kommunikasie van vervulde Skrifbeloftes, gerugsteun deur die trou van God (Louw 1998:14). Hierdie terapie wil mense laat fokus op singewende waardes en op 'n sinontvangende lewensbron. Die lewensbron is die teenwoordigheid van God, die God wat gesê het: "Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet vir my 'n volk wees". Die gelowige moet besef wat dit beteken dat dit die belofte van die verbond is dat die Here 'n skenkende God is (Heyns 1988:218).

Met die oog hierop kan die pastor 'n belofte-opbouende houding inneem (Louw 1998:342). Die houding van die pastor bou op die dialogiese karakter van die pastorale gesprek. Volgens Louw (1998:343) is die unieke karakter hiervan opbouing en troos en beloftegenerering. Deur opbouing wil die pastor die reeds bestaande in die kliënt se geloofslewe ontwikkel. Beloftegenerering wil verryking bring.

Wat die mens van ander skepsele onderskei, is dat die Here die mens persoonlik aanspreek (Atkinson 1985:68). Hierdie aanspraak word onder andere in die pastorale gesprek deur die werking van die Heilige Gees deur die Woord in die kliënt en pastor beleef. Vanuit 'n belofte-opbouende houding stel Louw (1998:343 e.v.) vyf benaderings voor wat die pastor kan benut. Hierdie benaderings toon vyf maniere waarop 'n pastor die verbondsmens kan begelei om die belofte/aanname vir sy/haar lewensverhaal te formuleer in die herskryf van hul verhaal. In die gevallestudies in paragraaf 4 word illustreer hoe die benaderings ingespan kan word.

♦ Teties-stellende benadering

Stellings word gemaak wat die afgehandelde karakter van die geloof oordra. Byvoorbeeld: Jou sondes in vergewe. Stellings kan ook gemaak word om die teenwoordigheid van God te verduidelik. Byvoorbeeld: God is hier. Stellings kan ook 'n toekomsgerigte spreekwyse uitdruk. Byvoorbeeld: Ons verwag 'n nuwe hemel en aarde.

♦ Imperatiewe benadering

Aansprake wat op die gelowige gemaak word, is nie gekoppel aan sy/haar moontlikhede nie, maar aan die vervulde beloftes van God en die gawes van die Gees. 'n Persoon wat voorligting moet ontvang of vir wie koers in die lewe aangedui moet word, sal baat vind hierby. Die Skrif is vol voorbeelde van die imperatiewe benadering. Dit is 'n benadering met 'n sterk pedagogiese en opbouende effek.

♦ Doelwit-benadering

Die gelowige moet gehelp word tot verantwoordelike en doelgerigte gedrag. Gedrag word gemotiveer deur doelwitformulering.

♦ Die "wat"-formule

Deur die "wat"-vraag word die gelowige gehelp om die objektiewe dimensies van hul geloofsinhoud te ontdek. Dit stimuleer ook menslike denke. Byvoorbeeld: "Wat dink u sê die Skrif oor hierdie saak?"

♦ Denk-transformerende-benadering

Persone se denkinhoude in verband met hul Godsopvatting, kerkopvatting, mensopvatting en godsdiensopvatting het dikwels verandering nodig.

♦ Vir mekaar-formule

Paulus maak dikwels van die mekaar-formule gebruik: vergewe mekaar (Ef 4:32), dien mekaar in liefde (Gal 5:13). Die pastorale gesprek en gespreksprosedures staan in diens van die gemeente as liggaam van Christus. Pastorale response is nie bloot individu-georiënteerd nie.

3.3.2 Bybelstudie en gebed as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal

Binne die pastorale ontmoeting het Skrifgebruik en gebed 'n bepaalde effek op die oog (Louw 1998:13). Pastorale terapie het te doen met die effek van Skrifgebruik en die uitwerking van gebed. Die verhaal van die verbond kan met groot vrug ingeweer word in die verhaal van die persoon met fertiliteitsuitdagings. Die pastorale ontmoeting wil die persoon verander, vernuwe en vertroos. Hiervoor kan die Skrif en gebed effektief gebruik word deur die werking van die Heilige Gees.

3.3.3 Rituele as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal

Die mens moet holisties in die pastorale proses betrokke gemaak word (Clinebell 1984:26-27). Die totale menswees en totale breinvermoë behoort in pastoraat betrek te word (Janse van Rensburg 1998: 69). Verskillende sogenaamde “regterbrein-strategieë” word ook al meer in die pastoraat benut. Die kreatiewe vermoë van die pastor en die innoverende potensiaal van die persoon in beraad word dan benut, iets wat kenmerkend is van die regter hemisfeer van die brein (Weber 1982:214). “Regterbrein-strategieë” sluit onder meer die volgende in: inbeelding, narratief, musiek, metafore (Janse van Rensburg 1998: 71 e.v.). Hierby sou ook rituele en simboliek, wat bepaalde kreatiewe vaardighede verg, ingesluit kon word.

Rituele speel 'n groot rol in die verbond. Die verbondsvolk word elke keer by die ritueel van die besnydenis van 'n baba aan die beloftes en eise van die verbond herinner. Daar is ook talle ander rituele wat 'n belangrike deel van die verbondsgeskiedenis vorm. Vergelyk byvoorbeeld die offers wat Abraham middeldeer moes sny en die brandende fakkel wat tussen die offers deur beweeg het (Gen 15:9-21), die ritueel van Paasfees (Eksodus 12), die rituele wat profete, soos byvoorbeeld Esegël, moes uitvoer om die verbondsvolk aan te spreek oor hulle verbondsbreuk, en die rituele van die offers soos uitvoerig bespreek in die boek Levitikus.

Rituele druk die ritmes van die lewe met groter krag en diepte uit as wat woorde kan (Vergin 1981:117). Daarom kan rituele met groot vrug in pastoraat en groepswerk

benut word. Veral vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma kan rituele sinvol benut word. Die Here het immers telkens in die verbondsgeskiedenis sy beloftes met rituele bevestig.

In die verbondsgeskiedenis het twee bepaalde rituele 'n belangrike rol gespeel: die besnydenis en die pasga. In die Nuwe Testamentiese tyd het die rituele van die doop en die nagmaal eersgenoemde vervang. Die benutting van die sakramente as rituele om deel te vorm van die pastorale begeleidingsproses, sal meer uitvoerig onder paragraaf 3.3.6 bespreek word. Dit is ook sinvol om rituele in groepe te benut. Rituele en simbole, wat in die volgende paragraaf bespreek gaan word, kan byvoorbeeld 'n belofte/aanname versterk.

3.3.4 Simboliek as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal

Die verbondsgeskiedenis van Israel is 'n narratief wat ryk is aan metafore, simbole en verhale (Janse van Rensburg 1998: 70). Simboliek kan onder andere 'n uitdaging in die bondeling se lewe uitbeeld, soos byvoorbeeld 'n berg om te klim of 'n rivier om oor te steek. Daar is die meer gebruiklike simbole van die krip, kruis, kroon, brood en wyn, water, en die vis. Hierdie en ander simbole wat uit die Bybel kom, kan gelowiges help om na te dink oor God en te fokus op Wie Hy is, veral na aanleiding van dit wat hulle sien in die simbole.

Simbole kan help om 'n bepaalde atmosfeer in 'n groep te skep en die aanbidding op God te fokus (Burger & Simpson 1996:110). Verder is 'n simbool bruikbaar om 'n bepaalde teologiese waarheid sigbaar te maak. 'n Simbool wat moontlik vir die persoon met fertiliteitsuitdagings baie kan beteken, is die simbool van die boom. Dit is 'n teken van lewe, vrugbaarheid en die ewige lewe (Opb 22:2) wat deur Jesus Christus kom.

3.3.5 Liturgie as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal

Koinonia begin daar waar die lidmate van 'n gemeente gegroet word in die erediens as "broers en susters". Mense uit verskillende agtergronde en met verskillende behoeftes,

maar omdat hulle medegelowiges is, is hulle familie. Die gelowige egpaar wat die uitdaging van hulle fertiliteit beleef is ook 'n familie en deel van 'n Familie – God se familie – al het hulle (nog nie) kinders van hulle eie nie. Ook hierdie gelowige egpaar kan deel voel van die huisgesin van God (Ef 2:19), ongeag die feit dat hulle in sekere opsigte verskil van die ander kinders in die familie. Die erediens is 'n plek waar hulle saam met hulle ander “familielede” die Here kan dien en die gemeenskap van gelowiges kan beleef. Hier moet die egpaar kan beleef: Ons is familie, ons word aanvaar net soos ons is. Die bondeling word in pastoraat aangemoedig om deel te neem aan die liturgie in 'n erediens as teken van die gevolge van 'n lewe verbonde aan die Here, 'n lewe gekenmerk deur Sy seën, lofprijsing, gehoorsaamheid aan Sy Woord en offers.

3.3.6 Sakramente as tegniek in die herskryf van 'n lewensverhaal

Die verbondsteken van die besnydenis en later die doop het gedien as afbakening van 'n rituele grens (Christiansen 1995:15). Die sakramente kan die persoon met fertiliteitsuitdagings help om die deelwees van die verbondsvolk te beleef. Uys (1991:177) wys daarop dat die sigbare verbondsteken van die nagmaal binne groepsverband uitgeleef en beleef moet word. Die nagmaal is 'n sigbare teken van die liefdesdaad van God vir elke mens. Waar dit besef word, bestaan werklike koinonia tussen gelowiges (Uys 1991:176). Die doop herinner weer aan die Here se trou van geslag tot geslag. Die doop herinner juis aan die genadekarakter van die verbond. Die Here gryp in mense se lewens in, sonder dat hulle dit verdien. Daar is 'n sterk troos karakter gekoppel aan die doop, ook vir die egpaar met fertiliteitsuitdagings. Sakramente versterk die aanname/belofte van die Verbondsheer se genade.

3.4 Verbondstuiskoms as motivering vir herskryf van lewensverhaal

Die pastor begelei die bondeling om hul lewensverhaal in die lig van die verbond te herskryf. Die groot belofte wat die Here wil vervul in die bondeling se lewe: Ek sal vir jou 'n God wees. Juis hierdie belofte maak die herskryf van 'n lewensverhaal moontlik. Hierdie belofte sien uiteindelik uit na 'n verbondstuiskoms waarvoor die gelowige

bestem is. Die gelowige leef met 'n verwagting - 'n verbondstuiskoms (Brueggemann 1980:1097). Die profeet Jesaja hou hierdie verwagting lewend. Die belofte is dat die wêreld gaan verander. Dit is 'n belofte aan die verbondsvolk in ballingskap en aan elke bondeling deur al die eeue. Daar is 'n verbondstuiskoms wat wag. Brueggemann (1980:1098) lig vryheid, bevryding en geregtigheid uit as bestanddele van die verbondstuiskoms volgens Jesaja.

Die profeet Jesaja praat van bevryding en geregtigheid terwyl die volk nog in ballingskap is. Jesaja sien 'n nuwe moontlikheid wat kom – vryheid wat vir Israel voorlê. Dit sal 'n verbondstuiskoms wees, gekenmerk deur vryheid, bevryding en geregtigheid. Jesaja glo dat hierdie uitsprake nie ongegrond of nutteloos is nie. Trouens, hierdie uitsprake vorm deel van die verandering wat gaan plaasvind.

Die verbondstuiskoms het te doen met transformasie. Die Een wat die wêreld gaan transformeer is egter juis die Een vir wie die mense die gesig wegdraai (Jes 53:2,3). Die belofte van transformasie, 'n verbondstuiskoms, is gekoppel aan hierdie Een. Transformasie is egter ook gekoppel aan die Gees van die Here (Jes 61:1-4). Onder aandrang van die Heilige Gees word die droom van die verbondstuiskoms lewend gehou. Die Heilige Gees dring die gelowige om te begin leef met vryheid, bevryding en geregtigheid – tekens van 'n verbondstuiskoms.

'n Belangrike komponent in die herskryf van 'n persoon se lewensverhaal, is die verbondstuiskoms wat op elke bondeling wag. In die vertel van die verbondstuiskoms waarna die gelowige uitsien, begin die werklikheid van die verbondstuiskoms reeds aan te kom (vergelyk Brueggemann 1980:1099). Die transformasie deur Jesus Christus en die werking van die Gees werk nou reeds aan die lewensverhaal van die bondeling om dit te laat uitloop op die verbondstuiskoms. Die bondeling is nie bestem om vir altyd soos 'n vreemdeling op aarde te swerf nie. Eendag gaan hy/sy tuis kom by die Here, in 'n volmaakte verbondsverhouding. Hierdie tuis kom begin alreeds realiteit word wanneer dit al meer gedroom en al meer vertel word.

Die bondeling kan sy/haar lewe in die terme van die verbondstuiskoms herskryf. Die gevolge van 'n verbondstuiskoms word visualiserend deel van hul lewensverhaal. Deur hul lewe so te beskryf, word dit reeds 'n werklikheid, word hul lewe al meer:

- ♦ Getransformeer
- ♦ Be-Geesterd
- ♦ Bevry

Die verbondsmens is iemand wat uitsien na die verbondstuiskoms, maar wat in 'n sekere sin ook reeds daarin begin deel. Die reeds en die nog-nie kom byeen in die verhaal van die bondeling en gee nuwe stukrag aan hul lewensverhaal. Die verbondsmens is op weg na die vervulling van die Here se beloftes. König (1988:363) wys daarop dat die vervulling van die Here se beloftes in die Skrif telkens ryker as die beloftes self is. Deurdat die bondeling se lewensverhaal ingewef word in die groot verbondsverhaal van die Here se getrouheid en Sy op weg wees met Sy verbondsvolk, verkry daardie spesifieke lewensverhaal 'n groter betekenis as wat dit andersins sou gehad het. Die bondeling se lewensverhaal is deel van 'n groter geheel, deel van die verbondstuiskoms wat al vertellende waar word, en wat eendag tot 'n finale tuis-koms sal lei.

4 GEVALLESTUDIES

Die praktiese toepassing van 'n verbondgefundeerde paradigma vir pastoraat, soos toegepas in 'n hermeneutiese modus, word aan die hand van twee gevallestudies uitgebeeld. Die gevallestudies word saamgestel uit inligting verkry uit die navorsing van hierdie studie, asook werklike gevalle waarmee te doene gekry is. Daar word deurgaans van skuilname gebruik gemaak.

4.1 Agtergrond

Gevallestudie A:

André en Ansa Alberts is reeds vyf jaar getroud, maar het nog nie kinders nie. Hulle het onlangs 'n Reproductiewe Sorg Eenheid besoek waar toetse gedoen is om hul fertiliteit te bepaal. Die dokter het hulle meegedeel dat hulle slegs deur middel van geassisteerde

tegnieke 'n kans het om swanger te raak. Haar man het 'n uitnodiging na 'n belangrike werksfunksie nie aanvaar nie omdat Ansa weier om saam te gaan. Hy beveel aan dat sy met iemand gaan gesels, want sedert hulle gehoor het van hul probleem is Ansa nie meer dieselfde nie. Ansa besluit om hul leraar te kontak vir 'n afspraak.

Gevallestudie B:

Bertus en Bettie Basson het na vele behandelings vir hul infertiliteit verneem dat daar slegs 'n geringe kans is om ooit 'n baba van hul eie te verwek. Hulle worstel in hul geloofslewe met die belofte van gebedsverhoring in Johannes 15 vers 7. Is hierdie belofte ook vir hulle bedoel wat so lank al bid vir 'n eie kind? Hulle besoek hulle leraar om haar raad daaroor te vra.

4.2 Interpretering van lewensverhaal

Gevallestudie A:

Ansa vertel van hul ervaringe tot dusver en die pastor moedig haar aan om haar lewensverhaal te interpreteer in terme van 'n verbondsmatige sleutel. Die grootste probleem tans is dat Ansa nêrens heen wil gaan saam met haar man nie. Sy het geweier om saam met hom na 'n belangrike sosiale funksie by sy werk te gaan. Die prominente aspek in terme van 'n verbondsmatige verhaal analise is die volgende: Sy wil nêrens heen gaan saam met haar man. Die gevolge in haar lewensverhaal is die mees prominente. Haar lewensverhaal verloop anders as wat syself of haar man voorsien het. Ansa word begelei om aan die hand van 'n verbondsmatige sleutel haar lewensverhaal te interpreteer. Die elemente van die verbondsmatige sleutel van interpretasie is reeds volledig onder paragraaf 3.2 bespreek. Die pastor begelei Ansa om aan die hand van 'n paar vrae haar lewensverhaal in die volgende terme te beskryf:

- ♦ Watter **gevolge** sien sy tans in haar lewe as gevolg van keuses wat sy gemaak het?
- ♦ Watter **besluite** het sy geneem wat tot hierdie gevolge gelei het?
- ♦ Op grond van watter **aanname** het Ansa bewustelik of onbewustelik haar besluite geneem?
- ♦ Watter gebeure of omstandighede het haar aanname **uitgedaag**?

♦ Watter **bedreigings** was daar vir haar aanname?

Ansa het hierdie vrae op **Diagram 6.2** wat in paragraaf 3.2 verduidelik word, voltooi. Die verloop van die analise van haar lewensverhaal volgens die diagram, kan as volg aangetoon word:

Gevolge: Ansa wil nêrens saam met haar man gaan nie. Hy is nou in 'n swak lig by die werk gestel omdat hulle nie die belangrike werksfunksie bygewoon het nie.

Besluite: Die gevolge kom vanaf 'n besluit wat sy geneem het: Ek gaan eerder moeilike omstandighede waar mense met kinders kan wees, vermy.

Aanname: Die besluit is onbewustelik geneem weens haar aanname dat sy hulle eie infertiliteit sal kan verwerk solank sy nie gekonfronteer word met gelukkige gesinne met kinders nie.

Uitdagings: Hierdie aanname het uitdagings tot gevolg gehad. Sy moet uitnodigings na sosiale geleenthede, wat haar aanname uitdaag, hanteer.

Bedreigings: Ansa se onbeheerbare negatiewe emosies was egter 'n bedreiging vir haar aanname.

Uit die interpretering van Ansa se lewensverhaal na aanleiding van die diagram, kan gesien word watter rol die vier belangrike temas in 'n verbondgefundeerde paradigma in haar lewensverhaal speel. Hierdie vier temas is: Godsbegrip, antropologie, verbondsgemeenskap en die rol van die pastor. Daar is reeds vroeër in hierdie hoofstuk verwys na die spesifieke klem wat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma binne hierdie vier temas gelê word. Hierdie agtergrond word in ag geneem in die begeleiding van Ansa in die interpretering van haar lewensverhaal.

In hierdie stadium van die berading gee die pastor aandag aan leemtes in 'n persoon se kennis en belewenis van die vier temas van 'n verbondgefundeerde paradigma. Dit blyk byvoorbeeld uit hierdie gegewens dat Ansa vanuit 'n antropologie dink waarin haar waarde as mens beïnvloed word deur die feit dat hulle nie kan kinders hê nie. Hierdie antropologie het 'n invloed op die aanname waarvolgens sy werk, die besluite wat sy neem asook op die uitdagings en bedreigings. Daar sal dus aandag geskenk word aan 'n

verbondsmatige inkleding van Ansa se begrip van die antropologie. Die identiteit van die mens as beeld van God en medewerker van God in die verbond word in die pastoraat uitgelig. Die herskryfde lewensverhaal van Ansa sal die vier temas met verbondgevolle betekenisse reflekteer. Hierdie temas sal haar lewensverhaal help rig op die verbondstuiskoms waarna elke gelowige uitsien.

Gevallestudie B:

Bertus en Bettie vertel hul pastor van hul begeerte om die Here se beloftes ernstig op te neem, maar hulle sukkel tans daarmee. Hulle word ook soos Ansa begelei om aan die hand van 'n verbondsmatige sleutel hul lewensverhaal te interpreteer. Soortgelyke vrae word aan hulle, soos aan Ansa, gerig. By Bertus en Bettie begin die verhaal egter op 'n ander punt. Hulle verhaal begin by 'n bepaalde belofte van die Here, of aanname waarvolgens hulle bewustelik begin optree het. Met hierdie bepaalde aanname het hulle lewensverhaal egter anders verloop as wat hulle voorsien het. Daarom het hulle nou leiding nodig. Die pastor vra die volgende vrae aan Bertus-hulle om hulle te rig in die interpretasie van hul lewensverhaal:

- ◆ Verduidelik die **belofte** van die Here wat tans 'n groot rol in julle lewe speel?
- ◆ Wat beleef julle as 'n **bedreiging** vir hierdie belofte van die Here?
- ◆ Watter gebeure/omstandighede of persone **daag** julle verstaan van die belofte waarmee julle werk **uit**?
- ◆ Watter **besluit**/e neem julle in die lig van die belofte/aanname waarmee julle werk?
- ◆ Wat is die **gevolge** van julle besluite op juiself en die mense om julle?

Die interpretasie van hulle lewensverhaal volgens die verbondsmatige sleutel lyk as volg:

Belofte: Die belofte wat tans 'n belangrike rol in hul lewe speel, is die volgende: Die Here belowe dat Hy Sy kinders se gebede sal verhoor as hulle in Sy woorde bly (vergelyk Joh 15:7).

Bedreiging: Hulle onvermoë om 'n kind te verwek bedreig egter hulle geloof in hierdie belofte.

Uitdaging: Hulle moet weer aanmeld vir in vitro bevrugting en dit daag hulle verstaan van die Here se belofte uit.

Besluit: Hulle gaan nie aanmeld vir behandeling nie, maar die Here vertrou dat Hy aan hulle 'n kind sonder in vitro bevrugting kan skenk, as dit Sy wil is.

Gevolge: Hulle woon baie getrou alle gemeentebyeenkomste by en gee baie aandag aan hul stiltetyd.

Die vier temas (Godsbegrip, antropologie, verbondsgemeenskap, verbondskommunikator) binne 'n verbondgefundeerde paradigma word in die lig van Bertus en Bessie se interpretasie beskou. Uit die interpretasie van hul lewensverhaal blyk dit dat aan die egpaar se Godsbegrip aandag gegee moet word. Die Godsbegrip waarmee hulle werk, is van Iemand vir wie jy iets doen, sodat Hy weer iets terug sal doen. Deur hulle Godsbegrip met verbondsmatige kennis uit die Skrif te vul, kan hulle begelei word om hul lewensverhaal te herskryf. Aspekte vanuit 'n verbondsmatige Godsbegrip is byvoorbeeld die trou van die Here aan Sy verbond en sy beloftes.

4.3 Herskryf van lewensverhaal

Gevallestudie A:

As verbondskommunikator begelei die pastor vir Ansa om haar lewensverhaal volgens 'n meer korrekte aanname, as die een waarmee sy haar lewensverhaal tot dusver ingeklee het, te herskryf. Deur veral aandag aan die vier prominente temas vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma te gee, word Ansa se lewensverhaal binne 'n verbondsmatige konteks herskryf. Die verbondsmatige klem wat aan die temas Godsbegrip, antropologie, verbondsgemeenskap en rol van die pastor gegee word, lei Ansa om haar lewensverhaal met 'n ander aanname te herskryf. Die huidige gebeurte het dit duidelik gemaak dat Ansa met die aanname werk dat sy hulle eie infertiliteit sal kan verwerk solank sy nie met gelukkige gesinne met kinders gekonfronteer word nie. 'n Meer Skriftuurlike aanname waarmee Ansa in haar lewensverhaal moet werk, is dat die Here haar krag sal gee om hul fertiliteitsuitdaging te verwerk. Hierdie aanname of belofte waarmee sy haar lewensverhaal kan herskryf, sal spesifieke uitdagings en

bedreigings tot gevolg hê. In die lig van hierdie belofte/aanname neem Ansa spesifieke besluite wat gevolge vir haarself en ander mense om haar inhou. In die lig van 'n korrekte, bruikbare, Skriftuurlike aanname/belofte, kan die diagram vir die verbondsmatige herskryf van haar lewensverhaal as volg voltooi word:

Belofte/Aanname: Die Here sal jou krag gee om julle fertiliteitsuitdaging te verwerk. (Teenoor haar aanvanklike aanname: Ek sal ons fertiliteitsuitdaging kan hanteer as ek moeilike situasies vermy.)

Uitdaging: Uitnodiging na 'n familielid se doopplegtigheid.

Bedreiging: Familielede se openlike bejammering van Ansa en André by so 'n geleentheid.

Besluite: Ansa en André gaan saam 'n paar antwoorde uitwerk op tipiese moeilike vrae wat by sulke geleenthede gevra word.

Gevolge: Ansa en André sien uit na die doopplegtigheid omdat dit weer hulle geloof en vertroue in die Here sal versterk.

In die herskryf van Ansa se lewensverhaal word van 'n teties-stellende benadering (Louw 1998: 343) gebruik gemaak om haar aanname met Bybelse inhoud te vul. Sy word verseker van God se teenwoordigheid en Sy getrouheid aan Sy beloftes. Die werklikheid van Sy teenwoordigheid as die Here wat gesê het: "Ek sal jou God wees", word tuisgebring in die pastorale gesprek. Hierby word aangesluit deur die sakrament van die doop uit te lig as iets wat haar geloof in die Here se teenwoordigheid en krag versterk. (Vergelyk paragrawe 2.2.1 en 2.2.6 vir besonderhede rakende genoemde tegnieke.) Ansa en André kan met afwagting die doopgeleentheid tegemoet gaan, omdat dit nie 'n bedreigende situasie is nie, maar juis 'n geleentheid om hulle geloof en vertroue in die Here te verstek.

Verder beleef die verbondsgemeenskap die afbakening van hul identiteit as verbondsvolk van die Here in die ritueel van die doopplegtigheid. André en Ansa vorm deel van hierdie groep mense op aarde – die kinders van die Here, Sy verbondsvolk. Die tema van die antropologie word aangespreek deur te wys op hul status as "gunsgenoot" van die

Here. Hulle identiteit is nie gekoppel aan die vermoë om kinders te verwek nie, maar aan hul verbintenis aan die God van die verbond. Die pastor speel deurentyd die rol van intermediêrende verbondskommunikator wat André en Ansa leer om in verbondstaal te praat en hul lewensverhaal in verbondsterme te herskryf. Hulle lewensverhaal vorm immers deel van die verbondsverhaal deur al die eeue.

Gevallestudie B:

Dit blyk uit die voltooiing van die diagram dat Bertus en Bettie met 'n Skriftuurlike aanname begin het, naamlik dat die Here 'n gelowige se gebede verhoor as hulle in Sy woorde bly. Die besluite wat hulle op grond van hierdie belofte/aanname geneem het, moet egter aangepas word deur aandag te skenk aan 'n verbondsmatige inkleding van die volgende temas: Godsbegrip, antropologie, verbondsgemeenskap en verbondskommunikator. In die proses word hulle begelei om die besluite wat hulle na aanleiding van hul aanname geneem het, aan te pas, asook wat die werklike bedreiging en uitdaging vir die aanname is waarmee hulle werk. Die diagram kan weereens as volg voltooi word:

Belofte/Aanname: Die Here verhoor ons gebede as ons in Sy woorde bly (Joh 15:7).

Uitdaging: Dit is nie die mediese prosedure wat hierdie belofte uitdaag nie, maar eerder hulle hantering van die mediese prosedure.

Bedreiging: Hulle verstaan van wat die belofte beteken en op wie dit van toepassing is. (Hierteenoor was hulle van mening dat hulle onvermoë om 'n kind te verwek die belofte bedreig.)

Besluit: Hulle gaan aanmeld vir in vitro bevrugting en doen saam 'n gebed voor die prosedure uitgevoer word. Hulle kan hierdie besluit neem omdat die belofte van gebedsverhoring nie per se die mediese prosedure uitsluit nie.

Gevolge: Bertus en Bettie getuig van hul vertroue in die Here se beloftes tydens 'n wyksbyeenkoms in hul gemeente en vra ook die wyk se voorbidding. Hulle woon die byeenkoms by om te getuig van die Here se beloftes. Die wyksbyeenkoms is nie meer 'n geleentheid om te bewys dat hulle nie te slegte mens is nie, en daarom op die Here se belofte kan aanspraak maak nie.

Die pastor volg 'n denk-transformerende benadering om Bertus en Bettie te begelei in hul godsbegrip en godsdienstbegrip (Louw 1998:348). Verdienste speel by hulle nog 'n groot rol daarom het hulle die gemeente byeenkomste so getrou bygewoon. Verder begelei die pastor Bertus en Bettie om die ondersteunende krag van mede gelowiges te besef (vergelyk paragraaf 3.2.3.4). Hulle gee ook aandag aan die tema: die raad van God (vergelyk hoofstuk 4 paragraaf 3.1). Die pastor begelei Bertus en Bettie om 'n simbool te benut om hulle te herinner aan 'n eienskap van die Here wat hulle sal help om hulle aanname korrek te interpreteer. Sy stel voor dat Bertus en Bettie takke uit die tuin neem, in die vorm van 'n sirkel vleg en dit in die voorportaal ophang. Dit is 'n simbool wat hulle kan herinner aan die trou van die Here wat nie ophou nie, net soos 'n sirkel geen einde het nie. (Vergelyk paragraaf 3.3.4 in hierdie hoofstuk in verband met simboliek.) Hulle kyk ook saam na verskillende maniere hoe die Here Sy belofte van gebedsverhoring kan nakom. Bertus en Bettie sien nou hul lewensverhaal as deel van die groot verbondsverhaal van alle tye. Hulle lewensverhaal hoef nie aan hulself en ander 'n bewys te wees dat die Here Sy beloftes waar maak nie, dit skep spanning by hulle. Hulle lewensverhaal moet eerder as 'n *getuigenis*, nie 'n bewys gesien word nie, 'n verhaal wat saam met al die duisende verhale deur die eeue van die Here se verbondstrou getuig.

5 SAMEVATTING

Die verbond as paradigma bied 'n wonderlike vertrekpunt vir die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. Vanuit hierdie paradigma kan die persoon begelei word tot verdieping in hul verbondsverhouding met die Here, ontwikkeling van 'n gesonde volwasse beeld van hulself, groei in hul huwelik asook met medegelowiges. Vanweë die besondere aard van die verbond sal pastorale begeleiding binne so 'n paradigma 'n besondere bydrae lewer tot die effektiewe pastorale versorging van die persoon met fertiliteitsuitdagings. Die omvattendheid van die verbond maak dit egter ook geskik as paradigma vir pastoraat in alle pastorale kontekste.

Vanweë die belangrike rol wat verhale in die verbondsgeskiedenis speel, speel 'n hermeneutiese modus 'n belangrike rol in pastoraat vanuit 'n verbondgefundeerde

paradigma. Herhalende temas wat in verbondsverhale in die Bybel gevind word, word gebruik in die interpretering en herskryf van die bondeling se lewensverhaal. Hierdie verhaaltemas verwys na: Aannee/belofte, uitdaging, bedreiging, besluit, gevolg. Die verbondstuiskoms wat deur die Here belowe word, is 'n stuwende krag vir die lewensverhaal van die bondeling. In die interpretering en herskryf van die lewensverhaal speel die vier fokus elemente van 'n verbondgefundeerde paradigma 'n leidingewende rol. Die fokus elemente is Godsbegrip, antropologie, verbondsgemeenskap en verbondskommunikator. Die uiteindelijke mikpunt van pastoraat vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma is om 'n bondeling te laat besef watter troos en krag daar in die belofte en uitdaging geleë is, naamlik Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet my volk wees. Hierdie troos en krag is deel van al die verbondsverhale deur die eeue. Saam vorm hierdie verhale 'n getuienis tot eer van die Here se verbondstrou.

BYLAAG A: VRAELYS AAN PASIËNTE VAN DIE REPRODUKTIEWE SORG EENHEID

MERK ASB. U ANTWOORD MET 'N KRUISIE IN DIE SPASIE DAARVOOR GELAAT.

1 GESLAG

Manlik	1		
Vroulik	2		3

2 OUDERDOM

Jonger as 24	1		
25 – 29	2		
30 – 34	3		
35 – 39	4		
40+	5		4

3 HOE LANK GETROUD

Minder as 5 jaar	1		
6 – 10 jaar	2		
11 – 15 jaar	3		
16+ jaar	4		5

4 KERKVERBAND

Rooms Katoliek	1		
Lutherse- en Gereformeerde kerkfamilies	2		
Charismatiese en Pentekostalistiese kerkfamilies	3		
Ander (spesifiseer)	4		6

5 IS DIT U EERSTE BESOEK AAN DIE KLINIEK?

Ja	1		
Nee	2		7

6 HOEVEEL BEHANDELINGSSIKLUSSE HET U AL DEURLOOP?

0	0		
1 - 5	1		
6 – 10	2		
11+	3		8

7 HET U REEDS 'N KIND VAN U EIE?

Ja	1		
Nee	2		9

AGTERGROND – INLIGTING

In hierdie vraelys word dikwels van die VERBOND gepraat. Vir die doeleindes van hierdie vraelys verwys dit na die volgende: Die verbond is die verhouding waarin God uit genade met mense wil staan. God neem die inisiatief, Hy begin elke keer die verhouding. Elkeen wat glo in Jesus Christus is deel van hierdie verbond. Verbond kan ook verstaan word as 'n kontrak tussen God en mens.

AFDELING A

KIES BY ELK VAN DIE VOLGENDE STELLINGS OF VRAE DIE ANTWOORD WAARMEE U DIE MEESTE SAAMSTEM:

- 8 Watter een van die volgende drie eienskappe van God het op die oomblik die grootste invloed op u lewe?

Dat God 'n God van liefde is

1

Dat God almagtig is

2

Dat God heilig is

3

Al drie ewe groot invloed

4

10

- 9 Van watter mense, wat bewus is van u fertiliteitsprobleem, ontvang u op die oomblik die meeste ondersteuning in die verwerking van u fertiliteitsprobleem?

My eggenoot/eggenote

1

Ouers/familie

2

Vriende

3

Medegelowiges

4

My dokter

5

My predikant

6

11

- 10.1 Die sterkste gevoel wat by my opkom wanneer ek dink aan my verbondsverhouding met God, is:

Dat ek bevoorreg is

1

'n Gevoel van dankbaarheid

2

'n Gevoel van vertroosting

3

'n Gevoel van sekuriteit

4

Al bg. (kan nie eintlik voorkeur verleen nie)

5

Geen van bogenoemde nie

6

12

- 10.2 Indien u keuse "Geen van bogenoemde nie" was, watter gevoel kom dan by u op?

1

13

Vir kantoor
gebruik

AFDELING B

Vir kantoor
gebruik

BEOORDEEL ELKEEN VAN DIE VOLGENDE STELLINGS OP 'N SKAAL VAN 1 – 5 MET DIE VOLGENDE BETEKENISSE

- 1= Stem beslis nie saam nie
 2 = Stem nie saam nie
 3 = Onseker/Nie van toepassing nie
 4 = Stem saam
 5 = Stem beslis saam

		Stem beslis nie saam nie	Stem nie saam nie	Onseker/Nie van toepassing nie	Stem saam	Stem beslis saam		
11.1	Wanneer die getroue God 'n verbond met iemand sluit, is die persoon se eie getrouheid aan God nie belangrik nie.	1	2	3	4	5		14
11.2	God se liefde het grense.	1	2	3	4	5		15
11.3	Ek glo in wonderwerke.	1	2	3	4	5		16
11.4	Wanneer God 'n verbond met iemand sluit, verwag Hy gehoorsaamheid.	1	2	3	4	5		17
11.5	Wonderwerke gebeur net met mense met 'n sterk geloof.	1	2	3	4	5		18
11.6	Dit is moeilik om altyd te glo dat God 'n God van liefde is	1	2	3	4	5		19
11.7	Ek lees doelbewus Bybelverhale van egpare wat na jare se kinderlose huwelike uiteindelik kinders gekry het.	1	2	3	4	5		20
11.8	Wanneer ek sondig, gaan iets slegs my vorentoe tref.	1	2	3	4	5		21
11.9	Ek vermy doelbewus Bybelverhale van kinderlose egpare wat uiteindelik kinders gekry het.	1	2	3	4	5		22
11.10	Wanneer God 'n verbond met iemand sluit, kan die persoon nie staatmaak op God se belofte nie.	1	2	3	4	5		23
11.11	My grootste vrees is dat ek iewers iets verkeerd gedoen het teenoor God.	1	2	3	4	5		24
11.12	Bybelverhale van egpare wat na jare se kinderlose huwelike uiteindelik kinders gekry het, was waar in die verlede, maar dit gebeur nie meer vandag nie .	1	2	3	4	5		25
11.13	Omdat ek 'n geloofsverhouding met Jesus Christus het, aanvaar ek ons probleem om kinders te kry, makliker.	1	2	3	4	5		26
11.14	Bybelverhale van egpare wat na jare se kinderlose huwelike uiteindelik kinders gekry het, gee 'n mens hoop op eie kindjie .	1	2	3	4	5		27
11.15	My geloofsverhouding met Jesus Christus gee my moed om ons fertiliteitsprobleem te hanteer.	1	2	3	4	5		28

AFDELING B

Vir kantoor
gebruik

		Stem beslis nie saam nie	Stem nie saam nie	Onseker/Nie van toepassing nie	Stem saam	Stem beslis saam		
11.16	My geloofsverhouding met Jesus Christus gee my deursettingsvermoë in die hantering van ons fertiliteitsprobleem.	1	2	3	4	5		29
11.17	Ek voel deel van ons gemeente.	1	2	3	4	5		30
11.18	Omdat ek 'n geloofsverhouding met Jesus Christus het, bly ek hoopvol om 'n eie kindjies te kry.	1	2	3	4	5		31
11.19	Medegelowiges se ondersteuning help my in die verwerking van ons fertiliteitsprobleem.	1	2	3	4	5		32
11.20	Medegelowiges se voorbidding maak die belewenis van ons kinderlose situasie makliker.	1	2	3	4	5		33
11.21	Medegelowiges moet betrokke wees by egpare met 'n fertiliteitsprobleem.	1	2	3	4	5		34
11.22	Ons huweliksverhouding het versterk weens ons probleme om kinders te hê.	1	2	3	4	5		35
11.23	Medegelowiges se belangstelling maak die belewenis van ons kinderslose situasie moeiliker	1	2	3	4	5		36
11.24	Ons sal enige mediese behandeling wat ons kan help om 'n kind te hê, probeer.	1	2	3	4	5		37
11.25	Medegelowiges wat ons kinderlose situasie vermy , maak die belewenis van ons situasie makliker	1	2	3	4	5		38
11.26	Alles wat die mediese wetenskap kan doen, het God toegelaat en mag dus gebruik word.	1	2	3	4	5		39
11.27	'n Gelowige kan ook opstandig word en vir die Here vra: "Hoekom is ek kinderloos?"	1	2	3	4	5		40

AFDELING C

BEANTWOORD ELK VAN DIE VRAE DEUR JA, NEE OF EK WEET NIE, MET 'N KRUISIE (X) TE MERK

Vir kantoor
gebruik

		JA	NEE	WEET NIE		
12.	Is medegelowiges, wat weet van u fertiliteitsprobleem, betrokke by u fertiliteitsprobleem deur:					
12.1	Besoek af te lê	1	2	3		41
12.2	Voorbidding vir u probleem te doen	1	2	3		42
12.3	Belangstelling te toon	1	2	3		43
13.	Meen u dat medegelowiges op die volgende wyses betrokke behoort te wees by egpare met 'n fertiliteitsprobleem?	JA	NEE	WEET NIE		
13.1	Deur besoek af te lê	1	2	3		44
13.2	Deur voorbidding te doen	1	2	3		45
13.3	Deur belangstelling te toon	1	2	3		46
14.1	Het die feit dat mense probleme het om kinders te hê, na u mening 'n effek op hulle seksuele lewe?	JA	NEE	WEET NIE		
		1	2	3		47
14.2	Indien JA, wat is na u mening die effek op egpare se seksuele lewe?					
						48
15	Sal u eers met 'n predikant gesels om te besluit oor moontlike kontroversiële behandelingsmetodes?	JA	NEE	WEET NIE		
		1	2	3		49
16	Beïnvloed u fertiliteitsprobleem u kommunikasie met u eggenoot/e nadelig?	JA	NEE	WEET NIE		
		1	2	3		50
17	Sal u enige behandelingsmetodes oorweeg wat teen u Christelike beginsels indruis?	JA	NEE	WEET NIE		
		1	2	3		51
18	Dink u daar is 'n doel met u kinderloosheid?	JA	NEE	WEET NIE		
		1	2	3		52
19	Veroorsaak u fertiliteitsprobleem spanning in u huwelik?	JA	NEE			
		1	2			
20	Het u al oor die doel van u kinderloosheid met die volgende persone gesels?	JA	NEE			
	My eggenoot/eggenote	1	2			54
	Ouers/familie	1	2			55

Vriende	1	2		56
My dokter	1	2		57
My predikant	1	2		58

AFDELING D

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE DEUR U ANTWOORDKEUSE MET 'N KRUISIE (X) TE MERK

Vir kantoor gebruik

		Baie belangrik	Belangrik	Onseker	Nie belangrik nie	Glad nie belangrik nie		
21.1	Hoe belangrik is Bybelstudie en gebed op die oomblik vir u met betrekking tot geestelike groei ?	1	2	3	4	5		59
21.2	Hoe belangrik is Bybelstudie en gebed op die oomblik vir u om troos by God te kry rakende u fertiliteitsprobleem?	1	2	3	4	5		60
21.3	Hoe belangrik is die biologiese verwekking van 'n kind, in ouerskap?	1	2	3	4	5		61
21.4	Hoe belangrik is Bybelstudie en gebed op die oomblik vir u om leiding van God te vra rakende u fertiliteitsprobleem?	1	2	3	4	5		62
21.5	Hoe belangrik is Bybelstudie en gebed op die oomblik vir u om te sien wat die Bybel sê oor kinderloosheid ?	1	2	3	4	5		63

		Dit 'n baie groot probleem	Dit is 'n probleem	Ietwat van 'n probleem, maar nie te ernstig nie	Dit is geen probleem nie		
21.6	Tot watter mate sukkel u op die oomblik om Bybelstudie te doen en te bid, a.g.v. vrae rondom u fertiliteitsprobleem?	1	2	3	4		64
21.7	Sou u graag by 'n Bybelstudiegroep betrokke wou wees om te help om u fertiliteitsprobleem te verwerk?						
	• Is reeds by een betrokke					1	
	• Ja, sal graag by een betrokke wil wees					2	
	• Nee, wil nie by een betrokke wees nie					3	65

BIBLIOGRAFIE

- Abbey, A; Andrews, F; Frank, M & Halman, J L 1991. The importance of social relationships for infertile couples' well being, in A L Stanton & C Dunkel-Schetter (eds), *Infertility. Perspectives from stress and coping research*. New York: Plenum
- Adams, Jay E 1970. *Competent to Counsel*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House
- Adams, Jay E 1980. *Shepherding God's Flock*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Co
- Allan, J J 1986. *The Ministry of the Church*. New York: St Vladimir's Seminary Press
- Alperstein, A & Furman, S 1987. Investigating Infertility. *S.A. Family Practice* 8 (11), 447-452
- Anderson, M 1987. *Infertility – A guide for the anxious couple*. Londen: Faber en Faber
- Anthonissen, J A S 1989. *Pastoral care to the infertile couple*. D-proefskrif Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch
- Anthonissen, J A S 1994. Die konsep: Die Vaderskap van God in pastoraat aan die infertiele egpaar. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, Jaargang 35, no. 3:407-416
- Atkinson, D 1985. Covenant and counselling: Some counselling implications of a covenant theology. *Christian Brethern Review July*, vol 35, 55-73
- Bandura, A 1982. Self-efficacy mechanism in human agency. *American Psychologist*, 37, 122-147
- Barth, K 1951. *Kirchliche Dogmatik III 4*. Zurich: Evangelischer Verlag
- Barth, K 1958. *Church Dogmatics*. Edinburgh: ET
- Bauman, Z 1978. *Hermeneutics and Social Science*. New York: Columbia University Press
- Bavinck, H 1929. *Gereformeerde Dogmatiek (Deel 2)*. Kampen: J H Kok
- Bavinck, H 1967. *Gereformeerde Dogmatiek. Dele 3 en 4*. Kampen: J H Kok
- Becker, A H 1965. The covenant and pastoral care. *The Journal of Pastoral Care* vol 14, no 1, 1-10
- Becker, E 1973. *The Denial of Death*. New York: The Free Press

- Berkhof, H 1965. *Christelijk Geloof. Een Inleiding tot de Geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach.
- Berkhof, H 1973. *Christelijk Geloof. Een Inleiding tot de Geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach..
- Berkhof, L 1974. *A summary of christian doctrine*. Edinburgh: The Banner of truth Trust.
- Berkouwer, G C 1957. *De mens het beeld Gods*. Kampen: Kok
- Berkouwer, G C 1976. *The Church*. United States of America: William B Eerdmans Publishing Co.
- Bonhoeffer, D 1955. *Schöpfung und Fall*. Philadelphia: Fortress Press
- Bonhoeffer, D 1985. *Spiritual Care*. Philadelphia: Fortress Press
- Brown, A D G 1984. Psychosexual problems in infertility. In R F Harrison, F Bonnar & W Thompson (Reds.), *Fertility and Sterility*. Lancaster: MTP Press
- Brown, C 1975-78. *International Dictionary of New Testament Theology*, vol 1. Exeter
- Brueggemann, W 1977. *The Bible makes sense*. Atlanta: John Knox Press
- Brueggemann, W 1979. Covenanting as human vocation. A discussion of the relation of Bible and pastoral care. *Interpretation. A Journal of Bible and Theology* vol 33, no 2, 115-129
- Brueggemann, W 1980. Covenant as a Subversive Paradigm. *The Christian Century*, vol 97, 1094-1099
- Brueggemann, W 1999. *The Covenanted Self: Explorations in Law and Covenant*. Minneapolis: Fortress Press
- Burger, C & Simpson, N 1996. *Bybelstudiegroepe – Poorte vir die genade*. Kaapstad: Lux Verbi
- Burger, C 1997. *Familie van God! Waar gelowiges tuis kom in 'n koue, harde wêreld*. Kaapstad: Lux Verbi
- Calvyn, J 1979. *Commentary on John's Gospel*.. Grand Rapids Michigan: Baker Book House
- Calvyn, J 1979. *Commentary on Romans*. Grand Rapids Michigan: Baker Book House
- Calvyn J 1979. *Commentary on 1 Corinthians*. Grand Rapids Michigan: Baker Book House

- Calvyn, J 1986. *Institusie van die Christelike Godsdienst*. Potchefstroom: CJB
- Campbell, S Miller 1991. Perceived control and adjustment to infertility among women undergoing In Vitro Fertilization in A L Stanton & C Dunkel-Schetter (eds), *Infertility. Perspectives from stress and coping research*. New York: Plenum
- Capps, D 1979. *Pastoral Care: A Thematic Approach*. Philadelphia: The Westminster Press
- Christiansen, E J 1995. *The covenant in Judaism and Paul – A study of ritual boundaries as identity markers*. Leiden: E J Brill
- Christie, G L 1980. The Psychological and social management of the infertile couple. In R J Pepperell, B Hudson & C Wood (Red). *The Infertile couple*. New York: Churchill Livingstone.
- Clark, E 1979. Jerome, Chrysostom and Friends. New York: Mellen Press.
- Clark, L; Henry, S M & Taylor, D M 1991. Cognitive examination of motivation for childbearing as a factor in adjustment to infertility in A L Stanton & C Dunkel-Schetter (eds), *Infertility. Perspectives from stress and coping research*. New York: Plenum
- Clinebell, H 1984. *Basic types of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon Press
- Cunningham, C ; Boulton, B & Popenoe, D 1998. *Sociology. First South African Edition*. South Africa: Prentice Hall.
- Daniluk, J C 1988. Infertility: intrapersonal and interpersonal impact. *Fertility and Sterility* 6, 1988:980-985
- Daniluk, J C 1991. Strategies for counselling infertile couples. *Journal of Counseling and Development*, March/April Vol. 69:317-320.
- De Bruyn, L 1994. *Fasilitering van geloofsgroei by die infertiliteitsegpaar*. M-verhandeling Bloemfontein: UOVS
- Degenaar, J 1996. The collapse of unity. In Du Toit, C W (ed) *New Modes of Thinking on the Eve of a New Century*. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika, 5-27.
- De Klerk, J J 1985. *Verbond en Bediening*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers
- Dennerstein, L & Morse, C 1985. Infertile couples entering on in vitro fertilization programme: a preliminary survey. *Journal of Psychosomatic Obstetrics and Gynaecology*, 12,4, 835-845

- Detwiler-Zapp, D & Dixon, W C 1982. *Lay Caregiving*. Philadelphia: Fortress Press
- Devor, N G 1994. Pastoral care for infertile couples. *The Journal of Pastoral Care*, 1994, Vol 48, No. 4:355-360.
- De Watteville, H 1957. Psychological Factors in the Treatment of Sterility. *Fertility and Sterility*, 8, 1, 12-24
- Dillenberger, J 1961. *Martin Luther, Selections from His Writings*. New York: Doubleday
- Dreyer, Y 1999. 'n Besinning oor meta- en basisteoretiese aannames in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in S.A.* 14(1):46-62
- Dumbrell, W J 1984. *Covenant and Creation – An Old Testament Covenantal Theology*. New South Wales: The Paternoster Press
- Du Toit, CW 1996. The end of truth? In Du Toit C W (ed) *New Modes of Thinking on the Eve of a New Century*. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika, 28-48.
- Du Toit, D 1991. Again: "When does life begin?" in Van Niekerk A (Ed) *The Status of Prenatal Life*. Capte Town : Lux Verbi 19-33
- Egan, G 1981. *The skilled helper*.
- Engel, J 1996. *Die volledige Suid-Afrikaanse Gesondheidsgids*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers
- Erikson, E H 1959. *Identity and the Life Cycle*. New York: International Universities Press
- Fensham, C F 1971. *Father and Son as Terminology for Treaty and Covenant*, *Goedike* 1971:121-135
- Firet, J 1977. *Het Agogisch Moment in het pastoraal optreden*. Kampen: J H Kok
- Fletcher, J 1974. *The Ethics of Genetic Control*. Garden City: Doubleday
- Folkman, S; Lazarus, R S; Dunkel-Schetter, C; DeLongis, A & Gruen, R J 1986. Dynamics of a stressful encounter: Cognitive appraisal, coping and encounter outcomes. *Journal of Personality and Social Psychology*, 50, 992-1003
- Frankl, V 1967. *Psychotherapy and existentialism. Selected papers on logotherapy*. New York: Simon & Schuster
- Frankl, V 1969. *The doctor and the soul. From psychotherapy to logotherapy*. New York: New American Library

- Franklin, N 1935. *The Covenant Home*. Chicago: The Swedish Evangelical Mission Covenant of America
- Frymer-Kenski, T 1989. Law and Philosophy: The Case of Sex in the Bible. *Semeia* 45:89-192.
- Gasché, R 1985. Quasi-metaphoricity and the question of being. In Silverman, H J & Ihde, D, *Hermeneutics and deconstruction*. Albany: State University of New York Press.
- Gerber, J M 1988. *Verantwoordelike menswees in perspektief van die genadeverbond*. Bloemfontein: UOVS
- Gerber, J M 1990. Verantwoordelike menswees in perspektief van die genadeverbond. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* vol 31, no 1, 53-62
- Gerkin, CV 1984. *The Living Human Document – Revisioning Pastoral Counseling in a Hermeneutical Mode*. Nashville: Abingdon Press
- Gillies, R A 1994. A credible and pastoral response to the infertility debate. *Modern Believing*. Januarie 1994, No 35:12-18.
- Goedike, H (ed) 1971. *Near Eastern Studies in Honour of W F Albright*. Baltimore: John Hopkins
- Gouldner, A W 1976. *The dialectic of ideology and technology*. New York: Seabury Press
- Greenson, RR 1974-75. The Theory of Psychological Technique. *The American Handbook of Psychiatry*, 2nd edition. New York: Basic Books
- Habermas, J. 1981. *The theory of communicative action*, Volume 1. Boston: Beacon
- Harbin, M A 1986. The Hermeneutics of Covenant Theology. *Bibliotheca Sacra*, Jul-Sept, 246-259
- Heitink, G 1977. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok
- Helm, P 1983. Calvin and the Covenant: Unity and Continuity. *The Evangelical Quarterly*, vol 55, no 2, 65-81
- Hester, RL 1980. Transference and Covenant in Pastoral Care. *Pastoral Psychology*, vol 28 (4) 223-232
- Heyns, J A 1988. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel

- Heyns, J A & Jonker, W D 1977. *Op weg met die teologie*. Pretoria: N G Kerk Boekhandel
- Heyns, L M & Pieterse, H J C 1990. *A primer in practical theology*. Pretoria: Gnosis
- Hiltner, S 1949. *Pastoral Counseling*. Abingdon: Cokesbury Press
- Hiltner, S 1972. *Theological Dynamics*. Abingdon: Nashville
- Hoeksema, H 1971. *Believers and their seed*. Grand Rapids: Reformed Free Publishing Association
- Ihde, D (ed) 1974. *The Conflict of Interpretation. Essays in Hermeneutics*. Evanston: Northwestern University Press
- Inskipp, F 1986. *Counselling: The Trainer's Handbook*. The Effective Trainer Series. Cambridge: National Extension College
- Jacobs, H A 1995. *Die effek van 'n huweliksverrykingsprogram op inferitliteit: 'n Opvolgondersoek*. M-verhandeling Bloemfontein: UOVS
- Janse van Rensburg, J 1996. Verbond en pastoraat – Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 152-165
- Janse van Rensburg, J 1998. Regterbrein-strategieë vir pastorale terapie. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*
- Janse van Rensburg, J 1999. Etiek en pastoraat in hermeneutiese konteks. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 158-167
- Janse van Rensburg, J 2000. *The Paradigm Shift. An Introduction to Postmodern Thought and its Implications for Theology*. Pretoria: Van Schaik Publishers
- Jonker, W D 1981. *In diens van die Woord*. Pretoria: N G Kerk Boekhandel
- Jonker, W D 1989. *Uit vrye guns alleen. Wegwysers in die dogmatiek*. Pretoria: N G Kerk Boekhandel
- Jungel, E 1980. *Entsprechungen: Gott, Wahrheit, Mensch*. Munchen: Chr. Kaiser Verlag
- Kamphuis, J 1984. *Een ewig verbond*. Haarlem: Uitgeverij Vijlbrief
- Kander, J 1990. *So will I comfort you*. Kaapstad: Lux Verbi
- Knouwds, F 2000. *Bou 'n tip-top huwelik*. Wellington: Lux Verbi
- Knowles, J 1964. *Groepsgesprek en pastoraat – Wegen tot pastoraat*. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

- König, A 1988. Koninkryksteologie of Verbondsteologie? *Hervormde Teologiese Studies* vol 44, no 2, 355-364
- König, A 1991. *Bondgenoot en beeld. Gelowig nagedink oor die wese van die mens en die sonde*. Johannesburg: NG Kerk Boekhandel
- König, A 1994. *Liefde laat jou lewe blom! Gedagtes oor hoe God se liefdesverbond die lewe mooi en vreemdes vriende maak*. Kaapstad: Lux Verbi
- König, A 2001. *Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie. 'n Nuwe kyk op die een wat jou lewe verander*. Wellington: Lux Verbi.
- Kraft, A D; Palombo, J & Mitchell, D 1980. The psychological dimensions of infertility. *American Journal of Orthopsychiatry*, 50, 4, 618-628
- Kort, WA 1975. *Narrative elements and religious meaning*. Philadelphia: Fortress Press
- Kubler-Ross, E 1969. *On death and dying*. New York: MacMillan
- Kuhn, T S 1970. *The structure of scientific revolutions*. Chicago: The University of Chicago Press
- Kuyper, A 1906. *De Band des Verbonds*. Amsterdam: W Kirchner
- Kuyper, A 1909. *Encyclopaedie der H. Godgeleerdheid III*. Kampen (?)
- Lalos, A; Lalos O & Jacobson, L 1985. A psychological characterization of infertile couples before surgical treatment of the female. *Journal of Psychosomatic Obstetrics and Gynaecology* 4,2, 83-93
- Lazarus, R S & Folkman, S 1984. *Stress, appraisal, and coping*. New York: Springer
- Leader, A; Taylor, P J & Daniluk, J 1984. Infertility: Clinical and Psychological Aspects. *Psychiatric Annals*, 14, 461-467
- Lindijer 1979. ? Vgl Janse van Rensburg 1996 p. 158
- Louw, D J 1982. *Pastoraat en lyding*. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers
- Louw, D J 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief*. Kaasptad: N G Kerk-Uitgewers
- Louw, D J 1985. *Die Volwasse Huwelik*. Durban: Butterworth-Uitgewers (edms) Bpk
- Louw, D J 1988. *Waarom? Daarom! – Gedagtes oor lyding*. Kaapstad: Lux Verbi
- Louw, D J 1993a. Praktiese toeloeie – 'n Fenomenologiese stuip trekking? *Praktiese Toeloeie in Suid Afrika* 8 (2): 206-209

- Louw, D J 1993b. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing
- Louw, D J 1998. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Louw, D J 1999. Pastoraat as vertolking: Metaforiese teologie binne die konteks van 'n pastorale hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies* vol 55, no 2 p 334-359
- Lyotard, J.-F. 1984. *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Mahlstead, P P 1985. The psychological component of infertility. *Fertility and Sterility* 3, 335-346
- Mainwaring, L M 1991. Metatheoretical diversity and organizing principles for human inquiry. *Unpublished paper*. In VandeCreek et al 1994.
- Mazor, M D & Simons, H F 1984. *Infertility: medical, emotional and social considerations*. New York: Human Sciences Press
- McFague, S 1987. *Models of God. Theology for an Ecological, Nuclear Age*. London: SCM Press Ltd.
- Menning, B E 1977. *Infertility. A guide for the childless couple*. New Jersey: Prentice-Hall
- Müller, J 1993. Kinderloosheid: 'n Pastoraal-etiese benadering. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* Vol 34, no 3:345-353
- Müller, J 2000. *Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering*. Wellington: Lux Verbi.BM
- Neuman, W L 1997. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches* USA: Allyn & Bacon
- Oates, Wayne E 1974. *Pastoral counseling*. Philadelphia: The Westminster Press
- O'Connor, E 1971. *Our Many Selves: A Handbook for Self-Discovery*. New York: Harper & Row
- O'Meara, T F 1983. *Theology of Ministry*. New York: Paulist Press
- Oosthuizen, H; Fick C & Verschoor T 1994. Die wetlike ordening van surrogaatmoederskap. *Tydskrif vir Regswetenskap* vol 19:137-159.
- Ouweneel, W J 1994. Paradigms in theology. *Acta Theologica*. 14(2):1-24
- Owens, D 1982. The desire to father: reproductive ideologies and involuntary childless men. In L McKee & M O'Brien (Eds), *The father figure*. London: Tavistock

- Pippin, R B 1981. *Modernism as a philosophical problem: on the dissatisfactions of European high culture*. Cambridge: Blackwell.
- Ramsey, P 1970. *Fabricated Man*. New Haven: Yale University Press
- Read, J 1995. *Counselling for fertility problems*. London: Sage Publications
- Rebel, J J 1981. *Pastoraat in pneumatologiese perspektief*. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers
- Rendtorf, R 1998. *The covenant formula – an exegetical and theological investigation*. Edinburgh: T&T Clark Ltd
- Ricoeur, P 1974. *Fatherhood: From Phantasm to Symbol*, in Ihde (ed) 1974:468-497
- Ricoeur, P 1995. *Figuring the Sacred. Religion, Narrative and Imagination*. Minneapolis: Fortress Press.
- Roscam Abbing, P J 1970. "Tot hiertoe en wel verder". In : *Wat dunkt u van de mens?* Onder redaksie van H Berkhof en A S Van der Woude. Kampen: Kok
- Roscam Abbing, P J 1980. *Predikantswerk in verband met communicatie- en leertheorie*. 'sGravenhage: Boekencentrum
- Rossouw, P J 1983. *Grondlyne van 'n pastorale model: Gerben Heitink*. Pretoria: N G Kerkboekhandel
- Rossouw, P J 1992a. 'n Basisteorie vir kontekstuele hulpverlening? *Ned Geref Teologiese Tydskrif*:232-247
- Rossouw, P J 1992b. *Sinbeleving by infertiliteitsegpare. 'n Behoeftebepaling*. M – verhandeling Bloemfontein:UOVS
- Rothgeb, CL 1973. *Abstracts of the Standard Edition of the Complete Works of Sigmund Freud*. New York: Jason Aronson
- Rutledge, A L 1979. Psychomarlal evaluation and treatment of the infertile couple. *Clinical Obstetrics and Gynaecology*, 22, 1, 255-267
- Salzer, L 1986. *Infertility: How Couples Can Cope*. Boston, MA: G K Hall
- Scheier, M F & Carver, C S 1985. Optimism, coping and health: Assessment and implications of generalized outcome expectancies. *Health Psychology*, 4, 219-247
- Schilder, K 1939. *Christ on trial*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Schilder, K 1947. *Heidelbergsche catechismus. Toegelicht door K. Schilder*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre

- Schilder, K 1954. *Wat is de hemel?* Kampen: Kok
- Seibel, M M & Taymor, M L 1982. Emotional aspects of infertility. *Fertility and Sterility*, 37, 2, 137-145.
- Seward, G H; Wagner, P S, Heinrich, J F; Bloch, S K & Myerhoff, H L 1965. The question of psychophysiologic infertility: Some negative answers. *Psychosomatic Medicine*, 27, 6, 533-545
- Shiloh, S et.al 1991. The meaning of treatments for infertility: Cognitive determinants and structure. *Journal of Applied Social Psychology* 10, 855-874
- Slabbert, M N 1994. The fetus and embryo: legal status and personhood.
- Stanton, A L 1991. Cognitive appraisals, coping processes, and adjustment to infertility, in A L Stanton and C Dunkel-Schetter (eds), *Infertility. Perspectives from stress and coping research*. New York: Plenum
- Stigger, J A 1983. *Coping with Infertility: A Guide for Couples, Families and Counselors*. Minneapolis:Augsburg
- Stone, H W 1970. *Crisis counselling*. Fortress Press: Philadelphia
- Strauss, S A 1982. *Alles of niks. K Schilder oor die verbond*. Bloemfontein: Duo Drukkers
- Spring, B 1988. Ministry to the infertile. *Christianity Today*. Vol 9:95-97
- Suid-Afrika, 1983. Die Wet op Menslike Weefsel nommer 65.
- Suid-Afrika, 1987. Die Wet op die Status van Kinders nommer 82.
- Sweeney, J M 1989. The implicit narrative ethic in covenant theology. *Covenant Quarterly*, 16-34
- Taylor, S E; Lichtman, R R & Wood, J V 1984. Attributions, beliefs about control, and adjustment to breast cancer. *Journal of Personality and Social Psychology*, 46, 489-502
- Taylor, S E & Schneider, S 1989. Coping and the simulation of events. *Social Cognition* 7, 174-194
- Taymor, M L 1978. *Infertility*. New York: Grune & Stratton
- Tennen, H; Affleck, G & Mendola R 1991. Causal explanations for infertility. Their relation to control appraisals and psychological adjustment in A L Stanton & C Dunkel-Schetter (eds), *Infertility. Perspectives from stress and coping research*. New York: Plenum

- Theron, J D 2002. *Seksualiteit in Bybelse lig: Ou Testament perspektiewe*. Bloemfontein: Ongepubliseerde referaat tydens Teologiese Dag, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat.
- Thompson, S C 1981. Will it hurt less if I can control it? A complex answer to a simple question. *Psychological Bulletin*, 90, 89-101
- Trible, P 1978. *God and the rhetoric of sexuality*. Philadelphia: Fortress Press
- Trimp, C 1981. *Media Vita*. Groningen: Uitgeverij De Vuurbaak
- Uys, P J 1991. *'n Korporatiewe en verbondsmatige gesinsepastoraat gerig op 'n gesonde gesinslewe*. Doktorale proefskrif Bloemfontein: UOVS.
- Van Breda, R A 1988. *Aspekte van die subjektiewe ervaring van egpare tydens 'n infertiliteitsbehandelingsprogram*. M-verhandeling Bloemfontein: UOVS
- VandeCreek, L. 1988 *A Research Primer for Pastoral Care and Counseling*. VSA: Journal of Pastoral Care Publications, Inc
- VandeCreek L, Bender H & Jordan M R 1994. *Research in Pastoral Care and Counseling. Quantitative and Qualitative Approaches*. Journal of Pastoral Care Publications, Inc.
- Van de Zanden, L 1938. *De mensch als beeld Gods*. Kampen:Kok
- Van Elfen, J 1993. *Dokter in die huis*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers
- Van Wyk, A G 1989. *'n Evaluering van die grondslae van die diakoniologiese benadering vanuit 'n prakties-teologiese perspektief*. Doktorale proefskrif Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van Zyl, H C 2002. *Die Nuwe Testament en Seksualiteit*. Bloemfontein: Ongepubliseerde referaat tydens Teologiese dag, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- Van Zyl, J J 1988. *Die effek van 'n huweliksverrykingsprogram op infertiliteit*. D-proefskrif Bloemfontein:UOVS
- Veltkamp, H J 1988. *Pastoraat als gelijkenis*. Kampen: Kok
- Vergin, L A 1981. *Infertility: A Guide for Pastoral Care and Counseling*. Michigan: University Microfilms International
- Verhoef, P A 1982. *Barmhartigheidsdiens: Enkele Ou Testamentiese begrippe*. *Ned Geref Teologiese Tydskrif, Deel XXIII, no 3:230-234*.

- Von Allmen, J 1963. *Pauline Teaching on Marriage*. London: The Faith Press
- Von Rad, G 1962. *Old Testament Theology, Volume I*. New York: Harper
- Vriezen, Th C 1966. *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*. Wageningen; H Veeneman en Zonen N V
- Walker, H 1978. Sexual problems and infertility. *Psychosomatics*, 19, 8, 477-484
- Weber, H-R 1982. Interpreting Biblical Images. *The Ecumenical Review* 34 (3): 210-220.
- Wentsel, B 1982. *De openbaring, het verbond en de apriori's*. Dogmatiek deel 2. Kampen: Uitgeversmaatschappij J H Kok
- Winnicott, D W 1965. *The Maturation Processes and the Facilitating Environment: Studies in the theory of Emotional Development*. Madison, Conn.: International Universities Press
- Witherington, B 1990. *Women and the Genesis of Christianity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Woelderink, J G 1974. *Verbond en bevinding*. Amsterdam: Ton Bolland
- Worden, W J 1991. *Grief counselling and grief therapy. A handbook for the mental health practitioner*, 2nd edn. London: Routledge.
- Worthington, E L 1987. *Counseling for unplanned pregnancy and infertility*. USA: Word Publishing
- Wortman, C B & Brehm, J W 1975. Responses to uncontrollable outcomes: An integration of reactance theory and the learned helplessness model. In L Berkowitz (Ed), *Advances in experimental social psychology*, vol 8, 277-336. New York Academic Press
- Zoldbrod, A P 1993. *Men, women and infertility: Intervention and treatment strategies*. New York: Lexington Books

SAMEVATTING VAN BEVINDINGE

Daar is 'n raamwerk wat breër is as die raam wat infertiliteit om 'n persoon se lewe plaas. Dit is die raam van genade, trou en belofte. Daar is 'n raamwerk waarbinne 'n persoon kan loof en prys, gehoorsaam kan toegee en gelowig kan bly worstel – die raamwerk van die verbond. Hierdie studie wil die persoon met fertiliteitsuitdagings innerlik versterk deur te wys op die besondere band tussen die gelowige en die Here – die band van die verbond.

Die studie wil die persone help om die liefdesband met hul mede bondgenote te herontdek en hulle leer om die verhaal van hul lewe te verweef met die verhaal van die verbond deur al die eeue. Die persoon met fertiliteitsuitdagings word begelei om hul lewensverhaal in terme van 'n verbondsmatige raamwerk te interpreteer aan die hand van vyf verhaaltemas wat ook in verbondsverhale in die Bybel gevind word. Hoewel die verbond 'n omvattende paradigma vir pastoraat bied, word vanuit die aard van die verbond veral op vier elemente gefokus: Godsbeeld, antropologie, verbondsgemeenskap en verbondskommunikator. Hierdie fokuselemente help pastor en kliënt om die verhaaltemas van die lewensverhaal met die regte inhoud te klee.

In die empiriese navorsing gedoen in hierdie studie, het dit duidelik geword dat die pastor dikwels nie 'n belangrike rol speel in die gelowige se hantering van hulle fertiliteitsuitdaging nie, hoewel hulle geloofsverhouding met die Here 'n belangrike rol speel. As intermediêrende verbondskommunikator beskik die pastor oor 'n effektiewe metode om betrokke te raak by die uitdaging van persone se fertiliteit. Gelowiges sal beleef dat pastorale begeleiding vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma van onskatbare waarde sal wees in die hantering van hulle fertiliteitsuitdaging.

Die studie verwys ook na ander modelle wat reeds benut word in die pastorale begeleiding van persone met fertiliteitsuitdagings. Die afgelope dekade het talle pastorale modelle en basisteoriëe vir pastorale begeleiding die lig gesien. In hierdie studie word nie net nog 'n partikulier model voorgestel nie, maar 'n paradigma wat so omvattend is dat dit goeie elemente uit ander modelle kan verryk en binne die breër perspektief van die verbond plaas. Vanuit 'n verbondgefundeerde paradigma word ook aangesluit by die hermeneutiese modus vir pastoraat, maar met verrykende perspektiewe.

ABSTRACT

There is a frame larger than the frame infertility puts on a person's life. It is the frame of grace, trust and promise. There is a frame within which a person can praise and worship, obediently yield and trustingly assert him/herself – the frame of the covenant. This study wants to renew the inner strength of the person with fertility challenges by calling attention to the special bond between the believer and the Lord – the bond of the covenant.

This study wants to help believers rediscover the bond of love with their fellow covenantmembers and to interweave the story of their life with the story of the covenant through all the ages. The person with fertility challenges is equipped by the pastoral counselor to interpret the story of their life in terms of a covenantal framework. This is done by using five narrative themes found in the narrative of the covenant in the Bible. Although the covenant presents a comprehensive paradigm for pastoral care, special focus is placed upon these four elements: Images of God, anthropology, covenant community and covenantal communicator. These focus elements assist the pastor and client to colour the narrative themes of the story of his/her life with covenantal contents.

The empirical research of this study showed that often for the believer the pastor does not play an important role in coping with their fertility challenge. However, their relationship with the Lord does play an important role. Being an intermediary covenant communicator, the pastor has an effective method to become involved in the lives of people with fertility challenges. Believers will experience that pastoral counseling within a covenantal framework will be of immense worth in coping with the challenges of infertility.

The study also refers to other models used in pastoral care to people with fertility challenges. The past decade has seen many pastoral models and basis theories for pastoral care. This study does not want to add yet another particular model, but a paradigm so comprehensive that the good elements in other models can be enriched and put in the broader framework of the covenant. The hermeneutical mode of pastoral care, enriched from a covenantal perspective, is very useful within this paradigm for pastoral care.